Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

Landbou



# Jaarverslag 2023/2024

# DEPARTEMENT VAN LANDBOU

PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

BEGROTINGSPOS NO. 11

# JAARVERSLAG

BOEKJAAR 2023/24

Wes-Kaapse Regering

# INHOUDSOPGAWE


## DEEL A: ALGEMENE INLIGTING 7

1. DEPARTEMENTELE ALGEMENE INLIGTING 8
2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME 9
3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER 11
4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE 13
    - 4.1 Oorsig van die bedrywighede van die departement 13
    - 4.2 Oorsig van die finansiële resultate van die departement 27
    - 4.3 Programuitgawes 29
    - 4.4 Strategiese fokus oor die kort tot medium tydperk 30
    - 4.5 Publieke-private vennootskappe 33
    - 4.6 Gestaakte sleutelaktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word 33
    - 4.7 Nuwe of voorgestelde sleutelaktiwiteite 33
    - 4.8 Voorsieningskanaalbestuur 34
    - 4.9 Geskenke en donasies wat in natura van nieverwante partye ontvang is 35
    - 4.10 Vrystellings en afwykings wat van Nasionale Tesourie ontvang is 35
    - 4.11 Gebeure na die verslagdoeningsdatum 35
    - 4.12 Ander 35
    - 4.13 Erkenning(s) of waardering 35
    - 4.14 Afsluiting 36
    - 4.15 Goedkeuring en aftekening 36
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG 37
6. STRATEGIESE OORSIG 38
    - 6.1 Visie 38
    - 6.2 Missie 38
    - 6.3 Waardes 38
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE 39
    - 7.1 Bywerking van die toepaslike wetgewing en beleidsmandate 39
    - 7.2 Wetgewing en beleidsmandate 42
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR 46
9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER RAPPORTEER 47

## DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING 49

1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE 50
2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE 50
    - 2.1 Diensleweringsomgewing 50

| | | |
|---|---|---|
| 2.2 | Diensleweringverbeteringsplan | 56 |
| 2.3 | Organisatoriese omgewing | 65 |
| 2.4 | Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings | 67 |

3. BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE 68
4. INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING 71
    - 4.1 Program 1: Administrasie 71
    - 4.2 Program 2: Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur 77
    - 4.3 Program 3: Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling 84
    - 4.4 Program 4: Veeartsenykundige Dienste 90
    - 4.5 Program 5: Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste 98
    - 4.6 Program 6: Landbou-ekonomiese Dienste 106
    - 4.7 Program 7: Landbou-onderwys en -opleiding 114
    - 4.8 Program 8: Landelike Ontwikkeling 118
5. OORDRAGBETALINGS 123
    - 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite 123
    - 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite 127
6. VOORWAARDELIKE TOELAES 133
    - 6.1 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse betaal 133
    - 6.2 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse ontvang 133
7. DONATEURSFONDSE 137
    - 7.1 Donateursfondse ontvang 137
8. KAPITAALBELEGGING 138
    - 8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan 138

## DEEL C: REGERINGSBESTUUR 141

1. INLEIDING 142
2. RISIKOBESTUUR 142
3. BEDROG EN KORRUPSIE 146
4. MINIMERING VAN BELANGEBOTSING 147
5. GEDRAGSKODE 148
6. KWESSIES RAKENDE GESONDHEID, VEILIGHEID EN DIE OMGEWING 149
7. STAANDE KOMITEES 150
8. SKOOR-BESLUITE 152
9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE 152
10. INTERNE KONTROLE-EENHEID 152
11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES 153
12. OUDITKOMITEEVERSLAG 154
13. PRESTASIE-INLIGTING OOR BSEB-NAKOMING 156

## DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR 157

1. INLEIDING 158
2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONNE 159
   - 2.1 Departementele prioriteite vir werkmagbeplanning 159
   - 2.2 Werknemerprestasiebestuur 159
   - 2.3 Werknemerwelstand 160
   - 2.4 Monitering van mensebestuur 160
3. OORSIG VAN MENSLIKEHULPBRONSTATISTIEK 161
   - 3.1 Personeelverwante uitgawes 161
   - 3.2 Indiensneming en vakatures 164
   - 3.3 Posevaluering 166
   - 3.4 Veranderinge in indiensneming 168
   - 3.5 Billike indiensneming 172
   - 3.6 Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede 178
   - 3.7 Vulling van SBD-poste 179
   - 3.8 Werknemerprestasie 181
   - 3.9 Buitelandse werkers 183
   - 3.10 Verlofgebruik vir die tydperk 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2023 184
   - 3.11 Gesondheidbevorderingsprogramme, insluitend MIV en Vigs 187
   - 3.12 Arbeidsbetrekkinge 191
   - 3.13 Vaardigheidsontwikkeling 193
   - 3.14 Besering aan diens 195
   - 3.15 Benutting van konsultante 196

## DEEL E: VERSLAG OOR WOFB-NAKOMING 199

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTEND, ONGEMAGTIGDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE 200
   - 1.1 Onreëlmatige uitgawes 200
   - 1.2 Vrugtelose en verkwistende uitgawes 202
   - 1.3 Ongemagtigde uitgawes 203
   - 1.4 Bykomende openbaarmaking ten opsigte van wesenlike verliese ingevolge WOFB artikel 40(3)(b)(i) & (iii)) 203
2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS 204
3. VOORSIENINGSKANAALBESTUUR 205
   - 3.1 Verkryging volgens ander middele 205
   - 3.2 Kontrakafwykings en -uitbreidings 207

DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING 211
1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL 212
2. FINANSIËLE JAARSTATE 223

# DEEL A | ALGEMENE INLIGTING

# 1. DEPARTEMENTELE ALGEMENE INLIGTING

| | |
|---|---|
| NAAM: | Wes-Kaapse Departement van Landbou |
| STRAATADRES: | Elsenburg Plaas<br>Muldersvleiweg<br>Elsenburg<br>7607 |
| POSADRES: | Privaat Sak X1<br>Elsenburg<br>7607 |
| TELEFOONNOMMER: | +27 21 808 5111 |
| FAKSNOMMER: | +27 21 808 5000 |
| E-POSADRES: | DOA.info@westerncape.gov.za |
| WEBWERF: | www.elsenburg.com |

# 2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| AIMS | Geïntegreerde landboubestuurstelsel |
| BRVP | Bergrivier-verbeteringsplan |
| BSEB | Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| BVP | Bestuursverbeteringsplan |
| DDG | Direkteur Dieregesondheid |
| DH | Departementshoof |
| DIA | Departement van Indiensneming en Arbeid |
| DLGLO | Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling |
| DLVP | Diensleweringverbeteringsplan |
| DPTGV | Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid |
| DPTK | Departementele Projektoekenningskomitee |
| EU | Europese Unie |
| EVL | Erkenning van vorige leer |
| GGO | Community-based organisation |
| GRAB | Gehalteraad vir Ambagte en Beroepe |
| GSLO | Geïntegreerde Sektorstrategie oor Landelike Ontwikkeling |
| GVF | Gemeenskapsverteenwoordigerforum |
| HFB | Hoof- Finansiële Beampte |
| HOO | Hoër Onderwys en Opleiding |
| IMKLV | Interministeriële Komitee oor Landelike Veiligheid |
| IRV | Interregeringsverhoudinge |
| JBP | Jaarlikse Bedryfsplan |
| KMMO | Klein, medium en mikro-ondernemings |
| KTKP | Komitees oor die Toekenning van Kommoditeitprojekte |
| LO | Landelike Ontwikkeling |
| LOK | Koördinering van Landelike Ontwikkeling |
| LOO | Landbou-onderwys en -opleiding |
| LORWGV | Laer Olifantsrivier Watergebruikersvereniging |
| LPSO | Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad |
| LVO | Landbouvaardighede-ontwikkeling |
| MF | Maatskaplike Fasilitering |
| MTUR | Mediumtermynuitgaweraamwerk |
| MVV | Memorandum van verstandhouding |

| | |
|---|---|
| NKR | Nasionale Kwalifikasieraamwerk |
| NLVS | Nasionale Landelike Veiligheidstrategie |
| NSRI | Nasionale Seereddingsinstituut |
| OGSA | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| OLOP | Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram |
| OLSP | Omvattende Landbousteunprogram |
| PLRRB | Provinsiale Landboukundige Ramprisikobepalings |
| PWO | Plaaswerkerontwikkeling |
| RB | Rekenpligtige Beampte |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SITA | Staatsinligtingstegnologie-agentskap |
| SKK | Streekkoördineringskomitee |
| SSDI | Sentrum vir Staatsdiensinnovasie |
| SVPT | Sagtevrugteprodusentetrust |
| TKLS | Tegniese Komitee oor Landelike Veiligheid |
| TR | Tesourieregulasies |
| US | Universiteit Stellenbosch |
| VKB | Voorsieningskanaalbestuur |
| VOD'e | Volhoubare ontwikkelingsdoelwitte |
| WK | Wes-Kaap |
| WKLNF | Wes-Kaapse Landbounavorsingsforum |
| WKPAF | Wes-Kaapse Prestige Agriwerkerforum |
| WKPAT | Wes-Kaapse Prestige Agritoekennings |
| WKVP | Wes-Kaapse Veiligheidsplan |
| WOFB | Wet op Openbare Finansiële Bestuur |

# 3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER



*Dr Ivan Meyer*
*Minister van Landbou*

Die Wes-Kaapse Departement van Landbou se 2023/24 Jaarverslag weerspieël die mate waarin die departement tasbare voordele aan die burgers van die Wes-Kaap gelewer het. Dit is ’n verhaal van hoop wat geïnspireer is deur ’n opkomende sektor wat aan die spits van ekonomiese herstel in die Wes-Kaap staan. Dit beklemtoon wat die Wes-Kaapse Departement van Landbou vir u gedoen het.

Soos aangedui in die 2023 Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig (PEOV), het die landbousektor oor die afgelope tien jaar (2013 tot 2023) met 37% gegroei.

Landbou- en agriverwerkinguitvoere het sedert 2018 van R63 miljard tot R104 miljard toegeneem.

Die vyf ministeriële prioriteite het gefokus op die Wes-Kaapse Regering se strategiese prioriteite – werk, veiligheid en welstand. Die departement kon sodoende daarin slaag om oor die afgelope vyf jaar:

- landbou-onderrig en -opleiding te verskaf en kort kursusse in vaardigheidsontwikkeling aan begunstigdes en wetenskaplike ondersteuning aan ons produsente te bied;
- inisiatiewe te versterk om ’n veiliger omgewing vir ons boere, produsente en agriwerkers te skep;
- die bruto toegevoegde waarde (BTW) van primêre landbouproduksie in die Wes-Kaap te verhoog;
- die uitbreiding van ons kommersiële primêre landbousektor, sowel wit as swart, te steun om voedselsekerheid in die streek te verseker en uitvoerverdienste te verhoog;
- by te dra tot die volhoubaarheid en ontwikkeling van landbou deur die aanvaarding van bewaringslandbou en praktyke vir matiging teen klimaatsverandering te fasiliteer.

Die bereiking van bogenoemde was nie sonder uitdagings nie.

Besproeiingslandbou is in gevaar gestel deur aanhoudende vertragings en ondoeltreffendheid by die hawens, toenemende misdaad, verswakkende spoor- en padinfrastruktuur, toenemende proteksionisme in belangrike uitvoermarkte, verhoogde geopolitieke onsekerheid en beurtkrag.

Dit ondermyn ook die departement se bydrae tot die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (VOD’e) wat op die Wes-Kaap van toepassing is. Die oogmerke van hierdie VOD’e is om toegang tot bekostigbare, betroubare, volhoubare en moderne energie te verseker, honger te beëindig, en om voedselsekerheid, verbeterde voeding en volhoubare landbou te bevorder. Die departement sal daarom voortgaan om op die ontwikkeling van die landbou-ekonomie te konsentreer, die fokus op die VOD’e te verskerp, en om hulpbronne, tyd en pogings in ons landboubelanghebbendes te investeer.

Dankie aan die Departementshoof dr Mogale Sebopetsa, adjunk-direkteure-generaal mnr Darryl Jacobs en dr Ilse Trautmann, senior bestuurders en personeel vir hul volgehoue verbintenis tot die landbousektor en die mense van die Wes-Kaap.

Ons is inderdaad veel verskuldig aan produsente, agriwerkers, georganiseerde landbou, kommoditeitsorganisasies en opvoedkundige instellings vir hul onwrikbare verbintenis tot voedselsekerheid en voeding in Suid-Afrika.

#ForTheLoveOfAgriculture



Dr Ivan Meyer
Minister van Landbou
Datum: 31 Mei 2024

# 4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE

## 4.1. Oorsig van die bedrywighede van die departement

Landbou is ’n ingewikkelde biologiese stelsel. Dit is ’n stelsel wat ’n kombinasie van grond, water, kapitaal en vaardighede behels om resultate op te lewer en dit is dus vanselfsprekend dat Landbou, as ’n stelsel, deur ander wêreldwye tendense beïnvloed sal word – en veral vir die Wes-Kaapse Landbousektor, gegewe ons uitvoergerigtheid.



*Dr Mogale Sebopetsa*
*Rekenpligtige Beampte*

Die DSA het op 17 Oktober 2023 ’n voorskrif uitgereik oor beheer-maatreëls vir die vulling van vakante poste met die doel om die koste van indiensneming te verminder. Die departement het gereageer deur ’n komitee in te stel om die kritikaliteit van befondsde vakatures te ondersoek en dienooreenkomstig aanbevelings aan die RB maak. Die departement het vanaf die datum van implementering van die voorskrif tot 31 Maart 2024 altesaam 124 befondsde vakatures ondersoek. In ooreenstemming met die aanbevelings van die komitee, het die Premier sy instemming en goedkeuring verleen om 55 van hierdie kritieke poste te vul; 69 poste is weens begrotingsbeperkings as onbefonds verklaar. Dit dra by tot ons uitdagings ten opsigte van hulpbronne, aangesien ons reeds op gebiede soos die Voorligtings- en Adviesdiens, en Veeartsenykundige Dienste met 50% kapasiteit werk. Hierdie uitdagings word egter gematig deur vennootskappe en samewerking met belanghebbendes in al die departement se programme.

Dit is van kardinale belang vir die departement om ’n produktiewe verhouding met die vakbonde te handhaaf om te verseker dat diensstandaarde gehandhaaf word,. Om hierdie rede het die departement vyf keer gedurende die jaar deur die struktuur van die Institusionele Bestuur- en Arbeidskomitee (IBAK) interaksies met georganiseerde arbeid gereël. Altesaam 10 suksesvolle vergaderings van die Werkplekforum (wat op distriksvlak gebaseer is) het plaasgevind. Hierdie platform skep die geleentheid vir personeel om sake met bestuur aan te roer en vir bestuurders om toepaslik te reageer. Dit is van groot waarde vir bestuurders om te weet wat op praktiese werksvlak gebeur en wat personeel in hul plaaslike omgewings ervaar.

Die departement het as deel van sy responsiwiteit om personeel met sorg te behandel en dié kultuur te bevorder, die volgende veldtogte geïmplementeer:

- Die jaarlikse 16 Dae van Aktivisme-veldtog is in November 2023 ter ondersteuning van die 365 dae-stryd teen die pandemie van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord deur die departement van stapel gestuur.
- Die veldtog het ’n hoogtepunt bereik op ’n geleentheid waar die departement solidariteit getoon het (menslike ketting as ’n simbool van eenheid) en alle personeel deelgeneem het deur ’n verbintenis aan te gaan om hierdie tyd waar te neem en die boodskap van ’n benadering van zero-toleransie tot geweld teen vroue en kinders te versprei – nie net in ons organisasie, maar ook in ons gemeenskappe.
- Die departement het gedurende die oorsigjaar sy waarde in sorg verhoog deur middel van ’n raamwerk vir ’n standaardbedryfsprosedure tydens ontvalling en waar personeel en hul naasbestaandes daardeur geraak word. Dit is intern ontwikkel as ’n benadering om die departement te help in sy eerste respons ten tye van ontvalling van personeel of hul geliefdes. Die maatskaplike vennote/vakbonde (PSA en NEHAWU) het hierdie inisiatief gesteun. Die SBP sal na verwagting in die 2024/25-boekjaar aanvaar word.

- Gesprekvoering oor waardes met personeel in alle programme van die departement
- Welstandsdag is in die departement geïnstitusionaliseer en vind jaarliks in die tweede week van November plaas.
- Eksterne evaluasies word uitgevoer om die impak van ons programme te bepaal – en verdiep sodoende die kultuur van burgergesentreerde dienslewering.

Die Jeugontwikkelingsprogram van die departement het 235 werklose jongmense deur middel van internskappe en beurse bevoordeel. Werkgeïntegreerde leer- en werkplekervaring is in die departement of op plase aan 213 begunstigdes verskaf wat oorwegend landelike jeug, jong landbougegradueerdes, diegene met eerstewerkervaring en studente-interns was. Hierdie internskappe het voorsiening gemaak vir vaardigheidsontwikkeling, 12 tot 24 maande se indiensneming en ’n maandelikse inkomste in die vorm van ’n toelae. Die Jeugontwikkelingsprogram het prioriteit geskenk aan vroulike aansoekers wat 73% van die totale begunstigdes uitgemaak het. 22 beurse is voorsien aan leerders by landbouskole en vir studies in landbou op voor- en nagraadse vlak. 53 personeellede het gedurende die verslagtydperk beurse vir voor- en nagraadse studie ontvang.

Die Laer Olifantsrivier Watergebruikersvereniging (LORWGV) is met befondsing gesteun om voorkomende instandhouding-/ konstruksiewerk te doen aan die verouderde 268 km betonkanaalstelsel wat ongeveer 840 plase met 12 000 ha onder besproeiing ondersteun.

FruitLook is aktief bemark met opleiding en konsultasiedienste wat via nuusbriewe, YouTube, LinkedIn, Facebook en aanlyn opleidingswebinare aangebied is. ’n Evalueringstudie van die FruitLook-projek het bevind dat die projek bepaalde voordele vir besproeiingslandbou inhou en het aanbeveel dat die diens gekommersialiseer word, en dat die befondsingsteun van die departement oor ’n oorgangstydperk uitgefaseer word.

’n Beduidende gedeelte van die steunaktiwiteite wat in landboukundige ingenieurswese gelewer is, was ter ondersteuning van die gebruik van landbouwater en besproeiingslandbou. Watergehalte, en nie net waterbeskikbaarheid nie, is ook geprioritiseer en is aan ons prioriteit vir marktoegang gekoppel. Die departement is as sodanig ’n sleutelrolspeler in die ontwikkeling van die Wes-Kaapse Waterveerkragtigheidsplan, die implementering van die Wes-Kaapse Volhoubare Waterbestuursplan en die Bergrivier-verbeteringsplan (BRVP). Die BRVP het ten doel om die watergehalte van die Bergrivier te verbeter en die lewensbestaan van alle mense wat langs die 260 km-lengte van die rivier woon, te bevorder.

Die GrondSorg-span het verskeie tegniese dienste aan ons kliënte regoor die provinsie verskaf, wat gewissel het van plaasbeplanning tot die ontwerp van strukture, ramphulp, proaktiewe gebiedswye beplanningsprojekte en die implementering van projekte. Hierdie projekte het op die volgende gefokus: WaterSorg-projekte wat die verwydering van uitheemse indringerplante en die rehabilitasie van oewergebiede behels en die besparing van waterbronne lei. VeldSorg-projekte het veldbestuur en die oprigting van heinings behels wat tot gerehabiliteerde weiveld bygedra het. Die WaterSorg- en VeldSorg-projek het ook werksgeleenthede vir werkloses in landelike gebiede geskep. MenseSorg-projekte het op bewusmaking gefokus deur vir produsente werkswinkels oor die volhoubare gebruik van landbouhulpbronne aan te bied. GrondSorg-projekte het boere gesteun met die monitering van grondgesondheid en die lewering van tegniese advies om van konvensionele boerderypraktyke na bewaringslandboupraktyke oor te skakel.

Die verbouing van gewasse is slegs op sowat 2 miljoen hektaar (15,45%) van die totale oppervlakte van die Wes-Kaap moontlik. Om hierdie rede is die evaluering van, en die lewering van kommentaar op, die getal aansoeke om onderverdeling en/of hersonering van landbougrond van kardinale belang om produktiewe landbougrond te bewaar. Dit is bowendien nodig om die optimale, geïntegreerde bestuur en gebruik van grond te verseker, insluitend die benutting van grond en natuurlike hulpbronne vir produksiedoeleindes, terwyl bewaringsimperatiewe in ag geneem word deur die fragmentering van landbougrond te voorkom. Die Grondgebruikbestuur-subprogram ondersoek aansoeke om veranderinge in grondgebruik en doen assesserings wat deur die goedkeuringsowerhede oorweeg moet word.

Die Wes-Kaap het oor die afgelope dekade ’n toename in die intensiteit en frekwensie van natuurrampe ervaar. Doeltreffende rampbestuur help om hierdie risiko’s te versag en die erns van die gevolge daarvan te verminder. Die uiteenlopende sosio-ekonomiese landskap in die provinsie bring mee dat kwesbare gemeenskappe dikwels buite verhouding deur rampe geraak word. Behoorlike rampbestuur verseker ’n gekoördineerde reaksie wat die veiligheid en welstand van alle burgers prioritiseer, veral dié wat die hoogste risiko loop. Gegewe die groeiende ekonomie en die ontwikkeling van infrastruktuur, is robuuste rampbestuurstelsels noodsaaklik om investering, kritieke infrastruktuur en noodsaaklike dienste te beskerm. Dit sluit maatreëls in om veerkragtigheid te versterk, vroeë waarskuwingstelsels te verbeter, en vinnige en doeltreffende noodreaksie en noodherstelwerk te fasiliteer. Werksaamhede om riviere te beskerm het die waarde van risikoverlaging tydens oorstromings vroeg in die jaar bewys, met dié strukture wat vloedskade beduidend misgeloop het. Die assessering van oorstromings en steun ná rampe was noodsaaklik in die nasleep van die uitgebreide oorstromings in die provinsie in 2023.

Die algehele geouditeerde prestasie-uitset vir die Landbouprodusentesteun en -ontwikkelingsprogram (LPSO) het die meerderheid van sy beplande teikens bereik volgens die persentasiedrempels wat deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DLGLO) bepaal word, en het in sommige gevalle teikens oorskry. Die departement het deur die kernleweringsmodel van die Omvattende Landbousteunprogram (OLSP) landboukundige produsentesteun aan alle boere verskaf om die kommersialiseringsproses van die grondhervormingsboerdery-ondernemings te verseker en te versterk. Verder het die program kleinboere ondersteun en deur die Ilima/Letsema-program voedselsekerheidshulp verleen aan diegene wat voedselonsekerheid ervaar.

Die kommoditeitsbenadering groei steeds van krag tot krag. Die kommoditeitsvennote het in die verslagtydperk die departementele doelwitte gesteun deur mentorskap aan verskeie landboubesighede te verskaf. Benewens die bestaande Memorandum van Verstandhouding (MvV) met 11 bedryfsvennote, het die departement ook ’n MvV met die Departement van Korrektiewe Dienste onderteken om gesamentlike projekte te implementeer, asook met die Land Bank en Absa Bank as vennoot in die uitrol van die Gemengde Finansiering-model.

Die program het gedurende die boekjaar verskeie vergaderings bygewoon en bydraes gelewer om beplanning te evalueer en te versterk en om projekte tydig te implementeer, onder meer vergaderings van die Komitee oor die Toekenning van Kommoditeitprojekte (KTKP’e), die Departementele Komitee oor Projektoekenning (DKPT), Casidra en die Sagtevrugteprodusentetrust.

Die program het verskeie opleidingsgeleenthede geskep deur middel van bloksessies, virtuele geleenthede en kort kursusse vir voorligtingspraktisyns om hul diensleweringsvermoë te verbeter. Die departement het van 19 tot 21 Julie 2023 ’n suksesvolle 12e Departementele Simposium oor Voorligtings- en Adviesdienste aangebied om samewerking tussen programme verder te versterk. Hierdie geleentheid het ook die deelname van boere behels wat die hoofgebruikers van voorligtings- en adviesdienste is.

Die program het as ’n bydrae tot die verwesenliking van Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit 1, 2 en 3: Geen armoede nie, geen honger nie, en goeie gesondheid en welstand die herdenking van Wêreldvoedseldag bevorder tydens ’n geleentheid wat op 6 Oktober 2023 by die Kranshoek Sportkompleks in Bitou Munisipaliteit in die Tuinroete Distriksmunisipaliteit gehou is. Die geleentheid is aangebied in samewerking met die DLGLO, Departement van Water en Sanitasie, Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) en die burgerlike samelewingstrukture wat in die ruimte van voedselsekerheid betrokke is.

Die program het verder met die DLGLO saamgewerk en soos nodig vergaderings bygewoon om samewerking op interregeringsvlak te versterk (insluitend die OLSP Nasionale Assesseringspaneel (NAP) en die OLSP en Ilima/Letsema se kwartaallikse hersieningsvergaderings).

Die Veeartsenykundige Dienste-program het deurlopend alle slagpale in die Wes-Kaap gemonitor om veilige vleisproduksie in die provinsie te verseker. Geen uitbrekings van voedselvergiftiging wat verband hou met vars vleis van abattoirs af is gedurende die tydperk aangemeld nie en geen menslike morbiditeit of mortaliteit het voorgekom nie.

As gevolg van die laboratorium se opknapping-/opgraderingsprojek wat gedurende die boekjaar plaasgevind het, het geen dienslewering/toetsing deur die Veeartsenykundige Diagnostiese Dienste-subprogram plaasgevind nie. Tydens die opknappings is alle betrokke personeel herontplooi om met verskillende subprogramme binne Program 4 en die departement hulp te verleen. Die toetsing en monitering van beheerde dieresiektes binne die provinsie is deur middel van MvV's na privaat laboratoriums uitgekontrakteer om onbelemmerde dienslewering aan ons kliënte te verseker.

Die program vir Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste is vir landbounavorsing en tegnologie-ontwikkeling verantwoordelik, en die navorsingsportefeulje word deurlopend teen die nasionale uitkomste en prioriteite, die visie-geïnspireerde prioriteite (VIP'e) van die provinsie, ministeriële prioriteite en strategiese uitkomste van die departement, asook kommoditeite en produsente se navorsingsbehoeftes geëvalueer.

Strategiese doelwitte van die program behels onder meer leidende navorsing, die ontwikkeling en aanpassing van toepaslike tegnologieë, die verspreiding van navorsingsinligting in 'n gebruikersvriendelike (insluitend aanlyn) formaat, en die instandhouding van sewe navorsingsplase. 'n Bemagtigende en volhoubare navorsingsomgewing in die spesifieke distrikte van die Wes-Kaap word dus verseker om volhoubare produksiepraktyke en -tegnologieë vir produsente moontlik te maak. Omvattende, produsent-gefokusde en probleemoplossende navorsingsprogramme en -projekte in dier- en plantwetenskappe is uitgevoer, met die fokus op die behoeftes en uitdagings van kommoditeite en boere.

Die verskaffing van tegniese advies- en aanlyn webgebaseerde steun, asook diagnostiese en ontledingsdienste aan 'n verskeidenheid interne en eksterne kliënte is uitgebrei in 'n poging om insetkoste te verminder en produksievlakke te verhoog. Die uiteindelike doelwit is om volhoubare boerderypraktyke te steun en om klimaatslim landbouproduksie oor die volgende tien jaar met 10% te verhoog.

Die jaar het begin met 91 voortdurende navorsingsprojekte, waarvan 21 in die loop van die jaar in die vorm van finale verslae afgehandel is, en vorderingsverslae is vir die oorblywende 70 aktiewe projekte gelewer. 12 nuwe projekte is ná behoorlike oorweging van die beskikbare begroting en menslike kapasiteit deur die navorsingsprojekkomitee goedgekeur. Nuwe projekte het nagraadse navorsingsprojekte ingesluit, aangesien ons senior wetenskaplikes ook as studieleiers by universiteite optree.

Die voortdurende implementering van die SmartAgri-plan (Raamwerk vir Klimaatsverandering en Implementeringsplan vir die Landbousektor, 2016) in die departement en die sektor het ten doel om veerkragtigheid teen klimaatsverandering te bou, en sal op die agenda bly. Die reeks nadelige weersvoorvalle gedurende 2023/24 het beklemtoon dat klimaatsverandering een van die top risiko's van die landbousektor sal bly. Dit is volgens die Wêreld Ekonomiese Forum se Verslag (2024) 'n wêreldwye risiko.

Verskeie geleenthede is gereël om die strewe na 'n klimaatsverandering-veerkragtige landbousektor te bespoedig. Dit het dialoog met veelvuldige belanghebbendes oor klimaatrampoplossings, die tweede Klimaatsverandering en Landbou-jeugberaad wat in Oudtshoorn gehou is, en die ondertekening van 'n Memorandum van Ooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch Skool vir Klimaatstudie ingesluit. Die departement het ook 'n stigterslid van die Mediterranean Climate Action Partnership (MCAP) geword. Dit is 'n platform wat verdere wetenskaplike navorsing oor aanpassing by klimaatsverandering vir die Mediterreense streke van die wêreld moontlik sal maak.

Navorsers het verskeie virtuele en in-persoon-konferensies en strategiese en tegniese vergaderings bygewoon, en het oor verskeie kwessies aanbiedings gedoen of insette en insigte gelewer. Daar is 'n groeiende fokus op bewaringslandbou en grondgesondheid, en 'n behoefte om inligting te deel oor dierevoeding, -teling en -bestuur, asook die ontwikkeling van nuwe tegnologie. Die reeks tegnologie-oordragprodukte het gewissel tussen wetenskaplike referate, konferensie- en geleentheidaanbiedings, tegnologie-oordraggeleenthede, gewilde referate wat gepubliseer en radiopraatjies wat gehou is, om maar 'n paar te noem.

Kundige advies oor ruimtelike intelligensie was gesog op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak. Die gebruik van en getal besoekers aan ons aanlyn tegnologiehulpmiddels het maandeliks toegeneem. CapeFarmMapper (CFM) Version 3 is gedurende die verslagtydperk bekendgestel en die Sentinel-portaal het steeds belangstelling van verskeie landbou-

belanghebbendes gelok. Die weerportaal is verder uitgebrei en voorsien intydse weerinligting vanaf die weerstasienetwerk aan produsente en belanghebbendes. Die voltooiing van die derde weergawe van die "oorvlieg"-projek sal ook die inligting op CFM aanvul om belanghebbendes se besluitneming in te lig.

Die toepassing van nuwe tegnologieë soos die hoogs uiteenlopende reeks sensors, die gebruik van hommeltuie en 3D-drukkapasiteit het 'n nuwe dimensie by die navorsingsprogramme se datavaslegging- en diensleweringsagenda gevoeg. Advies oor die integrasie van nuwe tegnologieë is gesog onder die nuwe generasie produsente en ander belanghebbendes, asook ander provinsiale departemente.

Samewerking met bedryfsvennote is uitgebrei. en versoeke om as studieleiers of medestudieleiers vir nagraadse studies op te tree, het die belangrikheid van navorsingsnetwerke, die vennootskappe tussen die departement en verskeie tersiêre instellings, en die rol in mensekapasiteitsbou beklemtoon. Dit vorm alles deel van die pogings om die nuwe generasie produsente, wetenskaplikes en tegniese steunpersoneel te bou.

Die navorsingsplase het weereens as 'veldlaboratoriums' en navorsingsentrums vir interne navorsing, proewe van eksterne navorsingsvennote en nagraadse studies van verskeie tersiêre instellings gedien. Die navorsingsvennootskappe en -kapasiteit het sodoende tot voordeel van die landbousektor in die Wes-Kaap gegroei, en word vasgelê deur die Wes-Kaapse Landbounavorsingsforum (WKLNF) wat deur die program Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste (NTOD) aangebied word.

Die Wes-Kaap was in 2022 vir 51% van Suid-Afrika se totale landbou-uitvoere verantwoordelik. Landbou- en agriverwerkingsuitvoere het sedert 2018 van R63 miljard tot R104 miljard in 2023 toegeneem, wat 'n jaarlikse gemiddelde groei van 11% verteenwoordig. Die relatiewe aandeel van die Wes-Kaapse agriverwerkingsuitvoere na Afrika het gedurende hierdie tydperk van 35% tot 37% toegeneem, en die relatiewe aandeel van primêre landbou en agriverwerking na die Amerikas het van onderskeidelik 6% tot 9% en 7% tot 10% toegeneem. Asië het 'n toename van 31% tot 35% in die relatiewe aandeel van die Wes-Kaapse primêre landbou-uitvoere getoon.

Hierdie prestasie bevestig die belangrikheid van die sektor en die ekonomiese bydrae wat dit tot die ekonomie van die Wes-Kaap lewer, veral deur uitvoere. Die markontwikkeling- en ander steundienste wat aan verskeie nywerhede gelewer word, word beskou as 'n positiewe bydrae tot toenemende uitvoere vanuit die Wes-Kaap. Dit is sigbaar in markte soos China waar die wynmark die afgelope paar jaar sukkel, maar Suid-Afrika het daarin geslaag om te groei en die markaandeel te verower. Invoere het gedurende 2023 in sowel volume (29,86%) as waarde (29,21%) gegroei. Suid-Afrika beklee die tweede posisie ten opsigte van volumes en die eerste posisie ten opsigte van waarde uit 10 lande waaruit China invoer. Slegs twee lande, waarvan een Suid-Afrika is, het hierdie positiewe groei gehad.

Die Landbou-ekonomiese Dienste-program (LED) het die handelsbeen van die Wes-Kaap Afrika Landboustrategie suksesvol op die Afrika-vasteland geïmplementeer. Promosies in winkels, wynproeë, en gebeure rondom wyn-en-kos-paring is in samewerking met Wines of South Africa (WoSA) in China en Afrikalande gehou, insluitend Angola, Ghana, Nigerië, Uganda en Kenia. Die departement het ook 'n uitstalling (eerste van sy soort) in Kenia gekoördineer, gevolg deur 'n Wes-Afrika-toer (Ghana en Nigerië) waar verskeie geleenthede beskikbaar is aangesien die markte 'n sterk belangstelling in die Wes-Kaapse produkte toon. Gevolglik is 'n aantal kontrakte by hierdie geleenthede gesluit.

Hierdie werk is ter voorbereiding van die African Continental Free Trade Agreement (AfCFTA) en word gesteun deur volgehoue navorsing in die departement. 'n Verslag is vervolgens geproduseer wat insigte verskaf oor die potensiële implikasies van AfCFTA se volle tariefliberalisering vir Suid-Afrikaanse landbou ten opsigte van handelskepping, inkomste en welsynseffekte.

Die departement het in samewerking met GreenCape verskeie werkswinkels oor energiebewusmaking van stapel gestuur. Dit was uiters noodsaaklik, gegewe die behoefte om groen praktyke toe te pas om die impak van klimaatsverandering te versag, en ook om aandag te skenk aan die energie-uitdagings waarvoor die land te staan kom.

Die LED-program het voortgegaan om die ekonomiese prestasie van die Wes-Kaapse landbousektor te evalueer. Ongeveer 172 databasisse help met hierdie taak, veral die databasis oor landbougrondpryse in die Wes-Kaap in vergelyking met dié van ander provinsies. Dit stel ekonome en belangstellendes in staat om grondprysbewegings regoor Suid-Afrika na te spoor, maar veral om maatstawwe vir Wes-Kaapse munisipale landbougrondpryse in vergelyking met ander streke te verskaf. Die uiteenlopende stel databasisse oor primêre landbou kan nou tendense in landbou oor die jare naspoor, wat goeie insette lewer vir bestuursbesluite oor plaasbeplanning en sakeplanontwikkeling.

Die Landbou-onderwys en -opleidingsprogram (LOO) het formele en nieformele onderwys- en opleidingsprogramme op die hoofkampus by Elsenburg en by die gedesentraliseerde sentrums, naamlik George, Clanwilliam, Bredasdorp en Oudtshoorn, verskaf. Die Baccalaureusgraad in Landbou (B.Agric.), ’n driejarige Diploma in Landbou, en opleiding vir ’n Sertifikaat in Perdemeesterskap is deur die subprogram Hoër Onderwys en Opleiding (HOO) aangebied – 128 studente het gegradueer by die jaarlikse gradeplegtigheid wat op 2 Desember 2023 gehou is.

Tydens die keuringsproses vir kwalifiserende studente om vir die 2024- akademiese jaar te registreer, is aanbiedings aan 447 studente gemaak, waarvan 72% uit die aangewese groep was. Altesaam 557 studente het gedurende Januarie 2024 vir die 2024- akademiese jaar geregistreer, en die HOO-subprogram het 133 beurse aan hulpbronbehoeftige studente toegeken het.

Die subprogram Landbouvaardighede-ontwikkeling (LVO) het formele opleiding gefasiliteer deur leerderskapprogramme en nieformele kort kursusse in vaardigheidsontwikkeling aan te bied. Dit het die Nasionale Sertifikaat in Plantproduksie in Wingerd en Pomologie en die Nasionale Sertifikaat in Diereproduksie ingesluit. Die Nasionale Sertifikaat in Plant- of Diereproduksie is op 2 Desember 2023 aan 59 studente by die jaarlikse gradeplegtigheid toegeken. 27 van hierdie gegradueerdes het na die HOO-diplomaprogramme gevorder.

Die LVO-subprogram het gedurende Januarie 2024 altesaam 55 nuwe studente vir die leerderskapprogram geregistreer, waarvan 93% uit die aangewese groep was. Studente is aan verskeie plase toegewys en het die geleentheid gehad om aan ’n ‘regte werkervaring’ blootgestel te word om werkplek-geïntegreerde leer te verseker. 33 studente is by die verskillende produksieafdelings van die instituut geplaas.

Nieformele kort kursusse in vaardigheidsontwikkeling is aan 3 465 deelnemers regoor die Wes-Kaap aangebied. Aangesien die LVO-subprogram in noue samewerking met die LPSO-program werk, is ’n groot persentasie van die deelnemers aan die kort kursus in vaardigheidsontwikkeling gekoppel aan die grondhervormingsbesighede wat onder die OLSP gesteun word.

Bestaande vennootskappe is versterk, en nuwe vennootskappe is deur middel van voortdurende skakeling met belanghebbendes en rolspelers in die omgewing van landbou-onderwys en -opleiding asook met ander programme in die departement gevestig. Die LVO-subprogram het opleiding aan gevangenes by die Departement van Korrektiewe Dienste verskaf en ’n gradeplegtigheid sal gedurende die volgende boekjaar plaasvind. Hierdie fasiliteite sluit Voorberg, Brandvlei en Drakenstein Korrektiewe Dienste in.

AgriSETA het befondsing vir twee projekte verskaf, naamlik Kapasiteitsbou en Erkenning van Vorige Leer, wat gedurende die verslagtydperk deur die LVO-subprogram geïmplementeer is. Begunstigdes kan voorberei vir die implementering van beroepsgerigte kwalifikasies, en kan ook kwalifikasies verwerf op grond van hul ervaring en kennis wat opgedoen is.

Samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US) is versterk deur personeellede se volgehoue betrokkenheid by verskeie komitees soos die Komitee oor Akademiese Beplanning, Komitee oor Personeelontwikkeling, Komitee oor Studentewerwing en -registrasie, Komitee oor Onderrig en Leer, en die Fakulteitsraad.

Die LOO en die US het gedurende die verslagtydperk kurrikulums geassesseer met die doel om te verseker dat die inhoud van die Baccalaureusgraad in Landbou (B.Agric.) en driejarige diploma bygewerk en belyn is.

Die Moodle Learner Management System (LMS) is uiters belangrik vir die onderrig- en leermetodologie by LOO en sal in die toekoms op groot skaal gebruik word om gereedheid vir ’n hibriede model van onderrig en leer (as ’n voorganger vir ’n voltydse aanlyn landboukwalifikasie) te verseker. ’n Diensverskaffer is aangestel om die nodige instandhouding en steun te bied om deurlopende toeganklikheid, beter doeltreffendheid en ononderbroke diens te verseker.

Die Landelike Ontwikkelingsprogram (LO-program) het die fasilitering van verskeie programme en inisiatiewe met sleutelbelanghebbendes gekoördineer, insluitend al drie regeringsfere, die burgerlike samelewing en die privaat sektor, om gesamentlik tot landelike ontwikkeling by te dra. Dit is bereik deur die fasilitering van vergaderings van die Streek-koördineringskomitee regoor die provinsie wat daarop gemik is om die sosio-ekonomiese toestande en lewensbestaan van landelike gemeenskappe te verbeter.

Die program het ook die Landelike Veiligheid-program, ’n ministeriële prioriteit vir ’n veiliger landbou-omgewing, in samewerking met die Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid (DPTGV), Suid-Afrikaanse Polisiedienste (SAPD), Departement van Mobiliteit (DvM), Departement van Binnelandse Sake (DBS) en die Departement van Indiensneming en Arbeid (DIA) gefasiliteer. Die program was verder verantwoordelik vir die fasilitering van vergaderings van die Interministeriële Komitee asook die Tegniese Komitee oor Landelike Veiligheid.

Bewusmakings- en inligtingsessies is regoor die provinsie gefasiliteer om aandag te skenk aan spesifieke behoeftes met betrekking tot die ontwikkeling van agriwerkers en landelike gemeenskappe. Dié sessies het gefokus op die bemagtiging van landelike burgers deur hulle te koppel aan geleenthede wat met opleiding en vaardigheidsontwikkeling, ondernemings-ontwikkeling en registrasie op databasisse vir indiensneming verband hou. Daarbenewens het die sessies gesprekvoering gefasiliteer en deelnemers bemagtig oor maatskaplike euwels soos geslagsgebaseerde geweld en dwelmmisbruik. Die program het ook ’n driedaagse Provinsiale Bewusmaking- en Inligtingsessie aangebied waar genomineerdes uit onderskeie gemeenskappe afrigting en mentorskap ontvang het om as ambassadeurs en veranderingsagente in hul gebiede te dien.

Die program se verwysingstelsel het aan landelike en agriwerkergemeenskappe toegang tot dienste op grond van hul spesifieke behoeftes voorsien. Opleidingsingrypings het veral op middelmisbruik, arbeidsregte en gesondheidsorg met betrekking tot agriwerkers gefokus.

Die departement het die 2023 Jaarlikse Wes-Kaap Prestige Agri-toekennings (WKPAT) met sukses gefasiliteer. Die hoofdoel hiervan was om aan agriwerkers erkenning te gee vir hul belangrike bydrae tot die volhoubaarheid en groei van landbou in die provinsie. Die algehele wenner maak deel uit van die Prestige Agriwerkerforum wat elke kwartaal met die Minister van Landbou vergader. Dié forum bestaan uit vorige wenners en tree op as adviseurs om die uitdagings van, en geleenthede vir, agriwerkergemeenskappe te behandel.

## Oorsig van uitdagings

Kragonderbrekings as gevolg van die program van beurtkrag wat deur Eskom ingestel is, het in die oorsigjaar voortgeduur. Die Elsenburg-plaas, insluitend die kantoorkompleks, kon doeltreffend op hierdie onderbrekings reageer met maatreëls vir energietoevoer, onder meer kragopwekkers en batterystelsels. Elsenburg was op geen stadium sonder rugsteunkrag nie en die toevoerstelsels wat in plek was het goed teen die intensiewe beurtkragskedule opgeweeg. Die dieselverbruik per hoeveelheid (liter) en per koste vir die 2023/24-boekjaar het egter 160 000 liter diesel beloop, teen ’n totale uitgawe van R3 474 807,10. Dit was hoofsaaklik om te verseker dat daar tydens die episodes beurtkrag vir al ons navorsingsplase voorsiening gemaak word.

Die departement het die afgelope jaar ’n mylpaal bereik in sy volgehoue pogings om die impak van beurtkrag op ons werksaamhede te versag. Die span van Bedryfsteundienste het daarin geslaag om 10 bykomende kragopwekkers tot die volhoubare retikulasie te installeer, wat tesame met hibriede omsetters die veerkragtigheid en doeltreffendheid van infrastruktuur aansienlik verbeter het.

Die departement bly daartoe verbind om 'n veilige dienslewering- en werksomgewing te bevorder deur alle beskikbare en verwante hulpbronne te belyn om sy mense, besoekers en bates te beskerm. Van die verbeterings aan die veiligheidsmaatreëls wat reeds in plek is, word hier onder beskryf:

- Gegewe die uitdagings met veiligheid by die Oudtshoorn Navorsingsplaas, is 'n omvattende sekuriteitstegnologie-oplossing by die kampe vir uitvoervolstruise geïmplementeer. Die stelsel bestaan uit 22 statiese kameras en een swenk-en-kantel (PTZ) zoemkamera om enige oortreder of beweging by die kampe op te spoor. Ligte is aan die kameras geheg om die area in die geval van onwettige toegang te verlig. 'n Eksterne sekuriteitsdiensverskaffer sal die volle stelsel onderhou en monitor en reaksiedienste lewer. Bestuurders het ook selfoontoegang tot enige oortreding wat mag voorkom.
- Die sekuriteit-IT-netwerk en toegangsbeheerstelsel by die Elsenburg-plaas is gedurende die verslagtydperk opgegradeer. Dit het die vervanging van ou bedieners, bykomende biometriese beheerders, nuwe rekenaars en monitors vir die beheerkamer ingesluit. Alle sagteware is na die nuutste weergawes opgegradeer, wat 'n meer betroubare en doeltreffende sekuriteitsnetwerk, verbeterde visuele en grafiese gehalte van sekuriteitsopnames en data-insameling tot gevolg het.

Die implementering van hierdie sekuriteitsoplossings vir die hoërisikowebwerwe van die departement het die aantal sekuriteitsoortredings aansienlik verminder. 40 oortredings het gedurende die 2022/23-tydperk voorgekom, en hierdie syfer is aansienlik verminder tot 22 oortredings gedurende die 2023/24-tydperk.

Kapasiteit bly 'n kritieke uitdaging in die program Volhoubare Hulpbrongebruik en Bestuur (VHB), aangesien ingenieurs, ingenieurstegnici, en bestuurders vir grondbewaring en waterhulpbronne voortdurend in aanvraag is.

Rampvoorvalle hou 'n werklike bedreiging vir die land as geheel in. Die impakte van hierdie rampvoorvalle word in die landelike omgewing van die Wes-Kaap ervaar, waar armoede en honger algemeen voorkom. Data en tendense oor klimaatsverandering dui daarop dat indien sosio-ekologiese kwessies nie voldoende aandag geniet nie, die versterking van natuurrampe, plae en siektes die potensiaal het om die produktiwiteit en veerkragtigheid van die landbousektor as geheel en aldus die volhoubaarheid van die voedselstelsel te ondermyn.

Landbou is 'n ingewikkelde biologiese stelsel en is hoogs afhanklik van eksterne faktore wat aanpassende kapasiteit op 'n hoë vlak verg. Die befondsingsmodel vir voorwaardelike toelaes neem ongelukkig nie hierdie dinamika in ag nie. Die proses om OLSP- en Ilima/Letsema-projekte slegs een keer per jaar te identifiseer en goed te keur, is problematies aangesien daar van produsente verwag word om meer as 'n jaar te wag voordat hulle steun ontvang. Dit is 'n saak wat die departement voortdurend met DLGLO en Nasionale Tesourie bespreek.

Produsente se afhanklikheid van toelaebefondsing bly 'n uitdaging. Klimaatstoestande soos droogte, brande, oorstroming, dieresiektes en onvoorspelbare weer het 'n impak op landbouproduksie. Droogtetoestande plaas groot beperkings op boere in dele van die Sentraal-Karoo-, Kleinkaroo- en noordwestelike streke van die provinsie.

Die getal werknemers in die Veeartsenykundige Dienste-program is nie meer voldoende om gereelde monitering van alle slagpale in die Wes-Kaap te verseker nie. Gegewe die agteruitgang van die ekonomiese situasie in die land, is eienaars van slagpale onder finansiële druk en meer geneig om noodsaaklike higiënemaatreëls te verontagsaam om geld te bespaar. Dit verhoog die risiko vir voedselveiligheid en die uitwerking daarvan sal ontwrigtend vir openbare gesondheid wees.

Verder hou die begrotingsbeperkings, benewens kapasiteitsbeperkings, 'n werklike bedreiging vir biosekuriteitsmaatreëls in, en die toename in Wes-Kaapse vee-uitvoer plaas verdere druk op menslike hulpbronne. Biosekuriteit in die provinsie is ongeag hierdie uitdagings gehandhaaf en uitbrekings, indien enige, is beperk.

Opvolgbeplanning en diensbillikheid het gedurende die oorsigjaar aandag geniet. Die vulling van tegniese poste in die Program: NTOD ingevolge die Beroepspesifieke Bedeling (BSB) was veral uitdagend ten opsigte van wetenskaplikes en tegnici wat aan baie streng kwalifikasie-, ondervinding- en registrasievereistes moet voldoen. Poste moes dikwels weer geadverteer word in ’n poging om geskikte kandidate te vind. ’n Beduidende groep bestuurders, wetenskaplikes en tegnici sal binne die volgende 5 tot 10 jaar aftree en pogings gaan voort om, waar moontlik, sake- en navorsingskontinuïteit met opvolgbeplanning te verseker.

’n Saak wat deurlopend aandag geniet het, is die integrering van navorsingsaktiwiteite en -uitsette by die dienslewering- en opleidingsagenda van onderskeidelik voorligtingsbeamptes en -dosente. Navorsingsinfrastruktuur en navorsingskuddes en -troppe word vir praktiese studentesessies aan die ELOI-program beskikbaar gestel, wat ’n meer praktiese benadering tot studente-opleiding verseker.

Die instandhouding en/of vervanging van ou navorsingstoerusting was steeds uitdagend aangesien navorsingswerk van betroubare en tegnologies gevorderde toerusting en infrastruktuur afhanklik is. Die begroting vir Navorsingsteundienste in die Program: NTOD moet realisties wees, gegewe die feit dat sewe aktiewe navorsingsplase bestuur word om hulpbronne vir navorsing op plaasskaal te verskaf, veral in agronomie en die strewe na bewarings- en herlewingslandboupraktyke. Die gereelde voorvalle van diefstal op die navorsingsplase is baie kommerwekkend en ’n aansienlike bedrag moes aan die vervanging van items, die herstel van toerusting en veiligheidsmaatreëls bestee word. Die vertraging in die voltooiing van die nuwe navorsingslaboratoriums het ’n groot impak op ons kliënte, eksterne inkomste en interne monsterontleding vir ons interne navorsingsprojekte gehad.

Verder het die geopolitieke onstabiliteit steeds ’n massiewe uitwerking op landbou-insetpryse gehad, van diesel tot saad, kunsmis en chemikalieë. Die uitwerking op die bedryfsbegroting was onmiddellik en beduidend, maar die departement kon die program finansieel bystaan om noodsaaklikhede soos veevoer en diesel aan te koop.

Die droewe situasie by die nasionale kragvoorsiener, Eskom, en die feit dat die getal dae met beurtkrag gedurende die oorsigjaar aansienlik toegeneem het, het navorsing op talle vlakke beïnvloed, van kantoorwerk tot laboratoriums, melkerye, voermengeenhede, besproeiing en kweekhuise (die lys is eindeloos). Beurtkrag het ook ’n groot impak op die bedryfsbegroting gehad en diesel moes vir kragopwekkers by al die plase aangeskaf word. Daar word verwag dat die gebrek aan stabiele kragvoorsiening vir die afsienbare toekoms steeds navorsingspogings op ’n aantal vlakke sal beïnvloed.

Selfs al is ekonomieë op pad na herstel, is die impak van COVID-19 steeds ’n werklikheid. Dit het verskeie aktiwiteite in sommige markte, veral China, soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Tafeldruiwe-veldtog geraak. Die uitdagings met die hawe van Kaapstad het ook implikasies vir die veldtog ingehou, aangesien sommige geleenthede gekanselleer moes word as gevolg van ’n vertraging in besendings, wat ook die gehalte van druiwe beïnvloed het. Ons het ook momentum verloor met aktiwiteite soos Food and Hotel China, een van die prominente geleenthede (twee-in-een-geleentheid, d.w.s. ’n toegewyde uitstalling van kos- en nie-alkoholiese drank, en ’n toegewyde uitstalling van wyn). Wanneer een van ons aktiwiteite van die mark af is, is dit moeilik om weer op dreef te kom. Die gebrek aan geloofwaardige plaaslike bemarkingsplatforms ondermyn pogings om verbeterde toegang tot binnelandse markte te verseker. ’n Moratorium op die vulling van vakante poste het groot druk op personeel van die LED-program geplaas. Met die grootte van dié program in ag genome, ervaar dit die hoogste personeelomset en is dit die hardste getref toe die riglyn oor die vulling van slegs kritieke poste geïmplementeer is, aangesien dit die hoogste getal vakante poste gehad het. Agriverwerking, as ’n strategiese prioriteit van die departement, vereis dat hulpbronne na die volgende vlak geneem word. Beperkte hulpbronne beïnvloed egter die behoorlike uitvoering van hierdie mandaat. Die “Agri-Processing On Wheels” (APOW)-inisiatief het die vraag na dienste verhoog, wat moeilik was om te verskaf. Daar is ’n baie potensiaal en belangstelling op grondvlak, maar dit word belemmer deur die gebrek aan finansiële produkte om intreevlak-entrepreneurs te steun.

Van die uitdagings wat LOO in die gesig staar, is ’n gebrek aan hulpbronne, veral menslike en finansiële hulpbronne. Die huidige akademiese personeelkapasiteit word aangevul deur die benutting van eksterne opleidingsfasiliteerders, wat druk op ’n reeds beperkte begroting plaas en nie oor die lang termyn volhoubaar is nie.

Die voedsel wat aan ongeveer 600 geregistreerde studente verskaf word, is LOO se grootste kostedrywer, afgesien van die daaglikse operasionele vereistes vir befondsing. Die nodige befondsing het die afgelope paar jaar eksponensieel toegeneem. Die hoofredes vir die stygende koste is wêreldwye ontwrigting en inflasie, die impak van ’n verhoging in elektrisiteitspryse deur Eskom en volgehoue en eskalerende beurtkrag, asook voortdurende brandstofprysstygings. Hoewel die program 133 beurse aan hulpbronbehoeftige studente toegeken het, bly voldoende befondsing vir die toekenning van beurse aan kwalifiserende studente ’n uitdaging.

Dit bly ’n uitdaging om in die wydverspreide sosio-ekonomiese behoeftes van die landelike en agriwerkergemeenskappe te voorsien. Die impak van klimaatsverandering en aardverwarming hou ook risiko’s vir landelike huishoudings in. Maatskaplike euwels in die landelike gemeenskappe raak die samelewing in die algemeen en vereis geïntegreerde, volhoubare landelike ontwikkelingsinisiatiewe en ingrypings.

## Bondige opmerking oor belangrike gebeure en projekte vir die jaar

Die FruitLook-webportaal verskaf byna-intydse inligting, wat weekliks opgedateer word, oor die werklike watergebruik vir gewasse en agt ander groeiparameters vir ’n volle 12-maandetydperk, wat al die hoofbesproeiingsgebiede in die Wes-Kaap dek.

Die mees betekenisvolle gebeurtenis vir die GrondSorg -subprogram gedurende hierdie tydperk was die suksesvolle registrasie van die eerste GrondSorg-omgewingsbestuursplan in die land. Hierdie nuwe instrument sal die implementering van GrondSorg-projekte ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur bespoedig.

Die Provinsiale Landboukundige Ramprisiko-assesserings (PLRRA) het verskuif van slegs die insameling van basislyndata na ’n beter begrip van risikoverminderingsmaatreëls vir die Wes-Kaap. Die PLRRA is ’n voortdurend ontwikkelende proses wat die impakte van klimaatsverandering versag en met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (VOD’e) ooreenstem.

Die departement het die herdenking van Wêreldvoedseldag op 6 Oktober 2023 in Kranshoek, Bitou Munisipaliteit, beywer. Die ingrypings vir voedselsekerheid wat met temas (Water is Lewe, Water is Kos. Laat niemand agterbly nie) belyn is, het die gemeenskappe van Kranshoek, New Horizon, Wittedrift, Crags en KwaNokuthula gedek.

Benewens die Memorandum van Verstandhouding (MvV) wat met 11 bedryfsvennote aangegaan is, het die departement ook ’n MvV met die Departement van Korrektiewe Dienste onderteken om gesamentlike projekte te implementeer, asook met die Land Bank en Absa Bank om met betrekking tot die Gemengde Finansiering-model in vennootskap te tree.

Die departement het van 19 tot 21 Julie 2023 sy 12e Departementele Simposium oor Voorligtings- en Adviesdienste by die Saldanhabaai Hotel in die Weskusdistrik aangebied.

Die departement het deelgeneem aan die Erkenning aan Vroue in Landbou-toekennings waar vroulike boere van die provinsie in verskeie kategorieë sertifikate ontvang het vir hul bydrae tot die landbousektor.

Verder het die departement ’n eksterne evaluering oor grondhervorming voltooi oor projekte wat gedurende die afgelope vyf jaar gesteun is. Die studie het ’n evalueringsraamwerk met 39 aanwysers gebruik wat die drievoudige inskrywing en het ’n sukseskoers van 83% aangedui. Dit sou nie moontlik wees sonder bedryfsondersteuning nie, wat toegepas word deur die kommoditeitsbenadering om ’n stelsel van steun vir nuwe boere in die Wes-Kaap skep.

Ten spyte van verskeie uitdagings met die konstruksieproses, is die opgradering van die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium aan die einde van Maart 2024 voltooi en die laboratorium het op 1 April 2024 met sy werk voortgegaan. Dit is ’n belangrike mylpaal vir die departement, soveel meer so omdat die laboratorium 51 jaar oud is. Personeel is gedurende hierdie tydperk na ander subprogramme ontplooi en kliënte is met gereelde kennisgewings vanaf die kantoor van die Departementshoof op hoogte gehou van vordering. Die program kon ook daarin slaag om SANAS (ISO 17025) akkreditasie vir die nuwe fasiliteit

te kry (die nasionale vereiste vir alle laboratoriums wat vir beheerde en aanmeldbare dieresiektes toets) en is ook deur die DLGLO se Departement van Dieregesondheid goedgekeur.

Die departement het die heel eerste Provinsiale Veeartsenykundige Week aangebied om met die viering van Wêreldhondsdolheidsdag saam te val. In hierdie week is die innoverende Uitvoerbeheerkantoorstelsel (UBKS) bekendgestel – 'n platform met template van permitte wat in lyn is met invoerlande se invoerpermitte en wat die uitvoerproses vergemaklik en voldoening aan internasionale standaarde verseker. UBKS maak dit moontlik om produkte na te spoor, insluitend die produkte afkomstig van diere na hul bronplase, en verseker sodoende deursigtigheid in die voorsieningskanaal. Die Provinsiale Veeartsenykundige Week het gefokus op die rol van staatsveeartsenydienste in die landbousektor en het bewustheid van biosekuriteit verhoog. Dit sal 'n jaarlikse geleentheid word. Die departement sal 'n veldtog lei wat beklemtoon dat biosekuriteit almal se besigheid is en dat almal dus betrokke moet wees.

Die kantoor vir veeartsenykundige uitvoere het van Milnerton na meer toeganklike en ruimer kantore in Roelandstraat verskuif om die bedryfsbehoeftes van sowel personeel as kliënte te akkommodeer.

Omvattende, produsent-gesentreerde en probleem-gefokusde navorsingsprogramme en -projekte is krities geëvalueer teenoor die departementele strategiese doelwitte, die oogmerke van die navorsingsdirektorate, asook die prioriteite van die bedryf en produsente. Die jaar het begin met 70 voortdurende navorsingsprojekte, en met 12 nuwe projekte wat deur die navorsingsprojekkomitee goedgekeur is, het die totale getal projekte vir 2023/24 altesaam 82 beloop.

Die wetenskaplikes en tegnici het verskeie interne en eksterne vergaderings (virtueel en in persoon) op strategiese en tegniese vlak bygewoon om insette en kommentaar oor verskillende kwessies te lewer. Die noodsaaklikheid van inligting oor landbouhulpbronne en die geregtelike bestuur van hulpbronne het tot 'n dieper fokus op bewaringslandbou en grondgesondheid gelei, terwyl die behoefte aan inligting oor dierevoeding, -teling en -bestuur en tegnologie-ontwikkeling steeds gesog was.

Die uitdagings van klimaatsverandering en klimaatslim landbouproduksie, die bestuur van hulpbronne, steunmiddels vir besluitneming en lae-inset-, hoë-uitset- tegnologiese ontwikkeling het in 2023/24 op die agenda van landbounavorsing gebly en sal steeds die belangrikste aandrywers vir 'n klimaatsverandering-veerkragtige en -volhoubare landbousektor wees. Klimaatsverandering is na Kabinetsvlak verhoog en 'n WKR-bestuurstruktuur onder die gesamentlike leiding van die departemente van Landbou en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning is ontwikkel. Die eerste interministeriële komitee oor klimaatsverandering is ook gehou.

Verskeie handelinge is geneem om ons strewe na 'n klimaatsverandering-veerkragtige landbousektor te bespoedig, insluitend die suksesvolle aanbieding van die Multibelanghebbende Dialoog oor Oplossings vir Klimaatrampe – 94 afgevaardigdes van die regering, boere en boere-organisasies, en die privaat sektor het hieraan deelgeneem. Opvolgstappe het twee 'diepduik'-vergaderings vir kleinboere en kommersiële boere behels. Die tweede Klimaatsverandering en Landbou-jeugberaad is suksesvol op Oudtshoorn aangebied. Die geleentheid was 'n gesamentlike poging deur personeel van NTOD, VHB en LO, en uitstekende verhoudings is gebou vir toekomstige samewerking tussen hierdie programme tot voordeel van die jeug en landelike gemeenskappe.

Die MvV tussen die departemente van Landbou en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en die Universiteit Stellenbosch se Skool vir Klimaatstudie is aan die einde van 2023 onderteken. Hierdie ooreenkoms sal verdere stukrag gee aan ons nasionale en internasionale samewerking en die bou van netwerke met navorsingsvennote wêreldwyd. Ons nagraadse kader sal sodoende ook groei om ons kundigheid in landboukundige klimaatsverandering uit te brei en deur navorsing te doen wat relevant vir ons sektor is.

Die formele ondertekening van die Verklaring van Verbintenis van die Mediterranean Climate Action Partnership (MCAP) is in Desember 2023 by COP28 in Dubai afgehandel, met die Wes-Kaap wat erken is as 'n stigterslid van hierdie vennootskap. Vennootskapslede van Mediterreense streke (altesaam 15, insluitend die Wes-Kaap) het daartoe verbind om die lewering

van klimaatsoplossings te versnel deur inligting te ruil en kennis te deel, bewustheid te verhoog deur 'n gemeenskaplike stem, en deur beleide en oplossings in lyn te bring en te implementeer om veerkragtigheid te bou en die klimaatkrisis aan te pak. Verder sal die MCAP 'n uitkomsgebaseerde padkaart opstel en 'n deurlopende program van vergaderings en uitruiling opstel om voordeel te trek uit die mees relevante internasionale interaksies, en om meetbare uitkoms aan te dryf en daaroor verslag te doen.

Media en kommunikasie oor klimaatsverandering het verskeie radio-onderhoude, die publisering van vier e-nuusbriewe oor klimaatsverandering (SmartAgri Barometer) en 'n hoofstuk in "Climate-Smart Agriculture: Evidence-based Case Studies in South Africa" ingesluit wat deur die LNR vir die BRICS-beraad in Suid-Afrika saamgestel is.

As deel van die strewe om die 4IR te bevorder en die sektor te steun in sy pogings om volhoubaarheid en tegnologiese vooruitgang te verseker, het die departement voortgegaan om verskeie nuwe tegnologieë en aanlyn instrumente vir besluitneming te ontwikkel. CapeFarmMapper (CFM) (Version 3) wat in 2023/24 vrygestel is en die gepaardgaande selfoonapp CAMIS (Cape Agricultural Mobile Information System), Sentinel-2-portaal, die weerportaal (met data van die weerstasienetwerk van die departement) en instrumente vir afstandwaarneming was baie gewild. Die voltooiing van die derde weergawe van die "oorvlieg"-projek sal ook die inligting op CFM aanvul om belanghebbendes se besluitneming in te lig.

Die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid (BLO) het 'n Sertifikaat in Onbemande Lugvaartuigbedryfstelsels (UASOC) aan die Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDvL) toegeken. Dit posisioneer die departement ongetwyfeld as 'n leier in die benutting van onbemande lugvaartuie vir transformerende tegnologiese praktyke in die landbousektor. Die GIS-span is tydens die Toekennings in Diensuitmuntendheid (SEA 2023) met 'n goue toekenning in die kategorie Beste Innovasiespan bekroon, en ons tegnologiekundige het die bronstoekenning as Beste Innoveerder ontvang. Hierdie twee inskrywings is ook as finaliste in die 2023 CPSI-toekennings genomineer.

Die NTOD-program het uitgeblink in tegnologie-oordrag en het al die teikens bereik wat vir 2023/24 gestel is, terwyl verskeie toekennings by wetenskaplike geleenthede aan die program en sy navorsingspan toegeken is.

'n Aantal goed ondersteunde inligtingsdae is in 2023/24 op ons navorsingsplase en op medewerkers se plase gehou. Die jaarlikse Outeniqua Inligtingsdag was baie suksesvol, met ongeveer 150 bywoners wat hoofsaaklik boere ingesluit het, waarvan sommige ook van die Oos-Kaap afkomstig is. As gevolg van die bekendstelling van 'n nuwe onderwerp, naamlik slagbeeste, het van die boere spesifiek vir hierdie nuwe toevoeging tot die program bygewoon. Dit sal vorentoe op die agenda bly aangesien daar 'n sterk aanduiding was dat inligting in daardie kommoditeit benodig word. Die boekie oor die inligtingsdag is vir die eerste keer elektronies beskikbaar gestel.

Vier suksesvolle tegnologie-oordraggeleenthede met die fokus op bewaringslandbou is ook aangebied. Dit het die jaarlikse Bewaringslandbou-konferensie met 200 bywoners, die Riversdal-boeredag met 350 bywoners, die SKOG-boeredag met 250 bywoners (gevolg deur positiewe terugvoer oor die formaat en inhoud van die dag), en die goed bygewoonde Hopefield-boeredag ingesluit.

Die 19de volstruisveiling van voëls van die departement en die bedryf ('n eerste) is in noue samewerking met die volstruisbedryf met 'n baie suksesvolle Volstruisinligtingsdag gekombineer. Rekordpryse is behaal deur produsente wat vooraf geselekteerde voëls verkoop het – onderskeidelik R41 000 en R26 000 is vir 'n wyfie en mannetjie betaal. Die omset was R1 272 000 en 88 voëls is verkoop met 'n gemiddelde prys van R14 483 per voël, dubbel die gemiddeld van die 2022-veiling.

Die beplanning van die 9de Wêreldkongres oor Bewaringslandbou wat in Julie 2024 in Kaapstad gehou sal word, vorder goed. Hierdie geleentheid, 'n eerste vir Suid-Afrika, sal gesamentlik deur die departement, Landbouweekblad, Bewaringslandbou Wes-Kaap, FAO en die African Conservation Tillage Network aangebied word. Die baanbrekerswerk van die departement en sy vennote sal by hierdie geleentheid ten toon gestel word.

Ons spesialiswetenskaplike in klimaatsverandering en 'n senior wetenskaplike in agronomie is heraangestel en is as buitengewone professore in onderskeidelik tuinbou en agronomie by die Universiteit Stellenbosch aangestel

Die Wes-Kaapse Landbounavorsingsforum (WKLNF) het daartoe bygedra om die werk van die navorsingsinstellings te koördineer en om navorsingshulpbronne te optimeer om steun aan die landbousektor in die Wes-Kaap te versterk. Die forum het in 2023/24 drie vergaderings gehou en is goed deur die lede bygewoon.

Die Suid-Afrikaanse Tafeldruifmarkontwikkeling-veldtog het in China voortgeduur en die implementering daarvan het momentum gekry. Suid-Afrikaanse tafeldruifuitvoerders het ook saamgewerk om 'n 2023/24-veldtog in China te lewer wat bestaan het uit 'n gefokusde benadering om korter vervoertye en 'n nouer aankomsvenster vir kultivars wat deur verbruikers in China verkies word, te verseker, ten spyte van die uitdagings in die hawe van Kaapstad. Sedert die aanvang van die veldtog het SA druiwe-uitvoer na China altesaam 30 905 ton beloop.

'n Aantal aktiwiteite het in samewerking met WoSA in die Afrika-mark plaasgevind, en twee groot geleenthede in verskeie stede het die Oos-Afrika- en Wes-Afrika-missie ingesluit. 'n Suksesvolle B2B-interaksie het in Ghana plaasgevind en is deur vooraanstaande besluitnemers in die mark bygewoon. Drie ander groot projekte wat deur die departement gekoördineer word, sluit die Kenia Food Event, Agro-Food Nigeria en Africa Big 7 in.

Die departement het gedurende 2023 begin met reëlings om FSSC-sertifisering (sertifiseringstelsel vir voedselveiligheid) wat 'n derdeparty-sertifisering is, vir die AgriHub te behaal. Die suksesvolle toekenning van FSSC 22000-sertifisering was 'n monumentale gebeurtenis vir die landbouverwerkingsfasiliteit, aangesien dit vloeiende werksaamhede en 'n gestruktureerde raamwerk vir die doeltreffende bestuur van voedselveiligheid en produkgehalte regdeur die voorsieningskanaal sal verseker. Deur aan die streng vereistes van hierdie internasionale standaard te voldoen, versterk die fasiliteit verder sy deurslaggewende rol in die Wes-Kaapse landbouverwerkingsektor, met sowel plaaslike as globale standaarde wat toegepas word.

Een van die verantwoordelikhede van die LED-program is om betroubare, relevante en tydige data te verskaf om beleidsbesluitneming in te lig. Toegang tot betroubare data is egter altyd 'n uitdaging, alhoewel dit gematig word deur die program se vennootskappe met verskeie belanghebbendes. Een van die program se belangrikste projekte, wat ook in die vorm van jaarlikse publikasies is, het aldus die Landbousektorprofiel ingesluit. Die program het ook die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BVLB) se basislynbekendstelling, 'n jaarlikse en prominente geleentheid wat die sektor van belangrike strategiese inligting voorsien, aangebied.

Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut het op 1 September 2023 sy 125e bestaansjaar gevier, 'n mylpaal vir hierdie eerste-in-sy soort landboukollege in Afrika.

'n Evaluering is gedoen om die indiensneembaarheid van Elsenburg-gegradueerdes te bepaal, en daar is bevind dat 68,1% van hulle meer geneig was om in diens geneem te word. Dit is 26,4% hoër as hul eweknieë wat in StatsSA se opname oor kwartaallikse arbeidsmagstatistiek deelgeneem het. Die evaluering het ook bevind dat 62% van gegradueerdes binne die eerste ses maande van graduering werk gekry het.

Opleiding- en ontwikkelingsingrypings wat gedurende die 2023/24-boekjaar deur die Program: Landelike Ontwikkeling geïmplementeer is, het projekte oor middelmisbruik, gesondheidsorg en arbeidsregte en -verantwoordelikhede ingesluit.

Die projek oor Middelmisbruikvoorkoming en -bewusmaking het daarop gefokus om kampvegters in onderskeie gemeenskappe te bekwaam oor kwessies wat verband hou met die voorkoming van dwelmmisbruik en gesinsgeweld. Hierdie kampvegters word ingelig oor hoe om individue te ondersteun wat deur hierdie maatskaplike euwels uitgedaag word, en om bewustheid in gemeenskappe te skep oor die gevare van dwelmmisbruik. Die gebiede het Piketberg (Weskus), Calitzdorp (Tuinroete) en Nelspoort (Sentraal-Karoo) ingesluit, en altesaam driehonderd-en-dertien (313) begunstigdes het aan die opleiding deelgeneem.

Om die toegang tot gesondheidsdienste te verbeter, het gesondheidsorgopleiding daarop gefokus om 28 persone toe te rus en op te lei om gesondheidsorg te verskaf aan agriwerkers en hul gesinne wat op dertien (13) plase in die Witzenberg-omgewing woon en werk.

Tien werkswinkels oor opleiding in arbeidsregte en -verantwoordelikhede is in verskeie streke aangebied om agriwerkers, toesighouers, MH-personeel en werkgewers in arbeidswetgewing te bekwaam, en om bewustheid te skep oor die regte en verantwoordelikhede van werkers in die landbousektor. Die gebiede sluit in: Breedevallei; Oudtshoorn; Matzikama; Theewaterskloof; Strandveld; Beaufort-Wes; Prince Albert; Witzenberg; Swartland; Kaap Agulhas. Altesaam 291 begunstigdes het aan die sessies deelgeneem.

Daarbenewens is tien (10) gefokusde bewusmakings- en inligtingsessies in geteikende gebiede vir agriwerkers, landelike jeug en landelike gemeenskappe aangebied. Ná afloop van hierdie streeksessies het die program van 10 tot 12 November 2023 ’n Provinsiale Bewusmakings- en Inligtingsessie by die Houw Hoek Hotel aangebied waar genomineerdes van onderskeie gemeenskappe afgerig en gementor is om as veranderingsagente in hul gemeenskappe op te tree. Hierdie inisiatief het ook gedien as ’n netwerkgeleentheid om maatskaplike samehang te bevorder en gemengde leer tussen die verskillende landelike gebiede aan te moedig. Die gebiede sluit in: Touwsrivier, Tankwa Karoo (Kaapse Wynland); Klaarstroom, Murraysburg (Sentraal-Karoo); The Craggs, Uniondale (Tuinroete); Grabouw, Hermanus (Overberg); Chatsworth; Graafwater (Weskus). Altesaam 267 begunstigdes het aan die sessies deelgeneem.

Die departement het die WKPAT-toekennings aangebied waaraan 1 067 agriwerkers in die verskillende kategorieë in 15 streke deelgeneem het. Die WKPAT-galaseremonie is op 4 November 2023 by die Protea Hotel in Stellenbosch gehou. Mnr Vivian Jakobs van die Witzenberg-streek is as die algehele wenner van die Prestige Agri-toekenning vir 2023 aangekondig. Hy het as deel van sy prys aan ’n studietoer na Fruit Logistica in Europa deelgeneem. Mnr Jakobs is formeel opgeneem in die Wes-Kaap Prestige Agriforum tydens ’n seremonie wat op 24 November 2023 by die amptelike woning van die Premier, Leeuwenhof, gehou is.

Die Program: Landelike Ontwikkeling het landelike veiligheidsbewusmaking- en inligtingsessies oor die veilige vervoer van agriwerkers gesteun en het verseker dat veiligheidsvoorvalle soos aanvalle op boere op die departement se Moniteringsoorsigskerm vir Landelike Veiligheid aangeteken is. Die program het ook ’n werkswinkel oor die indiensneming van ongedokumenteerde buitelandse burgers aangebied, en ’n praktiese gids vir boere en produsente is in hierdie verband saamgestel. Verdrinkingsvoorkoming- en waterveiligheidsprogramme is deur die NSRI uitgerol in ’n poging om verdrinkings in plaasdamme te voorkom.

## 4.2. Oorsig van die finansiële resultate van die departement

### Departementele ontvangbare rekeninge

| Departementele ontvangbare rekeninge | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Beraming | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-)/ onder-invordering | Beraming | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-)/ onder-invordering |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Belastingontvangste | - | - | - | - | - | - |
| Casinobelasting | - | - | - | - | - | - |
| Perdewedrenbelasting | - | - | - | - | - | - |
| Dranklisensies | - | - | - | - | - | - |
| Motorvoertuiglisensies | - | - | - | - | - | - |
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates | 36 301 | 44 095 | (7 794) | 34 738 | 40 925 | (6 187) |
| Oordragte ontvang | - | - | - | - | - | - |
| Boetes, strafgeld en verbeurings | - | - | - | - | - | - |
| Rente, dividende en huur vir grond | - | 1 913 | (1 913) | - | 1 625 | (1 625) |
| Verkoop van kapitaalbates | - | 296 | (296) | - | 440 | (440) |
| Finansiële transaksies in bates en laste | - | 4 331 | (4 331) | - | 211 | (211) |
| Totaal | 36 301 | 50 635 | (14 334) | 34 738 | 43 201 | (8 463) |

Die departement het in alle kategorieë van inkomste ooringevorder.

Die departement het 'n skuldafskrywingsbeleid wat ooreenstem met die provinsiale beleid ingevolge waarvan slegte skuld afgeskryf word, indien nodig. Die totale skuld wat in 2023/24 afgeskryf is, was R10 000 en het uit agt gevalle bestaan. Verwys na aantekening 6 van die finansiële jaarstate (Deel F) vir 'n uiteensetting van die gevalle.

Alle kapitaalbates wat gedurende die jaar verkoop is, is as onherstelbaar en onbruikbaar beskou en is afgeskryf.

Rente bestaan grotendeels uit rente ontvang op onbestede fondse vir rampverligting ten bedrae van R1,674 miljoen. Dit word aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal en word nie as 'n 'normale' inkomstestroom vir die departement beskou nie. Die rente verdien neem af namate die fondse bestee word.

Die departement vorder geen vorm van belastinginkomste in nie. Met die uitsondering van inkomste wat vir tersiêre onderwys van betalende studente ontvang word, is alle ander inkomste toevallig of newevoordele van óf navorsing, opleiding, regulatoriese werk óf bedryfsondersteuning (naamlik inspeksies en laboratoriumwerk). Inkomste word ooreenkomstig 'n departemente beleid oor inkomste bestuur.

Die tariewe in die tariefregister is op verskeie beginsels gegrond, naamlik markverwant, kosteverhaling en soos deur wetgewing bepaal. Ander oorwegings kan beïnvloed word deur faktore soos of die kliënte kleinboere en/of bestaansboere is,

die vraag na die produk of diens en of dit oortollige voorraad is. Dit word in die tariefregister by elke individuele tarief aangedui. Die register word jaarliks hersien en die jongste register is op die departement se webwerf beskikbaar.

Gratis dienste wat deur die departement gelewer word, is voorligtings- en adviesdienste wat tot ’n beduidende inkomste in konsultasiefooie kan lei. Die grootste gebruikers van hierdie dienste is egter die kleinboere en/of bestaansboere wat nie kan bekostig om vir hierdie dienste te betaal nie en op die departement vir advies, inligting en tegnologie-oordrag staatmaak. Dit word beskou as ’n mandaat van die departement om die advies gratis aan alle burgers te voorsien.

Die subprogram Dieregesondheid bied deur opleiding en primêre dieregesondheidsorgdienste ondersteuning aan die kleinveeboere. Hierdie gratis dienste aan landbouprodusente en vee-eienaars is uiters belangrik vir hul voortbestaan in die landelike gemeenskappe wat geen of beperkte toegang tot privaat veeartsenykundige klinieke en dienste het. Kleinboere ontvang ’n kostelose diens van hoë gehalte, asook die waardetoegevoegde dienste wat gelewer word deur veeartse verbonde aan die Verpligte Gemeenskapsdiensprogram (VGD-program). Met die ontplooiing van bykomende VGD-veeartse in die Staatsveeartskantore in Worcester, Oudtshoorn, George en Beaufort-Wes, het hulpbehoewende boere nou gereelde toegang tot professionele veeartsenykundige fasiliteite wat voorheen onbeskikbaar was. Gratis dienste sluit inenting van produksiediere teen die volgende siektes in:

| Siekte | Getal diere ingeënt | Spesies | Koste van gratis dienste (R) |
|---|---|---|---|
| Antraks | 3 212 | Vee | 10 278 |
| Hondsdolheid | 127 403 | Honde | 723 649 |
| New Castle-siekte | 10 269 | Hoenders | 26 186 |
| Brucellose RB51 | 718 | Vee | 82 089 |
| Afrika-perdesiekte | 12 | Perde | 5 029 |
| Tuberkulosetoetse | 73 474 | Vee | 1 054 352 |
| TOTAAL | | | 1 901 583 |

Ander dienste verskaf

| Soort diens | Getal diere | Spesies | Koste van gratis dienste (R) |
|---|---|---|---|
| Diere gedip - eksterne parasiete | 2 651 | Veelvuldige spesies | 22 533 |
| Kliniese ondersoek | 786 | Beeste, skape, bokke | 196 500 |
| Telling van fekale eiers - interne parasiete | 14 | Veelvuldige spesies | 2 800 |
| Ramtoetse vir vrugbaarheid | - | Skape, bokke | - |
| Genadedood | 645 | Veelvuldige spesies | 32 250 |
| Kliniese dienste - diere behandel | 1 054 | Veelvuldige spesies | 1 856 094 |
| Geselskapsdiere behandel, Beaufort-Wes- en Oudtshoorn-kliniek | 1 880 | Veelvuldige spesies | 3 310 680 |
| Sterilisasies | 401 | Honde | 441 100 |
| Sterilisasies | 435 | Katte | 304 500 |
| Varke ontwurm | 490 | Varke | 1 960 |
| TOTAAL | | | 6 168 417 |

Daar is oor ’n tydperk van hierdie ingrypings waargeneem dat die welstand van geselskapsdiere met die psigososiale welstand van ’n gemeenskap verband hou. Met beperkte toegang tot veeartsenykundige dienste speel dierewelsyns-organisasies in die provinsie ’n belangrike rol in die ondersteuning van hierdie gemeenskappe.

Die beter as begrote prestasie vir verkope van goedere en dienste is grotendeels te danke aan klasgelde vir die 2024-akademiese jaar wat vroeër ontvang is as waarvoor begroot is, en die groter vraag na uitvoer- en bewegingsertifisering. Verder is meer as verwagte laboratorium- en veeartsenykundige dienste (gekoppel aan die toename in uitvoersertifisering) gelewer, en die inkomste uit die verkoop van voëls (volstruise) was ook hoër.

## 4.3. Programuitgawes

| Naam van program | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 |
| Administrasie | 146 052 | 142 257 | 3 795 | 135 972 | 133 090 | 2 882 |
| Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | 130 971 | 126 830 | 4 141 | 177 639 | 170 794 | 6 845 |
| Landbou-produsentesteun en -ontwikkeling | 289 069 | 289 069 | - | 303 332 | 303 332 | - |
| Veeartseny-kundige Dienste | 109 021 | 109 021 | - | 103 167 | 100 766 | 2 401 |
| Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelings-dienste | 154 079 | 153 041 | 1 038 | 145 421 | 145 421 | - |
| Landbou-ekonomiese Dienste | 37 768 | 37 768 | - | 40 607 | 39 806 | 801 |
| Landbou-onderwys en -opleiding | 66 678 | 61 542 | 5 136 | 65 073 | 63 996 | 1 077 |
| Landelike Ontwikkeling | 20 487 | 20 487 | - | 21 484 | 21 484 | - |
| Totaal | 954 125 | 940 015 | 14 110 | 992 695 | 978 689 | 14 006 |

Die bedrag wat onderbestee is, R14,110 miljoen of 1,48% van die aangesuiwerde begroting, is goed binne die nasionale norm van 2%.

Die verdeling van onbestede fondse tussen billike aandeel, geoormerkte fondse en voorwaardelike toelaes is onderskeidelik R8,753 miljoen, R1 miljoen en R4,357 miljoen. Die bedrag billike aandeel en geoormerkte fondse hou verband met goedere

en dienste (R6,890 miljoen) en kapitaaluitgawes (R2,774 miljoen). ’n Totaal van R8,753 miljoen billike aandeel, R1 miljoen geoormerkte fondse en R4,357 miljoen voorwaardelike toelaes is vir omrol versoek.

Viremente is gedoen om kostedruk te verlig.

Viremente is gemaak uit Program 1: Administrasie (R4,339 miljoen), Program 2: Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur (R4,263 miljoen), Program 4: Veeartsenykundige Dienste (R0,010 miljoen), Program 6: Landbou-ekonomiese Dienste (R0,638 miljoen), Program 7: Landbou-onderwys en -opleiding (R0,314 miljoen) na Program 3: Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling (R3,520 miljoen), Program 5: Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste (R5,665 miljoen) en Program 8: Landelike Ontwikkeling (R0,379 miljoen). Die viremente is in alle gevalle deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur ingevolge artikel 43(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB) en is in ingevolge artikel 43(2) van die WOFB binne die 8%-perk gehou.

Een geval van onreëlmatige uitgawes is aangegee waarvan die waarde R5 573,05 was. Die geval het verband gehou met ’n kilometer-eis wat teenstrydig met paragraaf 13.6.1.8 en 13.6.1.9 van die Nasionale Reisraamwerk was. Verwys ook na aantekening 1.1 van die WOFB-nakomingsverslag in Deel E van hierdie verslag.

Daar was sewe gevalle van vrugtelose en verkwistende uitgawes. Ses gevalle was in verband met die niebywoning van ’n amptelike geleentheid ten bedrae van R7 482 en een geval was in verband met ’n kansellasiefooi ter waarde van R2 827 wat betaal is vir verblyf wat nie gebruik is nie. Verwys ook na aantekening 1.2 van die WOFB-nakomingsverslag in Deel E van hierdie verslag.

Alle bogemelde gevalle word individueel ondersoek en beoordeel om die grondoorsaak daarvan te bepaal en om herhaling daarvan te voorkom.

Daar was geen gevalle van ongemagtigde uitgawes nie.

## 4.4. Strategiese fokus oor die kort tot medium tydperk

Die huidige FruitLook-diensvlakooreenkoms sal op 31 Julie 2024 eindig. Die FruitLook-evalueringstudie het aanbeveel dat die diens gekommersialiseer word en dat die finansiële steun van die departement oor ’n oorgangstydperk uitgefaseer word. ’n Bestuursverbeteringsplan (BVP) is saamgestel om die oorgangs- en befondsingsafhandeling gedurende die tydperk Augustus 2024 tot Maart 2026 te rig.

Die subprogram Landbou-ingenieursdienste is ’n sleutelverteenwoordiger in die nuut aanvaarde Wes-Kaapse Waterveerkragtigheidsplan om landbouwatersekerheid in samewerking met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en die Departement van Plaaslike Regering te verseker. As sodanig, en om replikasie te voorkom, is die Bergrivier-verbeteringsplan (BRVP) en die Wes-Kaapse Volhoubare Waterbestuursplan beëindig.

Die departement ondersteun die voorkomende instandhouding van die Laer-Olifantsrivier-kanaalstelsel om die episodes van kanaalbreuk en die gevolglike waterverliese en impak op die streeksekonomie en werksgeleenthede te beperk.

Die subprogram GrondSorg sal oor die kort tot medium termyn op die volgende projekte fokus:

- Implementering van gebiedswye beplanningsprojekte wat gemeenskappe koppel aan die realiteite van klimaatsverandering en volhoubare projekte om die natuurlike omgewing te herstel.
- Implementering van projekte m.b.t. ekologiese infrastruktuur, GrondSorg en die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) om die agteruitgang van die omgewing te behandel en groen werksgeleenthede te skep. Hierdie projekte sal op die herstel van die omgewing onder die temas GrondSorg, VeldSorg, WaterSorg, JuniorSorg en Bewaringslandbou fokus.

’n Toename in die kompleksiteit van grondgebruikaansoeke dui op die toenemende druk op landbougrond en vereis die ontwikkeling van ’n sterker kapasiteit om hierdie meer komplekse aansoeke doeltreffend te hanteer. Alhoewel samewerkende regeringsbestuur tussen die subprogram Grondgebruikbestuur, provinsiale departemente en plaaslike owerhede goed gevestig is, kan toenemende interaksies met die regeringsfere dienslewering verder verbeter, en sal ondersoek word.

Met die toename in rampe oor die afgelope tien jaar is dit duidelik dat klimaatsverandering ’n impak op natuurlike hulpbronne in die Wes-Kaap het. Veral droogtes, oorstromings, peste en brande het ’n groot impak op boere en die landelike ekonomie gehad. Die Ramprisikovermindering-subprogram werk aan meer proaktiewe maatreëls en sterker gereedheid vir die landbousektor om die impak van klimaatsverandering te versag.

Die departement sal voortgaan om die kommoditeitsbenadering te versterk. Die huidige Memorandum van Verstandhouding (MvV) met kommoditeitsvennote is nou in sy tweede jaar van die driejaarreëling en sal hopelik daarna vir nog drie jaar verleng word. Die departement sal ook die vennootskap uitbrei na kommoditeite wat nie voorheen verteenwoordig is nie.

Die departement het besef dat daar ’n behoefte bestaan om proaktief en strategies met verskillende finansiële instellings te werk om moontlikhede vir gemengde finansieringsmodelle te ondersoek waarby boere baat kan vind. Verder moet die departement ’n duidelike gradueringstrategie hê vir die besighede wat oor die jare genoegsame steun ontvang het. Dit sal die departement help om te verseker dat die beperkte hulpbronne aangewend word vir boere wat kritieke steun benodig. Die ‘gegradueerde’ boere kan steeds bygestaan word met ander niefinansiële steun soos voorligtings- en adviesdienste, opleiding, en inligting tot marktoegang.

Die Veeartsenykundige Dienste-program het sy SANAS (ISO 17025)-akkreditasie en DLGLO-goedgekeurde status kort ná voltooiing van die opknapping van die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium ontvang om sy mandaat van toetsing vir en bystand met waarneming van beheerde dieresiektes en algemene dieresiektes in die provinsie te hervat. Daarbenewens voer die program sy mandaat uit ingevolge die Wet op Vleisveiligheid, Wet 40 van 2000 om slagpale in die Wes-Kaap te monitor en die nodige wetlike ingrypings te doen om te verseker dat alle vleis wat in die provinsie geproduseer word, veilig is vir menslike gebruik.

Klimaatsverandering en die impak daarvan op verskeie vlakke sal ongetwyfeld die belangrikste spelwisselaar in die landbousektor in die Wes-Kaap wees, en volhoubare landbouproduksie sal grotendeels deur heersende weerstoestande (insluitend die voorkoms van uiterste gebeure soos daar in 2023/24 ervaar is), die beskikbaarheid van water, en die geregtelike gebruik van ander natuurlike hulpbronne bepaal word. Veranderinge in siekte- en plaagkomplekse, en selfs nuwe spesies, as gevolg van klimaatsverandering sal die uitdagings van die sektor nog meer vererger. Die departement sal voortgaan om sy diensleweringsagenda te belyn met ‘die nuwe normaal’ onder toestande van klimaatsverandering deur die implementering van die SmartAgri-plan te verskerp en ook as ’n leier en katalisator in die sektor op te tree. Ingevolge die onlangs getekende vennootskappe met die Universiteit Stellenbosch se Skool vir Klimaatstudies en die Mediterranean Climate Action Partnership (MCAP), sal ons pogings versnel word en internasionale befondsing is verseker.

Advies aan boere, hulp met besluitneming, opleiding wat gegee moet word en projekte wat beplan en uitgevoer moet word, sal klimaat-slim, tegnologies gevorderd, en mens- en dieresiekte-slim moet wees met die doel om ’n klimaat- en siekte-slim en veerkragtige landbousektor in die Wes-Kaap te skep. Die werk in klimaatsverandering sal ook die uitbreiding van klimaatslim landboupraktyke op die departement se eie navorsingsplase insluit.

Nuwe tegnologie-ontwikkeling en tegnologie-oordragbevordering (insluitend virtuele aanbiedings) bly hoog op die agenda om kliënte van meer intydse inligting en aanlyn toepassings en hulpmiddels te voorsien. Dit sal as deel van die bevordering van die 4IR en sy belangrike toekomstige rol in die landbousektor uitgevoer word. Die departement se groeiende kundigheid in hommeltuig- en virtuele tegnologie, asook ruimtelike intelligensie, sal die navorsingspogings verder bevorder en data en innoverende visuele elemente verskaf.

Die derde weergawe van die “oorvlieg”-projek is gedurende die 2023/24-verslagtydperk voltooi. Hierdie unieke vlagskip-projek van die departement het ten doel om bygewerkte statistiese data oor landbouproduksie, die infrastruktuurvoetspoor en die nasporing van veranderinge in landbougrondgebruik te verskaf. Die resultate sal deurslaggewend wees in beplanning en besluitneming op plaaslike en provinsiale vlak en sal ook departementele beplanning rig.

Beperkings op die begroting en menslike kapasiteit in 2024/25 en daarna sal die NTOD-program noodsaak om sy navorsingsportefeulje oordeelkundig te bestuur, en om nuwe modelle van samewerking met vennote te verken om doeltreffendheid te verbeter. Heleplaasbeplanning sal van kardinale belang wees om toe te sien dat beskikbare plaas-hulpbronne op die mees volhoubare en optimale manier benut word. Dit is heel waarskynlik dat navorsingsfondse (wat van statutêre heffings van ons kommoditeitsorganisasies afkomstig is) as gevolg van die boere se produksiebeperkings, die drastiese stygings in landbou-insetkoste en die onbetroubare voorsiening van elektrisiteit in die land steeds onder geweldige druk sal wees. Erge druk op die bedryfsbegroting word in die vooruitsig gestel.

Daar word uitgesien na die heropening van die plant-, grond- en water- en veevoerlaboratoriums in die middel van 2024 aangesien hierdie dienste na ’n lang tydperk van bouwerk en die gepaardgaande uitdagings na normale bedrywighede sal kan terugkeer.

Die Wes-Kaap is ’n belangrike uitvoerder van landbouprodukte; marktoegang is dus ’n ministeriële prioriteit en ’n strategiese prioriteitsarea vir die departement. As ’n uitvoersektor wat op die wêreldmark aktief is, is landbou ook kwesbaar vir die onstabiele markomgewing wat deur megatendense beïnvloed word, insluitend die geopolitieke spanning in verskeie dele van die wêreld, insluitend die stryd tussen Rusland en Oekraïne. Dit sluit ook onsekerhede in wat deur die African Growth Opportunities Act (AGOA) gestel word, al is onmiddellike planne om Suid-Afrika onder hersiening te plaas deur die senatore van die Verenigde State (VSA) laat vaar. Die steeds toenemende nietariefversperrings in die handelsomgewing is ook ’n werklikheid wat tot onstabiliteit bydra.

Dit is om hierdie rede dat die LED-program aansienlike klem plaas op nakoming, met die fokus op voedselveiligheid- en etiese en omgewingsnakoming. Navorsing wat daarop gemik is om beleid en besluitneming in te lig, word dus noodsaaklik om die impak van hierdie tendense te evalueer. Navorsing word ook onderneem om op die identifisering en ontleding van nuwe markte te fokus. Die rol wat ons tradisionele markte in die uitvoer van landbouprodukte speel, is noemenswaardig en daarom is dit noodsaaklik om geleenthede te identifiseer en inisiatiewe te steun wat daarop gemik is om die markaandeel in hierdie ekonomieë te vergroot en te handhaaf. Dit behels onder meer ondersteuning aan geografiese aanduidings, etiese handel en ander markontwikkelingsinisiatiewe. Die klem is op die Afrika-vasteland geplaas, gegewe die moontlikhede wat dit vir handel en ander geleenthede inhou.

Die agriverwerkingsektor speel ’n belangrike rol daarin om ’n aktiewe landelike gemeenskap te vestig en werk te skep. Die subsektor is veral belangrik aangesien die Wes-Kaap vir 39% van die nasionale uitvoer van voedsel, drank en tabak verantwoordelik is. Die fokus op lokalisering ingevolge die Landbou- en Agriverwerkingmeesterplan (LAMP) het ten doel om hierdie subsektor te ontwikkel. Dit is een van die groeiende subsektore en is veral belangrik vir die transformasie van die landbousektor in terme van sy uitvoermandjie-, geslag- en jeugprofiel. Suksesvolle grondhervorming is noodsaaklik vir die ekonomie en vir die stabiliteit van die land en bly dus ’n gebied van strategiese belang. Gevolglik word ingrypings wat daarop gemik is om grondhervorming te steun, ook belangrik, soos die Marktoegangsprogram, Finansiële Rekordhoudings-program en Produksierekordhoudingsprogram.

’n Baccalaureusgraad in Landbou (B.Agric.) wat gesamentlik deur die Universiteit Stellenbosch aangebied word, en ’n driejarige Diploma in Landbou is deel van die standaardopleidingsprogramme op hoëronderwys- en opleidingsvlak. Daar word van hierdie programme verwag om elke jaar minstens 80 gegradueerdes te lewer ten einde die getal goed gekwalifiseerde landboukundiges in die sektor te verhoog. Minstens 45% van die studente wat aan hierdie groep behoort, sal geplaas word ten einde diversiteit en gelykheid te bevorder.

Altesaam 2 500 landboudeelnemers sal na verwagting baat vind by vaardigheidsopleiding deur die LVO-eenheid en 55 studente sal na verwagting geakkrediteerde beroepsgerigte programme voltooi. Vyftien studente sal as deel van die vorderingsproses toegang tot hoër onderwys kry.

Die Leerderskapprogram sal uitgefaseer en vervang word met beroepsgerigte kwalifikasies, naamlik Veevoorman (toesighouer) op NKR-vlak 3 en Boord- en Wingerdvoorman op NKR-vlak 4. Die fasilitering van formele opleiding (NKR 1-4) en nieformele kort kursusse in vaardigheidsontwikkeling sal regdeur die provinsie voortgesit word.

Die departement gaan voort om bestaande vennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale landbou- en navorsingsgemeenskappe te versterk en te handhaaf.

Die Landelike Ontwikkelingsprogram het die Geïntegreerde Landelike Ontwikkelingsektorstrategie ondersoek om ooreenstemming met die voorneme en doelwitte te verseker en het vyf prioriteitsareas geïdentifiseer, naamlik mense-ontwikkeling, landelike veiligheid, ekonomiese en vaardigheidsontwikkeling, koördinasie en samewerking, en volhoubare gemeenskapsontwikkeling. Landelike veiligheid bly ’n groot risiko en die program sal dus voortgaan om alle toepaslike veiligheidstrukture te steun om ’n stabiele, veilige landbou-omgewing vir alle belanghebbendes in die sektor, veral landelike en agriwerkergemeenskappe, en produsente te verseker. Die program sal landelike veiligheidsingrypings evalueer wat daarop gemik is om ’n landelike veiligheidstrategie vir die provinsie te ontwikkel.

Die program sal voortgaan om deur middel van die verwysingstelsel, Thusong-uitreikprogramme, geteikende ingrypings en opleidingsinisiatiewe en -programme toegang tot dienste vir agriwerkers en hul huishoudings asook landelike gemeenskappe te ondersteun en te bevorder. Die fokus sal op belyning met die geïntegreerde landelike ontwikkeling-strategie en sy pilare wees.

## 4.5. Publieke-Private Vennootskappe

Geen publieke-private vennootskappe is in die oorsigjaar aangegaan nie.

## 4.6. Gestaakte sleutelaktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen aktiwiteite is gestaak nie.

## 4.7. Nuwe of voorgestelde sleutelaktiwiteite

Die subprogram GrondSorg sal die implementering van die Generiese Omgewingsbestuursprogram lei. Hierdie instrument sal GrondSorg help om die ontwikkeling van projekte volgens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur goed te keur. Hierdie nuwe aktiwiteit sal onderneem word om die departement se dienste aan grondeienaars te verbeter.

Die Wes-Kaap het gedurende 2023 drie groot voorvalle van oorstroming ervaar wat verreikende gevolge vir sowel die infrastruktuur van die streek as staatsdienste ingehou het. Die oorstromings het groot skade aan die landbou aangerig, met ’n geskatte verlies van meer as R3 miljard vir die sektor. Afgesien van hierdie direkte landbouskade, het die gevolglike ontwrigting in vervoernetwerke die assesserings van die rampe bemoeilik en toegang tot noodsaaklike dienste belemmer.

Die LPSO-program ondersteun die breër voedselsekerheidvoetspoor deur uit te reik na gebiede wat nie voorheen bereik is nie, soos skole vir leerders met spesiale behoeftes, en deur opleiding en voorligtings- en adviesdienste te verskaf. Ons versterk ook ons vennootskappe met NRO’s, GBO’s, munisipaliteite en geloofsgebaseerde organisasies om die kwesbaarste mense in ons gemeenskappe te identifiseer en te steun. Dit sal geen bykomende finansiële implikasies buiten die gewone hê nie.

Die NTOD-program sal sy navorsingsportefeulje met die beskikbare hulpbronne bestuur, en geen nuwe aktiwiteite sal oorweeg word nie, gegewe die beperkte begroting vir 2024/25.

Onsekerheid as gevolg van megatendense soos klimaatsverandering, handelsgeskille, geopolitieke konflikte, en dies meer hou ’n aansienlik bedreiging vir die landbou- en agriverwerkingsektor in. Dit is dus noodsaaklik dat die departement sy hulpbron-ekonomiese kapasiteit opskerp, asook die modelleringskapasiteit ontwikkel om hierdie tendense te kan monitor en assesseer. Die departement het in die ontledingsvermoë van sy koolstofvoetspoor begin investeer. Daar is egter ’n behoefte om dit uit te brei om op voorbereidende ouditwerk te fokus. Die doel is om oor die kort tot medium termyn die adviserende rol te versterk om die boeregemeenskap op hierdie gebied te steun. Doeltreffende implementering sal vereis dat bestaande personeel se vaardighede aangevul word en dat vakante poste herbefonds word. Daarbenewens is die plan om bestaande fasiliteite op te gradeer en in ’n vleis-agriverwerkingsentrum om te skakel vir die behoorlike inkubasie van intreevlak-entrepreneurs, veral kleinsake, om die landbouverwerkingskapasiteit in die provinsie uit te brei. Dit vul die mobiele eenhede van Agri-Processing On Wheels (APOW) aan, maar sal bykomende kapasiteit in die LED-program verg, asook die steun van verskeie programme in die departement en van eksterne belanghebbendes om te verseker dat dit suksesvol geïmplementeer word. Aangesien dit ’n nuwe inisiatief is, sal dit finansiële implikasies inhou, maar sal in die bedryfsbegroting van die program geabsorbeer word. Bestaande programme soos die Finansiële Rekordhouding- en Produksierekordhoudingsprogram moet na ander segmente soos agriverwerking uitgebrei word, maar dit sal bykomende kapasiteit noodsaak.

Om voor te berei vir enige scenario waarin hibriede onderrig- en leermetodes gebruik kan word, soos die kombinasie van kontakklasse en e-leer, sal die fokus op die daarstelling van ’n goed gevestigde leerderbestuurstelsel wees.

Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut is besig om in samewerking met die AgriSETA die nasionale sertifikaat-leerderskapprogramme uit te faseer; dit sal deur beroepsgerigte kwalifikasies vervang word wat deur die Gehalteraad vir Ambagte en Beroepe (GRAB) geakkrediteer sal wees en met die Beroepskwalifikasiesubraamwerk (BKSR) belyn sal wees. AgriSETA het befondsing vir twee projekte verskaf, naamlik Kapasiteitsbou en Erkenning van Vorige Leer (EVL). Hierdie twee projekte beteken dat daar vir die implementering van beroepsgerigte kwalifikasies voorberei kan word, en dit stel begunstigdes ook in staat om kwalifikasies te verwerf op grond van hul ervaring en kennis wat opgedoen is.

Landelike Ontwikkeling sal fokus op belyning met die pilare van die geïntegreerde landelike ontwikkelingstrategie en die program se sleutelprioriteite, naamlik mense-ontwikkeling, landelike veiligheid, ekonomiese en vaardigheidsontwikkeling, koördinasie en samewerking en volhoubare gemeenskapsontwikkeling.

Samewerking met die Nasionale Seereddingsinstituut om bewustheid oor die voorkoming van verdrinking en opvoeding oor waterveiligheid in landelike gebiede te verbeter, duur voort. Die program sal ook voortgaan met sy samewerking met die DPTGV oor die monitering van vordering met hofsake in verband met plaasaanvalle, met bystand van die Hofwag-inligtingseenheid (DPTGV).

## 4.8. Voorsieningskanaalbestuur

Geen ongevraagde botte is gedurende die oorsigjaar aanvaar nie.

Die departement se Rekenpligtige Beampte-stelsel wat op 16 Januarie 2023 in werking getree het, stem ooreen met die jongste wetgewende vereistes, beleide en prosedures vir voorsieningskanaal- en batebestuur. Verdere hersiening en uitvaardiging van die voorsieningskanaal- en batebestuursdelegasies is met die datums van die Rekenpligtige Beampte-stelsel belyn.

Die begrotingsbesnoeiings gekoppel aan die onlangse omsendbrief wat die Departement van Publieke Administrasie oor die vulling van vakatures uitgereik het, het ’n impak op die kapasiteit van die afdelings in Voorsieningskanaalbestuur gehad.

## 4.9. Geskenke en donasies wat in natura van nieverwante partye ontvang is

Geskenke, donasies en borgskappe ten bedrae van R784 000 wat in natura van nieverwante partye ontvang is. Sien aantekening 2.5. in Deel F van hierdie verslag. Bylae 1G tot die finansiële jaarstate in Deel F verskaf ’n volledige uiteensetting in hierdie verband.

## 4.10. Vrystellings en afwykings wat vanaf die Nasionale Tesourie ontvang is

Geen vrystellings is gedurende die oorsigjaar van die Nasionale Tesourie ontvang nie.

## 4.11. Gebeure na die datum van verslagdoening

Geen

## 4.12. Ander

Wat OLSP betref, is R112,203 miljoen ingevolge Bylae 5 van die Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet 5 van 2022 (WVI) ná aanpassings ontvang. Die bedrag van R102,238 miljoen is aan swart bestaansboere, kleinboere en kommersiële boere vir bemagtigingsprojekte bestee – grotendeels vir infrastruktuur en interns wat in die landbou gegradueer het. ’n Bedrag van R9,965 miljoen is vir opleiding ontvang en alle fondse is bestee, meestal aan infrastruktuur, masjinerie en toerusting. Op 31 Maart 2024 was ’n bedrag van R4,357 miljoen onbestee en ’n omrol is van die Nasionale Tesourie versoek. Die onbestede fondse hou verband met twee projekte, naamlik die rehabilitasie van die wingerd (R2,0 miljoen) en die opgradering van die fasiliteite by die groente- en akkerbou-afdeling van die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut (R2,357 miljoen).

Ingevolge Bylae 5 van die WVI is R5,300 miljoen, ná aanpassings, ten opsigte van die GrondSorg-toelaeprogram ontvang. Al die fondse is teen 31 Maart 2024 aan Junior GrondSorg, verwydering van uitheemse plantegroei, bewaringslandbou en bewusmakingsprogramme bestee. Alle doelwitte is bereik of is amper bereik.

Ingevolge Bylae 5 van die WVI is R58,979 miljoen, ná aanpassings, ten opsigte van die Ilima/Letsema-toelae ontvang. Die totale bedrag is teen 31 Maart 2024 bestee. Alle doelwitte is bereik of is amper bereik.

Ingevolge Bylae 5 van die WVI is R2,182 miljoen, ná aanpassings, ten opsigte van die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) ontvang. Die totale bedrag is teen 31 Maart 2024 bestee. Alle doelwitte is bereik of is amper bereik.

’n Evalueringsverslag vir elk van die bogenoemde Bylae 5-toelaes is ingevolge die WVI aan die DLGLO en die nasionale Departement van Openbare Werke voorgelê.

Al die bogenoemde oordragte is in die primêre provinsiale bankrekening inbetaal, soos voorgeskryf. Alle kostebeperkings-maatreëls is in departementele beleide opgeneem en daadwerklik toegepas.

## 4.13. Erkenning(s) of waardering

Landbou speel ’n leidende rol in die Wes-Kaap se ekonomie en dra 11% tot die BBP van die provinsie by. Agt van die top 10 Wes-Kaapse uitvoere het ’n duidelike landbougrondslag. Die Wes-Kaap is vir 55% van Suid-Afrika se landbou-uitvoere verantwoordelik. Hierdie enorme prestasie word deur die bestaande vennootskappe, samewerking en medeleierskap in die sektor moontlik gemaak. Ek is innig dankbaar vir ons belanghebbendes se volgehoue steun terwyl ons saamwerk om landbou in die Wes-Kaap te herbedink. Ek wil my opregte dank betuig aan die Minister, dr Ivan Meyer, vir sy volgehoue

leierskap, leiding en ondersteuning. Hy het die sektor deurlopend geïnspireer met die boodskap van HOOP wat in sy vyf ministeriële prioriteite veranker is.

Die departement en sy planne is so goed soos die samewerking van die sektor. Ons belanghebbendes was konsekwent in hul strewe om ’n veerkragtige en groeiende sektor te bewerkstellig. Daar bestaan egter ’n aantal globale risiko’s, soos klimaatsverandering, bestaanskrisis, geopolitieke konfrontasie (proteksionisme), wat ’n bedreiging vir die sektor bly en bestuur moet word, veral in die lig van die sektor se uitvoeroriëntasie.

Hierdie verslag weerspieël die harde werk en toewyding van die werknemers van die Wes-Kaapse Departement van Landbou en ons sektorvennote. Die doelwitte en teikens wat in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2023/24 uiteengesit is, word nou aan ons burgers as uitsette en uitkomste voorgelê. Ons het ondanks al die uitdagings 95% van ons teikens bereik.

Hierdie jaarverslag sou nie moontlik gewees het sonder die uitsonderlike steun van my bestuurspan en die personeel van die Wes-Kaapse Departement van Landbou nie. Julle is eenvoudig die BESTE! Dankie vir julle harde werk en toewyding; julle passie vir ons burgers is ongelooflik, #ForTheLoveofAgriculture.

## 4.14. Slotsom

Hierdie verslag beeld aan die leser uit wat die departement met sy toegewese begroting bereik het, gegrond op wat in die Jaarlikse Prestasieplan vir die jaar 2023/24 uiteengesit is. Die verslag fokus nie net op wat ons bereik het nie, maar dit herinner die span aan wat verdere aandag nodig het, gelei deur die visie van die departement – ’n verenigde, responsiewe en florerende landbousektor in ewewig met die natuur. Welgedaan Landbou, julle is eenvoudig die BESTE.

## 4.15. Goedkeuring en aftekening



Dr Mogale Sebopetsa
Rekenpligtige Beampte
Departement van Landbou
Datum: 31 Mei 2024

# 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak word, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.
- Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir jaarverslae, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie.
- Die finansiële jaarstate (Deel F) is in ooreenstemming met die gemodifiseerde kontantstandaard en die betrokke raamwerke en riglyne uitgereik deur Nasionale Tesourie voorberei.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van ’n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.
- Die eksterne ouditeure word betrek om ’n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Na my mening is die jaarverslag ’n redelike weergawe van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbronne-inligting en die finansiële sake van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2024.

Die uwe



Dr Mogale Sebopetsa
Rekenpligtige Beampte
Departement van Landbou
Datum: 31 Mei 2024

# 6. STRATEGIESE OORSIG

## 6.1. Visie

'n Verenigde, responsiewe en florerende landbousektor in ewewig met die natuur

## 6.2. Missie

Ontsluiting van die volle potensiaal van landbou om die ekonomiese, ekologiese en maatskaplike welvaart van al die mense van die Wes-Kaap te bevorder deur:

- die aansporing van gesonde skakeling tussen belanghebbendes;
- die bevordering van die produksie van bekostigbare, voedsame, veilige en toeganklike voedsel-, vesel- en landbouprodukte;
- die versekering van volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne;
- die onderneming van gevorderde en relevante navorsing en tegnologiese ontwikkeling;
- die ontwikkeling, behoud en werwing van vaardighede en mensekapitaal;
- die lewering van 'n bekwame en professionele voorligtingsteundiens;
- die verbetering van marktoegang vir die hele landbousektor;
- die lewering van 'n bydrae tot die verligting van armoede en honger; en
- die versekering van deursigtige en effektiewe regeringsbestuur.

## 6.3. Waardes

| | |
|---|---|
| Omgee: | Ons gee om vir diegene wat ons bedien en mee saamwerk. |
| Bekwaamheid: | Ons sal seker maak dat ons die vermoë en bevoegdheid het om die werk te doen waarvoor ons aangestel is. |
| Verantwoordbaarheid: | Ons aanvaar verantwoordelikheid. |
| Integriteit: | Ons sal eerlik wees en die regte ding doen. |
| Innovasie: | Ons sal ontvanklik vir nuwe idees wees en op 'n vindingryke manier skeppende oplossings vir probleme vind. |
| Responsiwiteit: | Ons sal in die behoeftes van ons burgers en werknemers voorsien. |

# 7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

## 7.1. Bywerkings van die toepaslike wetgewende en beleidsmandate

Die Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDvL) ontleen sy mandaat aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika[1]. Artikel 40 van die Grondwet stel die regering op nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer saam. Dit hou ook voor dat regering op hierdie sfere onderskeidend, onderling afhanklik en onderling verbonde moet wees.

Dis belangrik om daarop te let dat artikel 41(1) die verwantskap tussen die drie sfere van regering wat geskep is, begin reguleer. Meer bepaald, dit verklaar dat alle sfere van regering:

- die welsyn van die mense van die Republiek moet verseker (afdeling 41(b)).
- die grondwetlike status, instellings, bevoegdhede en funksies van regering in die ander sfere moet eerbiedig (afdeling 41(e)).
- hulself geen bevoegdheid of funksies toe-eien behalwe dié wat ingevolge die Grondwet aan hulle opgedra is nie (artikel 41(f)).
- hul bevoegdhede uitoefen en hul funksies verrig op ’n wyse wat nie inbreuk maak op die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van regering in ’n ander sfeer nie (artikel 41(g)).

Die beginsel wat in die Grondwet vasgelê is, is dus dat daar drie regeringsfere is en dat bepaalde bevoegdhede en verantwoordelikhede aan elke sfeer toegewys word. Die een sfeer is ook nie ’n filiaal van enige ander een nie en om hierdie rede word daar in die inleiding na ’n veelvlakkige regering verwys. Artikel 41(2) van die Grondwet bepaal dat ’n Parlementswet uiteindelik ingestel moet word om hierdie verwantskap tussen die drie sfere van regering te reguleer. Die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge[2] het uit hierdie perspektief tot stand gekom. Hierdie Wet wat algemeen as die WRI-wet bekend staan, maak voorsiening vir verskeie platforms waar funksionele en koördineringskwessies tussen die verskillende regeringsfere bespreek kan word.

Artikel 104(1)(b) van die Grondwet verleen aan provinsies die bevoegdheid om wetgewing aan te neem oor enige aangeleentheid wat binne ’n funksionele gebied in Bylae 4 en 5 van die Grondwet gelys word (sien Tabel 1). In die geval van sekere aangeleenthede word wetgewende bevoegdheid aan meer as een sfeer van regering verleen: die sogenaamde konkurrente funksies.

Tabel 1: Grondwetlike toewysing van landbouverwante funksionele gebiede tussen die drie vlakke van regering

| VERWYSING | NASIONAAL | PROVINSIAAL | PLAASLIK |
|---|---|---|---|
| Bylae 4; Deel A: Konkurrente nasionale en provinsiale funksionele gebied. | Landbou | Landbou | |
| | Dierebeheer en -siektes | Dierebeheer en -siektes | |
| | Casino’s, wedrenne, dobbelary, ens. | Casino’s, wedrenne, dobbelary, ens. | |
| | Verbruikersbeskerming | Verbruikersbeskerming | |
| | Rampbestuur | Rampbestuur | |
| | Die omgewing | Die omgewing | |
| | Natuurbewaring, uitgesonder nasionale parke, ens. | Natuurbewaring, uitgesonder nasionale parke, ens. | |

1. *Wet 108 (1996) - Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Staatsdrukkery, Pretoria*
2. *Wet 13 (2005) - Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005. Staatsdrukkery, Pretoria*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bylae 4; Deel A: Konkurrente nasionale en provinsiale funksionele gebied. (vervolg) | Openbare vervoer | Openbare vervoer | |
| | Openbare werke | Openbare werke | |
| | Streekbeplanning en -ontwikkeling | Streekbeplanning en -ontwikkeling | |
| | Grondbewaring | Grondbewaring | |
| | Toerisme | Toerisme | |
| | Handel | Handel | |
| | Stedelike en landelike ontwikkeling | Stedelike en landelike ontwikkeling | |
| Bylae 4; Deel B: Nasionale en provinsiale regering reguleer munisipale implementering. | Brandbestrydingsdienste | Brandbestrydingsdienste | Brandbestrydingsdienste |
| | Plaaslike toerisme | Plaaslike toerisme | Plaaslike toerisme |
| | Munisipale beplanning | Munisipale beplanning | Munisipale beplanning |
| | Munisipale openbare vervoer | Munisipale openbare vervoer | Munisipale openbare vervoer |
| | Handelsregulasies | Handelsregulasies | Handelsregulasies |
| | Drinkwaterstelsels | Drinkwaterstelsels | Drinkwaterstelsels |
| Bylae 5; Deel A: Eksklusiewe provinsiale bevoegdheid. | | Slagpale | |
| | | Dranklisensies | |
| | | Provinsiale beplanning | |
| | | Provinsiale paaie en verkeer | |
| | | Veeartsenykundige dienste | |
| Bylae 5; Deel B: Provinsie reguleer en monitor munisipale implementering | | Omheinings en heinings | Omheinings en heinings |
| | | Beheer oor drankverkope | Beheer oor drankverkope |
| | | Lisensiëring en beheer oor plekke wat kos aan die publiek verkoop | Lisensiëring en beheer oor plekke wat kos aan die publiek verkoop |
| | | Markte | Markte |
| | | Munisipale slagpale | Munisipale slagpale |
| | | Straathandel | Straathandel |

*Bron: Grondwet van Suid-Afrika*[3]

Dis uit hierdie tabel duidelik dat die Grondwet van ons land baie bepaald die mandaat vir spesifieke ekonomiese funksies aan provinsies toewys. Sonder om die belangrikheid van die ander gelyste aangeleenthede te verontagsaam, kan daar spesifiek verwys word na die konkurrente funksies van landbou, streekbeplanning en stedelike en landelike ontwikkeling. Om een of ander rede is slagpale en veeartsenykundige dienste eksklusiewe provinsiale bevoegdhede, wat tot 'n paar interessante verwikkelinge rondom internasionale handel in diere en diereprodukte aanleiding gee. Die invoerland vereis gewoonlik 'n sertifikaat van 'n staatsveearts af voordat diere of diereprodukte in die land toegelaat word. Alhoewel die regulering van internasionale handel en standaarde gewoonlik as die voorreg van die nasionale regeringsfeer beskou word, beteken hierdie bepaling in die Grondwet dat veeartsenykundige uitvoersertifikate deur die provinsiale regeringsfeer in Suid-Afrika uitgereik word.

3. *Wet 108 (1996) - Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Staatsdrukkery, Pretoria*

Wat ook belangrik is, is die feit dat provinsiale beplanning volgens die Grondwet 'n eksklusiewe provinsiale funksie is. Gevolglik dra die Grondwet die verantwoordelikheid aan provinsies oor om hierdie oorwegend ekonomiese funksies uit te voer op 'n manier wat tot voordeel van die burgers van die provinsie en die land sal wees. Dit kan nie in 'n beleidsleemte gedoen word nie.

Alhoewel die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika spesifieke bepalings oor die verdeling van verantwoordelikhede tussen verskeie regeringsvlakke maak, laat die Grondwet steeds baie ruimte vir interpretasie. Byvoorbeeld, hoe moet "Landbou", 'n "funksionele gebied van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid", ondersteun word? Om hierdie rede is die (destydse) Staatsdienskommissie in 1994 getaak om 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die landbouverantwoordelikhede tussen die provinsiale en nasionale sfere van regering te verskaf. Hulle aanbevelings word in Tabel 2 aangedui.

Tabel 2: Verdeling van landboufunksies tussen die nasionale en provinsiale sfere van bevoegdheid

| NASIONAAL | PROVINSIAAL |
|---|---|
| Bepaling van norme en standaarde.<br>· *Plantverbetering.*<br>· *Veeverbetering.*<br>· *Onderverdeling van landbougrond.*<br>· *Bewaring van landbouhulpbronne.*<br>· *Aanwending van landbouhulpbronne.*<br>· *Landboukrediet en finansiële hulp.*<br><br>Regulering van:<br>· *Dieregesondheid.*<br>· *Plantgesondheid.*<br>· *Landboubemarking.*<br>· *Bestryding van landbouplae.*<br>· *Koöperasies.*<br>· *Gehalte van plant- en dierematериaal en -produkte.*<br>· *Veeartsenykundige openbare gesondheid.*<br>· *Veehandelsmerke.*<br><br>Bepaling van makro-landboubeleid<br>Beheer oor:<br>· *Die invoer en uitvoer van diere, landboumateriaal en produkte.*<br>· *Landbou- en veemiddels, veevoere en kunsmis.*<br><br>Lewering van:<br>· *Gespesialiseerde diagnostiese en navorsingsdienste ten opsigte van dieresiektes.*<br>· *Landbou-statistiese Dienste*<br>· *Finansiële hulpverlening tydens nasionale rampsituasies.*<br><br>Handhawing van internasionale landbouverhoudinge.<br>Bevordering van landbounavorsing, -tegnologie-ontwikkeling en -oordrag.<br>Produksie van entstowwe en ander dieregesondheidsprodukte. | Lewering van steun aan boere en landbou-gemeenskappe ten opsigte van:<br>· *Voorligtingsdienste.*<br>· *Opleiding.*<br>· *Finansiering.*<br>· *Huishoudelike voedselsekerheid.*<br>· *Ramphulpverlening.*<br>· *Landbou-ekonomie.*<br>· *Landbou-ingenieurstegnologie.*<br>· *Bemarkingsinfrastruktuur.*<br>· *Besproeiing.*<br>· *Waterstelsels vir vee.*<br><br>Bevordering van:<br>· *Bewaring van landbouhulpbronne.*<br>· *Volhoubare benutting van landbouhulpbronne.*<br>· *Landboutegnologie-ontwikkeling, -aanpassing en -oordrag.*<br>· *Verbetering van vee, plante en verwante produkte.*<br><br>Lewering van:<br>· *Landboubemarking.*<br>· *Dieregesondheidsdienste.*<br>· *Veeartsenykundige openbare gesondheidsdienste.*<br>· *Plantgesondheidsdienste.*<br>· *Landbou-statistiese Dienste*<br>· *Veeartsenykundige laboratoriumdienste.*<br><br>Bepaling van landbou-ekonomiese beleid.<br>Administrasie van aangeleenthede wat met staatslandbougrond verband hou.<br>Bestryding van landbouplae.<br>Regulering van slagpale en onderverdeling van landbougrond.<br>Registrasie van veehandelsmerke. |

*Bron: PSC (1994)*

Geen oorsig van die Grondwetlike mandaat van die departement kan volledig wees sonder om te verwys na die Handves van Regte (Hoofstuk 2) en die verantwoordelikheid wat dit aan amptenare oordra nie. Die tersaaklikste vir die departement is regte soos billike arbeidsbetrekkinge (werkgewers en werknemers) (artikel 23), beskermde omgewing (artikel 24), eiendomsbesit (artikel 25), voedsel en water (artikel 27) en regverdige administratiewe optrede (artikel 33).

Laastens rig die Grondwet van die Wes-Kaap, Wet 1 van 1998, ook die beleide, strategieë en aktiwiteite van die departement.

## 7.2. Wetgewende en beleidsmandate

### Nasionale wetgewing:

- Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, Wet 52 van 2000
- Wet op Landbouprodukstandaarde, Wet 119 van 1990
- Wet op Landbouprodukte-agente, Wet 12 van 1992
- Wet op Dieresiektes, Wet 35 van 1984
- Wet op Diere-identifisering, Wet 6 van 2002
- Wet op Dierebeskerming, Wet 71 van 1962
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997
- Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, Wet 53 van 2003
- Maatskappyewet, Wet 71 van 2008
- Wet op die Vergoeding vir Beroepsiektes en -beserings, Wet 130 van 1993
- Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1983
- Wet op Verbruikersbeskerming, Wet 68 van 2008
- Koöperasiewet, Wet 14 van 2005
- Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002
- Wet op Diensbillikheid, Wet 55 van 1998
- Wet op die Indiensneming van Opvoeders, Wet 76 van 1998
- Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, Wet 62 van 1997
- Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, Wet 36 van 1947
- Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, Wet 54 van 1972
- Wet op Verdere Onderwys, Wet 16 van 2006 Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, Wet 58 van 2001
- Wet op die Geomatikaprofessie, 2013, Wet 19 van 2013
- Wet op Staatsamptenaarpensioenfonds, 1996 (Proklamasie 21 van 1996)
- Wet op die Bestuur van die Staat se Onroerende Bates, Wet 19 van 2007
- Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997
- Wet op Inkomstebelasting, Wet 58 van 1962
- Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995
- Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), Wet 3 van 1996
- Wet op Drankprodukte, Wet 60 van 1989
- Wet op Bemarking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996
- Wet op die Veiligheid van Vleis, Wet 40 van 2000
- Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, Wet 101 van 1965
- Wet op Handelsmerke, Wet 17 van 1941
- Wet op Nasionale Argiewe, Wet 43 van 1996
- Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval, Wet 56 van 2008
- Wet op Natuurwetenskaplike Professies, Wet 27 van 2003
- Nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998

- Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, Wet 67 van 2008
- Wet op Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging, Wet 87 van 1993
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Wet 85 van 1993
- Wysigingswet op Beskerming van Gedresseerde Diere, Wet 24 van 1935
- Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, Wet 5 van 2000
- Wet op Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond, Wet 19 van 1998
- Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000
- Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000
- Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013
- Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie, Wet 11 van 2014
- Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999
- Wet op Openbare Vakansiedae, Wet 36 van 1994
- Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling, Wet 97 van 1998
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling, Wet 26 van 2011
- Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings, Wet 9 van 1999
- Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasies, Wet 58 van 1995
- Wet op Ruimtelike Data-infrastruktuur, Wet 54 van 2003
- Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, Wet 16 van 2013
- Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970
- Wet op Handelsmerke, Wet 194 van 1993
- Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe, Wet 19 van 1982
- Afval, Wet 59 van 2008
- Waterwet, Wet 36 van 1998
- Wet op Waterdienste, Wet 108 van 1997

## Provinsiale wetgewing:

- Wes-Kaapse Begrotingswet (jaarliks)
- Wes-Kaapse Wet op Regstreekse Koste, Wet 6 van 2000
- Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, Wet 3 van 2014

## Internasionale beleidsmandate

- Afrika-unie Agenda 2063
- Internasionale Arbeidsorganisasie: Geneva-konvensie, Junie 2019, rakende ‘die uitwissing van geweld en teistering in die wêreld van werk’
- Internasionale Sanitêre en Fitosanitêre Kode van die Wêreldhandelsorganisasie
- Die Omvattende Afrika-Landbouontwikkelingsprogram (OALOP)
- SAOG Industrialisasiestrategie en -padkaart: 2015 - 2063
- Volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (VOD’e)
- OEI Handboek oor diagnostiese toetse
- Inentings vir landdiere

## Nasionale beleidsmandate


- Landbou-beleidaksieplan (LBAP)
- Dierewelsynstrategie van DLVB (2014)
- Kommersialiseringsprogram vir Swart Produsente (KPSP)
- Omvattende Landbousteunprogram (OLSP)
- Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (OLOP)

- Beleid oor Omvattende Produsentontwikkelingsteun
- Verpligte gemeenskapsdiens vir veeartse
- Gehalteraad vir Ambagte en Beroepe (GRAB)
- DLGLO: Raamwerk vir Landelike Ontwikkeling (2013)
- Voorligtingvernuwingsprogram (VVP)
- Beleid oor Voorligting- en Adviesdienste
- Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP)
- Die Nasionale Beleid oor Voedsel- en Voedingsekerheid vir die Republiek van Suid-Afrika
- Fetsa Tlala-program
- Raamwerk vir Verdere Onderwys en Opleiding
- Wildregulasies
- Regeringsbestuur- en Finansieringsraamwerk vir LOI's van Suid-Afrika
- Program vir plasing van gegradueerdes
- Beleidsraamwerk vir hoër onderwys
- Die kwalifikasieraamwerk vir hoër onderwys
- Ilima/Letsema-program
- Onafhanklike vleisinspeksie
- Nywerheidsbeleidaksieplan (NBAP)
- Geïntegreerde Voedselsekerheid- en Voedingsprogram
- Geïntegreerde Voedselsekerheidstrategie van Suid-Afrika
- Geïntegreerde Groei- en Ontwikkelingsplan (GGOP)
- Mediumtermyn- strategiese raamwerk
- Nasionale Abbattoirgraderingskema
- Nasionale Landbounavorsing- en -ontwikkelingstrategie
- Nasionale Artikulasieraamwerk vir Landbouopleidingsprogramme
- Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (NOP)
- Nasionale Onderwys- en Opleidingstrategie vir Landbou, Bosbou en Visserye (2015)
- Nasionale Infrastruktuurplan (NIP)
- Nasionale Mentorskapraamwerk vir die Landbousektor
- Nasionale Program van Aksie met sy 14 nasionale doelwitte (ND'e)
- Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)
- Nasionale Vaardigheidontwikkelingsplan 2030
- Nasionale Vaardigheidontwikkelingsbeleid
- Nasionale Strategiese Plan vir MIV en Vigs
- Norme en Standaarde vir Landbouvoorligting
- Norme en Standaarde vir Landbouopleidingsinstitute van Suid-Afrika
- Norme en Standaarde vir Opvoeders
- Beroepskwalifikasieraamwerk (BKR)
- DLBV se beleid oor primêre dieregesondheidsorg
- Proaktiewe Grondverkrygingstrategie (PGVS)
- Gehalteraad vir Ambagte en Beroepe
- Vernuwing van die Landbou- en Agriverwerking-waardeketting (VLAVW)
- Implementeringstrategie vir nedersettings
- Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO)
- Strategiese Infrastruktuurprojekte (SIP'e) wat uit die NOP voortvloei
- Veeartsenykundige Prosedurekennisgewings (VPK's)

## Provinsiale beleidsmandate

- OneCape 2040 Provinsiale Strategie vir Ruimtelike Ontwikkeling
- Provinsiale Leweringsplan (PLP)
- Provinsiale Strategiese Plan (PSP)
- Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne van plaaslike regering
- Prioriteite wat tydens die jaarlikse Gesamentlike Beplanningsinisiatief (GBI) met munisipaliteite geïdentifiseer is
- Prioriteite wat gedurende die jaarlikse Strategiese Geïntegreerde Munisipale Gesprekvoering (SGMG) geïdentifiseer is
- Provinsiale Strategie vir Ruimtelike Ontwikkeling
- Wes-Kaapse Landbousektor se Raamwerk en Implementeringsplan vir Klimaatsverandering (SmartAgri) (2016)
- Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Groen Ekonomie
- Wes-Kaapse Strategie vir Reaksie op Klimaatsverandering (2014)
- Wes-Kaapse reaksie op die Landboubeleid-aksieplan (WKLA)

# 8 ORGANISATORIESE STRUKTUUR



# 9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER RAPPORTEER

| Naam van entiteit | Wetgewende mandaat | Finansiële verhouding | Aard van bedrywighede |
|---|---|---|---|
| Casidra MSB Bpk. | Maatskappyewet, Wet 71 van 2008 | 100% aandeelhouding | • Armoedeverligting deur middel van ekonomiese groei;<br>• Ontwikkeling van menslike hulpbronne deur middel van opleiding en bemagtiging;<br>• Finansiële onafhanklikheid d.m.v. herstrukturering; en<br>• Doeltreffende sakebestuur. |

Die totale aandeelhouding in Casidra MSB Bpk. (Casidra) is in die besit van die Wes-Kaapse Regering onder die toesig van die Provinsiale Minister van Landbou.

Casidra is as ’n maatskappy in staatsbesit ingevolge die Maatskappywet, Wet 61 van 1973, nou Wet 71 van 2008, gestruktureer en is gemandateer ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 met ’n unitêre direksie. Die organisasiestruktuur bestaan uit ’n Hoof-Programbeampte wat vir bedryfsaktiwiteite verantwoordelik is, en ’n Hoof-Finansiële Beampte wat vir finansies en administrasie verantwoordelik is; albei rapporteer direk aan die Hoof- Uitvoerende Beampte as Uitvoerende Hoof.

Casidra is ’n skedule 3D-entiteit (Provinsiale Regering-sakeonderneming) kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999. Hierdie status asook hul huidige struktuur en finansiële lewensvatbaarheid is geassesseer.

Die mandaat van hierdie instelling is om landbou- en ekonomiese ontwikkeling te onderneem binne die konteks van landelike ontwikkeling en grondhervorming kragtens Resolusie 271/2007 wat deur die Kabinet goedgekeur is.

Casidra se missie is om landbou- en ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede in landelike gemeenskappe te maksimeer d.m.v. uitnemendheid in projekbestuur.

# DEEL B | PRESTASIE-INLIGTING

# 1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Verwys na bladsy 214 vir die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel F: Finansiële inligting gepubliseer word.

# 2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

## 2.1 Diensleweringsomgewing

Die internskapprogram het 213 deelnemers bevoordeel, insluitend 152 gegradueerde interns wat op ’n tweejaar-internskapkontrak aangestel is, en 13 student-interns wat werkplekgeïntegreerde leergeleenthede gekry het om die vereiste praktiese blootstelling te voltooi om hul kwalifikasies te verwerf. Die matriek-internskapprogram vir eerste werkservaring en praktiese opleiding en ontwikkeling is gebied aan 48 interns wat hoofsaaklik op plase in landelike gebiede gewerk het. Hierdie programme het bygedra het tot indiensneming oor die kort termyn, inkomstes en vaardigheidsoordrag en - ontwikkeling. Die internskapprogram het gelei tot 12 interns wat in permanente poste by hul onderskeie gasheerwerkgewers aangestel is. Vennootskappe met gasheerwerkgewers deur middel van Memorandums van Verstandhouding (MvV) behels 152 gasheerwerkgewers wat regoor die provinsie geleë is.

Die Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuursprogram (VHB) het steundienste gelewer om die volhoubare benutting van natuurlike landbouhulpbronne te bevorder en om die omgewing te bewaar, binne die konteks van klimaatsverandering. Die FruitLook bykans-intydse webtoepassing voorsien besproeiingsboere van bygewerkte inligting oor die werklike watergebruik van hul gewasse en verskaf die data aan alle vrugteboorde/wingerde wat deur die satellietbeeld gedek is. Die FruitLook-projek dek al die groot besproeiingsgebiede van die Wes-Kaap en loop jaarliks van 1 Augustus tot 31 Julie van die volgende jaar.

VHB het deur middel van sy subprogram Landbou-ingenieursdienste steunaktiwiteite verskaf om omgewings- en ekonomies volhoubare boerderypraktyke te verbeter, om besoedeling deur landbou-aktiwiteite te voorkom en om besproeiingsboere se doeltreffende watergebruik te bevorder. Droëlandgraan- en rooibosteeboere, asook kleinboere, is van ’n meganisasie-steundiens voorsien. Altesaam 276 steunaktiwiteite vir landbou-ingenieurswese (ondersoekverslae, ontwerpe en voltooiingsertifikate) is aan ons kliënte en boere gelewer.

Die Laer Olifantsrivier Watergebruikersvereniging (LORWGV) is met R6 995 000 gesteun vir die konstruksie van voorkomende instandhouding op 3,3 km van die verouderde betonkanaalvoeringstelsel. Die kanaal is die enigste grootmaatwatervervoerstelsel in die Matzikama- munisipale streek wat grootmaatwater aan die landbou, 11 dorpe en nagenoeg 840 plase met 12 000 ha onder besproeiing verskaf.

Die GrondSorg-subprogram het ten doel om die volhoubaarheid van grond- en waterbestuur in sowel landelike as stedelike gebiede te herstel om gesonde en funksionerende agro-ekosisteme te skep. Dit behels die geïntegreerde en volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne, waar die hoofoorsake van die agteruitgang van natuurlike hulpbronne erken en behandel word. GrondSorg is gemeenskapsgebaseer en gemeenskapsgelei en is gerig op volhoubare lewensbestaan deur middel van kapasiteitsbou en verwante strategieë.

Die GrondSorg-subprogram het 1 119 tegniese dienste aan boere in die provinsie gelewer kragtens die regulasies van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1983. Hierdie dienste behels onder meer plaasbeplanning, opname van werke, beplanning en ontwerp van beskerming, dreinering- en veldbenuttingswerke, netwerkvorming, fasilitering en integrering met ander departemente, wetgewing, projekbestuur en die instelling van VHB-komitees om die natuurlike hulpbronne in elke distrik te bestuur.

GrondSorg-projekte is geïmplementeer om die volhoubare gebruik en bestuur van natuurlike landbouhulpbronne te bevorder deur betrokkenheid by gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe wat volhoubaarheid (maatskaplik, ekonomies en die omgewing) steun en tot ’n toename in produktiwiteit, voedselsekerheid, werkskepping en beter welstand vir almal lei. Hierdie projekte fokus op die temas van GrondSorg, naamlik GrondSorg, WaterSorg, VeldSorg en Junior GrondSorg, en bereik kliënte regoor die provinsie met projekte wat die volhoubare benutting van hulpbronne bevorder. GrondSorg het vanjaar 35 projekte in landelike gebiede voltooi; dit het onder meer 1 417 werkgeleenthede vir die sektor geskep en 31 471 ha landbougrond rehabiliteer.

Sewe gebiedswye beplanningsprojekte is geïnisieer met die doel om die funksionering van die landbou-ekosisteem te handhaaf en te verbeter deur middel van ’n benadering van natuurlike hulpbronbestuur wat plaaslikgedrewe inisiatiewe integreer. Hierdie projekte is geïntegreerde, gemeenskapsgebaseerde, natuurlike hulpbronbestuursprojekte wat diensverskaffers integreer om ’n gebied proaktief saam met die gemeenskap te beplan en ’n gewenste en volhoubare toekomsplan van daardie gebied op te stel.

Wat ruimtelike beplanning en grondgebruikaansoeke betref, het samewerkende regeringsbestuur tussen provinsiale en plaaslike owerhede met die WKDvL en DLGLO vrugte afgewerp, aangesien insette op bestuurskomitees goed gefunksioneer het. Die Grondgebruikbestuur-subprogram het kommentaar gelewer op 684 aansoeke om die onderverdeling en hersonering van landbougrond.

Die PLRRA is ’n voortdurend ontwikkelende proses wat die impakte van klimaatsverandering versag en met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (VOD’e) ooreenstem.

Rampe neem toe en het ’n beduidende impak op natuurlike hulpbronne en landbou-aktiwiteit. Indien hierdie sosio-ekologiese kwessies nie voldoende aandag geniet nie, het die toename van natuurrampe, plae en siektes die potensiaal om die produktiwiteit en veerkragtigheid van die landbousektor te ondermyn. Die subprogram het vier bewusmakingsveldtogte onderneem wat veral op risikovermindering en -versagting gefokus het. Twee opnames is oor die opname van vroeë waarskuwingsinligting uitgevoer. Die subprogram het voortgegaan met rampversagtingsprojekte, en was betrokke by die assessering van rampe en steun na afloop van rampe, veral met betrekking tot die oorstromings wat die provinsie vroeg in die jaar ervaar het.

Uiterste klimaatstoestande soos droogte, ’n toename in dieresiektes, oorstromings, wind, hael, brand en onvoorspelbare weerstoestande het ’n invloed op landbouproduksie. Droogtetoestande plaas groot beperkings op boere in dele van die Sentraal-Karoo-, Kleinkaroo- en noordwestelike streke van die provinsie. Ten spyte van al hierdie uitdagings is uitsette steeds in hierdie boekjaar behaal.

Die subprogram Produsentesteundienste het die volgende uitsette gelewer: 13 produsente in die rooivleiskommoditeit, twee produsente in die graankommoditeit, en 19 swart kommersiële boere is gedurende die verslagtydperk gesteun. Die subprogram het as gevolg van toenemende ondersteuning deur die kommoditeitsvennote die meeste van sy teikens oorskry.

Die Voorligtings- en Adviesdienste-subprogram (VAD) het die volgende uitsette gelewer: 26 boeredae is gehou, 4 393 produsente is met advies op die plaas gesteun en 62 landboubesighede se vaardigheidsoudit is voltooi. Die subprogram het sy teikens met betrekking tot terreinbesoeke, boeredae en mentorskap aan boere oorskry op grond van versoeke wat van boere ontvang is.

Die Voedselsekerheid-subprogram het voortgegaan om sleutelingrypings uit te voer om kleinboere en bestaansboere te steun (insluitend huishoudings, gemeenskappe en skole se voedseltuinprojekte). Die volgende uitsette is gedurende die verslagtydperk gelewer: 3 930 huishoudings gesteun met vestiging van voedseltuine; 41 kleinboere/produsente gesteun met produksie-insette, -toerusting en -infrastruktuur; 142 bestaansboere (projekte vir gemeenskapsvoedseltuine) en 24 voedseltuine by skole gesteun. Die subprogram het ses aktiwiteite oor bewusmaking en bevordering van voedseltuine gehou, insluitend Wêreldvoedseldag 2023.

Die departement het ook voortgegaan om leiding te bied ten opsigte van samewerking oor en implementering van die Nourish to Flourish-mobiliseringstrategie om ’n meer stelselgebaseerde, multidissiplinêre en onder-na-bo-benadering tot die hantering van uitdagings oor voedselsekerheid toe te pas.

Dieregesondheid het mandate en funksies wat oor die drie regeringsfere strek (nasionaal, provinsiaal en plaaslik). Hierdie wetgewende mandate is ontleen aan die Wet op Dieresiektes, Wet 35 van 1984 en skedule 4 en 5 van die Grondwet. Die subprogram bevorder dieregesondheid deur dienste soos toesighouding en monitering, inentings van troeteldiere en vee, interaksie met belanghebbendes, en boere-opleiding en -bewusmaking om die impak van dieresiektes te voorkom of te verminder. Tydens die uitbreking van siektes word boerdery- en handelsaktiwiteite ontwrig, landelike lewensbestaan word in gedrang gebring en voedselsekerheid word bedreig. Die vraag na primêre gesondheidsorg en basiese kliniese dienste vir diere wat deur gemeenskappe benodig word, het as gevolg van ’n toename in gemeenskaplike boerdery-aktiwiteite toegeneem. Dit gaan gepaard met ’n direk proporsionele toename in die verkryging van biologiese middels, soos entstowwe en verwante verbruiksgoedere, en ’n behoefte aan voorraadbestuur.

Ingevolge die Wet op Vleisveiligheid, Wet 40 van 2000, het die program Veeartsenykundige Dienste ’n mandaat om toe te sien dat alle slagpale wat vleis in die Wes-Kaap produseer, wettig geregistreer is en veilige vleis vir menslike gebruik produseer. As sodanig het die span van Veterinêre Openbare Gesondheid deurlopende monitering by alle slagpale in die provinsie uitgevoer om veilige vleisproduksie te verseker. Geen uitbrekings van voedselvergiftiging wat verband hou met vars vleis van slagpale af is gedurende die boekjaar aangemeld nie en geen menslike siekte of sterftes het voorgekom nie. Die getal werknemers in die subprogram Veeartsenykundige Openbare Gesondheid is weens hulpbronbeperkings nie meer voldoende om gereelde monitering van alle slagpale in die Wes-Kaap te verseker nie. Ten spyte van hierdie beperkings het die beamptes van Veeartsenykundige Openbare Gesondheid hul uiterste bes gedoen om toe te sien dat die doelwitte van die Wet op Vleisveiligheid en die regulasies gedurende die verslagtydperk nagekom word. Gegewe die agteruitgang van die ekonomiese situasie in die land, is eienaars van slagpale onder finansiële druk en meer geneig om noodsaaklike higiënemaatreëls te verontagsaam om geld te bespaar. Dit skep ’n verhoogde risiko vir voedselveiligheid. Verder vereis dit meer intensiewe monitering, wetlike ingrypings en opvolgwerk deur die span van Veeartsenykundige Openbare Gesondheid. Deurlopende beurtkrag het ’n bykomende finansiële las op slagpale-eienaars in die Wes-Kaap geplaas wat op duur alternatiewe maatreëls aangewese was om karkasse en vleis te verkoel, een van die noodsaaklike voorvereistes om veilige vleis te produseer. Dit skep ’n verdere risiko vir voedselveiligheid en moet voortdurend gemonitor word. Die subprogram Veeartsenykundige Openbare Gesondheid sal voortgaan om sy mandaat ingevolge die Wet op Vleisveiligheid, Wet 40 van 2000 uit te voer om slagpale in die Wes-Kaap te monitor en die nodige wetlike ingrypings te doen om te verseker dat alle vleis wat in die provinsie geproduseer word, veilig is vir menslike gebruik en vir uitvoer.

Die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium (PVL) was gedurende hierdie tydperk gesluit vir opknapping en opgraderings, en personeel is in ander afdelings in Program 4 en ander programme van die departement benut. Alle relevante en kritiese toetsing is aan privaat laboratoriums uitgekontrakteer en kliënte is met gereelde kommunikasie op hoogte gehou van vordering om te verseker dat die mandaat van die laboratorium steeds uitgevoer word. Die fasiliteit het op 1 April 2024 heropen en die amptelike bekendstelling van die opgegradeerde 51 jaar oue fasiliteit is op 6 Mei 2024 gehou.

Die departement se mandaat ten opsigte van navorsing- en tegnologie-ontwikkeling wat deur die NTOD-program uitgevoer word en op kliënt-gesentreerde uitdagings fokus, is deur ’n toegewyde en goed opgeleide span spesialis- en senior wetenskaplikes, wetenskaplike tegnici en die steunspan vir navorsingsinfrastruktuur op die sewe navorsingsplase gelewer.

Die diensleweringsagenda was in ooreenstemming met kliënte se versoeke om tegniese advies en steun regoor die waardeketting. Dit het duidelik geblyk in die volgehoue vraag na en gebruik van aanlyn ruimtelike besluitnemings-instrumente, inligting oor nuwe tegnologie en die behoefte aan inligting oor klimaatslim landbou en slim hulpbrongebruik.
Die hoofdienste van die NTOD-program word hieronder gelys:

- Die uitvoering van leidende navorsing en die verskaffing van tegnologie-ontwikkelingsteun aan kommersiële boere en kleinboere, asook ander belanghebbendes. Die kliëntgefokusde en probleemgedrewe navorsing- en

tegnologie-ontwikkelingsportefeulje is in die direktorate van Dierewetenskappe, Plantwetenskappe en Navorsingsteundienste uitgevoer. Die navorsingsagenda stem ooreen met die onderskeie kommoditeite se behoeftes op grond van gesprekvoering by verskeie forums en inligtingsessies. Die jaar het met 70 projekte begin en 12 nuwe projekte is goedgekeur. Dit bring die totale getal projekte teen die einde van 2023/24 op 82 te staan. Dienste het ook ruimtelike ontleding (GIS), risikobestuur en potensiële bestuursondersteuning ingesluit. Die ontledingsdiens vir grond-, water- en plantmonsters is weens die opknapping van die navorsingslaboratoriums gestaak en daar word verwag dat die laboratoriums teen middel 2024 ten volle in bedryf sal wees. Klimaatsverandering het ’n deurlopende fokus op hulpbron- en klimaatslim landbouproduksie geverg en strategiese leierskap is in hierdie verband verskaf. Navorsingsuitsette bly deurslaggewend om te verseker dat produsente en agriwerkers veerkragtig ten opsigte van klimaatsverandering is. Om landbouprodusente (kommersieel en kleinboere) in staat te stel om hul produksie te verhoog, is laer insetkoste en hoër opbrengs (produksie) van kritieke belang. In hierdie verband het GIS-wetenskaplikes uitstekend gevaar om nuwe hulpmiddels vir besluitneming deur boere te ontwikkel, en diere- en plantwetenskaplikes het nou met kommoditeitsorganisasies saamgewerk om nuwe tegnologieë en klimaatslim produksiepraktyke te ontwikkel.

- Die verspreiding en kommunikasie van toepaslike nuwe en aangepaste tegnologie- en wetenskaplike inligting het in die normale formaat van gebruikersvriendelike inligtingspakkette, radiopraatjies en gewilde publikasies plaasgevind. Teikengroep-gefokusde inligtingsdae en uitstallings, en ‘loop-en-praat-sessies’ op plase het voortgegaan en is goed bygewoon.
- Die portefeulje van tegnologie-oordrag het gewissel van radiopraatjies (37), aanbiedings by boere- en ander inligtingsessies (139), organisering van geleenthede vir tegnologie-oordrag (14), gewilde publikasies (96), inligtingspakkette (22) tot die hoogs wetenskaplike vorme van tegnologie-oordrag, insluitend referate en plakkate by konferensies (53) en wetenskaplike referate (33). Die behoefte aan aanlyn hulpmiddels (verwys na die gewilde CapeFarmMapper (CFM) Version 3, weerportaal en Sentinel-portaal), webtoepassings (drie webportale word onderhou) en opgedateerde webwerf-inligting het steeds toegeneem. Produsente en belanghebbendes het meer aanlyn produkte gebruik om hul besluite in te lig en hul onderskeie funksies uit te voer. Daar was ook ’n toename in die vraag na advies oor tegnologie-ontwikkeling en nuwe hulpmiddels soos hommeltuie en sensors.
- Die verskaffing van navorsing- en infrastruktuursteundienste aan die twee navorsingsdirektorate, ander departementele programme en eksterne navorsingsinstansies en kliënte op sewe navorsingsplase. Die plase is in stand gehou en strategies opgegradeer om die navorsingspogings ten volle te ondersteun. Veertien tegniese komiteevergaderings is gehou om navorsingspogings en nodige infrastruktuur te koördineer. Die volhoubaarheid van die plase het ook opnuut aandag gekry en verskeie maatreëls is in hierdie verband ingestel. Die toename in diefstal op navorsingsplase is ’n groot bron van kommer en ’n aansienlike bedrag moes bestee word aan die vervanging van items, die herstel van toerusting en veiligheidsmaatreëls.

Ongeag die prysenswaardige werk van die regering om uitvoermarkte oop te stel, hulpverlening om die verspreiding van dieresiektes te beheer, en die ondersteuning van kleinboere, word Suid-Afrika se landbousektor steeds aan deurlopende krisisse blootgestel. Dit het die sektor se volle groeipotensiaal beperk. Die grootste uitdaging gedurende 2023 was beurtkrag en die uitwerking daarvan op landbouproduksie. Daar was ook wydverspreide dieresiektes soos bek-en-klouseer, voëlgriep en Afrika-varkpes, en krisisse by hawens en met spoorlyne en paaie. Dit beteken dat baie regeringsprogramme wat daarop gemik is om die sektor se langtermyngroei te bevorder, langs die kantlyn staan terwyl regeringsamptenare en die privaat sektor hul aandag aan die huidige kwessies skenk. Die LED-program lewer hieroor verskeie uitsette, soos verslae om kliënte en beleidmakers te help om ingeligte besluite te neem. Voedselinflasie het in Maart 2024 verder tot 4,9% gedaal. Onsekere klimaatstoestande, asook geopolitieke spanning (die Rusland-Oekraïne-konflik en die Israel-Palestina-konflik) en die energiekrisisse wat na verwagting ’n bedreiging inhou, kan egter die vordering wat gemaak is in gevaar stel. Wisselende inflasie gedurende die jaar het beteken dat die program ongeveer 196 van sy ondernemingsbegrotings moes bywerk. Die

program het verskeie platforms gebruik om die bemarking van landbou- en agriverwerkingsprodukte te bevorder. Tien aktiwiteite is gevolglik gesteun om die Wes-Kaapse landbou- en agribesigheidsektor te bevorder.

Die ekonomiese en beleidsonsekerheid in Suid-Afrika is ’n voortdurende uitdaging, veral die uitwerking op direkte buitelandse investering. Dit het ernstige gevolge vir die bedrywighede van die agri-investeringseenheid vir investeringsbevordering en -fasilitering ingehou. Internasionale privaat standaarde plaas voortdurend druk op maatskappye om aan voedselveiligheid-, maatskaplike en omgewingstandaarde te voldoen. Sowel die Vereniging vir Etiese Handel in Wyn en Landbouprodukte (WIETA) as die Volhoubaarheidsinisiatief van Suid-Afrika (SIZA) was van kardinale belang vir die handhawing en verbetering van marktoegang vir die Wes-Kaapse landbousektor. SIZA het byvoorbeeld robuuste verhoudings met kleinhandelaars en kopers in die buiteland gebou, wat noodsaaklik is om wydverspreide erkenning en toegang te verseker tot meer as 340 wêreldmarkte wat sedert 2018 met 51% gegroei het. WIETA word deur die Sustainable Wine Round Table wêreldwyd as een van die top wyn sosiale standaarde erken. 76% van alle wyndruiftonnemaat in Suid-Afrika is tans as WIETA-eties gesertifiseer.

Die Landbou-onderwys- en -opleidingsprogram het tersiêre landbou-opleiding op NKR-vlak 6 en 7 en formele en nieformele opleiding op NKR-vlak 1 tot 4 deur middel van sy subprogramme vir Hoër Onderwys en Opleiding en Landbou-vaardigheidsontwikkeling gelewer.

Die subprogram vir Hoër Onderwys en Opleiding het 128 gegradueerdes met onderskeidelik ’n B.Agric.-graad, die 3-jarige Diploma in Landbou en die Sertifikaat in Perdemeesterskap en Voorlopige Perdry-opleiding gelewer.

Altesaam 59 leerderskapstudente het in Desember 2023 gegradueer, waarvan 27 as deel van die vorderingsproses by die opleidingsprogramme in hoër onderwys geïntegreer is.

Vir die 2024- akademiese jaar het 557 studente vir die HOO-kwalifikasies geregistreer en 55 leerders het vir die Nasionale Sertifikaat: Diereproduksie of die Nasionale Sertifikaat: Plantproduksie geregistreer, waarvan onderskeidelik 72% en 89% uit die aangewese groepe was. Die program het 133 beurse aan studente uit die hulpbronbehoeftige groep verskaf, met die fokus op diegene in die geselekteerde kategorie.

Studente se blootstelling aan ’n regte werkplekomgewing is gehandhaaf met studente wat suksesvol aan plase regoor die provinsie toegewys is, insluitend die verskillende produksieafdelings by LOO.

Kort kursusse in vaardigheidsontwikkeling is aan 3 465 deelnemers in die provinsie aangebied. ’n Groot persentasie van hierdie deelnemers is aan die OLSP gekoppel, wat dus samewerking met die Landbouprodusentesteun en -ontwikkelings-program versterk.

Die volgehoue betrokkenheid van personeellede by verskeie komitees, insluitend die Komitee oor Akademiese Beplanning, Komitee oor Personeelontwikkeling, Komitee oor Studentewerwing en -registrasie, Komitee en Fakulteitsraad oor Onderrig en Leer het tot die versterking van samewerking met die Universiteit Stellenbosch bygedra.

Om aanlyn akademiese steun as deel van die hibriede onderrig-en-leermetode te verseker, het LOO ’n kontrak met ’n eksterne diensverskaffer aangegaan om die volgehoue instandhouding en ondersteuning van die Leerderbestuurstelsel te verseker.

Die program dra by tot die kurrikulum met die gereelde benutting van interne en eksterne dosente wat bereid is om studente oor ’n wye reeks onderwerpe te onderrig. Hul bydrae help om die gehalte van die formele programme en opleiding te handhaaf, voeg waarde by die inhoud van die kursusse en verseker dat inhoud op hoogte van tendense in die bedryf is.

’n Evaluering oor die indiensneembaarheid van Elsenburg-gegradueerdes is uitgevoer, en ’n Bestuursverbeteringsplan is daarna geïmplementeer om te verseker dat daar op die aanbevelings gereageer word. Die belangrikste bevinding van hierdie evaluering is dat 62% van gegradueerdes binne die eerste ses maande na graduering werk gekry het.

Die Landelike Ontwikkelingsprogram het programme en inisiatiewe met sleutelbelanghebbendes gekoördineer, insluitend al drie regeringsfere, die burgerlike samelewing en die privaat sektor om gesamentlik tot landelike ontwikkelingsdoelwitte by te dra. Dit is bereik deur die fasilitering van 32 vergaderings van die Streekkoördineringskomitee regoor die provinsie ten einde die sosio-ekonomiese toestande en lewensbestaan van landelike gemeenskappe te verbeter.

Die versterking van die landelike veiligheidsvoetspoor in die provinsie bly ’n fokus vir die departement. Die program was ter ondersteuning hiervan verantwoordelik vir die fasilitering van twee vergaderings van die Interministeriële Komitee oor Landelike Veiligheid en vier vergaderings van die Tegniese Komitee oor Landelike Veiligheid om landelike veiligheid vir ’n veiliger landbou-omgewing te bevorder. Die program het ook ’n suksesvolle gesprekvoering oor die indiensneming van ongedokumenteerde buitelandse burgers gehou, waarheen sleutelvennote en belanghebbendes genooi is om insette te verskaf en duidelikheid te gee oor die indiensneming van buitelandse burgers. ’n Praktiese riglyn is na konsultasie met sleutelbelanghebbendes afgehandel.

Die program het 10 bewusmaking- en inligtingsessies in streke van die provinsie vir agriwerkers, jongmense en landelike gemeenskappe gefasiliteer, met die fokus op inligting oor indiensneming en sakegeleenthede, finansiële geletterdheid, asook ander uitdagings wat die jeug in die gesig staar, soos geslagsgebaseerde geweld (GGV) en dwelmmisbruik. Na afloop van die bewusmaking- en inligtingsessies het die departement ’n Provinsiale Bewusmaking- en Inligtingsessie gehou waartydens genomineerdes van onderskeie gemeenskappe afrigting en mentorskap ontvang het om as veranderingsagente in hul gemeenskappe op te tree. Altesaam 245 deelnemers het hierdie sessies bygewoon. Hierdie inisiatief het ook gedien as ’n netwerkgeleentheid om maatskaplike samehang te bevorder en gemengde leer tussen die verskillende landelike gebiede aan te moedig.

Die program se verwysingstelsel verskaf aan landelike en agriwerkergemeenskappe toegang tot dienste op grond van hul spesifieke behoeftes. Die program het gedurende die 2023/24-boekjaar gehelp met 525 verwysings in verband met verskeie onderwerpe, bv. verblyfreg, arbeidsregte, sportgeleenthede, opleidingsgeleenthede, lewensomstandighede, voedsel-sekerheid en toegang tot dienste.

Twee opleiding- en ontwikkelingsprojekte wat op landelike en agriwerkergemeenskappe gerig was, is geïmplementeer:

- Die projek oor Middelmisbruikvoorkoming en -bewusmaking het opleidingswerkswinkels en bewusmakingsessies oor middelmisbruikvoorkoming en huishoudelike geweld asook berading en ondersteuning behels. Altesaam 313 begunstigdes het deelgeneem en ’n sertifikaat van deelname ontvang tydens ’n toekenningseremonie wat gehou is in die gebiede waar die projek geïmplementeer is.
- Die projek oor arbeidsregte het opleidingswerkswinkels aangebied om agriwerkers, toesighouers, MH-personeel en werkgewers in arbeidswetgewing te bekwaam, en om inligting te verskaf oor die regte en verantwoordelikhede van agriwerkers. Altesaam 291 begunstigdes het aan die projek deelgeneem.

Die program het die 2023 Jaarlikse Wes-Kaap Prestige Agri-toekennings met sukses aangebied deur die fasilitering van 15 streekkompetisies, een provinsiale beoordeling en een galageleentheid. Altesaam 1 067 agriwerkers het aan die Agri-toekennings deelgeneem.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die departement het 'n diensleweringverbeteringsplan voltooi. Onderstaande tabelle toon die diensleweringsplan en prestasie tot hede aan.

*Hoofdienste en standaarde*

| Hoofdienste | Begunstigdes | Huidige/werklike standaard van diens | Gewenste standaard van diens | Werklike prestasie |
|---|---|---|---|---|
| Sleuteldiens 1: Verbeter gehalte van slagpale-inspeksieverslae | • Veterinêre Openbare Gesondheids-beamptes (VOGB's)<br>• Hoof- Veterinêre Openbare Gesondheids-beamptes (HVOGB's)<br>• Eienaars van slagpale | • 3 werkswinkels gehou om slagpale-inspeksieverslae te standaardiseer.<br>• Ontwikkeling van SBP vir slagpale-inspeksieverslae.<br>• 0 opleiding uitgevoer.<br>• 0 gestandaardi-seerde slagpale-inspeksieverslae | 1 opleidingsessie sal aangebied word om die gestandaardiseerde slagpale-inspeksieverslae te implementeer.<br>Praktiese opleiding van individuele VOGB's deur die HVOGB. | 1 opleidingsessie van VOGB-span.<br>Praktiese opleiding aan individuele VOGB's deur die HVOGB is voortdurend.<br>Nota: 3 werkswinkels gehou om slagpale-inspeksieverslae te standaardiseer.<br>Volle implementering van gestandaardiseerde slagpale-inspeksieverslae teen die einde van die boekjaar 2023/24 ingevolge JPP-rekords.<br>SBP oor slagpale-inspeksie is afgeteken. |
| Verskaf bygewerkte markinligting aan agribesighede. | • Kommersiële boere<br>• Kleinboere<br>• Bestaansboere<br>• Agriverwerkers | • 4 aktiwiteite gesteun om Wes-Kaapse landbou en agribesigheid te bevorder.<br>• 75 agribesighede gesteun met bemarkingsdienste.<br>• Bemarkingsinligting-uitsette versprei.<br>• Onderontwikkelde portaal vir bemarkingsinligting. | 9 aktiwiteite gesteun om Wes-Kaapse landbou en agri-besigheid te bevorder. 150 agribesighede gesteun met bemarkingsdienste.<br>60 markinligtinguitsette versprei. Ten volle funksionerende portaal vir bemarkingsinligting. | 9 aktiwiteite gesteun om Wes-Kaapse landbou en agribesigheid te bevorder.<br>116 agribesighede gesteun met bemarkingsdienste. 38 markinligtinguitsette versprei. Portaal vir bemarkingsinligting is op die Elsenburg-webwerf geskep. |

*Batho Pele-reëlings met begunstigdes (toegang tot konsultasie, ens.)*

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| Professionele standaard | | |
| Diens 1:<br>100% nakoming van professionele etiese standaarde. | 100% nakoming van professionele etiese standaarde. | 100% nakoming van professionele etiese standaarde. |
| Diens 2:<br>100% nakoming van professionele etiese standaarde. | 100% nakoming van professionele etiese standaarde. | 100% nakoming van professionele etiese standaarde. |
| Werkomgewingstandaarde | | |
| Diens 1:<br>100 slagpaalverslae per kwartaal uitgereik. | 120 slagpaalverslae per kwartaal uitgereik. | 145 slagpaalverslae per kwartaal uitgereik. (580 slagpaalverslae is vir die boekjaar 2023/24 uitgereik.) |
| Diens 2:<br>100% van klagtes wat van enige diensontvanger of belanghebbende ontvang word, word as 'n saak van dringendheid aangeteken en onmiddellik beantwoord tot die bevrediging van alle klaers | 100% van klagtes wat van enige diensontvanger of belanghebbende ontvang word, word as 'n saak van dringendheid aangeteken en onmiddellik beantwoord tot die bevrediging van alle klaers | 100% van klagtes wat van enige diensontvanger of belanghebbende ontvang word, word as 'n saak van dringendheid aangeteken en onmiddellik beantwoord tot die bevrediging van alle klaers |
| Toegangstandaarde | | |
| Diens 1:<br>Diensontvangers en belanghebbendes het Maandae tot Vrydae van 07:30 tot 16:30 fisiese toegang tot landboukantoor wat op die volgende plekke geleë is:<br>a. Hoofkantoor, Departement van Landbou, uit Muldersvleiweg, Elsenburg, Stellenbosch.<br>b. Distrikskantore en subkantore geleë te:<br>• Eden: George; Knysna; Ladismith; Mosselbaai; Oudtshoorn; Riversdal.<br>• Kaapse Wynland: Stellenbosch; Ceres; Montagu; Wellington; Worcester.<br>• Weskus: Moorreesburg; Malmesbury; Piketberg; Vredenburg; Vredendal; Clanwilliam; Ebenhaeser.<br>• Metropool: Goodwood; Atlantis; Philippi; Khayelitsha. | Diensontvangers en belanghebbendes het Maandae tot Vrydae van 07:30 tot 16:30 fisiese toegang tot landboukantoor wat op die volgende plekke geleë is:<br>a. Hoofkantoor, Departement van Landbou, uit Muldersvleiweg, Elsenburg, Stellenbosch.<br>b. Distrikskantore en subkantore geleë te:<br>• Eden: George; Knysna; Ladismith; Mosselbaai; Oudtshoorn; Riversdal.<br>• Kaapse Wynland: Stellenbosch; Ceres; Montagu; Wellington; Worcester.<br>• Weskus: Moorreesburg; Malmesbury; Piketberg; Vredenburg; Vredendal; Clanwilliam; Ebenhaeser.<br>• Metropool: Goodwood; Atlantis; Philippi; Khayelitsha. | Diensontvangers en belanghebbendes het Maandae tot Vrydae van 07:30 tot 16:30 fisiese toegang tot landboukantoor wat op die volgende plekke geleë is:<br>a. Hoofkantoor, Departement van Landbou, uit Muldersvleiweg, Elsenburg, Stellenbosch.<br>b. Distrikskantore en subkantore geleë te:<br>• Eden: George; Knysna; Ladismith; Mosselbaai; Oudtshoorn; Riversdal.<br>• Kaapse Wynland: Stellenbosch; Ceres; Montagu; Wellington; Worcester.<br>• Weskus: Moorreesburg; Malmesbury; Piketberg; Vredenburg; Vredendal; Clanwilliam; Ebenhaeser.<br>• Metropool: Goodwood; Atlantis; Philippi; Khayelitsha. |

*Batho Pele-reëlings met begunstigdes (toegang tot raadgewing, ens.)*

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| • Sentraal Karoo: Beaufort-Wes: Laingsburg; Prince Albert; Murraysburg.<br>• Overberg: Bredasdorp; Genadendal; Swellendam; Villiersdorp.<br>c. Toegang word ook verskaf deur terreinbesoeke aan boere deur amptenare wat aan die Veeartsenykundige Dienste-program gekoppel is.<br>d. Daaglikse toegang is beskikbaar aan alle diensontvangers en belanghebbendes deur instap-, inbel-, e-pos- en webwerffasiliteite.<br>e. Toegang tot alle diensontvangers en belanghebbendes is ook beskikbaar deur geskeduleerde opedae en boeredae by verskeie liggings.<br><br>Behoorlike toegangsfasiliteite is in plek vir alle mense met gestremdhede by alle kantore en fasiliteite van die departement. | • Sentraal Karoo: Beaufort-Wes: Laingsburg; Prince Albert; Murraysburg.<br>• Overberg: Bredasdorp; Genadendal; Swellendam; Villiersdorp.<br>c. Toegang word ook verskaf deur terreinbesoeke aan boere deur amptenare wat aan die Veeartsenykundige Dienste-program gekoppel is.<br>d. Daaglikse toegang is beskikbaar aan alle diensontvangers en belanghebbendes deur instap-, inbel-, e-pos- en webwerffasiliteite.<br>e. Toegang tot alle diensontvangers en belanghebbendes is ook beskikbaar deur geskeduleerde opedae en boeredae by verskeie liggings.<br><br>Behoorlike toegangsfasiliteite is in plek vir alle mense met gestremdhede by alle kantore en fasiliteite van die departement. | • Sentraal Karoo: Beaufort-Wes: Laingsburg; Prince Albert; Murraysburg.<br>• Overberg: Bredasdorp; Genadendal; Swellendam; Villiersdorp.<br>c. Toegang word ook verskaf deur terreinbesoeke aan boere deur amptenare wat aan die Veeartsenykundige Dienste-program gekoppel is.<br>d. Daaglikse toegang is beskikbaar aan alle diensontvangers en belanghebbendes deur instap-, inbel-, e-pos- en webwerffasiliteite.<br>e. Toegang tot alle diensontvangers en belanghebbendes is ook beskikbaar deur geskeduleerde opedae en boeredae by verskeie liggings.<br><br>Behoorlike toegangsfasiliteite is in plek vir alle mense met gestremdhede by alle kantore en fasiliteite van die departement. |
| Diens 2:<br>70% van diensontvangers word elke tweede maand besoek deur amptenare wat aan die Landbou-ekonomiese Dienste-program: Afdeling Bemarking en Agribesigheid gekoppel is.<br><br>100% van diensontvangers met daaglikse toegang tot die departement deur instap-, inbel-, e-pos- en webwerffasiliteite. | 80% van diensontvangers word elke tweede maand besoek deur amptenare wat aan die Landbou-ekonomiese Dienste-program: Afdeling Bemarking en Agribesigheid gekoppel is.<br><br>100% van diensontvangers met daaglikse toegang tot die departement deur instap-, inbel-, e-pos- en webwerffasiliteite. | 90% van diensontvangers word elke tweede maand besoek deur amptenare wat aan die Landbou-ekonomiese Dienste-program: Afdeling Bemarking en Agribesigheid gekoppel is.<br><br>100% van diensontvangers met daaglikse toegang tot die departement deur instap-, inbel-, e-pos- en webwerffasiliteite. |
| Inligtingstandaarde | | |
| Diens 1:<br>Inligting is aan burgers beskikbaar deur:<br>• 1 x departementele JPP gepubliseer.<br>• 1 x departementele Jaarverslag gepubliseer.<br>• 1 x DvL-webwerf. | Inligting is aan burgers beskikbaar deur:<br>• 1 x departementele JPP gepubliseer.<br>• 1 x departementele Jaarverslag gepubliseer.<br>• 1x DvL-webwerf. | Inligting is aan burgers beskikbaar deur:<br>• 1 x departementele JPP gepubliseer.<br>• 1 x departementele Jaarverslag gepubliseer.<br>• 1 x DvL-webwerf. |

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| Diens 2:<br>Inligting is beskikbaar deur:<br>• 1 x departementele JPP.<br>• 1 x departementele Jaarverslag gepubliseer.<br>• 1 x DvL-webwerf.<br>• Radiopraatjies.<br>• ’n Burgerverslag. | Inligting is beskikbaar deur:<br>• 1 x departementele JPP.<br>• 1 x departementele Jaarverslag gepubliseer.<br>• 1 x DvL-webwerf.<br>• Radiopraatjies.<br>• ’n Burgerverslag. | Inligting is beskikbaar deur:<br>• 1 x departementele JPP.<br>• 1 x departementele Jaarverslag gepubliseer.<br>• 1 x DvL-webwerf.<br>• Radiopraatjies.<br>• ’n Burgerverslag. |
| Verhaalstandaarde | | |
| Diens 1:<br>60% van klagtes/appèlle binne 30 dae opgelos.<br>Elke slagpaalinspeksieverslag dui nie spesifiek die appèlprosedure aan nie. | 70% van klagtes binne 30 dae opgelos.<br>SBP om voorsiening te maak vir kommunikasie van die departementele appèlprosedure met betrekking tot inspeksieverslae oor slagpale. | 80% van klagtes binne 30 dae opgelos.<br>SBP om voorsiening te maak vir kommunikasie van die departementele appèlprosedure met betrekking tot inspeksieverslae oor slagpale. |
| Diens 2:<br>60% van klagtes/appèlle binne 30 dae opgelos. | 70% van klagtes binne 30 dae opgelos. | 80% van klagtes binne 30 dae opgelos. |
| Konsultasiestandaarde | | |
| Diens 1:<br>20% van belanghebbendes (burgers ingesluit) jaarliks gekonsulteer oor verskeie kwessies soos die oplossing van klagtes/tevredenheidsverslae, SDI-ontwikkeling, ens. | 40% van belanghebbendes (burgers ingesluit) jaarliks gekonsulteer oor verskeie kwessies soos die oplossing van klagtes/tevredenheidsverslae, SDI-ontwikkeling, ens. | 80% van belanghebbendes (burgers ingesluit) jaarliks gekonsulteer oor verskeie kwessies soos die oplossing van klagtes/tevredenheidsverslae, SDI-ontwikkeling, ens. |
| Diens 2:<br>40% van belanghebbendes gekonsulteer oor die koördinering van promosiegeleenthede: | 80% van belanghebbendes gekonsulteer oor die koördinering van promosiegeleenthede: | 85% van belanghebbendes gekonsulteer oor die koördinering van promosiegeleenthede: |
| Openheid- en deursigtigheidstandaarde | | |
| Diens 1 en 2:<br>• 1 x departementele JPP gepubliseer.<br>• Jaarlikse Dienshandves.<br>• Jaarlikse Burgerverslag. | • 1 x departementele JPP gepubliseer.<br>• Jaarlikse Dienshandves.<br>• Jaarlikse Burgerverslag. | • 1 x departementele JPP gepubliseer.<br>• Jaarlikse Dienshandves.<br>• Jaarlikse Burgerverslag. |
| Diensstandaarde | | |
| Diens 1:<br>Diensskedule is in plek, wat 100% gestelde diensstandaarde vir die departement bevat. Dienshandveste word by alle dienspunte in die fasiliteite vertoon. | Diensskedule is in plek, wat 100% gestelde diensstandaarde vir die departement bevat. Dienshandveste word by alle dienspunte in die fasiliteite vertoon. | Diensskedule is in plek, wat 100% gestelde diensstandaarde vir die departement bevat. Dienshandveste word by alle dienspunte in die fasiliteite vertoon. |

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| Diens 2:<br>Huidige diensstandaarde vir mark-ontwikkelingsinisiatiewe is nie hersien nie. | Goedgekeurde SBP's wat diensstandaarde aandui. | Goedgekeurde SBP's wat diensstandaarde aandui. |
| Standaarde oor waarde vir geld | | |
| Diens 1:<br>Departementele hulpbronne word te alle tye op 'n ekonomiese, doeltreffende en effektiewe wyse aangewend om kwantitatiewe en kwalitatiewe voorligtings- en adviesdienste aan alle diensontvangers te lewer, waar en wanneer ook al.<br>Provinsiewye voorligtings- en adviesdienste en inligtingsdeling word kosteloos aan alle diensontvangers verskaf.<br>Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting, teen geen koste nie. | Departementele hulpbronne word te alle tye op 'n ekonomiese, doeltreffende en effektiewe wyse aangewend om kwantitatiewe en kwalitatiewe voorligtings- en adviesdienste aan alle diensontvangers te lewer, waar en wanneer ook al.<br>Provinsiewye voorligtings- en adviesdienste en inligtingsdeling word kosteloos aan alle diensontvangers verskaf.<br>Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting, teen geen koste nie. | Departementele hulpbronne word te alle tye op 'n ekonomiese, doeltreffende en effektiewe wyse aangewend om kwantitatiewe en kwalitatiewe voorligtings- en adviesdienste aan alle diensontvangers te lewer, waar en wanneer ook al.<br>Provinsiewye voorligtings- en adviesdienste en inligtingsdeling word kosteloos aan alle diensontvangers verskaf.<br>Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting, teen geen koste nie. |
| Diens 2:<br>3 kwotasies is vir die doel van vergelyking van verskillende diensverskaffers vir dieselfde diens aangevra. | 3 kwotasies is vir die doel van vergelyking van verskillende diensverskaffers vir dieselfde diens aangevra. | 3 kwotasies is vir die doel van vergelyking van verskillende diensverskaffers vir dieselfde diens aangevra. |

*Inligtingsinstrument vir dienslewering*

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| Diens 1:<br>Verbeter gehalte van slagpale-inspeksieverslae<br>a. Departementele webwerf is op 'n gereelde grondslag onderhou en opgedateer om die jongste inligting aan personeel, diensontvangers en belanghebbendes te verskaf.<br>b. Departementele Jaarverslag is gepubliseer en na alle belanghebbendes versprei.<br>c. Radiopraatjies is gebruik as die geleentheid hom voorgedoen het of wanneer nodig om diensontvangers en belanghebbendes van die jongste ontwikkelings in verband met landbou in te lig. | a. Departementele webwerf word op 'n gereelde grondslag onderhou en opgedateer om die jongste inligting aan personeel, diensontvangers en belanghebbendes te verskaf.<br>b. Departementele Jaarverslag is gepubliseer en na alle belanghebbendes versprei.<br>c. Radiopraatjies word gebruik as die geleentheid hom voordoen of wanneer nodig om diensontvangers en belanghebbendes van die jongste ontwikkelings in verband met landbou in te lig. | a. Departementele webwerf is op 'n gereelde grondslag onderhou en opgedateer om die jongste inligting aan personeel, diensontvangers en belanghebbendes te verskaf.<br>b. Departementele Jaarverslag is gepubliseer en na alle belanghebbendes versprei.<br>c. Radiopraatjies is gebruik as die geleentheid hom voorgedoen het of wanneer nodig om diensontvangers en belanghebbendes van die jongste ontwikkelings in verband met landbou in te lig. |

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| d. Geskeduleerde vergaderings met diensontvangers en belanghebbendes word as ’n inligtingsinstrument aangewend.<br>e. Boere-opedae is aangewend as ’n instrument om inligting aan diensontvangers en belanghebbendes oor te dra.<br>f. ’n Burgerverslag is jaarliks gepubliseer en aan alle belanghebbendes en die landbougemeenskap in die provinsie versprei.<br>g. Terreinbesoeke aan diensontvangers is as ’n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br>h. Skriftelike inligting en verskeie elektroniese platforms vir inligtingsdeling is as ’n inligtingsinstrument aangewend. | d. Geskeduleerde vergaderings met diensontvangers en belanghebbendes word as ’n inligtingsinstrument aangewend.<br>e. Boere-/opedae is aangewend as ’n instrument om inligting aan diensontvangers en belanghebbendes oor te dra.<br>f. ’n Burgerverslag word jaarliks gepubliseer en aan alle belanghebbendes en die landbougemeenskap in die algemeen in die provinsie versprei.<br>g. Terreinbesoeke aan diensontvangers is as ’n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br>h. Skriftelike inligting en verskeie elektroniese platforms vir inligtingsdeling word as ’n instrument vir die oordrag van inligting aangewend. | d. Geskeduleerde vergaderings met diensontvangers en belanghebbendes is as ’n inligtingsinstrument aangewend.<br>e. Boere-/opedae word aangewend as ’n instrument om inligting aan diensontvangers en belanghebbendes oor te dra.<br>f. ’n Burgerverslag is jaarliks gepubliseer en aan alle belanghebbendes en die landbougemeenskap in die algemeen in die provinsie versprei.<br>g. Terreinbesoeke aan diensontvangers is as ’n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br>h. Skriftelike inligting en verskeie elektroniese platforms vir inligtingsdeling word as ’n instrument vir die oordrag van inligting aangewend. |
| Diens 2:<br>Verskaf bemarkingsdienste aan agribesighede en boere deur:<br>Marktoegang<br>• Markontwikkelings-inisiatiewe<br>• Produkpromosies<br>• Uitvoerpromosies<br>• Plaaslike promosies<br>• Promosies en bevoorrading in winkels<br>a. Departementele webwerf is op ’n gereelde grondslag onderhou en opgedateer om die jongste inligting aan personeel, diensontvangers en belanghebbendes te verskaf.<br>b. Departementele Jaarverslag is jaarliks gepubliseer en na alle belanghebbendes versprei.<br>c. Radiopraatjies is gebruik as die geleentheid hom voorgedoen het of wanneer nodig om diensontvangers en belanghebbendes van die jongste ontwikkelings in verband met landbou in te lig. | a. Departementele webwerf word op ’n gereelde grondslag onderhou en opgedateer om die jongste inligting aan personeel, diensontvangers en belanghebbendes te verskaf.<br>b. Departementele Jaarverslag is jaarliks gepubliseer en na alle belanghebbendes versprei.<br>c. Radiopraatjies word gebruik as die geleentheid hom voordoen of wanneer nodig om diensontvangers en belanghebbendes van die jongste ontwikkelings in verband met landbou in te lig. | a. Departementele webwerf is op ’n gereelde grondslag onderhou en opgedateer om die jongste inligting aan personeel, diensontvangers en belanghebbendes te verskaf.<br>b. Departementele Jaarverslag is jaarliks gepubliseer en na alle belanghebbendes versprei.<br>c. Radiopraatjies is gebruik as die geleentheid hom voorgedoen het of wanneer nodig om diensontvangers en belanghebbendes van die jongste ontwikkelings in verband met landbou in te lig. |

| Huidige/werklike reëlings | Gewenste reëlings | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| d. Geskeduleerde vergaderings met diensontvangers en belanghebbendes word as 'n inligtingsinstrument aangewend.<br>e. 'n Burgerverslag is jaarliks gepubliseer en aan alle belanghebbendes en die landbougemeenskap in die algemeen in die provinsie versprei.<br>f. Terreinbesoeke aan diensontvangers is as 'n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br>g. Skriftelike inligting en verskeie elektroniese platforms vir inligtingsdeling is as 'n inligtingsinstrument aangewend.<br><br>Bykomende inligting:<br>h. Hoewel hulle nie as begunstigdes gelys word nie, het die departement op verskeie navrae van die Ministerie vir Landbou, die Parlementêre Staande Portefeuljekomitees en SKOOR gereageer.<br>i. Geskeduleerde Agri Connect-geleenthede word met munisipaliteite gehou vir uitstalling van die:<br>• dienste wat die departement lewer;<br>• loopbaangeleenthede in die landbou. | d. Geskeduleerde vergaderings met diensontvangers en belanghebbendes word as 'n inligtingsinstrument aangewend.<br>e. 'n Burgerverslag is jaarliks gepubliseer en aan alle belanghebbendes en die landbougemeenskap in die algemeen in die provinsie versprei.<br>f. Terreinbesoeke aan diens-ontvangers is as 'n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br>g. Skriftelike inligting en verskeie elektroniese platforms vir inligtingsdeling word as 'n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br><br>Bykomende inligting:<br>h. Hoewel hulle nie as begunstigdes gelys word nie, het die departement op verskeie navrae van die Ministerie vir Landbou, die Parlementêre Staande Portefeuljekomitees en SKOOR gereageer.<br>i. Geskeduleerde Agri Connect-geleenthede word met munisipaliteite gehou vir uitstalling van die:<br>• dienste wat die departement lewer;<br>• loopbaangeleenthede in die landbou. | d. Geskeduleerde vergaderings met diensontvangers en belanghebbendes is as 'n inligtingsinstrument aangewend.<br>e. 'n Burgerverslag is jaarliks gepubliseer en aan alle belanghebbendes en die landbougemeenskap in die algemeen in die provinsie versprei.<br>f. Terreinbesoeke aan diens-ontvangers is as 'n instrument vir die oordrag van inligting aangewend.<br>g. Skriftelike inligting en verskeie elektroniese platforms vir inligtingsdeling is as 'n inligtingsinstrument aangewend.<br><br>Bykomende inligting:<br>h. Hoewel hulle nie as begunstigdes gelys word nie, het die departement op verskeie navrae van die Ministerie vir Landbou, die Parlementêre Staande Portefeuljekomitees en SKOOR gereageer.<br>i. Geskeduleerde Agri Connect-geleenthede is met munisipaliteite gehou vir uitstalling van die:<br>• dienste wat die departement lewer;<br>• loopbaangeleenthede in die landbou. |

*Meganisme vir klagtes*

| Huidige/werklike meganisme vir klagtes | Gewenste meganisme vir klagtes | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| Diens 1:<br>Verbeter gehalte van slagpale-inspeksieverslae | | |
| Ons het 'n verskoning, 'n volledige verduideliking, en 'n spoedige en doeltreffende oplossing aangebied as die beloofde standaard, produk of diens nie gelewer is nie. Ons het in 'n simpatieke en positiewe gees en binne 'n redelike tydperk gereageer op enige klagte wat deur enige diensontvanger ingedien is. | Ons sal 'n verskoning, 'n volledige verduideliking, en 'n spoedige en doeltreffende oplossing aanbied as die beloofde standaard, produk of diens nie gelewer word nie. Ons sal ook in 'n simpatieke en positiewe gees en binne 'n redelike tydperk gereageer op enige klagte wat deur enige diensontvanger ingedien is. | Ons het 'n verskoning, 'n volledige verduideliking, en 'n spoedige en doeltreffende oplossing aangebied as die beloofde standaard, produk of diens nie gelewer is nie. Ons het in 'n simpatieke en positiewe gees en binne 'n redelike tydperk gereageer op enige klagte wat deur enige diensontvanger ingedien is. |

| Huidige/werklike meganisme vir klagtes | Gewenste meganisme vir klagtes | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| ONS VERHAALMEGANISME (Diensleweringshandves)<br>"As u 'n klagte het, vertel ons asseblief daarvan. Ons sal om verskoning vra en dinge dadelik regstel. As u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek wat skeefgeloop het en binne 15 werksdae 'n antwoord gee".<br>Klagtes kan soos volg ingedien word (wanneer verlang/nodig):<br>a. Direkte kontak, e-pos, telefonies met bestuur of toesighouers by die hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg.<br>b. Of deur die instap-, inbel-, e-posdiens aan distriks- /hoofkantoorbestuur of -personeel by die verskeie kantore en fasiliteite.<br>c. Geleenthede word ook tydens opedae en boeredae geskeduleer.<br>d. Deur die Hoof van Kommunikasie rakende klagtes/voorstelle en komplimente.<br>e. Ministeriële rooi nommers.<br>f. Presidensiële blitslyn. | ONS VERHAALMEGANISME (Diensleweringshandves)<br>"As u 'n klagte het, vertel ons asseblief daarvan. Ons sal om verskoning vra en dinge dadelik regstel. As u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek wat skeefgeloop het en binne 15 werksdae 'n antwoord gee".<br>Klagtes kan soos volg ingedien word (wanneer verlang/nodig):<br>a. Direkte kontak, e-pos, telefonies met bestuur of toesighouers by die hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg.<br>b. Of deur die instap-, inbel-, e-posdiens aan distriks- /hoofkantoorbestuur of -personeel by die verskeie kantore en fasiliteite.<br>c. Geleenthede word ook tydens opedae en boeredae geskeduleer.<br>d. Deur die Hoof van Kommunikasie rakende klagtes/voorstelle en komplimente.<br>e. Ministeriële rooi nommers.<br>f. Presidensiële blitslyn. | ONS VERHAALMEGANISME (Diensleweringshandves)<br>"As u 'n klagte het, vertel ons asseblief daarvan. Ons sal om verskoning vra en dinge dadelik regstel. As u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek wat skeefgeloop het en binne 15 werksdae 'n antwoord gee".<br>Klagtes is soos volg ingedien (wanneer verlang/nodig):<br>a. Direkte kontak, e-pos, telefonies met bestuur of toesighouers by die hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg.<br>b. Of deur die instap-, inbel-, e-posdiens aan distriks- /hoofkantoorbestuur of -personeel by die verskeie kantore en fasiliteite.<br>c. Geleenthede is ook tydens geskeduleerde opedae en boeredae verskaf.<br>d. Deur die Hoof van Kommunikasie rakende klagtes/voorstelle en komplimente.<br>e. Ministeriële rooi nommers.<br>f. Presidensiële blitslyn. |
| Diens 2:<br>Verskaf bemarkingsdienste aan agribesighede en boere deur:<br>• Marktoegang<br>• Markontwikkelings-inisiatiewe<br>• Produkpromosies<br>• Uitvoerpromosies<br>• Plaaslike promosies<br>• Promosies en bevoorrading in winkels | | |

| Huidige/werklike meganisme vir klagtes | Gewenste meganisme vir klagtes | Werklike prestasie |
|---|---|---|
| Ons het 'n verskoning, 'n volledige verduideliking, en 'n spoedige en doeltreffende oplossing aangebied as die beloofde standaard, produk of diens nie gelewer is nie. Ons het in 'n simpatieke en positiewe gees en binne 'n redelike tydperk gereageer op enige klagte wat deur enige diensontvanger ingedien is.<br><br>ONS VERHAALMEGANISME (Diensleweringshandves)<br>"As u 'n klagte het, vertel ons asseblief daarvan. Ons sal om verskoning vra en dinge dadelik regstel. As u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek wat skeefgeloop het en binne 15 werksdae 'n antwoord gee".<br><br>Klagtes kan soos volg ingedien word (wanneer verlang/nodig):<br>a. Direkte kontak, e-pos, telefonies met bestuur of toesighouers by die hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg.<br>b. Of deur die instap-, inbel-, e-posdiens aan distriks-/hoofkantoorbestuur of -personeel by die verskeie kantore en fasiliteite.<br>c. Geleenthede word ook tydens opedae en boeredae geskeduleer.<br>d. Deur die Hoof van Kommunikasie rakende klagtes/voorstelle en komplimente.<br>e. Ministeriële rooi nommers.<br>f. Presidensiële blitslyn. | Ons het 'n verskoning, 'n volledige verduideliking, en 'n spoedige en doeltreffende oplossing aangebied as die beloofde standaard, produk of diens nie gelewer is nie. Ons het in 'n simpatieke en positiewe gees en binne 'n redelike tydperk gereageer op enige klagte wat deur enige diensontvanger ingedien is.<br><br>ONS VERHAALMEGANISME (Diensleweringshandves)<br>"As u 'n klagte het, vertel ons asseblief daarvan. Ons sal om verskoning vra en dinge dadelik regstel. As u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek wat skeefgeloop het en binne 15 werksdae 'n antwoord gee".<br><br>Klagtes kan soos volg ingedien word (wanneer verlang/nodig):<br>a. Direkte kontak, e-pos, telefonies met bestuur of toesighouers by die hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg.<br>b. Of deur die instap-, inbel-, e-posdiens aan distriks-/hoofkantoorbestuur of -personeel by die verskeie kantore en fasiliteite.<br>c. Geleenthede word ook tydens opedae en boeredae geskeduleer.<br>d. Deur die Hoof van Kommunikasie rakende klagtes/voorstelle en komplimente.<br>e. Ministeriële rooi nommers.<br>f. Presidensiële blitslyn. | Ons het 'n verskoning, 'n volledige verduideliking, en 'n spoedige en doeltreffende oplossing aangebied as die beloofde standaard, produk of diens nie gelewer is nie. Ons het in 'n simpatieke en positiewe gees en binne 'n redelike tydperk gereageer op enige klagte wat deur enige diensontvanger ingedien is.<br><br>ONS VERHAALMEGANISME (Diensleweringshandves)<br>"As u 'n klagte het, vertel ons asseblief daarvan. Ons sal om verskoning vra en dinge dadelik regstel. As u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek wat skeefgeloop het en binne 15 werksdae 'n antwoord gee".<br><br>Klagtes kan soos volg ingedien word (wanneer verlang/nodig):<br>a. Direkte kontak, e-pos, telefonies met bestuur of toesighouers by die hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg.<br>b. Of deur die instap-, inbel-, e-posdiens aan distriks-/hoofkantoorbestuur of -personeel by die verskeie kantore en fasiliteite.<br>c. Geleenthede word ook tydens opedae en boeredae geskeduleer.<br>d. Deur die Hoof van Kommunikasie rakende klagtes/voorstelle en komplimente.<br>e. Ministeriële rooi nommers.<br>f. Presidensiële blitslyn. |

## 2.3 Organisatoriese omgewing

Die BSB (beroepspesifieke bedeling) se voorskrifte vir ingenieurs en ingenieurstegnici vereis professionele registrasie by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (IRSA) voordat nuwe toetreders voltyds aangestel word. Kandidaatingenieurs en tegnici word op ’n beperktekontrakbasis aangestel om aan hulle ’n geleentheid te bied om die nodige ervaring op te doen om vir IRSA-professionele registrasie aansoek te doen. Ten spyte van die beursprogramme en inisiatiewe vir kandidaatingenieurs wat deur die departement ingestel word, bly dit vir baie kandidate ’n uitdaging om suksesvol by IRSA te registreer. Dit is eerstens as gevolg van die baie streng voorskrifte van IRSA wat omvattende ervaring vereis. Verder word aansienlike eise vir toesighouding en mentorskap gestel aan die beperkte getal beskikbare en toepaslik gekwalifiseerde amptenare op die gebied van waterhulpbronbestuur, besproeiingstelselbestuur, grondbewaring en -bestuur, rivierbeskerming, plaasbestuurs-planne, gebiedswye beplanning, geïntegreerde hulpbronbestuur en grondgebruikbeplanning en -bestuur.

Landbougrond, veral nader aan groeinodusse soos Kaapstad, Stellenbosch, Paarl en George, is onder druk vir dorpsgebiedontwikkeling. Gegewe die feit dat die verbouing van gewasse slegs op omtrent 2 miljoen hektaar (15,45%) van die totale grondgebied van die Wes-Kaap moontlik is, moet die WKDvL ’n uiters belangrike rol speel in die evaluering van en kommentaarlewering op aansoeke om onderverdeling en/of hersonering van landbougrond ten einde besluitnemers doeltreffend te beïnvloed en te rig. Die funksionaliteit is van kardinale belang om landbougrond wat uniek en van hoë potensiaal is, te bewaar. Dit is ook noodsaaklik om die optimale, geïntegreerde bestuur en gebruik van grond te verseker, insluitend die benutting van grond en natuurlike hulpbronne vir produksiedoeleindes, met inagneming van bewarings-imperatiewe en die voorkoming van die fragmentering van grond.

In die lig van die toename in die vraag na grondgebruikaansoeke, asook vanuit ’n regsvereisteperspektief, is ’n multidissiplinêre komitee ingestel om alle aansoeke om onderverdeling en/of hersonering van landbougrond te evalueer, en om omgewingsimpakbepalings (OIB’s) en ramprisikobestuur te evalueer en kommentaar daarop te lewer.

Kapasiteit in die subprogram Ramprisikovermindering bly beperk en samewerking met eksterne belanghebbendes is dus belangrik.

Kritieke vakante poste vir distriksbestuurders (Kaapse Metropool, Kaapse Wynland en Sentraal-Karoo) het geweldige druk geplaas op reeds beperkte distrikspersoneelhulpbronne om voldoende te reageer en/of aan al die diensleweringseise te voldoen. Hierdie poste sal egter gedurende die tweede kwartaal van die 2024/25-boekjaar gevul word.

Die Veeartsenykundige Dienste-program het steeds met beperkte personeel gefunksioneer. Die subprogram Dieregesondheid moes funksioneer sonder drie kritieke tegniese poste, twee staatsveeartse en ’n tegniese bestuurder wat in 2022/23 afgetree het. Die werwingsproses vir die poste is aan die gang. Twee uit tien poste vir veeartsenykundige openbare gesondheidsbeamptes kon nie gedurende die jaar befonds word nie. Ten spyte van hierdie werwingsuitdagings, is die direkteur van dieregesondheid aangestel en het op 1 Julie 2023 vir diens aangemeld, en twee dieregesondheidstegnici het op 1 Maart 2024 by die provinsie aangesluit. Die staatsveeartspos, wat vir ’n geruime tyd onbefonds gebly het, kon eers vanaf 1 Maart 2024 deur ’n kontrakaanstelling gevul word.

Die amptenare van Veeartsenykundige Dienste het ongeag dié beperkings hul uiterste bes probeer om te verseker dat die program se doelwitte gedurende die verslagtydperk bereik is.

Tydens die opknapping van die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium het die herontplooiing van byna alle personeel (behalwe die plaashulpwerkers en opsigter) na Program 4 en ander programme van die departement aan werknemers geleenthede gebied om hul professionele en persoonlike ontwikkeling uit te brei deur blootstelling aan nuwe en opwindende werkgebiede en -konsepte. Hierdie unieke tyd/geleentheid het ook die laboratorium se tegniese personeel genoeg tyd en ruimte gegee om hul gehaltebeheer- en -bestuursprosesse en -prosedures te ondersoek, hersien en op te dateer, en om alle

nodige maatreëls en implementeringsplanne in te stel en gereed te wees vir aksie in hul afdelings wanneer die laboratorium heropen. Drie vakante tegniese poste is geadverteer en gevul om seker te maak dat alle sleutelafdelings ten volle van personeel voorsien en gereed was om toetsing te hervat nadat die opknappingsprojek voltooi en die laboratorium oop was om sy diensleweringsmandaat te hervat.

Die NTOD-program het goed gevorder met die vulling van hul vakatures, ongeag die voorskrif in Oktober 2023 dat slegs kritieke poste oorweeg moes word. Dit plaas egter druk op huidige kapasiteit, veral op administratiewe en ander steunfunksies op plase.

Uitdagings word steeds ervaar met die werwing van toepaslik gekwalifiseerde en SARNWB-geregistreerde navorsingstegnici en -wetenskaplikes, veral swart kandidate, en in sommige gevalle is poste verskeie kere geadverteer voordat ’n kortlys vir onderhoude opgestel kon word.

Die nuwe pos van spesialiswetenskaplike in klimaatsverandering is in Oktober 2023 gevul met ons huidige wetenskaplike in klimaatsverandering, maar weens begrotingsbeperkings is laasgenoemde pos tans onbefonds en dit veroorsaak kapasiteitsbeperkings in hierdie dissipline wat van kritieke belang vir die departement en sektor is.

’n Groot getal nagraadse studente het gedurende die jaar by die program aangesluit en ontvang mentorskap van senior en spesialiswetenskaplikes. Hul navorsingsprojekte het vervolgens die navorsingsimpak van die program uitgebrei, terwyl die volgende generasie wetenskaplikes vir die sektor ontwikkel word.

Die pos van hoofdirekteur vir die NTOD is vakant en die werwing van ’n toepaslik gekwalifiseerde persoon bly ’n uitdaging. Ons het nou met ’n proses van koppesnellery begin en die pos behoort gedurende die 2024/25-boekjaar gevul te word.

Die NTOD-program kom oor die volgende vyf jaar voor die aftrede van ’n groot groep wetenskaplikes en tegnici te staan, en opvolgbeplanning is tans ’n prioriteit om die voortsetting van navorsingswerk op alle vlakke te verseker. Die behaling van billikheidsteikens bly buite bereik, hoofsaaklik deur die voorgeskrewe registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplike Beroepe (SARNWB) en die betrokke jare se ondervinding.

Gegewe die gebrek aan loopbaanvordering bly dit kommerwekkend dat die ervare landbou-ekonome van behoorlike redes voorsien moet word waarom hulle moet aanbly en hul loopbaan by die departement moet vestig. Die program het gedurende die verslagjaar onder ’n hoë vakaturekoers gely en is gevolglik die swaarste getref deur die moratorium op die vulling van alle vakante poste. Die vakante poste is hoofsaaklik in die kategorie kritieke en skaars vaardighede van die departement. Sommige velde in die landbou-ekonomiese beroep het met verloop van tyd skaars geraak, bv. produksie-ekonoom en kwantitatiewe ontleders (insluitend statistici en ekonometrici).

Nuwe mandate soos agriverwerking vereis ’n heeltemal nuwe stel vaardighede. Die program het gedurende die jaar twee hulpbronne verloor, wat die enigste hulpbronne is wat vir die subprogram verantwoordelik is. Aangesien dié vaardighede onder die skaars vaardighede van die departement tel, neem dit langer om van hierdie poste te vul aangesien dit meer as een keer geadverteer moet word om ’n geskikte kandidaat te vind. Die ander uitdaging is dat sekere kombinasies wat op die LED-program betrekking het, vir ’n geruime tyd al nie deur tersiêre instellings oorweeg word in terme van die vaardighede wat vereis word nie. Die program het ’n ooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch om studente in die geteikende dissiplines op te lei, al is daar ’n uitdaging om hulle weens begrotingsbeperkings en strukturele probleme aan te stel.

Die LOO-program bly onder druk om bekwame en ervare dosente teen die huidige salarisvlakke te werf en te behou. Van die uitdagings waarvoor die program te staan kom, is ’n gebrek aan hulpbronne en menslike hulpbronne, met die bykomende las om hoogs gekwalifiseerde personeel te lok wat noodsaaklik is om leer, navorsing en tegnologiese tendense op die akademiese gebiede te handhaaf. Die huidige kapasiteit word aangevul deur die benutting van eksterne opleidingfasiliteerders, wat druk op ’n reeds beperkte begroting plaas en nie oor die lang termyn volhoubaar is nie. Kritieke doseringposte asook poste by die gedesentraliseerde opleidingsentrum

is onbefonds op die diensstaat as gevolg van begrotingsbeperkings. Soos in vorige boekjare sal daar, waar moontlik, deur samewerking en integrasie met ander departementele programme en vennootskappe met rolspelers in die bedryf gepoog word om oplossings te vind.

Alhoewel die program 133 beurse aan finansieel behoeftige studente toegeken het, is die behoefte aan bystand baie groter as die beskikbare hulpbronne. Die feit dat die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente nie vir alle geregistreerde studente beskikbaar is nie, dra by tot die groter vraag na beurse.

Die gebrek aan voldoende befondsing vir fooie en studenteverblyf kan ’n negatiewe impak hê op die aantal kwesbare leerders wat toegang tot opleidingsgeleenthede soek en sodoende die transformasie van die landbousektor belemmer.

Die beperkte koshuisverblyf stel nog ’n uitdaging, aangesien dit die aantal studente wat toegang tot formele opleidingsprogramme kan verkry, inkort, met inagneming van die feit dat ’n groot aantal studente van landelike gebiede afkomstig is en nie binne reisafstand van Elsenburg is nie.

Een van die mededingende voordele wat aangebied word, is die geleenthede wat vir praktiese leer en ontwikkeling bestaan. Hierdie voordeel kom egter toenemend onder druk deur ’n toename in die vraag na opleiding, ’n verhoging in studentegetalle, veranderinge in werkomstandighede op plase en die hoë koste verbonde aan die instandhouding en uitbreiding van beroepsgerigte opleidingsfasiliteite. Ten einde die druk op praktiese fasiliteite te verlig, het die program voortgegaan met die praktyk van Werksgeïntegreerde Leer (WGL) deur die plasing van studente van die diplomakursusse en leerlingskappe op plase om praktiese ervaring in die landbou op te doen.

Die huidige goedgekeurde organogram stem nie ooreen met die program se kapasiteitsbehoeftes nie. ’n Aansoek is derhalwe aan die Departement van die Premier se Organisasie-ontwerpeenheid gerig om ’n ad hoc-OO-ondersoek oor die Hoofdirektoraat: Landelike Ontwikkeling te doen.

## 2.4 Belangrike beleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Die nuwe beleid van die Generiese Omgewingsbestuursprogram steun die GrondSorg-subprogram om die ontwikkeling van projekte volgens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur goed te keur.

Die DLGLO het die Nasionale Rampraamwerk hersien, wat ’n invloed sal hê op die ramphulp wat aan kommersiële boere, kleinboere en bestaansboere verskaf word. Hierdie verandering sal huidige standaardbedryfsprosedures (SBP’s), die Provinsiale Raamwerk en gebeurlikheidsplanne beïnvloed. ’n Multidissiplinêre span word vereis om effektief en doeltreffend op toenemende rampondersteuning te reageer asook om proaktiewe strategieë aan te wend om die impak van rampe te versag deur veerkragtigheid in ons agro-ekosisteem te bou.

Die Nasionale Rampbestuursentrum (NRBS) hersien die Nasionale Rampraamwerk wat daarop gemik is om provinsiale departemente te kapasiteer en te versterk om voldoende op rampe te reageer, strategieë vir risikovermindering en -versagting in te stel, en veerkragtigheid in elke sektor te verseker aangesien aktiwiteite ná rampe en vir herstelwerk duur raak.

Die bekendstelling van die Presidensiële Werkstimulusaansporingspakket (PESI) hou direkte gevolge op die bedrywighede van die provinsiale departemente in. Alhoewel die fondse by die nasionale departement bly, word administratiewe steun van die WKDvL verwag en dit plaas bykomende administratiewe verantwoordelikheid op die personeel.

Ná ’n lang parlementêre proses is die Onteieningswetsontwerp uiteindelik deur die Parlement goedgekeur vir oorweging deur die President. Dit sal na verwagting negatiewe implikasies vir investering inhou, veral buitelandse direkte investering.

Daar was heelwat verwikkelinge in marktoegang, aangesien China in die laaste kwartaal van 2023 hul mark vir beesvleisinvoer uit Suid-Afrika heropen het nadat hulle ’n beperking ingestel het weens die landwye bek-en-klouseer-uitbraak in Mei 2022. Die heropening van China plus die protokolooreenkoms met Saoedi-Arabië is bemoedigend vir die beesvleiswaardeketting om markte verder uit te brei. Vir Suid-Afrika om hierdie voordele te handhaaf, is biosekuriteits-protokolle en verdere markontwikkeling egter nodig om hierdie geleenthede te benut. Suid-Afrika het ’n voorlopige stap gedoen deur ’n klag by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) teen die Europese Unie (EU) in te dien oor sy behandeling van sitrusinvoer uit die land. Aangesien dit een van die grootste bedrywe is, moet daar nog vasgestel word wat die volle implikasies sou wees as Suid-Afrikaanse sitrus nie in die EU toegelaat mag word nie.

Die nasionale Geïntegreerde Landelike Ontwikkelingsektorstrategie (GLOSS) voorsien leiding oor hoe om ontwikkelings-inisiatiewe in landelike gebiede doeltreffend te koördineer en te implementeer. Die Landelike Ontwikkelingsprogram sal sy doelwitte en lewerbare uitsette met die GLOSS belyn.

# 3. BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE

Landbou-ingenieursdienste is deur die Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuursprogram aan ons landboukliënte verskaf om die uitvoerposisie te handhaaf of te versterk, asook om die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van boerdery-ondernemings te bevorder. Hierdie dienste is volgens die program se uitset-aanwysers deur steunaktiwiteite landbou-ingenieurswese gelewer.

Besproeiingsboere is van toepaslike inligting voorsien om hulle te help om die natuurlike hulpbronne wat tot hulle beskikking is, optimaal te benut om produksie te verhoog terwyl dieselfde watertoebedeling gebruik word. Die FruitLook-satelliettoepassing is ’n belangrike hulpmiddel in hierdie verband. Boere is ook bygestaan met inisiatiewe oor die bewaringsboerdery van rooibos, waardetoevoeging op die plaas, plaasstrukture en dierehantering.

Steun is aan ons kandidaat-ingenieurs en kandidaat-ingenieurstegnici gebied om geskikte ingenieurservaring, vaardighede en kennis op te doen, wat hulle in staat stel om vir IRSA- professionele registrasie te kwalifiseer. Alle kandidate is voorheen benadeelde individue.

GrondSorg-projekte is geïmplementeer om die volhoubare gebruik en bestuur van natuurlike landbouhulpbronne te bevorder deur betrokkenheid by gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe wat volhoubaarheid (maatskaplik, ekonomies en die omgewing) steun en tot ’n toename in produktiwiteit, voedselsekerheid, werkskepping en beter welstand vir almal lei. Hierdie projekte fokus op die temas van GrondSorg, naamlik GrondSorg, WaterSorg, VeldSorg en Junior GrondSorg, en bereik kliënte regoor die provinsie met projekte wat die volhoubare benutting van hulpbronne bevorder. Werksgeleenthede word deur hierdie projekte vir werkloses in landelike gemeenskappe geskep. Landbougrond is gerehabiliteer om die beskikbaarheid van produktiewe grond in die provinsie te verhoog.

Die GrondSorg-subprogram het ook gebiedswye beplanningsprojekte geïmplementeer wat deur middel van plaaslikgedrewe, volhoubare inisiatiewe vir natuurlike hulpbronbestuur op die volhoubaarheid en verbetering van die funksionering van die agro-ekosisteem gerig is. Hierdie projekte maak staat op aktiewe gemeenskapsdeelname en -verbintenis aangesien ’n gemeenskap proaktief die toekomstige gewenste toestand vir hul spesifieke gebied beplan. ’n Voorbeeld van gebiedswye beplanning is die Bo-Breërivier Samewerkende Voorligtingsgroep (BBSVG) wat 140 000 vierkante kilometer in die Kaapse Wynland-distrik dek.

Die Wes-Kaap het oor die afgelope dekade ’n toename ervaar in die intensiteit en frekwensie van natuurrampe wat landbougemeenskappe en landbouproduksie beïnvloed. Die subprogram Ramprisikovermindering is betrokke by projekte vir risikoversagting voordat rampe plaasvind, asook by ondersteuning ná rampe. Versagting behels onder meer die verwydering van uitheemse indringerplante om brandrisiko te verminder en die beskikbaarheid en gehalte van water te verbeter. Omheiningsprojekte, wat ook deur GrondSorg geïmplementeer word, help met die bestuur van plundery. Die program vir sprinkaanrisikovermindering en -versagting wat tydens die ernstige sprinkaanbesmetting in die 2021/22-seisoen ontwikkel is,

werp steeds vrugte af aangesien geen sprinkaanbesmetting gedurende die afgelope jaar aangemeld is nie.

Die grootste ramp wat die afgelope jaar ervaar is, was die hewige oorstromings wat gedurende die eerste helfte van die jaar oor uitgestrekte gebiede regdeur die provinsie voorgekom het. Die subprogram het assesserings gedoen om te help met die rampverklaring en toewysing van rampfondse. Ondersteuning na afloop van die ramp is deurlopend, veral wat rivierbeskerming aanbetref. Die doeltreffendheid van proaktiewe konstruksie van goed beplande rivierbeskermingswerke het tydens hierdie oorstromings aangedui dat gebiede waar sulke werke reeds in plek was, goed beskerm is. Daarenteen het gebiede sonder dié rivierbeskermingswerke die meeste skade ondervind. As sodanig is die fokus op die verskaffing van meer beskerming in die kwesbaarste gebiede.

Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling het sedert 2019/20 altesaam 229 kleinboere en 471 bestaansboere gesteun om produksie te verhoog en volhoubaarheid te handhaaf. Daarbenewens het die bedryfsvennote 164 mentors vir projekte aangestel wat geen koste vir die departement ingehou het nie. Die subprogram Voorligtings- en Adviesdienste het 21 299 terreinbesoeke afgelê om boere van advies te voorsien. Die Voedselsekerheid-subprogram het oor dieselfde tydperk 16 285 huishoudings gesteun en sodoende toegang tot voedsel- en voedingsekerheid vir die kwesbaarste mense in die gemeenskappe gefasiliteer.

Die eise aan landbounavorsing, tegnologie-ontwikkeling en innovasie sal bly toeneem namate die wêreldbevolking teen ’n vinnige tempo groei en ’n veranderende klimaat en gepaardgaande risiko’s voortduur. Landbounavorsing is ’n uiteenlopende veld – wat wissel van leidende navorsingswerk tot hoëpresisietegnologieë.

Die voorspelling is dat klimaatsverandering ’n algemeen nadelige uitwerking op die landbousektor in die Wes-Kaap en op ’n wye reeks aktiwiteite in die waardeketting sal hê. Hierdie nadelige impakte word vir die produksie van belangrike graangewasse, hoëwaarde-uitvoerlandbouproduksie (soos wyn en vrugte) en intensiewe veeteeltpraktyke in die vooruitsig gestel. Die onlangse ongunstige klimaatsgebeure getuig hiervan. Die veranderende klimaat het oor die afgelope jare gelei tot verskuiwings in patrone van landbouplae en -siektes, soos gedemonstreer deur die sprinkaanswerms wat vir die eerste keer in die Wes-Kaap voorgekom het. Verskeie ander plae en siektes het ’n ernstige impak op marktoegang tot internasionale markte.

Daar was ’n toenemende vraag na navorsing en tegnologie-ontwikkelingsdienste om boere by te staan om hul produksie teen ’n stel klimaats- en verwante uitdagings vol te hou.

Die fokus op bewaringslandbou, gegrond op die drie pilare van minimum grondversteuring, permanente grondbedekking en wisselbou, is besig om aansienlike belangstelling onder graan- en kanolaprodusente te lok. Produsente is onder geweldige druk ná voorheen ongehoorde stygings in die prys van insette soos saad, kunsmis en diesel. Toenemende navorsing word gedoen oor die toevoeging van vee by voorheen gewas-dominante produksiestelsels. Die diversifikasie op plaasvlak sal aansienlik daartoe bydra om plaasinkomste te stabiliseer as ’n vorm van sowel aanpassing (geskikte gewasse en veetipes) as versagting deur die herstel van grondgehalte en ander boerderypraktyke soos skadunette en die bekendstelling van presisielandbou, waar slegs dít wat nodig is om ’n goeie opbrengs te verseker, gedoen of toegepas word.

Die SmartAgri-plan sal die padkaart na veerkragtigheid in die landbousektor in die Wes-Kaap bly en planne sal met gefokusde en uitkomsgebaseerde inisiatiewe versnel word. Vennootskapsooreenkomste sal die provinsie en die departement in staat stel om ook geleenthede vir internasionale befondsing te ondersoek.

Goeie genetiese veemateriaal aan klein beesboere in die vorm van stoetbulle sal steeds beskikbaar gestel word. Hierdie projek, ’n samewerking tussen navorsing, voorligting en veeartsenykundige dienste, het reeds die positiewe impak aangedui wat hierdie bulle op die kwaliteit en kwantiteit van vleisbeeste in kleinboere se besit het. Die jaarlikse volstruisveiling stel volstruise met teelwaardes vir belangrike produksie-eienskappe aan die bedryf beskikbaar, met navorsing wat gefokus word op aspekte van belang in die volstruismark, soos die gehalte van leer, vere en vleisprodukte. Hierdie navorsingspogings

steun die volhoubaarheid van hierdie kommoditeite en dra by tot die skepping en behoud van werksgeleenthede in die landbousektor.

Navorsingsprojekte en ruimtelike intelligensie-instrumente het produsente en belanghebbendes gehelp om hulpbronbeperkings of -geleenthede te identifiseer, terwyl steun vir ruimtelike ontleding (kaarte en ander hulpmiddels, soos CapeFarmMapper 3 en CAMIS, om ’n paar te noem) van onskatbare waarde vir voorligtingsbeamptes was. Bowendien is kundigheid in ruimtelike intelligensie op ’n transversale wyse aangewend om provinsiale doelwitte en doelstellings te steun. Die GIS-kundiges het die uitdagings van die ‘aanlyn era’ aanvaar deur die ontwikkeling van ’n paar webgebaseerde instrumente (Sentinel en die weerportaal) om inligting kosteloos aan ’n wye reeks belanghebbendes beskikbaar te stel, insluitend ander provinsiale departemente en plaaslike regerings. Dit was bo en behalwe die omvang en toepassing van ons eie landboudatastelle en het transversale programmering- en infrastruktuursteun vir WKR-inisiatiewe verskaf, en het die waardeproposisie van ruimtelike data vir die provinsie geoptimeer.

Die departement het begin met ’n proses om ’n Afstandsoperateur-komitee (AOK) in te stel om ’n Afstandsoperateur-sertifikaat te bekom wat die departement in staat stel om afstandbeheerde voertuie (bv. hommeltuie en swewers) te benut vir data-insameling en ander gebruike soos die toepassing van kunsmis en plaagdoders tydens navorsingsproewe. Die gebruik van ’n wye verskeidenheid sensors en kameras in navorsing neem data-insameling en die gevolglike resultate na ’n ander vlak van akkuraatheid wat tot voordeel van die bedryf in die provinsie is. Die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid (BLO) het laat in 2023 ’n Sertifikaat in Onbemande Lugvaartuigbedryfstelsels (UASOC) aan die WKDvL toegeken. Dit posisioneer die departement ongetwyfeld as ’n leier in die benutting van onbemande lugvaartuie vir transformerende tegnologiese praktyke in die landbousektor.

Die behoefte aan ’n meer geïntegreerde benadering tot dienslewering in die departement het opnuut aandag geniet, aangesien kliënte ’n naatlose diensleweringsportefeulje vereis. Die meer gereelde monitering en evaluering van ons dienste het belyning met kliënte se behoeftes op die gebied van “nie besigheid soos gewoonlik nie en veerkragtigheid teen klimaatsverandering” verseker. Beter integrasie tussen wetenskaplikes, voorligters, dosente en ekonome is gesteun en die konsep van aksienavorsing is versterk om navorsingsinligting oor te dra, selfs op ’n virtuele manier.

Die LED-program kon deur middel van ekonomiese navorsing en gevestigde databasisse daarin slaag om relevante en betroubare ekonomiese intelligensie te verskaf om beplanning en deeglike besluitneming op plaas- en beleidsvlak in te lig. Verskeie ekonomiese verslae en/of studies is gevolglik gelewer. ’n Sterk fokus op marktoegang, veral markontwikkeling en -inligting, was ’n poging om entrepreneuriese ontwikkeling te bewerkstellig om te verseker dat besighede poog om optimale produksie vir sterker mededingendheid van die landbou- en agribesigheidsektor te behaal. Die LED-program het ’n sterk veldtog geloods om bewustheid oor agriverwerking te verhoog. Verskeie mense is opgelei en van hulle het nuwe besighede in agriverwerking begin terwyl ander diversifiseer het. Die LED-program het sedert 2020 meer as R100 miljoen gefasiliteer om die kapasiteit van agriverwerking te verhoog. Verskeie uitsette om finansiële besluite in te lig, is gelewer en steun vir besigheidsbestuur is aan ondernemings verskaf om beter bestuur en verbeterde bestuurstelsels te verseker.

Die Landbou-onderwys en -opleidingsprogram het op ’n baie belangrike wyse tot mensekapitaal en vaardigheidsontwikkeling in die landbousektor bygedra. Altesaam 3 465 landboudeelnemers het by vaardigheidsopleiding baat gevind. 612 studente het vir verskeie programme in LOO geregistreer en 187 studente het in Desember 2023 gegradueer.

Die hoë aanvraag vir opleiding in die landbousektor en die bykomende opleidingsbehoeftes van die Landbou-produsentesteun en -ontwikkelingsprogram het tot ’n oorprestasie van deelnemers aan kort kursusse in vaardigheids-ontwikkeling gelei.

Die Landelike Ontwikkelingsprogram het voortgegaan met sy landelike ontwikkelingsingrypings en -inisiatiewe in die provinsie. 32 SKK-interaksies is gekoördineer om die sosio-ekonomiese toestande van landelike en agriwerker-gemeenskappe te verbeter. Die program het ook 10 bewusmaking- en inligtingsessies in die distrikte aangebied om aandag

te skenk aan werkloosheid onder landelike jeug, kapasiteitsbou en geleenthede vir verbeterde lewensbestaan.

Die program het gehelp met 525 verwysings na verskillende regeringsdepartemente om agriwerkers en hul gesinslede te help om toegang tot spesifieke regeringsdienste te verkry. Die WKPAT-interaksies is in die verskillende streke gehou om agriwerkers te vereer en te vier vir hul belangrike bydrae tot die landbousektor in die provinsie.

Ses IMK- en Tegniese Komitee oor Landelike Veiligheid-interaksies is gefasiliteer om ’n algehele beskermde en veilige landbou-omgewing te verseker. Bewusmakingsessies oor padveiligheid is in samewerking met die Departement van Mobiliteit gehou. Daar was deurlopende interaksies met landboubelanghebbendes oor die veilige en waardige vervoer van agriwerkers, met beklemtoning van beste praktyke. Die monitering van landelike veiligheidsvoorvalle is deur middel van die Moniteringsoorsigskerm vir Landelike Veiligheid in die landbou-omgewing gerapporteer. Aan die einde van 2023/24 was altesaam 84 landelike veiligheidsvoorvalle sedert die ontstaan van die diens op die moniteringsoorsigskerm aangeteken. Die Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid se Hofwag-inligtingseenheid verskaf kwartaallikse opdaterings oor vordering met hierdie gevalle. ’n Riglyn vir die indiensneming van buitelandse burgers in Suid-Afrika is ontwikkel en versprei volgens die behoeftes wat in die sektor geïdentifiseer is, en om te dien as een van die instrumente teen die potensiële veiligheidsrisiko verbonde aan die indiensneming van ongedokumenteerde buitelandse burgers.

# 4. INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

## 4.1 Program 1: Administrasie

Die doel van Program 1: Administrasie is om beleidsvoorskrifte en -prioriteite te bestuur en te formuleer, en om te verseker dat ’n toepaslike steundiens met betrekking tot finansies, personeel, inligting, kommunikasie en verkryging aan alle ander programme gelewer word.

Die doel per subprogram is soos volg:

Kantoor van die LUR: Om prioriteite te stel en politieke voorskrifte te bepaal om in die behoeftes van kliënte te voorsien (vir die doeltreffende bestuur van die LUR se kantoor).

Senior Bestuur: Om beleide en prioriteite om te skakel in strategieë vir doeltreffende dienslewering en om prestasie te bestuur, te monitor en te beheer.

Korporatiewe Dienste: Om die verskaffing van bedryfsteundienste aan die departement te verseker – insluitend infrastruktuursteundienste soos instandhouding en verblyfbestuur, daaglikse kantoorondersteuning, beroepsgesondheid- en sekuriteitsdienste, argief- en elektroniese inhoudbestuursdienste, programsteundienste, en die bestuur van alle eksterne programme t.o.v. die ontwikkeling van menslike kapitaal.

Finansiële Bestuur: Om doeltreffende steundienste (insluitend monitering en beheer) t.o.v. die begroting, finansiële rekeningkunde, roerende bates, motorvlootdiens, voorsiening en verkryging, en toesig oor inligtingstegnologie te verskaf.

Kommunikasiedienste: Om deur middel van geskrewe, mondelikse, visuele en elektroniese media op interne en eksterne kommunikasie van die departement te fokus, asook die bemarking en reklame van die departementele diens.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Die rol van Program 1 is om die gepaste ondersteunende omgewing vir die res van die departement te verskaf om tot die beleide van al drie regeringsfere by te dra. 'n Deurlopende departementele evalueringsplan is om hierdie rede ontwikkel en geïmplementeer, en die uitkoms daarvan vorm die grondslag van die departement se teorie van verandering en strategiese beplanningsproses vir die volgende vyf jaar.

Besonderhede oor die prioritisering van vroue, die jeug en mense met gestremdhede word per program gerapporteer

| Subprogram 1.2: Senior Bestuur | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë | Verbeterde koördinasie tussen regeringsfere | P.1.2.1 Getal interaksies met plaaslike regering waaraan die departement deelgeneem het | 2 | 2 | 2 | 2 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Doeltreffende en effektiewe dienste | P.1.2.2 Getal evaluerings voltooi | 2 | 2 | 2 | 3 | 1 | 'n Bykomende evaluering was nodig om die bewysstukke vir die ontwikkeling van die TvA vir WKDvL se 5-jaar Strategiese Plan aan te vul |

| Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Jaarlikse indiening van die Gebruiker-batebestuursplan (GBBP) om doeltreffende dienslewering te steun deur middel van infrastruktuur en akkommodasie wat goed onderhou is | P.1.3.1 Jaarlikse indiening van die Gebruiker-batebestuursplan (GBBP) | Ja | Ja | Ja | Ja | 0 | N.v.t. |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Internskap-programme: Jongmense van werkplekervaring voorsien | P.1.3.2 Getal interns wat werkplekervaring ontvang | 178 | 173 | 170 | 213 | 43 | Teiken oorskry. Bykomende interns kon binne die begroting geakkommodeer word |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Beursprogramme: Jeug en werknemers wat in die landbou-dissiplines studeer | P.1.3.3 Getal beurse toegeken | 101 | 127 | 85 | 75 | -10 | Begrotings-besnoeiings het tot 'n laer getal nuwe beurse gelei |

| Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Departementele Sakekontinuïteitsplan jaarliks hersien | P.1.3.4 Jaarliks hersien met bygewerkte Sakekontinuïteitsplan | Ja | Ja | Ja | Ja | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Energiebewustheid- en gedragsveranderingsessies vir personeel | P.1.3.5 Getal bewusmaking-sessies gedurende die jaar gehou | 2 | 2 | 2 | 2 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Intensiewe veldtog oor energiegebruik uitgevoer | P.1.3.6 Getal intensiewe veldtogte gehou | 2 | 2 | 2 | 2 | 0 | N.v.t. |

| Subprogram 1.4: Finansiële Bestuur | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Finansiële jaarstate deur die departement teen 31 Mei jaarliks | P.1.4.1 Behaal 'n skoon eksterne ouditmening sonder ander aangeleenthede vir Finansiële Bestuur | Ja | Ja | Ja | Ja | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Finansiële jaarstate deur die departement teen 31 Mei jaarliks | P.1.4.2 Behaal 'n skoon eksterne ouditmening sonder ander aangeleenthede vir Voorsienings-kanaalbestuur | Ja | Ja | Ja | Ja | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Jaarliks opgedateerde Strategiese Risikoregister | P.1.4.3 Jaarlikse opdatering van die Strategiese Risikoregister deur die KEORB | Ja | Ja | Ja | Ja | 0 | N.v.t. |

| Subprogram 1.5: Kommunikasiedienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Publikasies met relevante inligting | P.1.5.1 Getal publikasies gekoördineer | 11 | 11 | 11 | 11 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Geleenthede wat departementele doelwitte bereik | P.1.5.2 Getal geleenthede gekoördineer | 12 | 12 | 12 | 12 | 0 | N.v.t. |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Aangesien Administrasie grotendeels 'n steunprogram is, word doeltreffendheid op ander plekke in die departement weerspieël.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Kantoor van die LUR | 8 484 | 8 484 | - | 8 368 | 8 368 | - |
| Senior Bestuur | 23 781 | 21 968 | 1 813 | 17 894 | 16 908 | 986 |
| Korporatiewe Dienste | 54 870 | 54 058 | 812 | 55 749 | 54 497 | 1 252 |
| Finansiële Bestuur | 50 308 | 49 138 | 1 170 | 46 618 | 45 974 | 644 |
| Kommunikasiedienste | 8 609 | 8 609 | - | 7 343 | 7 343 | - |
| Totaal | 146 052 | 142 257 | 3 795 | 135 972 | 133 090 | 2 882 |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Program 1, Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste het een area van onderprestasie gehad. Tien beurse kon as gevolg van in-jaar-begrotingsbesnoeiings nie toegeken word nie. Maatreëls sal ingestel word om sekerheid met befondsing te kry.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Program 1 het geen gestandaardiseerde aanwysers nie.

## 4.2 Program 2: Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur

Die Program Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur (VHB) lewer 'n steundiens aan alle landbouprodusente in die provinsie, met die klem daarop om volhoubare ontwikkeling en bestuur van landbouhulpbronne te verseker. Pogings om die algehele volhoubaarheid van die landbousektor te verseker, fokus veral op ingrypings op plaasvlak. Klimaatsverandering sal 'n beduidende impak op VHB hê; die vereiste veranderinge en aanpassings in metodes om boere te steun sal hierdie program dwing om innoverend te bly.

Die oogmerk is om dit te bereik deur oplossings en metodologieë vir volhoubare hulpbrongebruik en -bestuur te verskaf deur die lewering van landbouingenieurs- en GrondSorg-dienste, proaktiewe kommunikasie, fasilitering en implementering van projekte, asook tegnologie-oordrag aan ons kliënte en vennote. Die program is ook verantwoordelik vir die implementering en bestuur van ramphulpskemas en voorsien kommentaar en aanbevelings ten opsigte van verandering in landbougrondgebruik.

Die doel van die program is om landbousteundienste aan grondgebruikers te verskaf om die volhoubare ontwikkeling en bestuur van natuurlike landbouhulpbronne te verseker.

Die program is in vier subprogramme gestruktureer, naamlik:

- Landbou-ingenieursdienste
- GrondSorg
- Grondgebruikbestuur
- Ramprisikovermindering

Die doel van die vier subprogramme is soos volg:

Subprogram Landbou-ingenieursdienste
Om steun in ingenieursdienste met betrekking tot besproeiing, meganisasie op die plaas, waardetoevoeging, plaasstrukture en hulpbronbewaringsbestuur volgens bedryfstandaarde te verskaf.

GrondSorg-subprogram
Om die volhoubare gebruik en bestuur van natuurlike landbouhulpbronne te bevorder deur betrokkenheid by gemeenskaps-gebaseerde inisiatiewe wat volhoubaarheid (maatskaplik, ekonomies en die omgewing) steun en tot 'n toename in produktiwiteit, voedselsekerheid, werkskepping en agro-ekosisteme lei.

Subprogram Grondgebruikbestuur
Om deur die toepassing van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (WBLH), Wet op Onderverdeling van Landbougrond (WOL) en die Omheiningswet die bewaring, volhoubare gebruik en bestuur van landbougrond te bevorder.

Subprogram Ramprisikovermindering
Om steundienste oor landboukundige ramprisikovermindering (voorkoming, versagting, paraatheid, reaksie en verligting) aan produsente en ander kliënte te verskaf.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Die Subprogram Landbou-ingenieursdienste het deur 276 ingenieursaktiwiteite steun aan kliënte verskaf met die doel om effektiewe watergebruik te verbeter en om omgewings- en ekonomies volhoubare boerderypraktyke te bevorder.

Die doeltreffende gebruik van water deur sowel kommersiële en kleinhoewe-besproeiingsboere is deur die FruitLook-projek bevorder. FruitLook het tot en met einde-Maart 2024 altesaam 329 aktiewe aanlyn gebruikers gehad. Die totale voetspoorgebied wat geregistreer is vir velde kleiner as 100 ha het 114 361 ha vir die 2023/24-somerbesproeiingseisoen en vorige seisoene beloop.

Die GrondSorg-subprogram se steun het die tekort aan werkgeleenthede help verlig deur ’n arbeidsintensiewe benadering te volg met werkskeppende projekte vir die verwydering van uitheemse plantegroei, oprigting van heinings en beskerming teen die verwering van riviere om. Hierdie projekte het daartoe bygedra dat 1 417 persone gedurende die jaar in diens geneem is. Die verwydering van uitheemse indringerplante skep werkgeleenthede in landelike gebiede en bevorder terselfdertyd die beskikbaarheid en gehalte van water en verminder die risiko van skade aan infrastruktuur tydens hoë riviervloeiing en oorstromings. Die GrondSorg-subprogram het die volgende dienste gedurende die jaar gelewer:

- 31 471 ha landbougrond is gerehabiliteer.
- 1 418 groen poste is geskep.
- 1 119 GrondSorg-dienste is aan boere en vennote gelewer.
- 40 plaasbestuursplanne is saam met kliënte opgestel om volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Die Grondgebruikbestuur-subprogram hanteer aansoeke en versoeke om verandering in grondgebruik en lewer kommentaar aan die beslissende owerhede oor die waargenome impak wat dit op landbougrond en op die volhoubaarheid en lewensvatbaarheid van landbou-aktiwiteite kan hê. Veranderinge in grondgebruik behels onder meer onderverdeling, residensiële ontwikkeling, hernubare-energieprojekte, vergunningsgebruik op plase, mynbou, agri-industriële ontwikkelings, skoonmaak van grond vir landbou-ontwikkelings, bewaringsinisiatiewe, asook toerismeverwante gebruike. Grondgebruik-bestuur het 684 aansoeke wat gedurende die jaar ontvang is, geëvalueer.

Die subprogram Ramprisikovermindering het vier bewusmakingsveldtogte onderneem wat veral op risikovermindering en -versagting gefokus het. Twee opnames is oor die opname van vroeë waarskuwingsinligting uitgevoer. Die subprogram het voortgegaan met rampversagtingsprojekte, die assessering van rampe en steundienste na afloop van rampe, veral met betrekking tot die oorstromings wat die provinsie vroeg in die jaar ervaar het.

Die program het deur middel van bogemelde uitsette aansienlik daartoe bygedra om die departement se uitkoms te bereik om landbouproduksie volhoubaar te verhoog.

Die program streef voortdurend daarna om vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede in sy diensleweringsaanbod te prioritiseer. In die 1 417 groen werksgeleenthede wat deur die program geskep word, is die meeste werkers jeugdiges, maar ongelukkig word minder vroue as mans weens die fisiese aard van die werk aangestel. Regstellende stappe word voortdurend ingestel om vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede in dienslewering te prioritiseer deur kontrakteurs aan te moedig om die geïdentifiseerde groepe in diens te neem.

| Subprogram 2.1: Landbou-ingenieursdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Landbou-infrastruktuur gevestig | T.2.1.1 Getal landbou-infrastrukture gevestig | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Steunaktiwiteite in landbou-ingenieurswese | P.2.1.1 Getal steunaktiwiteite in landbou-ingenieurswese verskaf | 280 | 278 | 300 | 276 | -24 | Aansienlike oorstromings in die eerste kwartaal het daartoe gelei dat hulpbronne herlei is om onderskeidelik die snelstroom- en verifikasie-assesserings van die oorstroming te steun |

| Subprogram 2.2: GrondSorg | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Hektaar landbougrond gerehabiliteer | T.2.2.1 Getal hektaar landbougrond gerehabiliteer | 26 861 | 41 020 | 30 000 | 31 471 | 1 471 | 105% bereiking van teiken is as gevolg van werk wat goed ingehaal is nadat dit deur oorstromings in die eerste kwartaal vertraag is |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Hektaar landerye onder bewaringslandbouprakty ke | T.2.2.2 Getal hektaar landerye onder bewarings-landboupraktyke | 1 954 | 1 036 | 1 000 | 1 002 | 2 | Die totale getal hektaar landerye onder bewaringslandbou was effens hoër as die teiken. Die grootte van landerye kan nie aangepas word om presies by die teiken te pas nie. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Groen poste geskep | T.2.2.3 Getal groen poste geskep | 1 019 | 1 207 | 1 000 | 1 418 | 418 | Die inhaal van werk wat tydens oorstromings in die eerste kwartaal vertraag is, het bykomende personeel vereis |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | GrondSorg-dienste gelewer | P.2.2.1 Getal tegniese dienste gelewer | 1 109 | 1 107 | 1 000 | 1 119 | 119 | 112% prestasie van teiken as gevolg van hoër vraag as wat beplan is |

| Subprogram 2.3: Grondgebruikbestuur | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Agro-ekosisteem-bestuursplanne ontwikkel* | T.2.3.1 Getal agro-ekosisteem-bestuursplanne ontwikkel* | Vrygestel | 1 | 1 | 1 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Plaasbestuurs-planne ontwikkel | T.2.3.2 Getal plaasbestuurs-planne ontwikkel | 45 | 45 | 40 | 40 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Aansoeke en versoeke om grondgebruik te verander waaroor kommentaar gelewer is | P.2.3.1 Getal aansoeke vir onderverdeling en hersonering van landbougrond waaroor kommentaar gelewer is | 686 | 796 | 600 | 684 | 84 | Meer aansoeke is ontvang as wat verwag is. Ekstra moeite om in die vraag te voorsien het danksy hulp van interns gelei tot meer aansoeke waarop kommentaar gelewer is |

| Subprogram 2.4: Ramprisikovermindering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Bewusmaking oor ramprisiko-vermindering uitgevoer | T.2.4.1 Getal bewusmakings-veldtogte oor ramprisiko-vermindering uitgevoer | 4 | 9 | 4 | 4 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Opnames oor opname vir vroeë waarskuwings-inligting uitgevoer | T.2.4.2 Getal opnames oor opname vir vroeë waarskuwingsinligting uitgevoer | 2 | 2 | 2 | 2 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Rampverligting-skemas bestuur | Getal rampverligtingskemas bestuur | 6 | 7 | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

*<u>Koppeling van prestasie aan begrotings</u>*

Die uitgawes en die prestasie van die program is belyn met die begroting wat vir die 2023/24-boekjaar bewillig is.

Die fondse het verseker dat dienste met betrekking tot waterdoeltreffendheid en volhoubare hulpbronpraktyke aan boere en ander belanghebbendes gelewer is. Fondse het ook werksgeleenthede vir die jeug in landelike gebiede verseker. Verder is boere bygestaan met oorstromingskade wat 'n ernstige uitwerking op plaasproduksie en die landbousektor as geheel gehad het.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Landbou-ingenieursdienste | 34 626 | 33 626 | 1 000 | 34 305 | 32 812 | 1 493 |
| GrondSorg | 71 039 | 67 898 | 3 141 | 70 446 | 67 455 | 2 991 |
| Grondgebruikbestuur | 2 017 | 2 017 | - | 2 012 | 2 012 | - |
| Ramprisikovermindering | 23 289 | 23 289 | - | 70 876 | 68 515 | 2 361 |
| Totaal | 130 971 | 126 830 | 4 141 | 177 639 | 170 794 | 6 845 |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Die Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuursprogram (VHB) het op een gebied onderpresteer, naamlik "Getal steunaktiwiteite in landbou-ingenieurswese verskaf", waar werklike prestasie 92% van teiken was. Dit was as gevolg van die uitgebreide oorstromings gedurende die eerste kwartaal, wat hertoewysing van hulpbronne vir dié werk vereis het. Sulke natuurrampe kan nie voorsien of beplan word nie. Die kwartaallikse teikens is wel vir die ander drie kwartale bereik, toe normale toestande geheers het. As sodanig sal die program nie enige spesifieke strategie instel om hierdie gebied van onderprestasie te behandel nie.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Die Program Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur (VHB) het agt gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers, soos in die tabelle hier bo aangedui.

## 4.3 Program 3: Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling

Die doel van Program 3:

- Om deur middel van landbou-ontwikkelingsprogramme steun aan produsente verskaf;
- Aktiveer en steun die transformasie van die landbousektor om aktief tot ekonomiese groei, insluiting, gelykheid en die skepping van behoorlike werk by te dra; en
- Toenemende voedselproduksie deur middel van steun- en ontwikkelingsinisiatiewe vir produsente.

Subprogram 3.1: Produsentesteundienste: Om produsentesteundienste vir volhoubare landbou-ontwikkeling te verskaf, in ooreenstemming met die Nasionale Beleid oor Omvattende Produsentontwikkelingsteun.

Subprogram 3.2: Voorligting- en adviesdienste: Om kennisoordrag en vaardigheidsontwikkeling te bevorder as die grondslag vir billike, produktiewe, mededingende, winsgewende en volhoubare ondernemings in die landbouwaardeketting.

Subprogram 3.3: Voedselsekerheid: Om die implementering van die Nasionale Beleid oor Voedsel- en Voedingsekerheid te steun, advies daaroor te lewer en dit te koördineer.

Subprogram 3.4: Casidra MSB Bpk.: Om die departement met projekimplementering en die bestuur van staatsplase te ondersteun.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Die program het voortgegaan met die implementering van die strategie oor kommoditeitsbenadering vir die kommersialisering van grondhervormingsboere. Die program het met 11 kommoditeitsorganisasies saamgewerk met die doel om die steun wat aan grondhervormingsboere verskaf is, deur die voorsiening van mentorskap en toegang tot markte te bevorder. Altesaam 55 besighede/projekte is soos volg gedurende die jaar gesteun: 7 wyndruiwe, 19 vrugte, insluitend byeprojekte, 2 graan, 9 groente, 12 herkouers, 2 witvleis (varkvleis en pluimvee). Verder is altesaam 31 projekte deur die kommoditeitsbenadering aan mentors gekoppel om toegang tot markte te help fasiliteer, wat van kritieke belang vir die volhoubaarheid van ondernemings is. Die program het ook begin met 'n proses van vaardigheidsouditering om belyning tussen opleidingsingrypings wat gelewer word en vaardigheidsleemtes wat in die gesteunde projekte geïdentifiseer is, te verseker.

Die program maak beduidende vordering in die prioritisering van vroue en jeugdiges. Die uitdaging is om mense met gestremdhede te steun. Die departement sal egter meer proaktief wees om meer doelgerigte bewustheid te skep en uit te reik na relevante instansies; veral deur die inisiatief oor voedselsekerheid.

| Subprogram 3.1: Produsentesteundienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Produksie regoor die landbou-waardeketting | T.3.1.1 Getal produsente wat in die rooivleis-kommoditeit ondersteun is | 9 | 12 | 14 | 14 | 0 | N.v.t. |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Produksie regoor die landbou-waardeketting | T.3.1.2 Getal produsente wat in die graan-kommoditeit ondersteun is | 11 | 2 | 1 | 2 | 1 | Die teiken vir die jaar is oorskry aangesien ’n bykomende projek deur die DPTK goedgekeur is en advies en ondersteuning van die kommoditeitsvennote ontvang is |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Produksie regoor die landbou-waardeketting | T.3.1.3 Getal produsente wat in die sitrus-kommoditeit ondersteun is | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | Geen aansoeke om ondersteuning is gedurende hierdie boekjaar ontvang nie |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Swart kommersiële boere ondersteun | P.3.1.1 Getal swart kommersiële boere ondersteun | 38 | 25 | 17 | 19 | 2 | Die teiken vir die jaar is oorskry aangesien ’n verhoogde getal projekte deur die 50 Bestuurskomitee goedgekeur is en met addisionele steun wat van die kommoditeitsvennote ontvang is |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Assesserings van plase voltooi | Getal assesserings van plase voltooi | 61 | 43 | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 3.2: Voorligting- en adviesdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Boere van advies voorsien | P.3.2.1 Getal boere van advies voorsien | 4 045 | 4 352 | 4 000 | 4 393 | 393 | Die teiken vir die jaar is oorskry aangesien meer boere advies gesoek het oor hoe om die huidige uitdagings met rampe weens klimaatsverandering in die provinsie te hanteer |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Besighede se vaardighede geouditeer | P.3.2.2 Getal landbou-besighede se vaardighede geouditeer | | | | | | Die teiken vir die jaar is oorskry aangesien boere meer vaardigheidsoudits versoek het om relevante opleiding te ontvang |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Boeredae gehou | P.3.2.3 Getal boeredae gehou | 33 | 32 | 24 | 26 | 2 | Die teiken vir die jaar is oorskry as gevolg van verskeie befondsing-instellings, insluitend die munisipaliteite, wat landelike gemeenskappe nou met inisiatiewe oor voedselsekerheid steun en ingrypings oor vaardighede- en kennisoordrag van die departement versoek |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Projekte deur mentorskap ondersteun | Getal projekte met mentorskap gesteun | 35 | 37 | Aanwyser is gestaak | | | N.v.t. |
| | | Getal landbou-demonstrasies gefasiliteer | 77 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | | | N.v.t. |

| Subprogram 3.3: Voedselsekerheid | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Kleinboere gesteun | T.3.3.1 Getal kleinboere gesteun | 43 | 31 | 33 | 41 | 8 | Die teiken vir die jaar is oorskry aangesien 'n hoër getal projekte goedgekeur is op die advies van en met steun van kommoditeitsvennote. |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Bestaansboere gesteun | T.3.3.2 Getal bestaansboere gesteun | 142 | 201 | 65 | 142 | 77 | Die teiken vir die jaar is oorskry as gevolg van die toenemende vraag na steun met voedselsekerheid deur sosiale vennote, meer projekte wat oorweeg is weens privaat steun vir ons inisiatiewe |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Gemeenskaps-voedsel-projekte gesteun | P.3.3.1 Getal skool-voedseltuine gesteun | 26 | 33 | 20 | 24 | 4 | Die teiken vir die jaar is oorskry as gevolg van die hoër vraag na steun met voedselsekerheid, meer projekte is oorweeg as gevolg van privaat steun vir hierdie inisiatiewe. |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Skool-voedseltuine gesteun | P.3.3.2 Getal sessies vir bevordering van en bewusmaking oor voedseltuine | 2 | 4 | 4 | 6 | 2 | As gevolg van die toenemende vraag na steun met voedselsekerheid, is meer geleenthede gehou om bewustheid oor huishoudings se voedselprodukte te skep |

| Subprogram 3.3: Voedselsekerheid | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde voedselsekerheid en -veiligheid | Bewusmakingsveldtogte oor voedselsekerheid gehou | P.3.3.3 Getal huishoudings met landbou-inisiatiewe oor voedselproduksie gesteun | 2 612 | 3 992 | 3 000 | 3 930 | 930 | Die teiken vir die jaar is oorskry as gevolg van die toenemende vraag na steun met voedselsekerheid deur sosiale vennote, meer kleiner projekte is binne die beskikbare begroting oorweeg |
| | | Getal gemeenskapsvoedselsekerheidsprojekte gesteun | 142 | Aanwyser gestaak | Aanwyser gestaak | | | N.v.t. |

| Subprogram 3.4: Casidra MSB Bpk. | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Landbouprojekte binne kommoditeitstrukture gefasiliteer | Getal landbouprojekte binne kommoditeitstrukture gefasiliteer | 39 | 27 | 26 | 33 | 7 | Die teiken vir die jaar is oorskry as gevolg van die toenemende vraag na steun met voedselsekerheid deur sosiale vennote, meer kleiner projekte is binne die beskikbare begroting oorweeg. Kennis moet ook geneem word dat toe die JPP vir 2023/24 opgestel is, al die inligting om die aanwyser in te lig nie beskikbaar was nie. |

| Subprogram 3.4: Casidra MSB Bpk. | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Bestuur van die provinsiale staatsplase | P.3.4.2<br>Die daaglikse bestuur van die provinsiale staatsplase met die doel om gelyk te breek | 2 | 2 | 2 | 2 | 0 | N.v.t. |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Die program se prestasie was in lyn met begrote finansiële hulpbronne en 'n sterk aanduiding van dienslewering aan die landbousektor in die Wes-Kaap. Fondse is ook gebruik om tot die stryd teen hongersnood in die Wes-Kaap by te dra. Gegewe die aansienlike behoeftes ten opsigte van armoede en voedselonsekerheid, het die departement gepoog om meer met minder te doen en ons vennootskapreëlings te versterk.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Produsentesteundienste | 216 155 | 216 155 | - | 220 260 | 220 260 | - |
| Voorligting- en Adviesdienste | 31 615 | 31 615 | - | 30 303 | 30 303 | - |
| Voedselsekerheid | 13 715 | 13 715 | - | 20 221 | 20 221 | - |
| Casidra MSB Bpk. | 27 584 | 27 584 | - | 32 548 | 32 548 | - |
| Totaal | 289 069 | 289 069 | - | 303 332 | 303 332 | - |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Proaktiewe beplanning in konsultasie met bedryf- en kommoditeitsvennote en boere om te verseker dat die boerdery-ondernemings wat deur die verskillende KTKP's waardeer word, wel die uitdagings ten opsigte van boerdery kan hanteer.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Program 3 het vier gestandaardiseerde en niegestandaardiseerde uitsetaanwysers.

## 4.4 Program 4: Veeartsenykundige Dienste

Die doel van die program is om veeartsenykundige dienste aan kliënte te bied om die volgende te verseker: gesonde diere, volhoubare en winsgewende diereproduksie-ondernemings, veilige handel in diere en produkte van dierlike oorsprong, en die welstand van diere en die publiek.

Die program voer sy mandaat deur vyf subprogramme uit:

- Dieregesondheid
- Veeartsenykundige Internasionale Handelfasilitering
- Veeartsenykundige Openbare Gesondheid
- Veeartsenykundige Diagnostiese Dienste
- Veeartsenykundige Tegniese Steundienste

Die doel van die subprogramme is soos volg:

Dieregesondheid: Om dieregesondheidsdienste te fasiliteer en te verskaf om die diere en die publiek teen geïdentifiseerde soönotiese siektes van ekonomiese belang te beskerm; primêre dieregesondheid en -welstandsprogramme/ -projekte te bevorder wat lei tot 'n gunstige soö-sanitêre status wat verbruikers se vertroue in produkte van dierlike oorsprong handhaaf, en wat die uitvoer van diere en produkte van dierlike oorsprong in staat stel.

Veeartsenykundige Internasionale Handelfasilitering: Om die invoer en uitvoer van diere, produkte van dierlike oorsprong en verwante produkte deur sertifisering en gesondheidstatus te fasiliteer.

Veeartsenykundige openbare gesondheid: Om die veiligheid van vleis en vleisprodukte te bevorder.

Veeartsenykundige Diagnostiese Dienste: Om veeartsenykundige diagnostiek en ondersoekdienste te verskaf wat dieregesondheid en -produksie steun en bevorder ten einde veilige voedsel te voorsien.

Veeartsenykundige Tegniese Steundienste: Om 'n veeartsenykundige hulpsteundiens te verskaf wat die welstand van diere, diere-identifisering en adviesdienste bevorder.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Een van die subprogramme in die Veeartsenykundige Dienste-program, Dieregesondheid, is verantwoordelik vir die waarneming en monitering van soönotiese siektes en siektes van ekonomiese belang. Die uitbrekings van voëlgriep met 'n hoë patogenisiteit, hondsdolheid en bek-en-klouseer het gelei tot 'n toename in die getal besoeke aan die plase vir waarneming en monitering, en inenting van troeteldiere teen hondsdolheid. Dit het daartoe gelei dat die provinsie steeds deur uitvoerders as 'n uitvoerprovinsie beskou is. Dienste wat deur Dieregesondheid gelewer word, is 'n openbare diens en daar is dus beperkte prioritisering van reaksie en lewering. Die subprogram het voortgegaan om die aangewese groepe by te staan en om veeboere te ondersteun met inentings, kliniese dienste en die monitering van siektes.

Andersyds het Veeartsenykundige Openbare Gesondheid sy belangrike rol vervul om vleisveiligheid by al die slagpale in die provinsie te monitor en, waar nodig, wetlike nakoming af te dwing om die gesondheid en veiligheid van verbruikers, veral die kwesbare groepe van die bevolking, naamlik bejaardes, jeugdiges en immuunonderdrukte individue, te verseker.

As gevolg van die laboratorium se opknappingsprojek is geen toetsing gedurende hierdie tyd gedoen nie, aangesien die laboratorium gesluit was. Alle kritiese en relevante toetse is na privaat laboratoriums uitgekontrakteer.

| Subprogram 4.1: Dieregesondheid | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Gesonde en produktiewe diere | T.4.1.1<br>Getal besoeke aan epidemiologiese eenhede vir veeartsenykundige ingrypings | 13 718 | 12 628 | 8 500 | 12 262 | 3 762 | 'n Hoër vraag na plaasbesoeke en opvolgwerk oor uitbrekings van beheerde dieresiektes vir waarneming en epidemiologiese ondersoeke |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Gesonde en produktiewe diere | T.4.1.2<br>Getal monsters ingesamel vir waarneming oor geteikende dieresiektes | 36 160 | 35 014 | 15 000 | 52 415 | 37 415 | Ons het, benewens die insameling van monsters vir geteikende waarneming van dieresiektes, die waarneming verhoog op en om plase wat volstruisvleis uitvoer weens die toenemende bedreiging van 'n nuwe stam van voëlgriep in die land |
| Verbeterde voedselsekerheid en -veiligheid | Gesonde diere en veilige gemeenskappe | P.4.1.1<br>Getal katte en honde teen hondsdolheid ingeënt | 139 580 | 139 383 | 75 000 | 127 971 | 52 971 | Meer bewusmaking oor inenting teen hondsdolheid is voortgesit om 'n hoër hondbevolking wat immuun is teen hondsdolheid in die Wes-Kaap te bereik |

| Subprogram 4.1: Dieregesondheid | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Gesonde en produktiewe diere | Getal vee met die intradermale toets vir beestuberkulose getoets | 81 973 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | | | N.v.t. |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Gesonde diere en voorkoming van soönose | Getal beeste se serum getoets en serologies vir brucellose getoets | 100 490 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | | | N.v.t. |

| Subprogram 4.2: Veeartsenykundige Internasionale Handelfasilitering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Maak dit moontlik vir produkte om toegang tot markte met 'n hoë waarde te kry | T.4.2.1<br>Getal veeartsenykundige sertifikate vir uitvoer-fasilitering uitgereik | 15 432 | 15 784 | 12 000 | 15 203 | 3 203 | Verhoging in vraag en verbetering van stelsels |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Voedingsryke en veilige produkte vir menslike verbruik | P.4.2.1<br>Getal oudits by uitvoerondernemings uitgevoer | 148 | 168 | 130 | 173 | 43 | Daar was 'n hoër aanvraag |
| | | Getal kliënte gediens vir diere- en diere-uitvoerbeheer | 226 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | | | N.v.t. |

| Subprogram 4.3: Veeartsenykundige Openbare Gesondheid | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Om die veiligheid van vleis en vleisprodukte te bevorder | Laer vlak risiko's wat met voedsel verband hou | T.4.3.1 Getal inspeksies uitgevoer op fasiliteite wat vleis produseer | 637 | 521 | 520 | 580 | 60 | As 'n regulatoriese diens met die taak om toesig te hou oor vleisveiligheid in die provinsie, is dit 'n vraaggedrewe aanwyser. Hoewel die beplande getal slagpale-inspeksies aan die begin van elke jaar geskeduleer kan word, kan nienakoming en gevolglike wetlike ingrypings meer gereelde besoeke aan sekere slagpale noodsaak |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Produksie van veilige en voedingsryke vleis/produkte | P.4.3.1 Gemiddelde persentasie van nakoming van wetgewing oor vleisveiligheid deur alle aktiewe slagpale in die provinsie | 78.41% | 79.74% | 75% | 79.78% | 4.78% | Hierdie aanwyser dui op slagpale-eienaars se nakoming en is dus 'n indirekte maatstaf van afdwinging deur die subprogram: Veeartsenykundige Openbare Gesondheid en kan nie presies bereken word nie |
| | | Getal besoeke uitgevoer by fasiliteite wat vleis produseer | 931 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 4.4: Veeartsenykundige Diagnostiese Dienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Handhawing van SANAS-akkreditasie en internasionale aanvaarding | T.4.4.1 Getal laboratorium-toetse volgens goedgekeurde standaarde uitgevoer | 257 336 | 165 445 | 25 000 | 0 | -25 000 | Laboratorium is vir opknappings gesluit en die heropening is vertraag weens uitdagings met die opknappings |
| Verbeterde voedsel-sekerheid en -veiligheid | Om openbare blootstelling aan onveilige kos te minimeer | P.4.4.1 Totale getal monsters vir Veeartsenykundige Openbare Gesondheid getoets | 405 | 310 | 10 | 0 | -10 | Laboratorium is vir opknappings gesluit en die heropening is vertraag weens uitdagings met die opknappings |
| | | Getal monsters vir kleinboere getoets | 1 896 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| | | Getal monsters vir chemiese oorblyfsels getoets | 0 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| 4.5: Veeartsenykundige Tegniese Steundienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op ’n volhoubare wyse | Gesonde diere en veilige gemeenskappe | T.4.5.1 Getal registrasie-lisensies ingevolge die Wet op die Beskerming van Gedresseerde Diere (WBGD) uitgereik | 192 | 210 | 140 | 265 | 125 | Dit is ’n vraaggedrewe aanwyser en meer maatskappy het begin voldoen aan WBGD-vereistes; meer en ’n onverwagte getal versoeke is dus ontvang en hanteer |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Die program se prestasie was in lyn met begrote finansiële hulpbronne en ’n sterk aanduiding van dienslewering aan die landbousektor in die Wes-Kaap. Fondse is ook gebruik om tot die stryd teen hongersnood in die Wes-Kaap by te dra. Kostedruk het voortgespruit uit personeelkoste wat ’n groot deel van die begroting uitgemaak het, met ’n minimale deel om bedrywighede te dek. Gespesialiseerde en duur personeel is belangrik vir die bereiking van doelwitte. ’n Beduidende getal ingrypings het op siektevoorkoming, -beheer en -bestuur gefokus. ’n Ongekende getal uitbrekings van siektes het bygedra tot uitdagings wat opgevolg moes word.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Dieregesondheid | 61 051 | 61 051 | - | 53 583 | 53 314 | 269 |
| Veeartsenykundige Internasionale Handelfasilitering | 15 577 | 15 577 | - | 13 743 | 13 538 | 205 |
| Veeartsenykundige Openbare Gesondheid | 8 771 | 8 771 | - | 8 209 | 8 188 | 21 |
| Veeartsenykundige Diagnostiese Dienste | 23 622 | 23 622 | - | 27 632 | 25 726 | 1 906 |
| Veeartsenykundige Tegniese Steundienste | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 109 021 | 109 021 | - | 103 167 | 100 766 | 2 401 |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Die program het sy teikens op alle aanwysers oorskry, behalwe vir Subprogram 4.4 wat die gevolg was van die opknappings wat gedurende die verslagtydperk plaasgevind het en die laboratorium wat weens uitdagings later geopen het as wat verwag is.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Die funksies van Veeartsenykundige Dienste is oor die drie regeringsfere versprei. Aktiwiteite is geïmplementeer ingevolge Bylae 4 van die Grondwet: Deel A se bepalings, wat konkurrent loop met die provinsiale en nasionale funksionele gebiede van dierebeheer en -siektes; en verbruikersbeskerming.

## 4.5 Program 5: Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste

Die doel van die program is om deskundige en behoeftegebaseerde navorsing, ontwikkeling en tegnologie-oordrag te verskaf wat 'n impak op ontwikkelingsdoelwitte het.

Die doel van die subprogramme is soos volg:

Landbounavorsing: Om landbouproduksie te verbeter deur die uitvoering, fasilitering en koördinering van navorsing en tegnologie-ontwikkeling oor die middel tot lang termyn.

Tegnologie-oordragdienste: Om inligting wat oor navorsing en tegnologie saamgestel is, aan kliënte, eweknieë en die wetenskaplike gemeenskap te versprei.

Navorsinginfrastruktuursteundienste: Om infrastruktuurfasiliteite vir die lynfunksie te bestuur en te onderhou sodat hulle navorsing- en tegnologie-oordragfunksies kan uitvoer, naamlik navorsingsplase.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Die NTOD-program het beduidende prestasies behaal, soos aangedui in Deel A en Deel B van hierdie verslag en soos uiteengesit in die tabel hieronder.

Die Landbounavorsing-subprogram het deur middel van 82 navorsingsprojekte in veekunde, plantwetenskap, en ruimtelike en tegnologie-ontwikkeling produsentgesentreerde en probleemoplossende navorsing uitgevoer. Nuwe leidende tegnologieë is ontwikkel, wat 'n toename in landbouproduksie, volhoubaarheid en die mededingendheid van ons boere verseker. Belangrike werk is voortgesit met die implementering van die SmartAgri-plan en die aangaan van nasionale en internasionale vennootskappe om ons pogings en befondsing te versterk.

Die subprogram Tegnologie-oordragdienste moet as die afvoerbuis dien om die navorsingsrand in 'n inligtingsrand te omskep. Inligting oor nuwe en aangepaste tegnologie is in die vorm van gebruikersvriendelike

inligtingspakkette verpak vir verspreiding onder ons interne kliënte (voorligtingsbeamptes en dosente) en ons eksterne kliënte en belanghebbendes (die LNR en sy navorsingsinstitute, tersiêre instansies, nywerheid- en kommoditeit-organisasies, agribesighede, tegniese deskundiges en konsultante, interdepartementele netwerke en werkgroepe, boere (alle kategorieë), en die publiek. Die subprogram het al sy teikens bereik en het sommige teikens oorskry, wat 'n aanduiding is van die program se sterk navorsingsbasis en uitkomsgebaseerde fokus, asook die unieke wetenskapsgebaseerde tegniese inligting wat die program aan sy kliënte en belanghebbendes gebied het. Die prestasie op wetenskaplike eweknie-vlak (wetenskaplike publikasies en eweknie-beoordeelde aanbiedings) is verdere bewys van die wetenskaplike status en kundigheid wat ons navorsingspan op nasionale en internasionale vlak ontvang.

Die Navorsinginfrastruktuursteundienste-subprogram het vanaf sewe navorsingsplase infrastruktuur- en navorsingsteun tot die departement/program se navorsingspogings bygedra, asook aan eksterne navorsingsvennote soos die institute van die LNR en tersiêre instellings. Verskeie navorsingsplase het ook ander programme van die departement geakkommodeer deur kantore en fasiliteite beskikbaar te stel.

| Subprogram 5.1: Landbounavorsing | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Voer landbounavorsing en tegnologieontwikkeling uit | T.5.1.1 Getal navorsingsprojekte geïmplementeer om landbouproduksie te verbeter | 100 | 91 | 70 | 82 | 12 | Die hoër getal navorsingsprojekte was in reaksie op bedryfsbehoeftes en die soeke na oplossings, terwyl verskeie projekte van nagraadse studente ook goedgekeur is |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Vermeerder matiging- en aanpassingsopsies teen klimaatsverandering vir boere | P.5.1.1 Getal SmartAgrinuusbriewe gepubliseer | 4 | 4 | 4 | 4 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Voer landbounavorsing en tegnologieontwikkeling uit | Getal navorsingskomiteevergaderings om projekte te evalueer | 4 | 5 | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Voer landbounavorsing en tegnologieontwikkeling uit | Getal WKLNF-vergaderings om navorsing te koördineer | 3 | 3 | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 5.2: Tegnologie-oordragdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | T.5.2.1 Getal wetenskaplike referate gepubliseer | 28 | 25 | 20 | 33 | 13 | Die uitset van wetenskaplike referate was uitstaande as gevolg van die beskikbaarheid van data en mede-outeurskap met nagraadse studente en navorsingsvennote. Die presiese getal is moeilik om te voorspel weens die proses betrokke by wetenskaplike publikasie en die tyd wat nodig is om 'n artikel nasionaal of internasionaal goed te keur. Net gepubliseerde referate word getel, en nie referate wat vir oorweging van publikasie ingedien word nie. |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | T.5.2.2 Getal navorsings-aanbiedings wat by eweknie-beoordeelde gebeure gedoen is | 59 | 73 | 35 | 53 | 18 | Daar was maar aanbiedings as gevolg van die groot getal konferensies wat in 2023/24 en veral in K4 gehou is. Organiseerders bepaal datums van geleenthede, wat buite ons beheer is en nie altyd vooruit beplan kan word nie |

| Subprogram 5.2: Tegnologie-oordragdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | T.5.2.3 Getal navorsings-aanbiedings wat by tegnologie-oordrag-geleenthede gedoen is | 151 | 128 | 80 | 139 | 59 | Oorprestasie is weens die bedryf en ander belanghebbendes se veel hoër vraag na die oordrag van inligting oor verskeie onderwerpe deur ons kundiges. Hierdie aanbiedings was dus vraaggedrewe en kon nie altyd vooruit beplan word nie. |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | T.5.2.4 Getal nuwe tegnologieë vir kleinboere ontwikkel | 2 | 2 | 2 | 2 | 0 | N.v.t. |

| Subprogram 5.2: Tegnologie-oordragdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | P.5.2.1 Getal artikels en radiouitsendings in gewilde media | 134 | 101 | 100 | 133 | 33 | Die teiken is oorskry aangesien die aanwyser gedeeltelik vraaggedrewe is, veral radio-uitsendings waar 'n uitsending gedoen word wanneer 'n gebeurtenis plaasvind of inligting beskikbaar word. Gewilde artikels is geskryf wanneer die jongste inligting beskikbaar geword het en kon nie presies beplan word nie |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | P.5.2.2 Getal inligtings-pakkette ontwikkel | 17 | 22 | 12 | 22 | 10 | Inligtingspakkette is gepubliseer om te reageer op die uitdagings en eise van die bedryf. |

| Subprogram 5.2: Tegnologie-oordragdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | P.5.2.3 Getal geleenthede vir tegnologie-oordrag gereël en aangebied | 13 | 18 | 6 | 14 | 8 | Benewens die beplande geleenthede, is verskeie geleenthede oor die bewaringslandbouprogram op verskillende plekke gereël om toekomstige projekte te bespreek, en twee geleenthede is na die voltooiing van die 2023/24-oorvliegprojek gereël. Verskeie van hierdie geleenthede is op aanvraag van belanghebbendes gereël |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbou-produksie-praktyke vir boere en kliënte | P.5.2.4 Getal webportale in stand gehou | 3 | 3 | 3 | 3 | 0 | N.v.t. |

| Subprogram 5.3: Navorsinginfrastruktuursteundienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Versterk die infrastruktuur-steun op plase aan die navorsingspoging en departementele dienste | T.5.3.1 Getal navorsing-infrastrukture bestuur | 7 | 7 | 7 | 7 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Versterk die infrastruktuur-steun op plase aan die navorsingspoging en departementele dienste | P.5.3.1 Getal tegniese werk-komiteevergaderings op navorsingsplase | 14 | 14 | 14 | 14 | 0 | N.v.t. |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Die uitgawes het 'n goed opgeleide en bekwame wetenskaplike, tegniese en steunkomponent ondersteun. Die steunpersoneel en infrastruktuur op die plaas het die bemagtigende omgewing daargestel vir die wetenskaplike personeel om navorsingsprogramme en -projekte uit te voer. Die wetenskaplike uitsette, tegnologie-oordrag en tegnologie wat geskep is, het die landbousektor direk gesteun in die strewe na verhoogde landbouproduksie, volhoubaarheid, mededingendheid en veerkragtigheid teen klimaatsverandering en sy uitdagings. Die prestasie van die NTOD-program in 2023/24 is 'n goeie aanduiding van die waarde vir geld en fokus op gehaltedienslewering en navorsingsteun van die program en sy personeel om 'n volhoubare landbousektor in die Wes-Kaap te verseker. Bowendien en ten spyte van begrotingsbeperkings wat vererger is deur ongekende toenames in alle landbou-insette, het die program buitengewoon goed gevaar. Dit getuig van die program se veerkragtigheid teen eksterne uitdagings en sy vermoë om sy benadering en bedrywighede aan te pas en/of te wysig om doeltreffendheid en die lewering van uitsette te verseker.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Landbounavorsing | 100 219 | 99 181 | 1 038 | 95 765 | 95 765 | - |
| Tegnologie-oordragdienste | 1 540 | 1 540 | - | 1 608 | 1 608 | - |
| Navorsingsinfrastruktuur-steundienste | 52 320 | 52 320 | - | 48 048 | 48 048 | - |
| Totaal | 154 079 | 153 041 | 1 038 | 145 421 | 145 421 | - |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Die NTOD-program het al sy teikens bereik en het in sewe teikens oorpresteer. Van belang is die oorprestasie in aanwysers wat navorsingsbevindinge aan die kliëntebasis versprei, veral direk aan boere vir hul onmiddellike gebruik tydens beplanning vir die volgende produksiesiklus of vir volhoubaarheid oor die lang termyn. Op wetenskaplike vlak waar eweknie-beoordeling en erkenning deur eweknieë in die onderskeie dissiplines belangrik is, was die prestasie in die getal wetenskaplike publikasies en aanbiedings by eweknie-beoordeelde geleenthede beduidend en teikens is oorskry.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Alle aanwysers word in die Jaarlikse Prestasieplan vasgelê en in die Jaarverslag gerapporteer.

## 4.6 Program 6: Landbou-ekonomiese Dienste

Die doel van die LED-program is om tydige en relevante landbou-ekonomiese dienste te verskaf om billike deelname aan die ekonomie te verseker.

Subprogramme

Die program voer sy mandaat deur drie subprogramme uit:

Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun: Om produksie-ekonomie- en bemarkingsdienste aan agribesighede te verskaf.

Agroverwerkingsteun: Om inisiatiewe vir agroverwerking te fasiliteer ten einde deelname aan die waardeketting te verseker.

Makro-ekonomiese Steun: Om ekonomiese en statistiese inligting oor die prestasie van die landbousektor te verskaf ten einde beplanning en besluitneming in te lig.

Die program dra by tot die volgende uitkomste:

- Toenemende landbouproduksie op ’n volhoubare wyse
- Verbeterde voedselsekerheid en -veiligheid
- Getransformeerde en inklusiewe landbousektor
- Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Ten einde ’n toename in landbouproduksie op ’n volhoubare wyse te verseker, moet die uitvoerposisie van die provinsiale landbousektor ten minste gehandhaaf word, waarde moet in agriverwerking toegevoeg word, primêre landbouproduksie moet toeneem, en die volhoubare gebruik van water en grondhulpbronne moet verseker word. Die departement het ’n aantal inisiatiewe vir markontwikkeling gesteun, sowel plaaslik as in die buiteland, om ’n toename in uitvoere te steun. 116 in besighede het by hierdie inisiatiewe gebaat, benewens dié wat in samewerking met verskeie belanghebbendes gedoen is. Dienste wat daarop gemik is om marktoegang te verbeter, behels onder meer die verskaffing van markintelligensie om beplanning en opname van markgeleenthede deur produsente te fasiliteer. Die LED-program het gevolglik 39 markinligtingverslae en 35 ekonomiese verslae geproduseer. Die program huisves ook ongeveer 172 databasisse, wat dit op die voorpunt plaas om tydige en relevante data te verskaf om besluitneming in die landbousektor te steun. Die LED-program het hieruit 168 landbou-ekonomiese inligtingsreaksies aan kliënte voorsien. 148 aktiwiteite t.o.v. die verspreiding van inligting voortspruitend uit navorsing is uitgevoer. Ander aanvullende aktiwiteite in die LED-program behels onder meer produksie-ekonomiese dienste waardeur 196 produksie-ekonomiese studies gedurende die verslagjaar uitgevoer is. Voorts het 117 kliënte by produksie-ekonomiese advies gebaat. Veertig agribesighede is met inisiatiewe oor argriverwerking gesteun, en 168 deelnemers het hulp met kapasiteitsbou in agriverwerking ontvang. Die program het deur die Agrifutura-projek, in samewerking met die Universiteit Stellenbosch, ook op die ontwikkeling van bykomende vaardighede vir agriverwerking gefokus.

Die LED-program fasiliteer in samewerking met die Bederfbareprodukte-uitvoerbeheerraad (BPUBR) die Nakomingsprogram wat deel uitmaak van die Marktoegangprogram, met die fokus op voedselveiligheid, d.w.s. vir produsente om met globale GLP, SA GLP en plaaslike GLP geakkrediteer te word om veilige voedsel te produseer en marktoegang te verbeter. Die departement het 18 produsente onder hierdie program. Drie projekte is aan die einde van die boekjaar geoudit.

Geteikende ingrypings vir begunstigdes van grondhervorming, soos die Finansiële Rekordhoudingsprogram (FRHP), is uitgevoer om 'n getransformeerde en inklusiewe landbousektor te verseker. Besighede het deur hierdie program omvattende steun met besigheidsnakoming, finansiële rekordhouding en hulp met ontleding ontvang. Uit die 41 agribesighede op die program het 32 finansiële state onderteken en 109 BTW-opgawes en 320 WVF-indienings is gedoen, wat van die hoogtepunte van die program is. Die Produksierekordhoudingsprogramm (PRHP) is intern ontwikkel en regoor alle distrikte by produsente geïmplementeer om hulle vir ondersteuning met nakoming voor te berei. 21 agribesighede is met Agri BSEB-adviesdienste gesteun. Die provinsie het hierdie jaar 'n deurbraak gehad aangesien een van die projekte vir R56 miljoen goedgekeur is.

In 'n poging om innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë te vestig, het die LED-program steun gebied vir die ontwikkeling van koöperasies en ander regsentiteite deur groepe en individue in gemeenskappe te mobiliseer om geleenthede in die landbou- en agribesigheidsektor te benut. 44 ondernemings is gevolglik in staat gestel om toegang tot besigheidsgeleenthede te kry.

| Subprogram 6.1: Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Besighede wat gereed is om toegang tot nuwe markte te kry en te handhaaf | T.6.1.1 Getal agribesighede met bemarkingsdienste gesteun | 81 | 97 | 75 | 116 | 41 | 'n Aantal bewusmakings-werkswinkels oor e-handel is gehou en baie maatskappy is gehelp om toegang te kry |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Besighede oor finansiële beplanning en besigheidsbestuur ingelig | T.6.1.2 Getal kliënte met produksie-ekonomiese dienste gesteun | 93 | 107 | 90 | 117 | 27 | Dit is vraaggedrewe en afkomstig van versoeke vanaf distrikte om projekte met finansiële beplanning en rekordhouding te help |

| Subprogram 6.1: Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Besighede is ingelig en voldoen aan die SEB-wetgewing | T.6.1.3<br>Getal agribesighede wat met adviesdienste oor swart ekonomiese bemagtiging gesteun is | 15 | 21 | 20 | 21 | 1 | Die geringe prestasie is ook gegrond op versoeke wat ontvang is |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Geregistreerde agribesigheid-entiteite | P.6.1.1<br>Getal ondernemings wat in staat gestel is om toegang tot besigheidsgeleenthede te kry | Nuwe aanwyser ingestel | 49 | 35 | 42 | 7 | Die aanvraag is weens finansiële bystand wat deur maatskappy verlang word om aan munisipale vereistes te voldoen |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Besighede wat toegang tot ander steundienste kry om hul volhoubaarheid te verseker | P.6.1.2<br>Getal markinligting-uitsette versprei | 42 | 42 | 34 | 39 | 5 | Dit was as gevolg van versoeke van maatskappye wat aan verskeie markte bekendgestel is, aangesien hulle bygewerkte marknavorsing benodig het |

| Subprogram 6.1: Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Markinligtinguitsette/-verslae versprei en/of gedeel om besluite in te lig en geleenthede te benut | P.6.1.3 Getal aktiwiteite gesteun om Wes-Kaapse landbou en agribesighede te bevorder | 4 | 11 | 9 | 10 | 1 | Dit was die gevolg van nuwe vennootskappe wat gevestig is en dus tot bykomende geleenthede gelei het |
| Toenemende landbouproduksie op 'n volhoubare wyse | Sterker bewustheid en kennis van etiese handelsbeginsels vir beter werksomstandighede en om aan markvereistes te voldoen | P.6.1.4 Getal landbou-ekonomiese studies uitgevoer | 26 | 197 | 105 | 196 | 91 | Daar was baie verwikkelinge, veral inflasie wat beteken het dat 'n aantal begrotings hersien moes word |
| | | Getal nuwe agribesighede as nuwe entiteite geformaliseer | 15 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| | | Getal bestaande geformaliseerde agribesighede gesteun | 16 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| | | Getal deelnemers wat die opleiding in etiese handel bygewoon het | 1 209 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 6.1: Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| | | Getal produsente wat as lede van programme in etiese handel geregistreer is | 3 226 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| | | Getal begrotings geproduseer | 135 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 6.2: Agroverwerkingsteun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende kapasiteit in agriverwerking | T.6.2.1 Getal agribesighede wat met inisiatiewe oor agroverwerking gesteun is | 20 | 46 | 40 | 40 | 0 | N.v.t. |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Toenemende investering | P.6.2.1 Getal deelnemers bygestaan met kapasiteitsbou in inisiatiewe oor agroverwerking | Nuwe aanwyser ingestel | 218 | 160 | 168 | 8 | Twee posbekleërs is na Agriverwerking vir bykomende steun gesekondeer |

| Subprogram 6.2: Agroverwerkingsteun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| | | Waarde van verbonde investering vir groen velde en voorligtings-landbou- en agribesigheid-projekte | R453 590 000 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 6.3: Makroëkonomiese Steun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Ekonomiese verslae saamgestel om strategiese beplanning en besluitneming oor beleid in die landbousektor te steun | T.6.3.1 Getal ekonomiese verslae saamgestel | 42 | 33 | 30 | 35 | 5 | Dit word aangedryf deur baie versoeke, veral van die media, wat daartoe lei dat verslae saamgestel word |
| Toenemende landbou-produksie op 'n volhoubare wyse | Ekonomiese inligtings-response verskaf om beplanning en besluitneming te steun | P.6.3.1 Getal landbou-ekonomiese inligtingsresponse verskaf | 214 | 177 | 150 | 168 | 18 | Baie verspreidings-aktiwiteite as gevolg van aanvraag |

| Subprogram 6.3: Makroëkonomiese Steun | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Toenemende landbou-produksie op ’n volhoubare wyse | Inligting word op ’n gestruktureerde en toeganklike wyse gehou vir beter ontleding en om ingeligte beleidsmakers in die sektor te hê | P.6.3.2 Getal databasisse ingevul | 153 | 159 | 150 | 172 | 22 | Baie navrae wat tot nuwe databasisse gelei het |
| Toenemende landbou-produksie op ’n volhoubare wyse | Aktiwiteite om inligting te versprei vir beter besluitneming op sektor- en beleidsvlak | P.6.3.3 Getal aktiwiteite oor inligtingsverspreiding uitgevoer | 149 | 151 | 120 | 148 | 28 | Die uitsette is grootliks afhanklik van nuwe inligting wat na afloop van veilings verkry is en gedeel moes word terwyl dit nog relevant was |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Die LED-program is gesentraliseer en het dus sy dienste via sy hoofkantoor op Elsenburg gelewer. Dit het druk geplaas op uitgawes ten opsigte van verblyf en vervoer, veral vir subprogram 6.1 en 6.2. Die program het ook ’n aantal ooreenkomste met verskeie instansies. Gevolglik was ’n beduidende deel van die begroting vir oordragbetalings. Aktiwiteite oor markontwikkeling in internasionale markte is van die kostedrywers van die program. Voorts het die uitgawes ’n goed opgeleide arbeidsmag gesteun wat die landbousektor in die rigting van ’n volgehoue groeitrajek kan ondersteun.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun | 29 111 | 29 111 | - | 30 666 | 30 666 | - |
| Agroverwerkingsteun | 1 119 | 1 119 | - | 1 870 | 1 539 | 331 |
| Makroëkonomiese Steun | 7 538 | 7 538 | - | 8 071 | 7 601 | 470 |
| Totaal | 37 768 | 37 768 | - | 40 607 | 39 806 | 801 |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Die LED-program het al sy teikens bereik.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Alle aanwysers word in die Jaarlikse Prestasieplan vasgelê en in die Jaarverslag gerapporteer.

## 4.7 Program 7: Landbou-onderwys en -opleiding

Die doel van hierdie program is om gestruktureerde en beroepsgerigte landbou-onderrig en -opleiding te fasiliteer en te verskaf om 'n kundige, vooruitstrewende en mededingende sektor te vestig.

- Die subprogram Hoër Onderwys en Opleiding (HOO) verskaf en fasiliteer geakkrediteerde beroepsgerigte landboukwalifikasies.
- Die subprogram Landbouvaardighede-ontwikkeling (LVO) verskaf en fasiliteer die formele en nieformele ontwikkeling van landbouvaardighede deur gestruktureerde beroepsgerigte onderwys- en opleidingsprogramme.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Die program het die voorsiening van formele en nieformele kwalifikasies in die HOO- en LVO-subprogramme gefasiliteer. Altesaam 128 HOO-studente en 59 LVO-studente het gegradueer. Van die 612 studente wat vir die 2023- akademiese jaar geregistreer het, was 72% in HOO en 89% in LVO uit die aangewese groep. 27 studente het die geleentheid gehad om na die HOO-band te vorder en 133 beurse is aan studente met finansiële uitdagings toegeken. Dit is ver bo die verwagte prestasie. Kort kursusse in vaardigheidsontwikkeling is aan 3 465 deelnemers aangebied.

Die program bied opleiding met 'n fokus op die jeug in alle boerderygroepe, naamlik kleinboere, bestaansboere en kommersiële boere, en op agriwerkers. Die seleksie van studente wat aan die opleiding deelgeneem het, het vroue ingesluit; van die 612 studente wat geregistreer is, was 39% van die studentebevolking vroulike studente. Beurse is aan 133 studente toegeken, waarvan 49% vroulike studente was. 31% van die 187 gegradueerdes in Desember 2023 was vroulik.

Ten einde te verseker dat opleidingsgeleenthede diversiteit en geslagsdinamika in ons samelewing insluit, het ons die teikens vir die insluiting van vroue, die jeug en persone met gestremdhede verhoog. Die EVL-proses is voortdurend en sal in die 2024/25-boekjaar voortgaan om jongmense of persone met gestremdhede in staat te stel om amptelike erkenning vir hul vaardighede en kennis te kry, ongeag hoe dit verwerf is.

| Subprogram 7.1: Hoër Onderwys en Opleiding | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Bekwame gegradueerdes om die landbousektor te bevorder | T.7.1.1 Getal studente wat met 'n landbou-kwalifikasie gegradueer het | 140 | 112 | 80 | 128 | 48 | Die totale getal gegradueerdes sluit studente in wat gebruik gemaak het van 'n aanvullende eksamen in 2022 of 'n konsessie-eksamen in Januarie 2023 |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Bekwame gegradueerdes om die landbousektor te bevorder | P.7.1.1 Getal beurse toegeken | 158 | 109 | 25 | 133 | 108 | Daar was 'n hoë vraag na befondsing en bykomende fondse is van verskillende bronne af ontvang |
| Getransformeerde en inklusiewe landbousektor | Meer diversiteit in kennis en vaardigheidsontwikkeling aan deelnemers in 'n versterkte landbousektor | P.7.1.2 Bereiking van student-billikheidsteikens (%) | 47% | 61% | 45% | 72% | 27% | Verbeterde werwing-, bemarking- en aansoekbestuursprosesse |

| Subprogram 7.2: Landbouvaardighede-ontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Getrans-formeerde en inklusiewe landbousektor | Toenemende menslike kapitaal om aan 'n verbeterde landbou-ekonomie deel te neem | T.7.2.1 Getal deelnemers opgelei in vaardigheids-ontwikkelings-programme in die sektor | 4 042 | 3 541 | 2 500 | 3 465 | 965 | Daar was 'n hoë vraag na opleidingsingrypings deur die bedryf. |
| Getrans-formeerde en inklusiewe landbousektor | Menslike kapitaal om aan 'n verbeterde landbou-ekonomie deel te neem | P.7.2.1 Getal leerders wat beroepsgerigte programme voltooi | 57 | 65 | 55 | 59 | 4 | Hoër vraag na plasings en die vermoë van LOO om in hierdie vraag te voorsien |
| Getrans-formeerde en inklusiewe landbousektor | Menslike kapitaal om aan 'n verbeterde landbou-ekonomie deel te neem | P.7.2.2 Getal LVO-leerders wat vorder na/ deelneem aan EVL na HOO | 26 | 46 | 15 | 27 | 12 | Meer studente het vir vordering na die Hoër Onderwys- en Opleidingsband gekwalifiseer |
| Getrans-formeerde en inklusiewe landbousektor | Meer diversiteit in kennis en vaardigheids-ontwikkeling aan deelnemers in 'n versterkte landbousektor | P.7.1.2 Bereiking van student-billikheidsteikens (%) | 87% | 87% | 80% | 89% | 9% | Verbeterde werwing-, bemarking- en aansoek-bestuursprosesse |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Die program se begroting is aangewend om deurlopende fasilitering van geakkrediteerde onderwys- en opleidingsprogramme en vaardigheidsopleiding aan deelnemers in die landbousektor te verseker. Lesings, praktiese sessies en toegang tot praktiese fasiliteite is aan sowel die HOO- as die LVO-program verskaf. 'n Assessering is ook uitgevoer om te bepaal of die program aan die behoeftes van die landbousektor voldoen en hoeveel gegradueerdes van verskillende programme in die landbou werksaam is, asook as hul onderskeie studierigtings. Die versterking van navorsingskapasiteit en die ontwikkeling van personeel deur opleidingsinisiatiewe is in die program se begroting ondersteun.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Hoër Onderwys en Opleiding | 55 201 | 50 065 | 5 136 | 51 969 | 50 892 | 1 077 |
| Landbouvaardighede-ontwikkeling | 11 477 | 11 477 | - | 13 104 | 13 104 | - |
| Totaal | 66 678 | 61 542 | 5 136 | 65 073 | 63 996 | 1 077 |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Geen onderprestasie aangeteken nie.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Die program het die voorsiening van formele en nieformele kwalifikasies in die HOO- en LVO-programme gefasiliteer. Altesaam 187 studente het in HOO en LVO gegradueer, en kort vaardigheidskursusse is aan altesaam 3 465 deelnemers aangebied.

## 4.8 Program 8: Landelike Ontwikkeling

Die doel van die program is om die ontwikkelingsprogramme deur belanghebbendes in landelike gebiede te koördineer. Die doel van elke subprogram is soos volg:

Subprogram 8.1: Koördinering van Landelike Ontwikkeling: Om ontwikkeling in landelike gebiede oor die drie vlakke van regering te inisieer, beplan en monitor ten einde in geïdentifiseerde behoeftes te voorsien.

Subprogram 8.2: Maatskaplike Fasilitering: Om met gemeenskappe te skakel en hulle te steun in prioriteite wat geïdentifiseer is.

Subprogram 8.3: Plaaswerkerontwikkeling: Om die beeld en die sosio-ekonomiese toestande van agriwerkers en hul familielede te verbeter deur die fasilitering van opleiding en ontwikkelingsinisiatiewe ten einde hul lewensgehalte te verbeter.

*Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies*

Die program het voortgegaan met sy ingrypings en inisiatiewe oor landelike ontwikkeling in die provinsie deur die fasilitering van 32 SKK-interaksies om die sosio-ekonomiese toestande van landelike en agriwerkergemeenskappe te verbeter. Ses IMK- en Tegniese Komitee oor Landelike Veiligheid-interaksies is gefasiliteer om 'n algehele beskermde en veilige landbou-omgewing te verseker. Verder is tien bewusmaking- en inligtingsessies in al die distrikte aangebied met die doel om aandag te skenk aan werkloosheid onder landelike jeug, kapasiteitsbou en geleenthede vir verbeterde lewensbestaan.

Daarbenewens het die program 525 verwysings na verskillende regeringsdepartemente gedoen om agriwerkers en hul familielede te help met toegang tot spesifieke regeringsdienste. Die program het die 2023 Jaarlikse Wes-Kaap Prestige Agri-toekennings met sukses aangebied deur die fasilitering van 15 streekkompetisies, een provinsiale beoordeling en een galageleentheid.

| Subprogram 8.1: Koördinering van Landelike Ontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë | Getal vergaderings gefasiliteer | P.8.1.1 Getal Streek-koördinerings-komitee-interaksies (SKK) wat ter bevordering van landelike ontwikkeling gefasiliteer is | 32 | 32 | 32 | 32 | 0 | N.v.t. |
| Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë | Getal provinsiale landelike veiligheid-strukture gesteun | P.8.1.2 Getal Streek-koördinerings-komitee-interaksies gehou | 5 | 6 | 6 | 6 | 0 | N.v.t. |
| | | Getal gestruktureerde interaksies/ vergaderings met veiligheidstrukture in distrikte | 17 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 8.2: Maatskaplike Fasilitering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë | Werkswinkels en opleidingsingrypings | P.8.2.1 Getal sessies vir inligtingsdeling gefasiliteer met relevante belanghebbendes in landelike gebiede | 13 | 10 | 10 | 10 | 0 | N.v.t. |
| | | Getal landelike jeugingrypings gefasiliteer | 10 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| | | Getal berade oor landelike veiligheid aangebied | 1 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

| Subprogram 8.3: Plaaswerkerontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Geouditeerde werklike prestasie 2022/23 | Beplande jaarlikse teiken 2023/24 | Werklike prestasie 2023/24 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2023/24 | Redes vir afwykings |
| Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë | Verslae wat die uitdagings van agriwerker-huishoudings aandui | P.8.3.1<br>Getal begunstigdes deur die verwysingstelsel bygestaan | 440 | 455 | 300 | 525 | 225 | Dit is ’n vraaggedrewe aanwyser op grond van die getal versoeke wat vir bystand ontvang is, en vandaar die oorprestasie |
| Innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë | Getal provinsiale landelike veiligheidstrukture gesteun | P.8.3.2<br>Getal interaksies oor die Wes-Kaapse Prestige Agri-toekennings | 12 | Aanwyser is gestaak | 17 | 17 | 0 | N.v.t. |
| | | Getal interaksies met alle regeringsfere oor die bevindings van die Agriwerker Huishoudelike Sensus | 13 | 12 | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |
| | | Getal opleiding- en ontwikkelingsprojekte gesteun | 2 | Aanwyser is gestaak | Aanwyser is gestaak | - | - | N.v.t. |

*Koppeling van prestasie aan begrotings*

Die bedryfsbegroting vir die boekjaar 2023/24 het vir die implementering van projekte ten opsigte van die volgende voorsiening gemaak: bewusmaking en voorkoming van middelmisbruik, arbeidsregte en -verantwoordelikhede, aanbieding van bewusmaking- en inligtingsessies, aanbieding van die jaarlikse Wes-Kaap Prestige Agri-toekennings, donasies aan organisasies om met maatskaplike opheffingsprojekte te help (Agri's Got Talent), opleiding vir gesondheidsorgwerkers en opvoeding oor die voorkoming van verdrinking en waterveiligheid.

Die begroting het ook voorsiening gemaak vir interaksie met belanghebbendes om landelike en agriwerkergemeenskappe te verbeter, en platforms vir maatskaplike dialoog en landelike veiligheidsingrypings wat gemik is op die verbetering en matiging van landelike veiligheid in die Wes-Kaapse landbousektor.

*Subprogramuitgawes*

| Naam van subprogram | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Koördinering van Landelike Ontwikkeling | 7 970 | 7 970 | - | 7 326 | 7 326 | - |
| Maatskaplike Fasilitering | 1 701 | 1 701 | - | 2 353 | 2 353 | - |
| Plaaswerkerontwikkeling | 10 816 | 10 816 | - | 11 805 | 11 805 | - |
| Totaal | 20 487 | 20 487 | - | 21 484 | 21 484 | - |

*Strategie om gebiede van onderprestasie op te los*

Geen onderprestasie is vir die boekjaar 2023/24 aangeteken nie.

*Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met konkurrente funksies*

Program 8 het nie enige gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers nie.

# 5. OORDRAGBETALINGS

## 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

Die tabel hieronder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2023 tot 31 Maart 2024 gemaak is.

| Naam van openbare entiteit | Sleuteluitsette van die openbare entiteit | Bedrag aan die openbare entiteit oorgedra | Bedrag deur die openbare entiteit bestee | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | |
| Program 3: Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | | | | |
| Casidra: Aandeel-houers-ooreenkoms | Om die funksies en pligte soos vervat in die Aandeelhouers-ooreenkoms vir die boekjaar 2023/24 uit te voer. | 50 775 | 32 034<br>3 000<br>3 000<br>1 810<br><br>1 265<br>5 367 | Casidra se kernbesigheid<br>Amalienstein-plaas<br>Waaikraal-plaas<br>Van die R1,810 miljoen is R1,457 miljoen gebruik om AIMS te steun en R0,353 miljoen is gebruik om die FRH-program, wat steeds voortduur, te steun.<br>Casidra se kernbesigheid<br>R4,061 miljoen gebruik om AIMS te steun. R1,306 miljoen is aan hulpbronne vir voedselsekerheid toegewys. |
| Casidra: Rooivleis-waardeketting | Met die doel om 'n samewerkende verhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaapse Departement van Landbou te vestig. | 6 713 | 3 157 | 12 projekte wat tussen R0,170 miljoen en R1,340 miljoen gewissel het, is gesteun.<br>4 projekte is afgehandel.<br>Implementering duur voort. |
| Casidra: Tafeldruiwe-waardeketting | Met die doel om 'n samewerkende verhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaapse Departement van Landbou te vestig. | 9 000 | 8 522 | 3 projekte ter waarde van ongeveer R3 miljoen elk is gesteun |
| Casidra: Fetsa Tlala | Met die doel om die Fetsa Tlala-projek (voedselsekerheid) te implementeer om huishoudelike voedselsekerheid van kwesbare persone in die Wes-Kaap te beskerm. | 32 862 | 19 121 | 128 projekte wat wissel tussen R0,020 miljoen en R0,180 miljoen is gesteun |

| Naam van openbare entiteit | Sleuteluitsette van die openbare entiteit | Bedrag aan die openbare entiteit oorgedra | Bedrag deur die openbare entiteit bestee | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | |
| Casidra: Groente-waardeketting | Met die doel om 'n samewerkende verhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaapse Departement van Landbou te vestig. | 14 826 | 3 472 | 9 projekte wat tussen R0,100 miljoen en R2,7 miljoen gewissel het, is gesteun. Een projek is afgehandel.<br>Laaste gedeelte van die betaling is op 8 Desember 2023 gemaak.<br>Implementering duur voort. |
| Casidra: Wingerdbou Wynprojek | Met die doel om 'n samewerkende verhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaapse Departement van Landbou te vestig. | 8 450 | 1 296 | 8 projekte wat tussen R0,200 miljoen en R2,880 miljoen gewissel het, is gesteun.<br>Abnormale seisoenale reënval het implementering vertraag. |
| Casidra: Witvleis-waarde-ketting | Met die doel om 'n samewerkende verhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaapse Departement van Landbou te vestig. | 2 562 | 218 | 2 projekte wat tussen R0,150 miljoen en R2,4 miljoen gewissel het, is gesteun.<br>1 projek is afgehandel.<br>Laaste oordrag op 23 Februarie 2024 ontvang.<br>Implementering duur voort. |
| Casidra: Plan vir reaksie op voedsel-sekerheid | Met die doel om die projek oor die Voedselsekerheid-reaksieplan te implementeer om huishoudelike voedsel-sekerheid van kwesbare persone in die Wes-Kaap te verbeter. | 2 000 | 2 000 | 1 projek is gesteun en afgehandel. |
| Casidra: Agriverwerking | Met die doel om agriverwerking te steun. | 9 618 | 5 006 | 10 projekte wat tussen R0,08 miljoen en R2 miljoen gewissel het, is gesteun.<br>6 projekte is afgehandel.<br>Die befondsing het ses besighede en 51 begunstigdes gesteun met verbeterde infrastruktuur en produksie-insette: Die projekte kon produksie en toegang tot nuwe markte uitbrei. |

| Naam van openbare entiteit | Sleuteluitsette van die openbare entiteit | Bedrag aan die openbare entiteit oorgedra | Bedrag deur die openbare entiteit bestee | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | |
| Casidra: Koring-waardeketting | Met die doel om 'n samewerkende verhouding tussen die bedryf en die Wes-Kaapse Departement van Landbou te vestig. | 2 294 | 2 294 | 1 projek is gesteun en afgehandel. |
| Casidra: Eenheid vir Tegniese Bystand | Met die doel om die Eenheid vir Tegniese Bystand te steun. | 5 199 | - | Fondse is op 16 Februarie 2024 oorgedra.<br>Implementering duur voort |
| Casidra: Opleiding | Met die doel om die opleidings-projek vir begunstigdes van die Omvattende Landbou-steunprogram te implementeer | 2 200 | - | Fondse is op 16 Februarie 2024 oorgedra.<br>Implementering duur voort. |
| Casidra: Marktoegang | Vir die doel van markaktiwiteite in die Afrika-mark | 3 500 | - | Fondse is op 16 Februarie 2024 oorgedra.<br>9 aktiwiteite is gesteun om die Wes-Kaapse landbou en agribesighede te bevorder en 85 besighede is gesteun om nuwe markte te handhaaf en toegang daartoe te verkry.<br>R0,097 miljoen is verbind tot geleenthede wat in die 1e kwartaal van 2024/25 plaasvind. |
| Program 6: Landbou-ekonomiese Dienste | | | | |
| Casidra: Agriverwerking | Met die doel om agriverwerking te steun. | 3 500 | - | Befondsing is toegewys aan projekte wat weens 'n tekort aan fondse nie geïmplementeer kon word nie.<br>10 projekte wat tussen R0,08 miljoen en R2 miljoen gewissel het, is gesteun.<br>6 projekte is afgehandel. Die befondsing het 6 besighede en 51 begunstigdes ondersteun. Die projekte kon met verbeterde infrastruktuur en produksie-insette produksie uitbrei en toegang tot nuwe markte kry. |

| Naam van openbare entiteit | Sleuteluitsette van die openbare entiteit | Bedrag aan die openbare entiteit oorgedra | Bedrag deur die openbare entiteit bestee | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | |
| Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Investering en Handel (Wesgro) | Vir die werksaamhede van die eenheid Agribesigheid-investering | 2 000 | 2 000 | Die pogings was om die projekpyplyn te versterk.<br>Gevolglik is daar 33 goeie projekte in die pyplyn. Dit was 'n moeilike jaar om verbonde projekte te realiseer.<br>Gevolglik het die waarde van verbonde investering 'n bedrag van R16 miljoen en 68 poste beloop. |

Casidra MSB Bpk. is die hoofprojekbestuursinstelling van die OLOP en Ilima/Letsema-toelaes vir projekte t.o.v. die volgende kommoditeite:

- Groente
- Herkouers
- Suiwel
- Graan
- Pluimvee
- Volstruis
- Varkboerdery
- Akwakultuur
- Wingerdbou
- Alle ander kommoditeite wat nie deur die Sagtevrugteprodusentetrust bestuur word nie (sien afdeling 5.2 hier onder).

Die vereiste inligting vir die res van die instansies waarna geld oorgedra is, word onder "doel" in die tabel genoem.

Alle oordragte is ingevolge ooreenkomste vir oordragbetalings gemaak, behalwe die bedrag van R50,775 miljoen wat ingevolge die aandeelhouersooreenkoms met Casidra MSB Bpk. betaal is.

Alle oordragte wat aan ooreenkomste vir oordragbetalings gekoppel is, het ook voorskrifte vir verslagdoening, insluitend besteding, vir noukeurige ondersoek deur die departement. In die geval van Casidra word daar maandeliks oor finansies verslag gedoen en 'n kwartaallikse verslag word ingedien, wat vordering oor besteding insluit. In alle ander gevalle sal die ooreenkoms oor oordragbetalings verslagdoening binne die praktiese parameters van daardie spesifieke projek stipuleer.

Die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Investering en Handel (Wesgro) bedryf 'n Agri-investeringstoonbank wat jaarliks deur die departement befonds word. Dit word bedryf as deel van Wesgro se werksaamhede en bevorder investering in landbou in die Wes-Kaap.

In gevalle waar volle besteding nie plaasgevind het nie, word daar verwag dat die fondse voor 31 Maart 2025 ten volle bestee sal wees. Dit kan egter onderworpe wees aan die rampe wat gedurende die oorsigjaar 'n sigbare impak gehad het.

## 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite

Die tabel hieronder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2023 tot 31 Maart 2024 gemaak is

| Naam van oordrag-ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die departement aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Program 2: Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | | | | | | |
| Benede Bergrivier Besproeiings-raad | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 3 000 | 1 614 | Projek eindig 31 Julie 2024. Besteding op skedule. |
| Bergrivier Besproeiings-raad | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 2 950 | 2 450 | Projek eindig 30 Junie 2024. |
| Bergrivier Besproeiings-raad | Besproeiings-raad | Vir die doel van oorstromings- herstel en -matiging in riviere | Ja | 3 500 | - | Rivierekoloog moet nog die metodologie vir voltooiing van die werk afhandel. |
| Bossieveld Besproeiings-raad | Besproeiings-raad | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 1 920 | - | Fondse is op 13 en 28 Maart 2024 oorgedra. Begin van die projek is vertraag deur 'n tekort aan masjinerie wat vir herstel van oorstromingskade gebruik word. |
| Buffelsrivier Besproeiings-raad | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 5 348 | 4 158 | Projek eindig 30 Junie 2024. Besteding op skedule. |
| Sentraal Breërivier Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 1 574 | 1 124 | Projek eindig 30 Junie 2024. |
| Sentraal Breërivier Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 3 500 | - | Fondse is op 6 en 28 Maart 2024 oorgedra. Die bereiking van konsensus onder boere om die werk af te handel, het aanvang vertraag. |

| Naam van oordrag-ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die departement aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Citrusdal Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 1 680 | 1 526 | Projek eindig 30 Junie 2024. Besteding op skedule. |
| Clanwilliam Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 800 | 758 | Projek eindig 30 Junie 2024. Besteding op skedule. |
| Cogmans-kloof Besproeiings-raad | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 650 | 650 | N.v.t. |
| Groenland Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 3 500 | 3 500 | N.v.t. |
| Hexvallei Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 500 | 287 | Projek eindig Junie 2024. Besteding op skedule. |
| Korente-Vetterivier Besproeiings-raad | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 3 300 | 2 500 | Projek eindig 31 Julie 2024. Besteding op skedule. |
| Koue Bokkeveld Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 650 | 334 | Projek eindig 31 Desember 2024. Besteding op skedule. |
| Laer Olifantsrivier Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van die konstruksie van die projek LORWGV: Voorkomende instandhouding van kanaal 2023 | Ja | 6 995 | 6 995 | N.v.t. |

| Naam van oordrag-ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die departement aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Laer Olifantsrivier Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van die herstel en matiging van riviere | Ja | 1 000 | - | Werk is aan die gang. |
| Stompdrift Kamanassie Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 3 300 | 2 200 | Projek eindig 31 Julie 2024. Besteding op skedule. |
| Van Wyksdorp Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 1 200 | 750 | Projek eindig 31 Julie 2024. Besteding op skedule. |
| Vier-en-Twintig Riviere Besproeiings-raad | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 500 | 500 | N.v.t. |
| Wolseley Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 2 290 | 1 785 | Projek eindig 30 Junie 2024. |
| Wolseley Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 920 | 920 | N.v.t. |
| Worcester-Oos Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 290 | 290 | N.v.t. |
| Worcester-Oos Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 920 | 604 | Projek eindig Junie 2024. Besteding op skedule. |

| Naam van oordrag-ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die departement aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Zandrift Water gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 740 | - | Veranderinge aan die TPA en Sakeplan wat geëvalueer word. |
| Zonderend Water-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Met die doel om uitheemse indringer-plante in verskeie opvanggebiede te verwyder | Ja | 2 600 | 2 600 | N.v.t. |
| Zonderend-rivierwater-gebruikers-vereniging | Water-gebruikers-vereniging | Vir die doel van oorstromings-herstel en -matiging in riviere | Ja | 7 000 | - | Fondse is op 13 en 28 Maart 2024 oorgedra. Werk is aan die gang. |
| Program 3: Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | | | | | | |
| Sagtevrugte-produsente-trust | Trust | Met die doel om vrugteboorde vir die vrugtewaardeketting en ander nuwe boere te vestig | Ja | 14 137 | 10 183 | Die oorblywende fondse is tot projekte verbind. Implementering is aan die gang. Totale adminfooi ingesluit. Adminfooi-opvraging deur implementeringsvennoot bepaal deur vordering met implementering. Groot bedrag uitstaande uitgawes weens infrastruktuuritems wat bestel is. Geskatte tye: sal middel-2024 voltooi word. |
| Sagtevrugte-produsente-trust | Trust | Met die doel om swart boere te vestig vir die transformasie van die landbousektor deur die Kommersialiserings-program vir Swart Produsente | Ja | 27 987 | 23 597 | Die oorblywende fondse is tot projekte verbind. Implementering is aan die gang. Totale adminfooi ingesluit. Adminfooi-opvraging deur implementerings-vennoot bepaal deur vordering met implementering. |

| Naam van oordrag-ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die departement aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Fondse is tot projekte verbind. Implementering is aan die gang. Fondse is teen die einde van die boekjaar ontvang. Verwysings-raamwerk vir die 2 300 vir beplanning en verfyning van besighede wat gestig moet word. |
| Program 6: Landbou-ekonomiese Dienste | | | | | | |
| Greencape Sektor-ontwikkelings-agentskap | OSW | Vir die werksaam-hede van die Landbousektor-toonbank (Agri-toonbank) | Ja | 845 | 845 | N.v.t. |
| Suid-Afrikaanse Tafeldruif-bedryf | MSW | Vir die implementering van die China Markontwikkeling-veldtog | Ja | 2 000 | 2 000 | N.v.t. |
| Sustainable Initiative of South Africa | MSW | Vir die implement-tering van die program in etiese handel in die vrugtebedryf om beter nakoming te verseker, veral van die standaarde van etiese handel, om bestaande mark-toegang in Suid-Afrika se hoof-tradisionele markte te handhaaf en om toegang tot nuwe markte te skep | Ja | 1 684 | 301 | Die projek het later begin en moes dus met die boekjaar belyn word. Dit het dus 'n korter implementeringstydperk gehad en daarom was die R301 198 onbestee. |
| Vereniging vir Etiese Handel in Wyn en Landbou-produkte | OSW | Vir die implement-tering van die program in etiese handel | Ja | 1 000 | 763 | Die onbestede bedrag was weens vertraagde fakture vir internasionale normering van WIETA deur SSCI Global. |

| Naam van oordrag-ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die departement aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Wines of South Africa | OSW | Vir wynbevordering in uitgesoekte Afrika-markte en China | Ja | 1 600 | 1 600 | N.v.t. |
| Program 7: Landbou-onderwys en -opleiding | | | | | | |
| Agri-ekspo (Kaap de Goede Hoop Landbou-vereniging) | OSW | Vir die doel van die 2023/24 Jeugskou-projek | Ja | 160 | - | Die Wes-Kaapse Kampioenskappe vir die Jeugskou moes vanaf die oorspronklik beplande datum in Maart 2024 na Junie 2024 geskuif word weens die onbeskikbaarheid van te veel deelnemende skole en die geoormerkte lokaal is slegs in Junie 2024 beskikbaar om hierdie geleentheid in Bredasdorp te fasiliteer. |

Die Sagtevrugteprodusentetrust neem verantwoordelikheid vir die bestuur van projekte in tuinbou – sagtevrugte en sitrus is die belangrikste kommoditeite. Die vereiste inligting vir die res van die instansies waarna geld oorgedra word, word onder "doel" genoem.

Alle oordragte word ingevolge ooreenkomste vir oordragbetalings gemaak.

Alle oordragte wat aan ooreenkomste vir oordragbetalings gekoppel is, het ook voorskrifte vir verslagdoening, insluitend besteding, vir noukeurige ondersoek deur die departement.

In die geval van die Sagtevrugteprodusentetrust word 'n kwartaallikse verslag ook ingedien, wat vordering oor besteding insluit. In alle ander gevalle sal die memorandum van ooreenkoms verslagdoening binne die praktiese parameters van daardie spesifieke projek stipuleer.

Alle ooreenkomste vir oordragbetalings met alle besproeiingsrade en watergebruikersverenigings was ter verbetering van ekologiese infrastruktuur.

In alle gevalle waar volle besteding nie plaasgevind het nie, word daar verwag dat fondse voor 31 Maart 2025 ten volle bestee sal wees. Alle begrote oordragte is betaal.

# 6. VOORWAARDELIKE TOELAES

## 6.1 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse betaal

Geen voorwaardelike toelaes is aan departemente of munisipaliteite betaal nie.

## 6.2 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse ontvang

Die tabelle hieronder toon die voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse wat in die tydperk 1 April 2023 tot 31 Maart 2024 ontvang is.

### Voorwaardelike toelae vir Omvattende Landbousteunprogram:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling | | |
| Doel van die toelae | Om doeltreffende landbousteundienste te verskaf, en om landbou-ontwikkeling te bevorder en fasiliteer deur begunstigdes van grondhervorming, restitusie en herverspreiding te teiken, asook ander swart produsente wat grond privaat bekom het en by plaaslike waardetoevoegende ondernemings of uitvoere betrokke is. Hernu landboukolleges as sentrums van uitnemendheid. | | |
| Verwagte uitsette van die toelae | | | |
| Werklike uitsette behaal | Boere per kategorie gesteun | Kleinboer | 22 |
| | | Kommersieel | 18 |
| | Getal OLOP-begunstigdes wat in boerderymetodes opgelei word | Jeug | 1 125 |
| | | Vroue | 829 |
| | | Gestremdheid | 35 |
| | *Getal poste geskep | | 1 682 |
| | Getal infrastruktuur op en weg van die plaas verskaf en/of herstel | Hektaar besproeiingstelsels | 3 |
| | | Inveldbesproeiing | 8 |
| | | Hooflyne | 4 |
| | | Gewasproduksie: Grondvoorbereiding | 20 |
| | | Gewasproduksie: Vestiging | 8 |
| | | Elektries | 7 |
| | | Boordinfrastruktuur | 1 |
| | | Kilometer omheining | 1 |
| | | Hektaar traliewerk | 4 |
| | | Agro-infrastruktuur | 7 |
| | | Toerusting | 10 |
| | | Implemente | 12 |
| | | Voertuie | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Werklike uitsette behaal (vervolg) | Getal werklose gegradueerdes geplaas | | 108 |
| | Getal OLOP-begunstigdes wat in boerderymetodes opgelei word | Geakkrediteer | 489 |
| | | Niegeakkrediteer | 2 878 |
| | | Totaal | 3 367 |
| | Getal boere met toegang tot markte | | 70 |
| | Getal ondernemings wat SA GLP-gesertifiseer is | Pre-oudit | 2 |
| | | Gesertifiseer | 0 |
| | Getal voorligtingsbeamptes behou | | 20 |
| | **Die departement skep nie poste nie, maar die ondernemings wat gesteun is, skep en handhaaf poste.* | | |
| Bedrag per gewysigde WVI (R'000) | 102 552 (Kollege uitgesluit) | | |
| Bedrag ontvang (R'000) | 102 552 (Kollege uitgesluit) | | |
| Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie | N.v.t. | | |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | 102 552 (Kollege uitgesluit) | | |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. | | |
| Redes vir afwyking van prestasie | N.v.t. | | |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. | | |
| Moniteringsmeganisme van ontvangende departement | Kwartaallikse oorsigvergaderings is deur die DLGLO geskeduleer vir provinsies om oor die prestasie van die toelae verslag te doen.<br>Maandelikse finansiële verslae is op die 15e van elke maand by die oordraende departement ingedien.<br>Kwartaallikse niefinansiële verslae is teen die 20e ná die verslagdoeningskwartaal by die oordraende departement ingedien. | | |

## Voorwaardelike toelae vir Omvattende Landbousteunprogram (Kollegeverbetering):

| | |
|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling |
| Doel van die toelae | Om steun vir infrastruktuur en instandhouding te verskaf om voortdurende leer moontlik te maak. |
| Verwagte uitsette van die toelae | Opgradering en instandhouding van die verskillende boerderyafdelings en sekuriteitstelsels by die kollege. |
| Werklike uitsette behaal | Verkryging van spysenieringstoerusting vir die kombuis van die studente-eetsaal en kantoorinfrastruktuur, insluitend meubels en toerusting. Onderhoud en opgradering van sekuriteit- en toegangsbeheerstelsels. |
| Bedrag per gewysigde WVI (R'000) | 9 651 |
| Bedrag ontvang (R'000) | 9 651 |

| | |
|---|---|
| Redes indien bedrag volgens WVI nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | 5 295 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | Oponthoud met die voltooiing van die Assessering van Fasiliteitstoestande (AFT) van die afdeling Groente en Akkerbou deur die Departement van Infrastruktuur. Tegniese probleme ervaar met die verkryging van 'n bieër vir die verskaffing van grootmaatinfrastruktuur vir die Wingerdrehabilitasieprojek. |
| Redes vir afwyking van prestasie | Oponthoud met die voltooiing van die Assessering van Fasiliteitstoestande (AFT) van die afdeling Groente en Akkerbou deur die Departement van Infrastruktuur. Tegniese probleme ervaar met die verkryging van 'n bieër vir die verskaffing van grootmaatinfrastruktuur vir die Wingerdrehabilitasieprojek. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | Deurlopende skakeling met die Departement van Infrastruktuur. |
| Moniteringsmeganisme van ontvangende departement | Maandelikse vergaderings |

## Voorwaardelike toelae Ilima/Letsema:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling | | |
| Doel van die toelae | Om kwesbare Suid-Afrikaanse boerderygemeenskappe te help om 'n toename in landbouproduksie te behaal en om te investeer in infrastruktuur wat landbouproduksie binne strategies geïdentifiseerde produksiegebiede vir vee, tuinbou en akwakultuur ontsluit. | | |
| Verwagte uitsette van die toelae | Toenemende landbouproduksie van graan, vee, tuinbou en akwakultuur op sowel huishoudelike as provinsiale vlak.<br>Verbeterde huishoudelike en provinsiale voedselsekerheid. Poste geskep.<br>Begunstigdes/boere wat per kategorie deur die toelae gesteun is. | | |
| Werklike uitsette behaal | Toenemende landbouproduksie – ondernemings per kommoditeit | Herkouer | 14 |
| | | Groente en saad | 10 |
| | | Wintergraan | 2 |
| | | Wit vleis | 2 |
| | | Huishoudings | 3 930 |
| | Verbeterde huishoudelike en provinsiale voedselsekerheid – gesteun | Gemeenskap- en skoolprojekte | 166 |
| | | Begunstigdes | 345 |
| | *Poste geskep | | 4 280 |
| | Begunstigdes/boere wat per kategorie deur die toelae gesteun is | Bestaansboere | 4 275 |
| | | Kleinboere | 19 |
| | | Kommersieel | 1 |
| | **Die departement skep nie poste nie, maar die ondernemings wat gesteun is, skep en handhaaf poste.* | | |

| | |
|---|---|
| Bedrag per gewysigde WVI (R’000) | 58 979 |
| Bedrag ontvang (R’000) | 58 979 |
| Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R’000) | 58 979 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. |
| Redes vir afwyking van prestasie | N.v.t. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van ontvangende departement | Kwartaallikse oorsigvergaderings is deur die DLGLO geskeduleer vir provinsies om oor die prestasie van die toelae verslag te doen.<br>Maandelikse finansiële verslae is op die 15e van elke maand by die oordraende departement ingedien.<br>Kwartaallikse niefinansiële verslae is teen die 20e ná die verslagdoeningskwartaal by die oordraende departement ingedien. |

## Voorwaardelike toelae vir GrondSorg:

| | |
|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling |
| Doel van die toelae | Gemeenskapsgebaseerde bestuur van natuurlike hulpbronne. |
| Verwagte uitsette van die toelae | • 30 000 ha landbougrond gerehabiliteer<br>• 1 000 groen poste geskep<br>• 40 plaasbestuursplanne ontwikkel |
| Werklike uitsette behaal | • 31 471 ha landbougrond gerehabiliteer<br>• 1 417 groen poste geskep<br>• 40 plaasbestuursplanne ontwikkel |
| Bedrag per gewysigde WVI (R’000) | 5 300 |
| Bedrag ontvang (R’000) | 5 300 |
| Redes indien bedrag volgens WVI nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R’000) | 5 300 |
| Redes vir onbestede fondse deur die entiteit | N.v.t. |
| Redes vir afwykings van prestasie | Sterker prestasie weens die toevoeging van provinsiale befondsing. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van ontvangende departement | Kwartaallikse monitering met ’n portefeulje van bewys volgens aanwyser. |

Voorwaardelike toelae vir Uitgebreide Openbarewerkeprogram:

| | |
|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur |
| Doel van die toelae | Die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) het ten doel om armoede d.m.v. werkskepping te verminder. |
| Verwagte uitsette van die toelae | 1 000 werkgeleenthede |
| Werklike uitsette behaal | 1 417 werkgeleenthede |
| Bedrag per gewysigde WVI (R'000) | 2 182 |
| Bedrag ontvang (R'000) | 2 182 |
| Redes indien bedrag volgens WVI nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | 2 182 |
| Redes vir onbestede fondse deur die entiteit | N.v.t. |
| Redes vir afwykings van prestasie | Sterker prestasie weens die toevoeging van provinsiale befondsing. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van ontvangende departement | Kwartaallikse monitering met 'n portefeulje van bewys van poste geskep. |

# 7. DONATEURSFONDSE

## 7.1 Donateursfondse ontvang

Geen hulp is van donateurs ontvang nie.

# 8. KAPITAALINVESTERING

## 8.1 Kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuursplan

| Infrastruktuurprojekte | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Nuwe en vervangingsbates | 852 | 852 | - | 2 837 | 2 837 | - |
| Bestaande infrastruktuurbates | - | - | - | - | - | - |
| - Opgraderings en aanbouings | - | - | - | - | - | - |
| - Rehabilitasie, opknapping en herstelwerk | - | - | - | - | - | - |
| - Instandhouding en herstelwerk | - | - | - | - | - | - |
| Infrastruktuuroordrag | - | - | - | - | - | - |
| - Lopend | - | - | - | - | - | - |
| - Kapitaal | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 852 | 852 | - | 2 837 | 2 837 | - |

Die departementele Batebestuursplan is voltooi, aan die begroting gekoppel en geïmplementeer.

Die sestiende Gebruikerbatebestuursplan (GBBP) kragtens GIAMA is voltooi en sal vir die volgende vyf jaar die basis vorm vir die akkommodasie-, instandhouding- en kapitaalbehoeftes van die departement. Die agteruitgang van die infrastruktuur, en riolering en waterhulpbronne by die departement se hoofkantoor by Elsenburg is steeds 'n bron van groot kommer.

'n Algehele moderniseringsprogram is vir die departement se hoofkantoor voorgelê aan en aanvaar deur die Departement van Infrastruktuur (DvI). Die vyfjaar-implementering het in September 2019 met Blok 1A begin. Daar is beoog dat die projek met huidige beplanning vyf jaar sou neem om te voltooi, maar die Departement van Infrastruktuur het aangedui dat die implementering van toekomstige fases van begrotingsbeskikbaarheid sal afhang. Die DvI voltooi tans moderniseringsfase 2 en is besig om fase 3 te beplan, met 'n verwagte konstruksie-aanvangsdatum van Januarie 2025.

Die DvI (Begrotingspos 10) sal oor voltooide bouprojekte verslag doen aangesien die begroting en alle prosesse by daardie departement berus.

Daar is geen planne om enige huidige fasiliteite te sluit of afgradeer nie.

Die departement hou tans nie by sy instandhoudingskedule m.b.t. onroerende bates en infrastruktuur nie, en is heeltemal van die gesentraliseerde provinsiale Departement van Infrastruktuur vir instandhoudingswerk afhanklik. Aangeleenthede oor instandhouding word by die provinsiale hulptoonbank aangemeld en bekommernisse op hoë vlak word by die maandelikse DvI se vergaderings oor akkommodasie behandel.

Bates met ’n kostewaarde van R3,312 miljoen is afgeskryf en as skroot verkoop of is mee weggedoen.

Die departement gebruik volgens voorskrif die regering se verkrygingstelsel (LOGIS) as ’n bateregister. Hierdie stelsel voldoen aan die minimum voorwaardes van baterekordhouding; dit kan egter nie in al die behoeftes van veranderende biologiese bates soos boorde en wingerde voorsien nie. ’n Aparte handmatige bateregister word vir biologiese bates bygehou, met ’n eindsaldo op 31 Maart 2024 van 5,71 hektaar.

’n Maandelikse rekonsiliasie tussen LOGIS en die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BAS) verseker ’n bygewerkte bateregister.

Die toestand van roerende bates wissel tussen baie goed en swak. Daar is staatsmotorhuisvoertuie (sedans, een-tonners busse) wat meestal goed onderhou word, maar die groter vragmotors is reeds verby die normale datum van vervanging. Die trekkers en ander implemente op die navorsingsplase het vergeleke met vorige jare verbeter, met ’n paar nuwe vervangings. Die normale lewensduur van die trekkers is agt jaar. Die departement oorskry steeds dié lewensduur maar dit het op die vorige jaar se gemiddelde verbeter. Die toestand van duur, hoëtegnologietoerusting soos saadplanters, gekombineerde stropers en oesbespuitingstoerusting wissel van gemiddeld tot swak. Sekere toerusting is onherstelbaar, maar vervanging is nie bekostigbaar nie.

Alle groot onderhoudsprojekte op infrastruktuur sal deur die DvI (Begrotingspos 10) gerapporteer word aangesien die begroting en alle prosesse by hulle berus. Geen ander groot kapitaalprojekte is onderneem nie.

Die volledige lys infrastruktuuronderhoud is steeds meer as wat beskikbare befondsing en kapasiteit kan ondersteun, wat ’n groeiende bron van kommer is.

Die onderhoud van ander bate-items is onder beheer. Geen groot kapitaalprojekte is onderneem nie.

# DEEL C | REGERINGSBESTUUR

C:

# 1. INLEIDING

Die departement het ’n goedgekeurde strategiese plan (wat die departement se beleidsprioriteite, programme en projekplanne vir vyf jaar uiteensit), ’n JPP (wat uiteensit hoe die departement van voornemens is om in die komende boekjaar en gedurende die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) sy strategiese plan te implementeer) en ’n JBP (wat onder meer die aktiwiteite en begrotings vir elk van die uitsette en uitsetaanwysers in die JPP uiteensit). Prestasie-aanwysers en teikens word gestel om die departement by te staan met die bereiking van sy doelstellings en doelwitte soos in die JPP en strategiese plan aangedui.

Kwartaallikse prestasieverslae verskaf inligting oor vordering ten opsigte van die departement se JPP, met spesifieke verwysing na die monitering van lewering volgens prestasieteikens. Die voorgenoemde vind plaas in ooreenstemming met Hoofstuk 5 van die Nasionale Tesourie-regulasies en verseker dat finansiële en niefinansiële prestasie-inligting beplanning, begroting, implementeringsbestuur en verslagdoening oor aanspreeklikheid ondersteun. Dit is om deursigtigheid en uitgawebeheer vir die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe gebruik van openbare hulpbronne te bevorder. Die departement is verder verbind tot die handhawing van die hoogste standaarde van etiek en regeringsbestuur wat die grondslag van die bestuur van openbare finansies en hulpbronne vorm.

’n Stelsel van interne oudit wat onder die beheer en leiding van die Ouditkomitee is, is in plek met die Ouditkomitee wat onafhanklike toesig oor regeringsbestuur, risikobestuur en kontroleprosesse in die departement verskaf. Verskeie ander departementele strukture is ook in plek en dra tot die verbetering van regeringsbestuur by. Dit sluit onder meer die volgende in:

- Die Komitee oor Etiek en Ondernemingsrisikobestuur (KEORB)
- Die Sekuriteitkomitee
- Die Gesondheid- en Veiligheidskomitee
- Die Evalueringskomitee
- Verskeie bodkomitees (spesifikasie, evaluering, beoordeling)
- Bestuurskomitee oor Inligtingstegnologie wat toesig ten opsigte van regeringsbestuur in inligtingstegnologie verskaf
- Die Interne Kontrole-eenheid
- ’n Funksie vir die monitering van nakoming binne Voorsieningskanaalbestuur.

# 2. RISIKOBESTUUR

Die departement het die KEORB ingestel om die Rekenpligtige Beampte (RB) behulpsaam te wees met die uitvoering van sy verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur.

## Beleid en strategie oor Ondernemingsrisikobestuur

Die departement het op 3 April 2020 ’n Beleid oor Ondernemingsrisikobestuur (ORB) vir die tydperk 2020/21 – 2024/25 aanvaar. Hierdie beleid gee uiting aan die risikobestuursfilosofie en bepaal op ’n hoë vlak die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers. Dit bied die grondslag vir die risikobestuursproses wat in meer detail in die strategie aangevul word.

Die ORB-strategie en -implementeringsplan bied ’n uiteensetting van hoe die departement te werk sal gaan om die ORB-beleid wat deur die RB aanvaar is, te implementeer. Hierdie ORB-strategie word ingelig deur die Provinsiale Beleid en Strategie oor Ondernemingsrisikobestuur (PBSORB), veral wat die aptytvlakke aanbetref, asook sy eie ORB-beleid en risikoprofiele. Die departement se ORB-strategie en -implementeringsplan is op 18 April 2023 deur die Ouditkomitee aanbeveel en op 20 April 2023 deur die RB goedgekeur.

## KEORB se verantwoordelikheid

Die KEORB rapporteer dat hulle voldoen het aan hul verantwoordelikhede wat voortspruit uit artikel 38(1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Nasionale Tesourie-regulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die KEORB rapporteer verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk aanvaar is (op 3 Mei 2022 deur die KEORB-voorsitter goedgekeur en op 1 Augustus 2023 hersien) en dat sy werksaamhede ter nakoming van hierdie verwysingsraamwerk gereguleer is en alle verantwoordelikhede wat daarin vervat is, nagekom is.

## KEORB-lede

Die KEORB bestaan uit die RB, topbestuur, SBD-lede en gekose lede uit die departement se bestuurspan. Alhoewel die KEORB se verwysingsraamwerk aandui dat vergaderings per kwartaal gehou moet word, d.w.s. vier vergaderings, is die kwartaal 1 2023-2024 KEORB-vergadering wat vir 7 Augustus 2023 geskeduleer was, gekanselleer as gevolg van taxigeweld in die Wes-Kaap. Alle vergaderings is deur lede of hul verteenwoordigers bygewoon. Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor KEORB-lede:

| Lid | Posisie | # bygewoon |
|---|---|---|
| Dr M Sebopetsa | Rekenpligtige Beampte (voorsitter) | 2 |
| Me M van Jaarsveld | Hoof van Ministerie (lidmaatskap het op 9 Junie 2023 geëindig) | 1 |
| Mnr F Huysamer | Hoof- Finansiële Beampte en Risiko-kampvegter (op 31 Desember 2023 afgetree) | 2 |
| Me L Govender | Hoof- Finansiële Beampte (op 24 Januarie 2024 aangestel) | 1 |
| Mnr P Rockman | Hoofdirekteur: Operasionele Steundienste | 3 |
| Dr D Troskie | Direkteur: Sakebeplanning en -strategie | 2 |
| Me M James | Bestuurder: Kommunikasiedienste | 3 |
| Mnr D Jacobs | Adjunk-direkteur-generaal: Landbou-ontwikkeling en -steundienste | 3 |
| | Waarnemende Hoofdirekteur: Landbou-onderwys en -opleiding | 2 |
| Me H Rodkin | Hoofdirekteur: Landbou-onderwys en -opleiding (op 30 Junie 2023 afgetree) | 1 |
| Me A Petersen | Direkteur: Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | 3 |
| Mnr J Aries | Waarnemende Hoofdirekteur: Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | 2 |
| Dr G Msiza | Hoofdirekteur: Veeartsenykundige Dienste | 3 |
| Dr I Trautmann | Adjunk-direkteur-generaal: Landbounavorsing en Reguleringsdienste | 3 |
| | Waarnemende Hoofdirekteur: Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste | 2 |
| Dr C de Brouwer | Waarnemende Hoofdirekteur: Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste (lidmaatskap het op 9 Junie 2023 geëindig) | 1 |
| Me B Matoti | Direkteur: Landbou-ekonomiese Dienste | 2 |
| Me J Pandaram | Hoofdirekteur: Landelike Ontwikkeling | 3 |
| Me A Haq | Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP) | 2 |

C:

| Lid | Posisie | # bygewoon |
|---|---|---|
| Mnr W van Zyl | Bestuurder: Interne Kontrole | 3 |
| Mnr J Jordaan | DvL – Etiekbeampte (lidmaatskap het op 9 Junie 2023 geëindig) | 0 |
| Me A Isaacs-Cloete | DvL – Etiekbeampte | 3 |
| Mnr H Lakey | DvL – Etiekbeampte | 3 |

Die volgende is ’n aanduiding van ander amptenare wat die KEORB-vergaderings gedurende die oorsigjaar bygewoon het:

| Lid | Posisie | # bygewoon |
|---|---|---|
| Mnr Z Omer | Ondernemingsrisikobestuur (DvdP) | 3 |
| Me R Thavar | DvL - Veiligheid en Sekuriteit | 3 |
| Me E de Bruyn | Sentrum vir e-Innovasie (DvdP) | 1 |
| Mnr E Peters | Sentrum vir e-Innovasie (DvdP) | 1 |
| Mnr J Diener | Sentrum vir e-Innovasie (DvdP) | 1 |
| Mnr P Swartbooi | Interne Oudit (DvdP) | 3 |
| Me P Thaba | Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP) | 1 |
| Me B Cebekhulu | Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP) | 3 |
| Mnr CB Pieterse | Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP) | 3 |
| Me I Sinclair | Werknemerbetrekkinge (DvdP) | 1 |
| Mnr S Goldschmidt | Werknemerbetrekkinge (DvdP) | 2 |
| Me L Pike | Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling | 3 |

## Sleutelaktiwiteite van die KEORB

Die RB is die voorsitter van die KEORB en die HFB is die Risiko-kampvegter van die departement. Die KEORB het in die nakoming van sy funksie gedurende die jaar onder meer die volgende sleutelaktiwiteite uitgevoer:

- Die implementering van die departementele ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan (soos goedgekeur op 20 April 2023) is gemonitor.
- Risiko’s in vasgestelde, gegroepeerde kategorieë van aptytreekse is gemonitor en hersien, en toepaslike risikoaptyt en -toleransies volgens die PBSORB wat deur provinsiale topbestuur aanvaar is, is hersien en toegepas.
- Enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel van die departement is aan die RB gerapporteer.
- Die departement se inwonergesentreerde strategiese risiko’s is bevestig.
- Risiko-intelligensie en tendensverslae is ontvang en oorweeg.
- Opkomende risiko’s is geïdentifiseer.
- Risiko’s wat buite die toleransievlakke vir verdere optrede/aandag val, is hersien.
- Die Implementeringsplan vir die Voorkoming van Bedrog en Korrupsie is gemonitor.
- Die doeltreffendheid en versagtende strategieë om die wesenlike, etiese en ekonomiese misdaadrisiko’s te behandel, is geëvalueer.
- Toesig is oor die etiekbestuur in die departement gehou.

## Sleutelrisiko's wat gedurende die jaar oorweeg en behandel is

Die departement werk in die landbousektor wat uiteraard meestal deur die eksterne omgewing geraak/geaffekteer word, soos die weer, grondgesondheid, water, asook veiligheids- en sekuriteitsuitdagings. Die departement ondersoek geleenthede deur middel van 'n positiewe benadering tot dienslewering, met ander woorde deur landbouprodusente minder afhanklik van befondsing te maak en deur aanpasbare landboutegnologie te gebruik. Die sleutelrisiko's wat oorweeg is, is:

1. Onvoldoende hoeveelheid en gehalte van water wat vir landbougebruik beskikbaar is.
2. Uitwerking van klimaatsverandering op die vooruitgang van die departement en die sektor.
3. Verdere agteruitgang van die biologiese vrugbaarheid van grond en die verlies aan produktiewe grond vir landbougebruik.
4. Die onvermoë om die landbousektor te steun in sy pogings om op omgewingsrampe (brande, oorstromings, droogtes, ens.) te reageer.
5. Huishoudelike voedselonsekerheid in die Wes-Kaap.

## Belangrike opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Landbou en aldus die Departement van Landbou werk volgens 'n omgewinglewensiklus wat op die natuur en die natuurwette gegrond is, m.a.w. dit is 'n biologiese stelsel. Bedreigings en geleenthede kan dus seisoenaal en beduidend aan die eksterne omgewing blootgestel wees.

Ontluikende risiko's weerspieël die wisselvalligheid, onsekerheid, kompleksiteit en dubbelsinnigheid in die eksterne en interne omgewing. Dit sluit faktore in soos 'n toename in die frekwensie en intensiteit van rampe, herstel ná rampe, onstabiliteit van die netwerk, in-migrasie, regulatoriese onsekerhede, politieke besluitneming, veiligheid en sekuriteit, ekonomiese onsekerheid en maatskaplike onstabiliteit.

Veranderinge in die departement (interne omgewing) behels onder meer aangeleenthede in verband met personeelomset (insluitend aftrede) op senior vlak, met spesifieke verwysing na die verlies aan institusionele geheue, regulatoriese onsekerhede en die veiligheid en sekuriteit van personeel.

Die departement sal voortgaan om die risiko-landskap te monitor wat deur verandering in die interne én eksterne omgewing teweeggebring word.

## Bestuur van risiko's

Strategiese en programrisiko-assesserings word uitgevoer om die doeltreffendheid van die departement se risikobestuurstrategie te bepaal en om nuwe en opkomende risiko's as gevolg van veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing te identifiseer. Elke program se risiko's is gedurende die jaar beraadslaag en gedebatteer en by die kwartaallikse KEORB-vergaderings aangebied. Daar is van senior bestuurders verwag om terugvoer te gee oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's sal voorkom en/of die impak daarvan, indien dit sou voorkom, te verlaag. Die KEORB het ook risiko's terugverwys na die onderskeie programme wat meer omvattend ontleed moet word, en het bykomende versagtings of aksies aanbeveel om risiko's te bestuur.

Bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels risiko-aangeleenthede op verskeie platforms as deel van sy kultuur in 'n poging om risiko's op 'n samewerkende en innoverende wyse te beperk. Die departement se ORB-beleid en -strategie word jaarliks aan alle amptenare gestuur sodat alle vlakke van personeel op hoogte kan bly van verbeterings wat aangebring is en as 'n manier om risikobestuur regdeur die departement te veranker. Gepasmaakte en generiese bewusmakingsessies oor risiko is ook gehou om elemente van normering te deel sodat risikobestuur in die departement rypheid kan bereik.

Aktiwiteite wat in die implementeringsplan uiteengesit word, word deurlopend gemonitor en periodiek verslag oor gelewer, op dieselfde manier waarop JPP- lewerbare uitsette gemonitor word, om moontlike risiko's en afwykings van aanwysers en die bereiking van uitkomste en nienakoming van wetgewende en beleidsmandate na te spoor.

Die Ouditkomitee: Ekonomiese Kluster het onafhanklike toesig oor die departement se stelsel van risikobestuur uitgevoer. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoregisters om hul onafhanklike toesighoudende rol te steun.

C:

## Slotsom

Die KEORB erken dat daar nie in 'n risikovrye omgewing gewerk word nie en dat die uitoefening van risikobestuur bestuur in staat stel om doeltreffender te funksioneer in omgewings wat vol onsekerheid is. Alhoewel nie alle risiko's uitgeskakel kan word nie, is dit goeie praktyk om te erken dat risikobestuur 'n noodsaaklike instaatsteller is vir die gewenste kultuur van risikobestuur wat die WKR en die departement sal steun in hul pogings om doelwitte te bereik, geleenthede te maksimeer en nadelige gevolge te minimeer. Die komitee erken verder dat die risikobestuursproses steeds 'n mate van verfyning nodig het namate ons risiko-rypheid verhoog, aangesien risikobestuur 'n proses van voortdurende verbetering is.

# 3. BEDROG EN KORRUPSIE

Bedrog en korrupsie hou beduidende potensiële risiko vir die departement se bates in en kan 'n negatiewe impak op die doeltreffendheid van dienslewering en die departement se reputasie hê.

Die WKR het 'n Anti-bedrog-en-korrupsiestrategie aanvaar wat die Provinsie se standpunt van zero-toleransie teenoor bedrog, diefstal en korrupsie bekragtig. In ooreenstemming met hierdie strategie is die departement verbind tot zero-toleransie ten opsigte van korrupte, bedrieglike of ander misdaadaktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg met mening en deur middel van alle beskikbare geregtelike stappe enige partye wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen.

Die departement het 'n goedgekeurde Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n samelopende implementeringsplan wat uitvoering aan die voorkomingsplan gee.

Verskeie kanale bestaan vir die aanmelding van bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie en dit word breedvoerig in die provinsiale Anti-bedrog-en-korrupsiestrategie en die departementele Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan uiteengesit. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-eenheid (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel opgeteken en dit word gebruik as 'n bestuursinstrument om verslag te lewer oor vordering wat gemaak is met gevalle wat op die departement betrekking het en om statistiek aan die WKR en die departement te voorsien.

Personeel en werkers wat die fluitjie oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal blaas, word beskerm as die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmaking, Wet 26 van 2000, bv. as die bekendmaking ter goeder trou gedoen is). Die WKR se Fluitjieblaasbeleid verskaf riglyne aan personeel en werkers oor hoe om besorgdhede by die betrokke lynbestuur, bepaalde aangewese persone in die WKR of eksterne instansies aan te meld, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of ongerymdhede in die WKR gepleeg is of gepleeg word. Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Indien 'n ondersoek bevestig dat bedrog, diefstal of korrupsie plaasgevind het, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het, aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. Daar word van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-bewys van kriminele optrede bespeur word, word 'n strafregtelike saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens gerapporteer.

PFD het in die oorsigjaar ’n Gevallebewegingsertifikaat vir die departement uitgereik, met aantekeninge oor die volgende:

| Gevalle | Getal gevalle | Manier van aanmelding |
|---|---|---|
| Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2023 | 1 | Departementele verwysing |
| Nuwe gevalle (2023/24) | 0 | - |
| Afgehandelde gevalle (2023/24) | (1) | - |
| Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2024 | 0 | - |

Die volgende tabel ontleed verder die afgehandelde geval hier bo aangedui:

| Aard en uitkoms van ondersoek van die afgehandelde geval |
|---|
| Die ondersoek is afgehandel, sonder enige nadelige bevindings. |

# 4. MINIMERING VAN BELANGEBOTSING

Die Gedragskode vir die Staatsdiens en die Gedragskode vir Praktisyns in Voorsieningskanaalbestuur bepaal albei die norme en standaarde om integriteit te bevorder en werknemers te rig oor wat eties van hulle verwag word (in hul gedrag sowel as hul verhoudings met ander, insluitend om enige belange wat ’n belangebotsing kan voorstel, te vermy en/of te verklaar). Daar word van alle werknemers verwag om aan die Gedragskode vir die Staatsdiens te voldoen, terwyl alle VKB-praktisyns aan die Gedragskode vir Praktisyns in Voorsieningskanaalbestuur moet voldoen.

Ingevolge die Staatsdiensregulasies, 2016 word aangewese werknemers verplig om hul finansiële belange te bekend te maak (besonderhede van alle belange ten opsigte van die tydperk 1 April van die vorige jaar tot 31 Maart van die betrokke jaar). Die doel is om enige belangebotsing te identifiseer om regverdige en billike administratiewe optrede van amptenare in gesagsposisies te bevorder.

Wat bodkomitees aanbetref, word daar van alle lede van die bodspesifikasie-, -evaluering- en -beoordelingskomitee verwag om enige moontlike bestaande belangebotsing te verklaar (verklaring van vertroulikheid, onpartydigheid en belangebotsing). Indien ’n belangebotsing sou voorkom, moet die komiteelid hom/haar van die verrigtinge verskoon. Daarbenewens moet alle lede van die Bodbeoordelingskomitee aan die Gedragskode vir Bodbeoordelingskomitees voldoen, soos vervat in die Rekenpligtige Beampte-stelsel.

Alle voornemende bieërs wat beoog om sake met die departement te doen, moet op die Sentrale Verskafferdatabasis (SVD) en die Wes-Kaapse Verskafferdatabank (WKVDB) geregistreer wees. In hierdie verband word daar van alle voornemende verskaffers verwag om ’n verklaring van belang, vorige voorsieningskanaalbestuurspraktyke van die bieër en ’n onafhanklike bodbepalingsvorm te voltooi.

Die verklaring van belange, bieër se vorige praktyke t.o.v. voorsieningskanaalbestuur en onafhanklike bodbepaling stipuleer ook die vereistes met betrekking tot Regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies (SDR) 2016, wat enige werknemer verbied om sake met ’n staatsorgaan te doen, soos hier onder bespreek. Verder, gegewe potensiële belangebotsing, indien ’n gevolglike bod of ’n deel daarvan aan familielede van persone in diens van ’n staatsorgaan toegestaan word, word dit vereis dat die bieër of sy/haar gemagtigde verteenwoordiger sy/haar posisie moet verklaar.

Regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies 2016 (saamgelees met die riglyn oor “Sake doen met ’n staatsorgaan”) verbied ’n werknemer om sake met ’n staatsorgaan te doen of om ’n direkteurskap te hê in ’n openbare of privaat maatskappy, tensy sodanige werknemer in ’n amptelike hoedanigheid ’n direkteur is van ’n maatskappy wat in Bylae 2 en 3 van die WOFB gelys is. Voordat bestellings geplaas word, word direkteure/lede/eienaars se inligting volgens die SVD-verslag noukeurig deur VKB

nagegaan om seker te maak dat geen werknemer sake met 'n staatsorgaan doen nie. Indien enige gevalle geïdentifiseer word, is sulke gevalle onderhewig aan hersiening om vas te stel of daar 'n werklike botsing bestaan voordat enige bestellings vir goedere en/of dienste verwerk word.

Ten opsigte van:

- Werwing: Elke lid van die keuringskomitee moet enige moontlike belangebotsing aan die keuringskomitee bekend maak wanneer hy/sy bewus word van 'n aansoek deur 'n familielid of goeie vriend, of enige ander moontlike botsing; en
- Betaalde werk buiten die werknemer se indiensneming in die betrokke departement: Geen werknemer word toegelaat om ander betaalde werk te doen voordat daarom aansoek gedoen en toestemming voor ontvang is nie. 'n Proses is in plek waarvolgens alle aansoeke wat ontvang word, geëvalueer word om te verseker (sover prakties moontlik) dat die aard en omvang van die betaalde werk wat verrig moet word, nie in stryd is met die normale pligte wat werknemers in die staatsdiens verrig nie. Die departement het ook 'n goedgekeurde geskenkbeleid wat bepaalde riglyne en prosedures vir die ontvangs, verklaring en aanvaarding van geskenke deur werknemers uiteensit.

Indien enige belangebotsing bevestig word, sal sodanige botsing ingevolge die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens hanteer word (daar was gedurende die jaar geen bevestigde gevalle van belangebotsing nie). Verskeie amptenare het gedurende die jaar ook bewusmakingsessies oor belangebotsing bygewoon wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste aangebied is.

# 5. GEDRAGSKODE

Die Gedragskode vir die Staatsdiens, soos vervat in die Staatsdiensregulasies, 2016, is die aanvaarde kode. Daar word van alle werknemers verwag om aan die Gedragskode vir die Staatsdiens te voldoen. Die gedragskode:

- Bepaal die norme en standaarde om integriteit en doeltreffende en effektiewe lewering van dienste aan die publiek te bevorder;
- Verskaf 'n stel standaarde wat die gedrag beskryf wat ons van ons werknemers verwag;
- Rig werknemers oor wat eties van hulle verwag word, in hul individuele gedrag sowel as hul verhoudings met ander; en
- Vorm 'n integrale deel van die manier waarop ons elke dag werk.

Die kode word versterk deur die Gedragskode vir VKB-praktisyns. Daarbenewens moet alle lede van die Bodbeoordelingskomitee aan die Gedragskode vir Bodbeoordelingskomitees voldoen, soos vervat in die Rekenpligtige Beampte-stelsel. Die Gedragskode vir die Staatsdiens maak 'n integrale deel van induksie-opleiding uit. Daar word van alle nuwe werknemers verwag om induksie-opleiding by te woon.

Die Gedragskode vir die Staatsdiens asook die Gedragskode vir VKB-praktisyns word minstens twee keer per jaar aan werknemers gekommunikeer. Albei kodes is op die departement se intranet beskikbaar.

Daar word van alle bodkomiteelede en VKB-praktisyns verwag om te erken dat hulle die Gedragskode vir VKB-praktisyns sal nakom.

Die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag te vermy en reg te stel. Aangeleenthede in verband met wangedrag word in Deel D van die Jaarverslag behandel. Kwartaallikse terugvoer oor dissiplinêre aangeleenthede word ook aan KEORB gerapporteer.

# 6. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993 beskryf en definieer duidelik die pligte van ’n werkgewer met betrekking tot die voorsiening van ’n werksomgewing wat veilig, gesond en sonder risiko’s is, sover dit redelikerwys doenlik is.

Die aard van werk in die landbousektor kan om talle redes heelwat bedreigings vir die gesondheid en veiligheid van personeel inhou, insluitend die fisiese vereistes van die werk vir landbouwerkers, blootstelling aan die weer, kontak met diere en die moontlikheid om soönotiese siektes op te doen en blootstelling aan organofosfate en ander gevaarlike chemikalieë of stowwe. Natuurrampe en pandemies demonstreer die erns van die verspreiding van siektes en infeksies, en die katastrofiese impak wat dit op sowel lewens as lewensbestaan het.

Sakekontinuïteitsbeplanning en rampherstelprosedures is belangrike komponente van die hele rampbestuurstelsel en word meer kritiek tydens gevalle van siekte-uitbrekings, wateruitdagings en kragonderbrekings. Die spoedige en veilige ontruiming van personeel en kliënte is ’n kritieke kenmerk van die departement se veiligheidsplan, vandaar die behoefte aan doeltreffende ontruimingstelsels en -toerusting. Die gesondheids-, veiligheids- en omgewingsrisiko’s in die departement wissel van kantoorvoorvalle tot meer ingewikkelde beroepsgevare wat tot gesondheidsprobleme en liggaamlike beserings kan lei.

Ten einde aan die Wet en regulasies te voldoen en ’n werkplek te voorsien wat veilig en risikovry is, het die departement begin met ’n omvattende program wat risikobepalings, gesondheids- en veiligheidsoudits, assesserings oor werknemer-gesondheid en bewustheid en opleiding behels. Alle programbestuurders is ingevolge die artikel 16(2)-delegasie aangestel. Gesondheid- en veiligheidsverteenwoordigers, noodontruimingspersoneel en noodhulpwerkers word volgens prosedures aangestel en opgelei. Gesondheid- en veiligheidskomitees is by al die kantore van die departement in die provinsie ingestel.

Die departement wend deurlopend pogings aan om werknemers op te lei om hulle vertroud te maak met hul risikoblootstelling. Verskeie ingrypings oor BGV-bewusmaking is met betrekking tot werknemerrisiko uitgevoer, asook om wetlike verpligtinge ten opsigte van BGV na te kom; byvoorbeeld veiligheidsverteenwoordiging, die identifisering van gevare en risikobepaling, brandweerbeamptes, ontruimingsprosedures asook noodhulpwerkers se pligte tydens ontruiming.

As gevolg van die blootstelling aan kritieke risiko’s, is werkgebaseerde risikobepalings uitgevoer om versagtende maatreëls in te stel om die vlak van risiko te verminder en meer bewustheid en ’n daaglikse veiligheidskultuur onder werknemers te skep.

# 7. STAANDE KOMITEES

| Datum van vergadering | Komitee | Onderwerp behandel | Manier waarop behandel |
|---|---|---|---|
| 11 April 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning | Voorligting deur die Departement van Landbou, die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en kundiges op die gebied van waterverbruikbestuur in die landbou, met betrekking tot maniere om die doeltreffende gebruik van daardie water te maksimeer, asook die vordering wat in hierdie verband gemaak is. | Voorgelê aan komitee op ’n virtuele platform |
| 25 April 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning | Voorligting deur die Departement van Landbou oor die implementering van die memorandum van verstandhouding tussen die Wes-Kaapse Regering en die Kaliforniese Departement van Voedsel en Landbou, met spesifieke verwysing na die voordele wat tot dusver vir die Wes-Kaap behaal is, uitdagings en intervensies. | Voorgelê aan komitee op ’n virtuele platform |
| 20 Junie 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning | 1. Voorligting deur die nasionale Departement van Water en Sanitasie oor die vordering met bouwerk van die Clanwilliamdam en die onderwerp van die toekenning van bykomende waterregte, sowel ten opsigte van die Clanwilliamdam as die Brandvleidam.<br>2. Voorligting deur die nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling oor die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde [B 15B—2021].<br>3. Voorligting deur die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrande [B 24B—2021].<br>4. Bespreking oor die openbaredeelnameproses wat gevolg moet word ten opsigte van die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde [B 15B—2021] en die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrande [B 24B—2021]. | Voorgelê aan komitee op ’n virtuele platform |
| 25 Julie 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning | 1. Voorligting deur die Departement van Landbou en Casidra oor sy prestasie in die eerste kwartaal (April – Junie 2023) met spesifieke verwysing na prestasieteikens wat nie bereik is nie en/of gedeeltelik bereik is.<br>2. Voorligting deur die Departement van Landbou en Casidra oor die status van die omkeerstrategieë vir die Amalienstein- en Waaikraal-plaas, met spesifieke verwysing na die vorige omkeerstrategieë wat deur die departement befonds is, wanneer die laaste omkeerstrategie in werking gestel is, waar die uitdagings bestaan en die meningsverskil wat skynbaar tussen die departement en sy entiteit, Casidra, bestaan. | Voorgelê aan komitee op ’n virtuele platform |

| Datum van vergadering | Komitee | Onderwerp behandel | Manier waarop behandel |
|---|---|---|---|
| 15 Augustus 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning | 1. Beraadslaging oor voorleggings wat ontvang is ten opsigte van die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde [B 15B—2021] en die nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling se reaksie daarop.<br>2. Beraadslaging oor voorleggings wat ontvang is ten opsigte van die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrande [B 24B—2021] en die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing se reaksie daarop. | Voorgelê aan komitee op 'n virtuele platform |
| 22 Augustus 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning | 1. Beraadslaging oor die onderhandelingsmandaat vir die Wysigings-wetsontwerp op Landbouprodukstandaarde [B 15B—2021].<br>2. Beraadslaging oor die onderhandelingsmandaat vir die Wysigings-wetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrande [B 24B—2021].<br>3. Oorweging en aanvaarding van die Konsepstadiumverslag oor die Onderhandelingsmandaat vir die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde [B 15B—2021].<br>4. Oorweging en aanvaarding van die Konsepstadiumverslag oor die Onderhandelingsmandaat vir die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrande [B 24B—2021]. | Voorgelê aan komitee op 'n virtuele platform |
| 19 Oktober 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning | Beraadslaging oor die jaarverslae van die Departement van Landbou en Casidra vir die tydperk 2022/23. | Voorgelê aan komitee op 'n virtuele platform |
| 30 November 2023 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning | 1. Beraadslaging oor Begrotingspos 11: Landbou in die Bylae tot die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingwetsontwerp, 2023.<br>2. Oorweging en aanvaarding van die konsepkomiteeverslag oor Begrotingspos 11: Landbou in die Bylae tot die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingwetsontwerp, 2023. | Raadsaal, sesde verdieping, Waalstraat 7, Kaapstad |
| 27 Februarie 2024 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning | 1. Voorligting deur die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing oor die Wetsontwerp op Klimaatsverandering [B 9B— 2022] (NRP).<br>2. Mondelinge voorlegging deur me Lucinda Jephtas.<br>3. Mondelinge voorlegging deur Projek 90 teen 2030.<br>4. Beraadslaging oor voorleggings wat ontvang is ten opsigte van die Wetsontwerp op Klimaatsverandering [B 9B—2022] (NRP) en die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing se reaksie daarop. | Voorgelê aan komitee op 'n virtuele platform |

| Datum van vergadering | Komitee | Onderwerp behandel | Manier waarop behandel |
|---|---|---|---|
| 12 Maart 2024 | Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning | 1. Beraadslaging oor Begrotingspos 11: Landbou in die bylae tot die Wes-Kaapse Begrotingwetsontwerp [B1–2024]<br>2. Oorweging en aanvaarding van die konsepkomiteeverslag oor Begrotingspos 11: Landbou in die bylae tot die Wes-Kaapse Begrotingwetsontwerp [B1–2024] | Komiteekamer 2, 4e verdieping, Waalstraat 7, Kaapstad |

## 8. SKOOR-BESLUITE

| Besluitnommer | Onderwerp | Besonderhede | Reaksie deur die departement | Opgelos (Ja/Nee) |
|---|---|---|---|---|
| Transversale besluite – Geen | | | | |
| Departementele besluite – Geen | | | | |

## 9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE

Geen

## 10. INTERNE KONTROLE-EENHEID

Die vestiging van ’n doeltreffende stelsel van interne kontrole word bepaal deur artikel 38 van die WOFB. Interne kontrole word breedweg omskryf as ’n proses wat onderneem word deur ’n instansie se RB, bestuur en ander personeel om redelike sekerheid ten opsigte van die bereiking van doelwitte te gee. Dit behels onder meer prosesse en prosedures wat deur bestuur geïmplementeer word om te verseker dat inkomste, uitgawes, bates en laste effektief en doeltreffend bestuur word.

Bestuur is aan die RB aanspreeklik vir die ontwerp, implementering en monitering van die proses van interne kontrole. Die Interne Kontrole-eenheid vorm ’n integrale deel van die stelsel van interne kontrole. Om hul rol doeltreffend te vervul, handhaaf die Interne Kontrole-eenheid ’n mate van onafhanklikheid van die ander finansiële bestuursaktiwiteite, alhoewel dit deel van die organisatoriese struktuur van Finansies uitmaak.

Die eenheid het gedurende die jaar die verbetering van finansiële regeringsbestuur ondersteun, hoofsaaklik deur:

- Opstel van verslae aan die Ouditkomitee;
- Bywoning van Ouditkomiteevergaderings en die voorsiening van terugvoer oor onder meer verskeie verbeteringsplanne;
- Lewering van advies/steun oor ORB, insluitend dienste as ’n aktiewe lid van die KEORB;
- Voorsiening van sekretariaatsteun aan die KEORB;
- Koördinering en monitering van die Implementeringsplan vir Bedrog- en Korrupsievoorkoming vir die departement (in samewerking met Provinsiale Forensiese Dienste), insluitend om aan die KEORB terugvoer te gee oor vordering wat ten opsigte van die plan gemaak is;
- Verlening van administratiewe steun ten opsigte van bewusmakingsinisiatiewe oor antikorrupsie.

- Koördinering van die eksterne ouditproses en bywoning van vergaderings van ouditbestuurskomitees;
- Koördinering van en reaksie op verskeie transversale interne oudits;
- Monitering en opvolg van en verslagdoening oor verskeie verbeteringsplanne;
- Lewering van sekerheidsdienste;
- Verskaffing van steun wat verband hou met regeringsbestuur van inligtingstegnologie;
- Uitvoer van ondersoeke oor gevalle van onreëlmatige uitgawes;
- Lewering van insette oor, ontwerp van en advieslewering oor standaardbedryfsprosedures; en
- Samewerking met die Departement van die Premier, Korporatiewe Dienstesentrum en Werknemerverhoudinge ten opsigte van verslagdoening oor finansiële wangedrag.

## 11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe sekerheid- en raadgewende dienste wat bedoel is om waarde toe te voeg en om die bedrywighede van die departement voortdurend te verbeter. Dit behoort die departement by te staan met die bereiking van sy doelwitte deur ’n sistematiese, gedissiplineerde benadering te volg om die doeltreffendheid van regeringsbestuur-, risikobestuur- en kontroleprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Assesseer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die regeringsbestuursprosesse ter bereiking van die departement se doelwitte;
- Evalueer die geskiktheid en doeltreffendheid van en dra by tot die verbetering van die risikobestuursproses; en
- Lewer bystand aan die RB met die handhawing van doeltreffende en effektiewe kontroles deur daardie kontroles te evalueer om die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan te bepaal, en deur aanbevelings vir verbetering of versterking te bemaak.

Interne Oudit se werksaamhede wat gedurende die oorsigjaar vir die departement voltooi is, het sewe interaksies oor sekerheid en vier opvolgvergaderings ingesluit. Die besonderhede van hierdie interaksies word by die verslag van die Ouditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as ’n toesighoudende liggaam ingestel en voorsien onafhanklike toesig oor die regeringsbestuur-, risikobestuurs- en kontroleprosesse in die departement, wat toesig en hersiening van die volgende insluit:

- Interne Oudit se funksie;
- Eksterne Oudit se funksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika – OGSA);
- Departementele rekeningkunde en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- OGSA se Bestuurs- en Ouditverslag;
- Departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne kontrole;
- Voorafbepaalde doelwitte; en
- Etiek, bedrog en korrupsie.

Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor lede van die Ouditkomitee:

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, posisie in die departement | Datum aangestel | Datum bedank | Getal vergaderings bygewoon |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mnr. Comfort Bunting (voorsitter) | ND: Interne Oudit; MBA | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (1e termyn) | N.v.t. | 8 |
| Me Annelise Cilliers | GR (SA) | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (2e termyn) | N.v.t. | 8 |
| Me. Lynne Tromp | GR (SA); MBA | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2021 (1e termyn) | 31 Maart 2024 (kontrak het verstryk) | 8 |
| Mnr. Tsepo Lesihla | ND: IT; Meester van Tegnologie in IT | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (1e termyn) | N.v.t. | 7 |

Die Kabinet het op 1 November 2023 die herstrukturering van die Wes-Kaapse Regering se ouditkomitees goedgekeur om met die WKR se prioriteite ooreen te stem. Dit het die getal ouditkomitees van ses na drie verminder en het daartoe gelei dat die Welstandkluster-Ouditkomitee vanaf 1 April 2024 oor die departement toesig hou.

# 12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Dit is vir ons ’n plesier om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2024 aan te bied.

## Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk as die Handves van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie handves gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

## Die doeltreffendheid van interne kontrole

Daar word van die departement verwag om stelsels van interne kontrole te ontwikkel en te handhaaf wat die waarskynlikheid om sy doelwitte te bereik, sal verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit werksaam is en om die doeltreffendheid en doelmatigheid van bedrywighede te bevorder, ondersteun deur betroubare verslagdoening en die nakoming van wetgewing en regulasies. Die WKR het ’n Gekombineerde Sekerheidsraamwerk aanvaar wat sekerheidsverskaffers identifiseer en integreer. Die eerste vlak van sekerheid is bestuursversekering; dit vereis van lynbestuur om doeltreffende interne kontroles te handhaaf en dié prosedures op ’n daaglikse basis uit te voer deur toesighoudende kontroles toe te pas en regstellende stappe te doen, waar nodig. Die tweede vlak van sekerheid is interne sekerheid wat verskaf word deur funksies wat afsonderlik van direkte lynbestuur is en die nakoming van beleide, prosedures, norme, standaarde en raamwerke moet assesseer. Die derde vlak van sekerheid is onafhanklike sekerheidsverskaffers wat gelei word deur professionele standaarde wat die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

’n Risikogebaseerde Gekombineerde Sekerheidsplan is vir die departement ontwikkel en word deur Interne Oudit wat ook ’n onafhanklike sekerheidsverskaffer is, gefasiliteer. Interne Oudit verskaf aan die Ouditkomitee en bestuur redelike sekerheid dat die interne kontroles voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur ’n goedgekeurde, risikogebaseerde interne ouditplan, Interne Oudit wat assesseer of kontrolemaatreëls wat die risiko’s mitigeer, voldoende is en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende stappe monitor.

Die volgende interne ouditaktiwiteite is vir die oorsigjaar deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur Interne Oudit voltooi:

- Riglyn oor Staatsdiensadministrasie en Bestuursdelegasies
- Landbou-onderwys en -opleiding – Transformasie-inisiatiewe
- Veeartsenykundige Dienste
- Oordragbetalings – Ekologiese herstel
- Voedselonsekerheid (Transversale oudit)
- Risikobestuur (Transversale oudit)
- Departementele monitering van IT-prestasie (transversale oudit)

Die interne ouditplan vir die jaar is voltooi. Die areas vir verbetering, soos deur Interne Oudit uitgewys gedurende hul werkverrigting, is deur bestuur aanvaar. Die Ouditkomitee monitor die implementering van ooreengekome handelinge op ’n deurlopende grondslag.

## In-jaar-bestuurs- en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse in-jaar-bestuurs- en prestasieverslag wat gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die departement ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste uitgereik is.

## Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate hersien wat by die jaarverslag ingesluit moet word;
- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien; en
- veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien, soos in die finansiële jaarstate aangeteken.

## Nakoming

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse vir nakoming van wetgewende en regulatoriese bepalings hersien. Terugvoer oor nuwe bepalings wat ’n impak op die departement het, word kwartaalliks aan die Ouditkomitee voorsien.

## Provinsiale forensiese dienste

Die Ouditkomitee het die verslae wat op ’n kwartaallikse basis deur Provinsiale Forensiese Dienste aangebied word, nagegaan. Geen aangeleenthede is onder ons aandag gebring wat verdere verslagdoening deur die Ouditkomitee vereis het nie.

## Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag aangeteken, hersien.

## Verslag van die Ouditeur-generaal Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het op ’n kwartaallikse basis die departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese verslag voortspruit nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is, word op ’n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die OGSA se mening oor die finansiële jaarstate en doen aan die hand dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en met hulle verslag saamgelees word.

Die Ouditkomitee prys die departement vir die handhawing van ’n ongekwalifiseerde ouditmening, sonder bevindings.



Mnr. Comfort Bunting
Voorsitter van die Werkskeppingkluster Ouditkomitee
Datum: 6 Augustus 2024

# 13. PRESTASIE-INLIGTING OOR BSEB-NAKOMING

Die volgende tabel is saamgestel in ooreenstemming met nakoming van die vereistes oor breëbasis swart ekonomiese bemagtiging (BSEB) van die BSEB-wet van 2013 en soos bepaal deur die Departement van Handel en Nywerheid.

Het die departement/openbare entiteit enige toepaslike kode van goeie praktyk (BSEB-sertifkaatvlak 1-8) ten opsigte van die volgende toegepas:

| Kriteria | Antwoord Ja/Nee | Bespreking *(sluit ’n bespreking van u antwoord in en dui aan watter maatreëls ingestel is om nakoming te verseker)* |
|---|---|---|
| Word kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet bepaal? | Nee | Nie van toepassing nie |
| Is ’n voorkeurverkrygingsbeleid ontwikkel en geïmplementeer? | Ja | Die departement het ’n Rekenpligtige Beampte-stelsel ontwikkel, met die jongste bywerkings wat op 16 Januarie 2023 in werking getree het.<br>Die Rekenpligtige Beampte-stelsel maak voorsiening vir voorkeurverkryging, met inagneming van die Wet op Voorkeurverkryging, 2022 en die gepaardgaande regulasies. |
| Is kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit vasgestel? | Nee | Nie van toepassing nie |
| Is kriteria vir die aangaan van vennootskappe met die privaat sektor ontwikkel? | Nee | Nie van toepassing nie |
| Is kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en investeringskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging vasgestel? | Nee | Nie van toepassing nie |

# DEEL D

# MENSLIKE-HULPBRON-BESTUUR

# 1. INLEIDING

Ons vermoë om doeltreffend tot die WKR se werksaamhede by te dra is ’n direkte uitkoms van die konstante en dikwels onbaatsugtige pogings van die individue in die departement, ongeag die hedendaagse landskap van mensebestuur wat die afgelope paar jaar aansienlike veranderinge ondergaan het, en wat ingewikkelde navigasie deur verskeie mededingende faktore genoodsaak het.

Die onlangse implementering van die DPSA se riglyn oor die bestuur van fiskale volhoubaarheid in nasionale en provinsiale departemente – wat tot 31 Maart 2025 van krag sal wees – het ’n deurslaggewende tydperk gedurende die oorsigjaar aangedui.

Alhoewel ons verbintenis tot dienslewering standvastig bly, noodsaak die werklikheid van beperkte begrotings en streng regulasies ’n strategiese herbeoordeling van ons benadering tot talentbestuur. Een belangrike impak wat in hierdie nuwe paradigma op die voorgrond tree, is die uitdaging om ‘meer met minder te doen’ in die lig van personeelomset. Soos in die riglyn uiteengesit, kan die poste van personeel wat die departement verlaat, nie onmiddellik gevul word nie en dit plaas ekstra druk op bestaande hulpbronne. Hierdie werklikheid beklemtoon die kritieke belang van talentbehoudstrategieë en inisiatiewe vir opvolgbeplanning in die departement.

Uitdagings wat gedurende die tydperk ervaar is, behels onder meer om ’n balans te vind tussen diensleweringsvereistes en omsigtige hulpbrontoewysing, die benutting van tegnologie en innoverende praktyke om doeltreffendheid te maksimeer, terwyl daar terselfdertyd gefokus word op die aanlokking en behoud van kritieke en skaars vaardighede, die bemagtiging van die werkmag, die bestuur van loopbaanontwikkeling, opvolgbeplanning, die bevordering van diensbillikheid en die daarstelling van ’n omgewing wat werknemergroei en -vervulling moontlik maak.

Ten spyte van die uitdagings wat deur die ontwikkelende landskap van mensebestuur gestel word, bly ons onwrikbaar in ons verbintenis om positiewe verandering aan te dryf in die departement, die WKR en uiteindelik onder die inwoners aan wie ons ’n diens lewer.

# 2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONNE

## 2.1 Departementele prioriteite vir werkmagbeplanning

Die rol van werkmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die departement die vereiste aantal mense met die vereiste vaardighede, kennis en ingesteldheid het om die werk te verrig. Die departement assesseer jaarliks deur middel van hierdie proses sy werkmagprofiel volgens huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes.

Die doel van hierdie assessering is om te identifiseer in watter mate die huidige werkmagprofiel uitvoering gee aan die belangrikste uitkomste van mensebestuur om dienskontinuïteit en waarde te waarborg.

Die Werkmagplan 2021 - 2026 is dus in lyn met die visie en missie van die departement se Strategiese Plan.

Die aannames, doelwitte en strategieë waarvolgens die Werkmagplan ontwikkel is, word geag geldig en gepas te wees, aangesien dit voortgevloei het uit bedagte samewerkende beplanning tussen die departement se topbestuur en lynbestuur, asook die Departement van die Premier.

Die geprioritiseerde strategiese ingrypings wat in die Werkmagplan vervat is, is soos volg:

- Identifisering en ontwikkeling van die vereiste organisatoriese bevoegdheid;
- Waarde- en bevoegdheidgebaseerde werwingspraktyke (insluitend die moontlikheid van ’n aanlyn aansoek- en keuringstelsel om die werwingspraktyke te verbeter en die regte kandidate te lok wat toekoms- en kultuurgepas is);
- Diversifisering van die talentpoel;
- Talent- en vaardigheidsontwikkeling vir werknemers in nuwe opkomende vaardighede (bv. 4IR-metabevoegdhede/ funksionele en tegniese vaardighede asook gedragsvaardighede wat krities nodig is om die toekomsgepaste organisasie te steun);
- Prioritisering van opleidingsingrypings ingevolge die vereistes van die Departementele Plan vir Kritiese Bevoegdhede en Loopbaanontwikkeling;
- Ontwikkeling en implementering van die Strategie vir Toekomsgepaste Vaardighede;
- Jeugontwikkelingsprogramme om met die samestelling van talentpyplyne (internskappe) te help;
- Herstrukturering van die Provinsiale Opleidingsinstituut (POI) in ’n provinsiale leer- en innovasiesentrum;
- Skenk aandag aan die prioriteite van diensbillikheid (DB) soos aangedui in die departementele DB-plan om die werwing- en keuringsbesluite van die departement te rig;
- Lewering van ingrypings/dienste oor gesondheid en welstand ter ondersteuning van werknemerwelstand; en
- Ontwikkeling en implementering van die projek vir die oorgang na ’n nuwe werkwyse/WKG- inwonergesentreerde kultuur.

## 2.2 Prestasiebestuur van werknemers

Die doel van prestasiebestuur is om prestasie te verhoog deur individuele toewyding, verantwoordbaarheid en motivering aan te moedig.

Daar word van alle werknemers verwag om elke jaar voor 31 Mei ’n prestasie-ooreenkoms te voltooi. Die ooreenkoms is in wese ’n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standaarde vir die vereiste dienslewering bevat. Die Wes-Kaapse Regering het ’n elektroniese prestasiebestuur-inligtingstelsel, naamlik PERMIS (*Performance Management Information System*) ontwerp om ’n gestandaardiseerde administrasieproses te fasiliteer wat vir die vaslegging, monitering en bestuur van die algehele prestasiebestuursproses voorsiening maak.

Die prestasiebestuursproses vereis dat ’n halfjaarlikse oorsig en ’n jaarlikse assessering uitgevoer word, maar dat die operasionele teikens en prestasies wat aan die prestasie-ooreenkoms gekoppel is, op ’n deurlopende basis gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar prestasieteikens of -verwagtinge nie realiseer nie, word die leemtes deur die bestuur van swak prestasie behandel. In hierdie konteks is ’n prestasie- raadplegende eenheid in die Departement van die Premier (Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke) gestig om lynbestuurders (mensebestuurders) met die hantering van swak prestasie te help. Die proses is ontwikkelingsgerig, maar in gevalle waar individue ingevolge die wetgewende raamwerk as swak presteerders geïdentifiseer is, word daar van hulle verwag om hulself aan ’n ontwikkelingsplan of andersins aan dissiplinêre stappe te onderwerp.

## 2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se transversale program vir werknemergesondheid en -welsyn (WGW) volg ’n holistiese benadering tot werknemerwelsyn en is grotendeels voorkomend van aard en bied primêre asook sekondêre dienste.

Die WGW-program word in die departement gemonitor deur maandelikse benuttingsverslag vir primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorg-diens en verslagdoening) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma- en kritieke insidente, opleiding en geteikende ingryping, bestuursleiding, voorspraak).

’n Kwartaalverslag word deur die Direktoraat: Transversale Mensekapasiteitsbou in die Korporatiewe Dienssentrum saamgestel wat ’n tendensontleding van benutting, risiko-identifisering en die impak op produktiwiteit uiteensit. Verder is voortdurende verslagdoening aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) ’n vereiste en hierdie verslagdoening fokus op vier gebiede, naamlik MIV/Vigs, gesondheid en produktiwiteit, welstandsbestuur en VGORH-bestuur (veiligheid, gesondheid, omgewing, risiko en gehalte).

## 2.4 Monitering van mensebestuur

Die departement monitor in samewerking met die Departement van die Premier die implementering van ’n reeks nakomingsaanwysers vir mensebestuur. Die maandelikse Barometerfeitelêer wat deur die Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke in die Departement van die Premier ontwikkel is, voorsien die departement van gereelde bywerkings oor die werkmagprofiel en ander relevante mensebestuursdata om met besluitneming te help. Die aanwysers sluit onder meer inligting in oor die diensstaat, koppetelling, vooruitskattings van uitgawes op mensebestuur, siekteverlofpatrone, die geldwaarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinegevalle, vakaturekoerse, personeelbeweging en diensbillikheid.

# 3. OORSIG VAN MENSLIKEHULPBRONSTATISTIEK

## 3.1 Personeelverwante uitgawes

Die volgende tabelle is ’n opsomming van finale geouditeerde uitgawes per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2.).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is volgens die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BAS) en die syfers in Tabel 3.1.2 is volgens die Personeel- en Salarisadministrasiestelsel (PERSAL). Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en -bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar ’n verskil in die totale uitgawes op hierdie stelsels kan wees.

Die sleutel in onderstaande tabel is ’n beskrywing van die programme in die departement. Programme sal voorts as die program se nommer aangedui word.

| Program | Programnaam |
|---|---|
| Program 1 | Administrasie |
| Program 2 | Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur |
| Program 3 | Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling |
| Program 4 | Veeartsenykundige Dienste |
| Program 5 | Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste |
| Program 6 | Landbou-ekonomiese Dienste |
| Program 7 | Landbou-onderwys en -opleiding |
| Program 8 | Landelike Ontwikkeling |

Tabel 3.1.1: Personeeluitgawes per program vir die tydperk 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Program | Totale uitgawes (R’000) | Personeel-uitgawes (R’000) | Opleidings-uitgawes (R’000) | Goedere en dienste (R’000) | Personeel-uitgawes as ’n % van totale uitgawes | Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R’000) | Getal werknemers vergoed |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Program 1 | 142 257 | 82 647 | 226 | 49 137 | 58,1 | 403 | 205 |
| Program 2 | 126 830 | 29 440 | 382 | 34 683 | 23,2 | 577 | 51 |
| Program 3 | 289 069 | 72 830 | 140 | 29 333 | 25,2 | 258 | 282 |
| Program 4 | 109 021 | 77 000 | 519 | 23 168 | 70,6 | 550 | 140 |
| Program 5 | 153 041 | 106 414 | 279 | 37 570 | 69,5 | 397 | 268 |
| Program 6 | 37 768 | 17 177 | 136 | 6 076 | 45,5 | 491 | 35 |
| Program 7 | 61 542 | 36 831 | 106 | 19 833 | 59,8 | 179 | 206 |
| Program 8 | 20 487 | 12 330 | 0 | 5 089 | 60,2 | 561 | 22 |
| Totaal | 940 015 | 434 669 | 1 788 | 204 889 | 46,2 | 360 | 1 209 |

Nota: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, insluitend interns (d.w.s. Premier se Vordering van Jeug [PAY], matrikulant, gegradueerde, student), maar die Provinsiale Minister uitgesluit. Die getal werknemers is kumulatief en nie ’n flitsbeeld op ’n spesifieke datum nie.

Tabel 3.1.2: Personeeluitgawes per salarisband, 2023/24

| Salarisbande | Personeel-uitgawes (R'000) | % van totale personeel-uitgawes | Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000) | Getal werknemers vergoed |
|---|---|---|---|---|
| Interns | 8 616 | 2,0 | 27 | 316 |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 24 236 | 5,5 | 202 | 120 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 81 026 | 18,5 | 288 | 281 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 110 904 | 25,3 | 486 | 228 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 186 924 | 42,6 | 769 | 243 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 26 956 | 6,1 | 1 284 | 21 |
| Totaal | 438 662 | 100 | 363 | 1 209 |

Nota: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, insluitend interns (d.w.s. Premier se Vordering van Jeug [PAY], matrikulant, gegradueerde, student), maar die Provinsiale Minister uitgesluit. Die getal werknemers is kumulatief en nie 'n flitsbeeld op 'n spesifieke datum nie.

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisband (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, behuisingstoelaag en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes uitmaak nie. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeeluitgawes wat vir hierdie items aangewend is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2023/24

| Program | Salarisse | | Oortyd | | Behuisingstoelae | | Mediese bystand | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R'000) | Salarisse as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Behuisings-toelae as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes |
| Program 1 | 55 354 | 12,6 | 286 | 0,1 | 2 224 | 0,5 | 5 095 | 1,2 |
| Program 2 | 21 324 | 4,9 | - | - | 656 | 0,1 | 1 165 | 0,3 |
| Program 3 | 54 310 | 12,4 | 41 | 0,0 | 1 852 | 0,4 | 3 964 | 0,9 |
| Program 4 | 55 440 | 12,6 | 461 | 0,1 | 1 792 | 0,4 | 4 375 | 1,0 |
| Program 5 | 72 253 | 16,5 | 2 336 | 0,5 | 3 926 | 0,9 | 8 465 | 1,9 |
| Program 6 | 14 455 | 3,3 | 77 | 0,0 | 525 | 0,1 | 1 045 | 0,2 |
| Program 7 | 25 756 | 5,9 | 1 052 | 0,2 | 1 237 | 0,3 | 3 045 | 0,7 |
| Program 8 | 8 230 | 1,9 | - | - | 372 | 0,1 | 708 | 0,2 |
| Totaal | 307 123 | 70,0 | 4 253 | 1 | 12 583 | 2,9 | 27 861 | 6,4 |

| 7. Moedig die departement sy werknemers aan om MIV-berading en toetsing (MBT) te ondergaan? Indien wel, lys die resultate wat hiermee bereik is. | ✓ | | MBT SESSIES<br>• Wêreld Vigsdag: 1 Desember 2023. Geen werknemers het dit bygewoon nie. |
| 8. Het die departement maatstawwe/ aanwysers ontwikkel om die impak van sy program oor gesondheids-bevordering te monitor en evalueer? Indien wel, lys sodanige maatstawwe/ aanwysers. | ✓ | | Die WGW-program word d.m.v. kwartaallikse en jaarlikse verslagdoening gemonitor, en tendensontleding kan afgelei word deur die vergelyking van departementele benutting en demografie, d.w.s. ouderdom, geslag, profilering van probleme, gebruik deur werknemers vs bestuur, en die getal gevalle.<br>Temas en tendense verskaf ook 'n beeld van die risiko's en impak wat die WGW-kwessies op die werkplek het. |

## 3.12. Arbeidsbetrekkinge

Die volgende provinsiale kollektiewe ooreenkomste is in die oorsigtydperk met vakbonde aangegaan:

Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Onderwerp | Datum |
|---|---|
| ASB-besluit 1 van 2024: Handves van die ASB: Kollektiewe bedinging | 11 Maart 2024 |
| ASB-besluit 2 van 2024: Verbetering in diensvoorwaardes: Spesiale verlof | 11 Maart 2024 |
| SKB-besluit 3 van 2023: Afdwinging van kollektiewe ooreenkomste in die staatsdiens | 13 Julie 2023 |
| SKB-besluit 1 van 2024: Reëls vir die hantering van verrigtinge voor die SKB | 01 Maart 2024 |

Tabel 3.12.2 gee ’n opsomming van die uitkoms van dissiplinêre verhore wat vir die tydperk in die departement uitgevoer is.

Tabel 3.12.2: Wangedrag- en dissiplinêre verhore afgehandel, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Uitkomste van dissiplinêre verhore | Getal gevalle afgehandel | % van totaal |
|---|---|---|
| Skorsing sonder betaling saam met ’n finale skriftelike waarskuwing | 3 | 75 |
| Drostery (ontslag) | 1 | 25 |
| Totaal | 4 | 100 |
| Persentasie van totale indiensneming | | 0,3 |

Nota: Uitkomste van dissiplinêre verhore verwys slegs na formele gevalle.

Tabel 3.12.3: Tipes wangedrag tydens dissiplinêre verhore behandel, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Tipe wangedrag | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Afwesig van die werk sonder rede of toestemming | 2 | 50 |
| Drostery | 1 | 25 |
| Diskrimineer teen ander | 1 | 25 |
| Totaal | 4 | 100 |

Tabel 3.12.4: Griewe aanhangig gemaak, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Griewe aanhangig gemaak | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Getal griewe opgelos | 6 | 75 |
| Getal griewe nie opgelos nie | 2 | 25 |
| Totale getal griewe aanhangig gemaak | 8 | 100 |

Nota: Griewe aanhangig gemaak verwys na gevalle wat in die verslagtydperk afgehandel is. Onopgeloste griewe verwys na gevalle waar die uitkoms nie ten gunste van die gegriefde party was nie. Alle gevalle, opgelos en nie opgelos nie, is afgehandel.

Tabel 3.12.5: Dispute by rade aanhangig gemaak, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Dispute by rade aanhangig gemaak | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Geen | | |

Nota: Rade verwys na die Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad (PSCBC) en Algemene Staatsdienssektor Bedingingsraad (GPSSBC).

Tabel 3.12.6: Stakings, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Stakings | Getal |
|---|---|
| Geen | |

Tabel 3.12.7: Voorkomende skorsings, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Voorkomende skorsings | Getal |
|---|---|
| Geen | |

## 3.13. Vaardigheidsontwikkeling

Hierdie afdeling beklemtoon die departement se pogings ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling. Tabel 3.13.1 weerspieël die opleidingsbehoeftes aan die begin van die oorsigtydperk en Tabel 3.13.2 die werklike opleiding aangebied.

Tabel 3.13.1: Geïdentifiseerde opleidingsbehoeftes, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Beroepskategorieë | Geslag | Getal werknemers soos op 1 April 2023 | Opleidingsbehoeftes aan begin van verslagtydperk geïdentifiseer | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Leerderskappe | Vaardigheids-programme en ander kort kursusse | Ander vorme van opleiding | Totaal |
| Wetgewers, senior beamptes en bestuurders (Salarisband 13-16) | Vroulik | 6 | - | 4 | - | 4 |
| | Manlik | 9 | - | 14 | - | 14 |
| Professionele persone (Salarisband 9-12) | Vroulik | 95 | - | 100 | - | 100 |
| | Manlik | 134 | - | 93 | - | 93 |
| Tegnici en verwante professionele persone (Salarisband 6-8) | Vroulik | 126 | - | 136 | - | 136 |
| | Manlik | 96 | - | 122 | - | 122 |
| Klerke (Salarisband 3-5) | Vroulik | 123 | - | 130 | - | 130 |
| | Manlik | 143 | - | 80 | - | 80 |
| Elementêre beroepe (Salarisband 1-2) | Vroulik | 32 | - | 18 | - | 18 |
| | Manlik | 91 | - | 67 | - | 67 |
| Subtotaal | Vroulik | 382 | - | 388 | - | 388 |
| | Manlik | 473 | - | 376 | - | 376 |
| Totaal | | 855 | - | 764 | - | 764 |
| Werknemers met gestremdhede | Vroulik | 7 | - | 9 | - | 9 |
| | Manlik | 12 | - | 2 | - | 2 |

Nota: Bovermelde tabel identifiseer die opleidingsbehoeftes aan die begin van die verslagtydperk volgens die departement se Werkplekvaardigheidsplan.

Tabel 3.13.2: Opleiding verskaf, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Beroepskategorieë | Geslag | Getal werknemers soos op 31 Maart 2024 | Opleiding in die verslagtydperk verskaf | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Leerderskappe | Vaardigheidsprogramme en ander kort kursusse | Ander vorme van opleiding | Totaal |
| Wetgewers, senior beamptes en bestuurders (Salarisband 13-16) | Vroulik | 8 | - | 7 | - | 7 |
| | Manlik | 9 | - | 14 | - | 14 |
| Professionele persone (Salarisband 9-12) | Vroulik | 100 | - | 198 | - | 198 |
| | Manlik | 131 | - | 267 | - | 267 |
| Tegnici en verwante professionele persone (Salarisband 6-8) | Vroulik | 127 | - | 193 | - | 193 |
| | Manlik | 91 | - | 137 | - | 137 |
| Klerke (Salarisband 3-5) | Vroulik | 118 | - | 152 | - | 152 |
| | Manlik | 146 | - | 88 | - | 88 |
| Elementêre beroepe (Salarisband 1-2) | Vroulik | 29 | - | 9 | - | 9 |
| | Manlik | 84 | - | 32 | - | 32 |
| Subtotaal | Vroulik | 382 | - | 559 | - | 559 |
| | Manlik | 461 | - | 538 | - | 538 |
| Totaal | | 843 | - | 1 097 | - | 1 097 |
| Werknemers met gestremdhede | Vroulik | 7 | - | 6 | - | 6 |
| | Manlik | 13 | - | 1 | - | 1 |

Nota: Bovermelde tabel identifiseer die getal opleidingskursusse wat gedurende die oorsigtydperk deur individue bygewoon is.

## 3.14. Besering aan diens

Hierdie afdeling verskaf basiese inligting oor beserings wat opgedoen is tydens amptelike dienslewering.

Tabel 3.14.1: Besering aan diens, 1 April 2023 tot 31 Maart 2024

| Aard van besering aan diens | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Het slegs basiese mediese aandag benodig | 7 | 15,6 |
| Tydelike onbevoegdheid | 38 | 84,4 |
| Permanente onbevoegdheid | - | - |
| Noodlottig | - | - |
| Totaal | 45 | 100 |
| Persentasie van totale indiensneming | | 3,7 |

## 3.15. Benutting van konsultante

Tabel 3.15.1 Aanstelling van konsultante met bewilligde fondse

| Program | Konsultasiefirma | Titel van projek | Aard van projek | Totale getal konsultante wat op projek gewerk het | Tydsduur (werksdae) | Kontrakwaarde in rand | Totale getal projekte | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Evaluaid (Pty) Ltd | Steundienste vir prestasie-evaluering | Lewering van professionele steundienste vir prestasie-evaluering aan die departement | 1 | 504 | R612 720 | 1 | Nie-bydraer |
| 1 | Evaluaid (Pty) Ltd | Steundienste vir prestasie-evaluering | Om professionele steundienste vir prestasie-evaluering aan die departement te verskaf | 1 | 505 | R320 000 | 1 | Nie-bydraer |
| 3 | Data-intellect (Pty) Ltd | Bemiddelings-dienste vir HORTGRO - geskilbeslegting | Lewering van ’n bemiddelingsdiens aan die departement ten opsigte van ’n geskilbeslegtingsproses om ’n geskil tussen HORTGRO (Pty) Ltd en die Kamer vir Sagtevrugte-ontwikkeling op te los | 1 | 63 | R150 000 | 1 | Nie-bydraer |
| 2 | FruitLook/ E-Leaf | Bevordering van landbou-doeltreffendheid deur afstands-waarneming | Afstandswaarneming-datamodellering en adviesdienste om landbougewas-produksie en die doeltreffendheid van die gebruik van besproeiingswater te versterk | 1 | 253 | R28 425 798 | 1 | Nie-bydraer |
| 1 | OABS Development (Pty) Ltd | Behoeftebepaling oor dienste aan boere in die Wes-Kaap | Diagnostiese en ontwerpevaluering van die diensbehoeftes van verskillende boerkategorieë in die Wes-Kaap | 1 | 129 | R996 401 | 1 | 4 |
| 1 | Bureau for Food and Agricultural Policy MSW | Impakontleding en aanpassing-strategieë | Identifisering van opkomende eksterne faktore wat ’n impak op die Wes-Kaapse landbousektor sal hê, om hierdie impakte te kwantifiseer en om aanbevelings oor versagting- of aanpassingstrategieë te maak | 1 | 541 | R977 100 | 1 | Nie-bydraer |
| 1 | Bureau for Food and Agricultural Policy MSW | Omgewings-ontleding van die Wes-Kaapse agrisektor | Ontleding van eksterne omgewingsinvloede wat die Wes-Kaapse landbousektor verander | 1 | 56 | R898 261 | 1 | Nie-bydraer |
| 6 | Bureau for Food and Agricultural Policy MSW | Agrimarknavorsing en -kennisoordrag | Navorsing, opstel van landboumark-vooruitsigte (produksie, verbruik, pryse) en oordrag van kennis aan die departement se landbou-ekonoom | 1 | 645 | R1 307 500 | 1 | Nie-bydraer |

| Program | Konsultasiefirma | Titel van projek | Aard van projek | Totale getal konsultante wat op projek gewerk het | Tydsduur (werksdae) | Kontrakwaarde in rand | Totale getal projekte | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Blue Science (Pty ) Ltd | GrondSorg-program vir Wes-Kaapse riviere | Samestelling van ’n GrondSorg-omgewingsbestuursprogram vir nege riviere geleë in die Kaapse Wynland-, Overberg- en Eden-distrik | 1 | 398 | R2 011 275 | 1 | Nie-bydraer |
| 1 | Palmer Development Group (Pty) Ltd | Impakbepaling van die PALS-inisiatief | Evalueer die ontwerp, implementering en uitkomskomponente van die Witzenberg PALS-inisiatief (Partners in Agri Land Solution) | 1 | 146 | R998 576 | 1 | 2 |
| 1 | Mnr. Andre Stephan Roux | Hersiening van die Besproeiings-projekhernuwing vir Ebenhaeser | Om die hernuwing van die Ebenhaeser-besproeiingsprojek vanaf die aanvang- tot implementeringsfase te valideer en te dokumenteer. | 1 | 106 | R424 700 | 1 | Nie-bydraer |
| 6 | Haidee Swanepoel | Assessering van markontwikkelings-impak in Wes-Kaapse landbou | Evalueer die impak van die markontwikkelingsinisiatiewe vir die Wes-Kaapse Departement van Landbou | 1 | 124 | R576 150 | 1 | 4 |
| 1 | Drone-X (Pty) Ltd | Opleiding in hommeltuig-tegnologie vir landbou-opvoeders | Verskaf induksie-opleiding oor hommeltuie aan sestig onderwysers in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement by landbouskole | 1 | 4 | R161 000 | 1 | 4 |
| 1 | Drone-X (Pty) Ltd | Opknappings-kursus vir hommeltuig-vlieëniers en lisensiehernuwing | Bied ’n opknappingskursus vir hommeltuig-vlieëniers aan en hernu die lisensies van vlieëniers in diens van die Wes-Kaapse Departement van Landbou | 1 | 253 | R492 602 | 1 | 4 |
| 1 | Heli-X Cape Town (Pty) Ltd | Verkry operateur-sertifikaat vir hommeltuie | Verkryging van ’n operateursertifikaat vir ’n korporatiewe afstandbeheerde lugvaartstelsel | 1 | 505 | R138 000 | 1 | Nie-bydraer |

DEEL

# E

# VERSLAG OOR WOFB-NAKOMING

# 1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE, EN ONGEMAGTIGDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE

## 1.1. Onreëlmatige uitgawes

### a) Rekonsiliasie van onreëlmatige uitgawes

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | 125 | 114 |
| Wysiging aan beginsaldo | - | (102) |
| Beginsaldo soos heraangegee | - | 12 |
| Plus: Onreëlmatige uitgawes bevestig | 6 | 125 |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes gekondoneer | - | (12) |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes nie gekondoneer nie en verwyder | - | - |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes verhaalbaar | - | - |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes onverhaalbaar en afgeskryf | - | - |
| Eindsaldo | 131 | 125 |

Rekonsiliërende aantekeninge

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes wat geassesseer is | - | - |
| Onreëlmatige uitgawes wat met die vorige jaar verband hou en in die lopende jaar geïdentifiseer is | - | 125 |
| Onreëlmatige uitgawes vir die lopende jaar | 6 | - |
| Totaal | 6 | 125 |

### b) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes (word geassesseer, bepaal en ondersoek)

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes wat geassesseer word | - | - |
| Onreëlmatige uitgawes wat bepaal word (een geval in verband met 'n kilometer-eis wat teenstrydig met paragraaf 13.6.1.8 en 13.6.1.9 van die Nasionale Reisraamwerk is). | 6 | 125 |
| Totaal | 6 | 125 |

c) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes gekondoneer

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes gekondoneer | - | 12 |
| Totaal | - | 12 |

d) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes verwyder (nie gekondoneer nie)

Geen

e) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes verhaalbaar

Geen

f) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes afgeskryf (onverhaalbaar)

Geen

*Bykomende bekendmaking in verband met inter-institusionele reëlings*

g) Besonderhede oor gevalle van nienakoming waar 'n instansie by 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie *nie* vir die nienakoming verantwoordelik is nie)

Geen

h) Besonderhede oor gevalle van onreëlmatige uitgawes waar 'n instansie by 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie vir die nienakoming verantwoordelik is)

Geen

i) Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van onreëlmatige uitgawes gedoen is (2023/24)

| Dissiplinêre stappe ingestel |
|---|
| 'n Mondelinge waarskuwing is uitgereik aan 'n werknemer in verband met die nienakoming van Nasionale Tesourie-instruksie No. 07 van 2022/23 ten bedrae van R2 121,51. Die saak is deur die Provinsiale Tesourie gekondoneer. |

## 1.2. Vrugtelose en verkwistende uitgawes

### a) Rekonsiliasie van vrugtelose en verkwistende uitgawes

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | - | 88 |
| Wysiging aan beginsaldo | - | (83) |
| Beginsaldo soos heraangegee | - | 5 |
| Plus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes bevestig | 10 | - |
| Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar (drie gevalle in verband met die niebywoning van 'n amptelike geleentheid.) | (2) | (5) |
| Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes onverhaalbaar en afgeskryf | - | - |
| Eindsaldo | 8 | - |

### Rekonsiliërende aantekeninge

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geassesseer is | - | - |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat met die vorige jaar verband hou en in die lopende jaar geïdentifiseer is | - | - |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes vir die lopende jaar (ses gevalle in verband met die niebywoning van amptelike geleenthede en een geval in verband met 'n kansellasiefooi wat betaal is vir ongebruikte verblyf). | 10 | - |
| Totaal | 10 | - |

### b) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende uitgawes (word geassesseer, bepaal en ondersoek)

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geassesseer word | - | - |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes word bepaal (drie gevalle wat verband hou met die nie-bywoning van amptelike geleenthede en een saak wat verband hou met 'n kansellasiefooi betaal vir verblyf wat nie gebruik word nie). | 8 | - |
| Totaal | 8 | - |

c) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar

| Beskrywing | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar (drie gevalle in verband met die niebywoning van amptelike geleenthede). | 2 | 5 |
| Totaal | 2 | 5 |

d) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes onverhaalbaar en afgeskryf

Geen

e) Dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van vrugtelose en verkwistende uitgawes gedoen is

Geen

## 1.3. Ongemagtigde uitgawes

Geen

## 1.4. Bykomende bekendmaking ten opsigte van wesenlike verliese kragtens artikel 40(3)(b)(i) en (iii) van die WOFB

a) Besonderhede oor wesenlike verliese weens misdaadgedrag

| Wesenlike verliese weens misdaadgedrag | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Diefstal | - | - |
| Ander verliese (verwys na (b) hier onder) | 11 | 234 |
| Minus: Onverhaalbaar en afgeskryf (verwys na (c) hier onder) | (11) | (234) |
| Totaal | - | - |

b) Besonderhede van ander verliese

| Aard van ander verliese | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes (drie gevalle) | 5 | - |
| Oorbetaling van salarisse afgeskryf (een geval) | 3 | 90 |
| Onbetaalde verlof (vier gevalle) | 2 | - |
| Toelaes oorbetaal | - | 10 |
| Beursskuld afgeskryf | - | 104 |
| Belastingskuld afgeskryf | - | 11 |
| Ander salarisskuld afgeskryf | - | 19 |
| Verlies op buitelandse valuta (een geval) | 1 | - |
| Totaal | 11 | 234 |

c) Ander verliese onverhaalbaar en afgeskryf

| Aard van verliese | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Verwys na 1.4(b) hier bo (nege gevalle) | 11 | 234 |
| Totaal | 11 | 234 |

# 2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS

| Beskrywing | Getal fakture | Gekonsoli-deerde waarde |
|---|---|---|
| | | R'000 |
| Geldige fakture ontvang | 8 208 | 216 628 |
| Fakture binne 30 dae of ooreengekome tydperk betaal | 8 208 | 216 628 |
| Fakture na 30 dae of ooreengekome tydperk betaal | - | - |
| Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (*onbetaal en sonder dispuut*) | - | - |
| Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (*onbetaal en in dispuut*) | - | - |

# 3. VOORSIENINGSKANAALBESTUUR

## 3.1. Verkryging op ander wyses

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe verkryging op ander wyses | Kontraknommer | Waarde van kontrak R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Veeartsenykundige dienste en bystandveeartsdienste aan die Holstein Dairy, Percheron Student and Equine Studies | Stellenbosch Dierehospitaal<br><br>Wellington Dierehospitaal | Beperkte bod | OR-090190 (Stellenbosch)<br><br>OR-090163 (Wellington)<br><br>OR-091553 (Wellington) | 500 |
| Goedkeuring om gebruik te maak van 'n paneel voorkeur-diensverskaffers vir toetsing vir veeartsenykundige diagnostiese verwysing | Onderstepoort Veeartsenykundige Navorsing, Universiteit van Pretoria, Molecular Diagnostic Services, Assure Cloud/ Aspiata, Drs Dietrich, Voigt, Mia and Partners, SMT Laboratories en Merieux NutriSciences | Beperkte bod | OR-090149<br><br>OR-091334 | 900 |
| Lewering van 'n toetsdiens vir beesbrucellose-serologie aan die Wes-Kaapse Departement van Landbou: Veeartsenykundige Dienste | Drs Dietrich, Voigt, Mia and Partners | Beperkte bod | Bod 914 -2022/23 | 2 000 |
| Departementele uitstalruimte by die Nampo Kaap BKB-saal | Grain SA | Beperkte bod | OR-090516 | 87 |
| Goedkeuring om op 24 en 25 April 2023 'n dialoog oor klimaatramp-oplossings vir multi-belanghebbendes aan te bied | Namaqua Wines Distributions handeldrywend as Die Kelder | Nieregerings-lokaal vir die geleentheid | OR-090099 | 70 |
| Goedkeuring om op 21 en 22 Augustus 2023 in Oudtshoorn vir 'n jong navorsers 'n konvensie oor klimaatsverandering en landbou aan te bied | Oudtshoorn Inn Hotel | Nieregerings-lokaal vir die geleentheid | OR-090802 | 112 |
| Om die dienste van Gourikwa Reserve vir 'n opleidingsgeleentheid van die program Veeartsenykundige Dienste: Dieregesondheid van 29 tot 31 Augustus 2023 te gebruik | Gourikwa Reserve | Nieregerings-lokaal vir die geleentheid | OR-090861 | 125 |

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe verkryging op ander wyses | Kontraknommer | Waarde van kontrak R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Benutting van Bredasdorp Park vir die volgende dienste:<br>• Skoolprogram en jeugskou<br>• Benutting van 'n toegewyde ruimte vir die ontvangs van en interaksie met belanghebbendes | Bredasdorp Park | Beperkte bod | OR-090864 | 230 |
| Tent, meubels en verversings by die Nampo Ekspo vir interaksie met landboubelanghebbendes | Bredasdorp Park | Beperkte bod | OR-090828 | 78 |
| Benutting van die dienste van Blue Bay Hotel vir die opleidings-geleentheid van die program Veeartsenykundige Dienste: Veeartsenykundige Diagnostiese Dienste van 5 tot 7 September 2023 | Blue Bay Lodge and Resort | Nieregerings-lokaal vir die geleentheid | OR-090890 | 145 |
| Goedkeuring om die dienste van Xcallibre te hernu vir die digitale pen-intekening vir die tydperk 1 September 2023 tot 31 Maart 2024 | Xcallibre | Beperkte bod | OR-090931 | 486 |
| Dringende installering van 'n veiligheidshek by Huis 19 na poging tot inbraak. Dit was noodsaaklik om 'n veiligheidshek dringend te installeer om die kantoor te beveilig. | Ideal 24-7 Property Services | Dringendheid | OR-091774 | 9 |
| Hernuwing van lisensies van alle IT-intekeninge. Versoek om Datacentrix as 'n enkelbronverskaffer aan te stel. | Datacentrix | Enkelbron-verskaffer | OR-091821 | 561 |
| Totaal | | | | 5 303 |

## 3.2. Kontrakafwykings en -verlengings

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe kontrak-wysiging (uitbreiding of afwyking) | Kontrak-nommer | Oor-spronklike kontrak-waarde | Waarde van vorige kontrak-uitbreiding(s) of -afwyking(s) (indien toepaslik) | Waarde van huidige kontrak-uitbreiding of -afwyking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | R'000 | R'000 | R'000 |
| Lewering van 'n skoonmaakdiens by die Departement van Landbou, Elsenburg | Samcho Cleaning Services | Verlenging | Bod 852-2018/19 | 7 200 | 2 970 | 731 |
| Lewering van 'n bekledingsdiens by die hoofhek en die waghuis by die Departement van Landbou, Elsenburg | RICTS Holdings (Pty) Ltd | Uitbreiding | OR-090825 | 43 | - | 14 |
| Vervanging van gekraakte glasdeure en vensters | Excellent Glass | Uitbreiding | OR-090720 | 22 | - | 3 |
| Uitbreiding van aansoek vir 'n beperkte bod vir Nampo Ekspo as gevolg van bykomende dienste benodig | Bredasdorp Park | Uitbreiding | OR-090941 | 308 | - | 90 |
| Georegistrasie van gewas- en veeproduksie | Spatial Intelligence (Pty) Ltd | Verlenging | Bod 910-2022/23 | 7 237 | - | - |
| Beskermingswerkeprojek vir nege riviere geleë in die Kaapse Wynland-, Overberg- en Eden-distrik | Blue Science (Pty ) Ltd | Verlenging | BOD 905 - 2021/22 (OR-088339) | 2 011 | - | - |
| Beesbrucellose-toetsdiens | Drs Dietrich, Voigt, Mia and Partners | Verlenging | BOD 914 - 2022/23 | 2 000 | - | 500 |
| Skoonmaakdienste by Prince Albert-kantoor | Rolene Salmarie Hendricks | Verlenging | OR-089662 | 17 | - | - |
| Tuindienste by Prince Albert-kantoor | Piet Vries | Verlenging | OR-089568 | 21 | - | - |
| Skildery van die Bosbraai-lokaal, Elsenburg | Indumiso Cleaning and Transport Services | Uitbreiding | OR-091032 | 137 | - | 21 |

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe kontrak-wysiging (uitbreiding of afwyking) | Kontrak-nommer | Oor-spronklike kontrak-waarde | Waarde van vorige kontrak-uitbreiding(s) of -afwyking(s) (indien toepaslik) | Waarde van huidige kontrak-uitbreiding of -afwyking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | R'000 | R'000 | R'000 |
| Installering van nuwe matte | SM FLooring and Installers | Verlenging | OR-091272 | 130 | - | 15 |
| Diagnostiese en ontwerpevaluering van die diensbehoeftes van verskillende boer-kategorieë in die Wes-Kaap | OABS Development (Pty) Ltd | Verlenging | OR-090396 | 996 | - | - |
| 'n Mediese nooddiens moes volgens die wet tydens die welstands-markdag op die perseel teenwoordig wees | Executive Proactive Security Services | Verlenging | Bod 915-2022/23<br>OR-090981<br>OR-090268 | 15 138 | <br>87<br>32 | 11 |
| Verskaffing en aflewering van bederfbare en niebederfbare produkte | • Alumanye (Pty) Ltd<br>• Atlantis Provisions (Pty) Ltd<br>• Beatrice Nina (Pty) Ltd<br>• BFECT (Pty) Ltd<br>• Blaauwberg Meat Specialities (Pty) Ltd<br>• Fabulous Distributors (Pty) Ltd<br>• Home Base Trade 8cc<br>• Hustlers Empowerment (Pty) Ltd<br>• Magic Flower Trading & Projects (Pty) Ltd<br>• MFJ Foods (Pty) Ltd | Verlenging | Bod 902 -2021/22 | 3 000 | - | 1 500 |

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe kontrak-wysiging (uitbreiding of afwyking) | Kontrak-nommer | Oor-spronklike kontrak-waarde | Waarde van vorige kontrak-uitbreiding(s) of -afwyking(s) (indien toepaslik) | Waarde van huidige kontrak-uitbreiding of -afwyking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | R'000 | R'000 | R'000 |
| | • Nelkho Projects (Pty) Ltd<br>• Qondani Manxele Holdings (Pty) Ltd<br>• TG Suppliers | | | | | |
| Uitleg en druk van gradueringsboekie (grafiese ontwerp) | Thembela Printers | Uitbreiding | OR-091209 | 47 | - | 4 |
| Lewering van 'n skoonmaakdiens by die Departement van Landbou, Elsenburg | Samcho Cleaning Services | Uitbreiding | BOD 917-2022/23 | 8 311 | - | 5<br>1 |
| Lewering van 'n spysenieringsdiens by die Departement van Landbou, Elsenburg | Ikapa Caterers | Verlenging | Bod 888 -2020/21 | 836 | - | 74 |
| Installering van IT-netwerkkabels by die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium, insluitend die installering van twee netwerkkabinette | Mantella IT | Uitbreiding | OR-091517 | 372 | - | 6 |
| Totaal | | | | 47 826 | 3 089 | 2 975 |

# DEEL F | FINANSIËLE INLIGTING

# Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor begrotingspos 11: Wes-Kaapse Departement van Landbou

## Verslag oor die oudit oor die finansiële state

### Mening

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Departement van Landbou wat op bladsy 221 tot 273 uiteengesit is, geoudit. Dit bestaan uit die begrotingstaat, staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2024, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates en die kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig, asook aantekeninge by die finansiële state, insluitend ’n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide.
2. Na my mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte ’n billike voorstelling van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Departement van Landbou soos op 31 Maart 2024, en van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, ooreenkomstig die Gewysigde Kontantstandaard (GKS) wat deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB) en die Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet 5 van 2023 (WVI) bepaal word.

### Grondslag vir mening

3. Ek het my oudit in ooreenstemming met die Internasionale Ouditstandaarde (ISA’s) uitgevoer. My verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die verantwoordelikhede van die ouditeur-generaal vir die ouditering van die finansiële state-afdeling van my verslag.
4. Ek is onafhanklik van die departement, in ooreenstemming met die International Ethics Standards Board for Accountants se etiese kode vir professionele rekenmeesters (insluitend internasionale onafhanklike standaarde) (IESBA-kode) asook ander etiese vereistes wat betrekking het op my oudit in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede in ooreenstemming met hierdie vereistes en die IESBA-kode nagekom.
5. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek bekom het, voldoende en gepas is om ’n grondslag vir my mening te bied.

### Beklemtoning van aangeleentheid

6. Ek vestig die aandag op onderstaande aangeleentheid: My mening ten opsigte van hierdie aangeleentheid het nie verander nie.

#### Wesenlike waardedaling

7. Soos openbaargemaak in aantekening 24.3 by die finansiële state, was daar ’n aansienlike waardedaling in opgelope departementele inkomste. Die waardedalingstoelae het R17,8 miljoen beloop (2022/23: R14,5 miljoen) beloop.

### Ander aangeleentheid

8. Ek vestig die aandag op onderstaande aangeleentheid: My mening ten opsigte van hierdie aangeleentheid het nie verander nie.

#### Ongeouditeerde aanvullende skedules

9. Die aanvullende inligting uiteengesit op bladsy 274 tot 297 vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomende inligting voorgelê. Ek het nie hierdie bylaes geoudit nie en gevolglik spreek ek nie my mening daaroor uit nie.

## Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede vir die finansiële state

10. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state ooreenkomstig die GKS soos deur Nasionale Tesourie voorgeskryf en die vereistes van die WOFB en WVI en vir sodanige interne kontrole wat deur die Rekenpligtige Beampte nodig geag word vir die opstel van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of fout.

11. Tydens die opstel van die finansiële state is die Rekenpligtige Beampte verantwoordelik om te assesseer of die departement die vermoë het om as ’n lopende saak voort te gaan; om, waar van toepassing, aangeleenthede met betrekking tot ’n lopende saak openbaar te maak; en om die lopende-saak-grondslag van rekeningkunde toe te pas, tensy die betrokke struktuur van regeringsbestuur óf beoog om die departement te likwideer óf om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het anders as om dit te doen nie.

## Ouditeur-generaal se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

12. My doelstellings is om redelike versekering te kry dat die finansiële state in die geheel sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of foute; en om ’n ouditeursverslag wat my mening insluit, uit te reik. Redelike versekering is ’n hoë vlak van versekering maar is nie ’n waarborg dat ’n oudit wat ooreenkomstig die ISA’s uitgevoer word, altyd ’n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor as dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan as gevolg van bedrog of foute ontstaan en word as wesenlik beskou as daar redelikerwys verwag kan word dat dit individueel of oor die geheel ’n invloed kan hê op die ekonomiese besluite wat op grond van hierdie finansiële state deur gebruikers geneem word.

13. ’n Verdere beskrywing van my verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state word in die bylae tot hierdie ouditeursverslag ingesluit. Hierdie beskrywing wat op bladsy 217 verskyn, maak deel van ons ouditeursverslag uit.

# Verslag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverslag

14. Kragtens die Wet op Openbare Oudit, Wet 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die nuttigheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die gekose programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, oudit en daaroor verslag doen. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse prestasieverslag.

15. Ek het die volgende programme wat in die jaarlikse prestasieverslag vir die jaar geëindig 31 Maart 2024 aangebied word, vir ouditering gekies. Ek het programme gekies wat die departement se prestasie in sy primêre, gemandateerde funksies meet en wat van beduidende nasionale, gemeenskaps- of openbare belang is.

| Program | Bladsynommers | Doel |
|---|---|---|
| Program 3 – Landbou-produsentesteun en -ontwikkeling | 85 tot 89 | Om deur middel van landbou-ontwikkelingsprogramme steun aan produsente te verskaf. Aktiveer en steun die transformasie van die landbousektor om aktief tot ekonomiese groei, insluiting, gelykheid en die skepping van behoorlike werk by te dra.<br>Toenemende voedselproduksie deur steun- en ontwikkelingsinisiatiewe vir produsente. |
| Program 4 - Veeartsenykundige Dienste | 91 tot 96 | Om veeartsenykundige dienste aan kliënte te bied om die volgende te verseker: gesonde diere, volhoubare en winsgewende diereproduksie-ondernemings, veilige handel in diere en produkte van dierlike oorsprong en die welstand van diere en die publiek. |

16. Ek het die gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselekteerde programme geëvalueer teen die kriteria wat uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is, soos omskryf in die algemene kennisgewing. Wanneer ’n jaarlikse prestasieverslag met hierdie kriteria opgestel word, verskaf dit aan gebruikers nuttige en betroubare inligting en insigte oor die departement se beplanning en lewering van sy mandaat en doelwitte.

17. Ek het prosedures uitgevoer om te toets of:
    - die aanwysers wat vir beplanning en verslagdoening oor prestasie gebruik word, direk aan die departement se mandaat en die bereiking van sy beplande doelwitte gekoppel kan word
    - al die aanwysers wat relevant is vir die meting van die departement se prestasie teenoor sy primêre gemandateerde en geprioritiseerde funksies en beplande doelwitte, ingesluit is
    - die aanwysers goed gedefinieer is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan en konsekwent toegepas kan word, asook verifieerbaar is, sodat ek die metodes en prosesse wat gebruik moet word vir die meting van prestasie, kan bevestig
    - die teikens direk aan die bereiking van die aanwysers gekoppel kan word en spesifiek, tydgebonde en meetbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan wat gelewer moet word en teen wanneer, die vereiste vlak van prestasie asook hoe prestasie geëvalueer sal word
    - die gerapporteerde aanwysers en teikens in die jaarlikse prestasieverslag dieselfde is as waartoe daar in die goedgekeurde, aanvanklike of hersiene beplanningsdokumente verbind is
    - die gerapporteerde prestasie-inligting op die voorgeskrewe wyse in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, en dat dit vergelykbaar en verstaanbaar is.
    - daar voldoende stawende bewyse vir die gerapporteerde prestasies is en vir die redes wat vir enige oor- of onderbereiking van teikens verskaf is.
18. Ek het die prosedures uitgevoer met die doel om slegs wesenlike bevindings te rapporteer; en nie om ’n mening of beslissing oor sekerheid uit te spreek nie.
19. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose programme geïdentifiseer nie.

## Ander aangeleentheid

20. Ek vestig die aandag op onderstaande aangeleentheid:

### Bereiking van beplande teikens

21. Die jaarlikse prestasieverslag bevat inligting oor gerapporteerde prestasies teenoor beplande teikens en verskaf verduidelikings vir oor- of onderprestasies.
22. Die tabel wat volg verskaf inligting oor die bereiking van beplande teikens en lys die sleutelaanwysers van Program 4: Veeartsenykundige Dienste wat nie behaal is nie, soos in die jaarlikse prestasieverslag gerapporteer. Die redes vir enige onderprestasie van teikens word by die jaarlikse prestasieverslag op bladsy 91 tot 96 ingesluit.

Program 4: Veeartsenykundige Dienste:

| *Teikens bereik: 80%*<br>*Begroting bestee: 100%* | | |
|---|---|---|
| Sleuteldienste se leweringsaanwysers wat nie bereik is nie | Beplande teiken | Gerapporteerde prestasie |
| T4.4.1 Getal laboratoriumtoetse volgens goedgekeurde standaarde uitgevoer | 25 000 | 0 |
| P4.4.1 Totale getal veeartsenykundige monsters getoets | 10 | 0 |

## Verslag oor nakoming van wetgewing

23. Kragtens die WOO en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die nakoming van toepaslike wetgewing rakende finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede oudit en daaroor verslag doen. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die departement se nakoming van wetgewing.

24. Ek het prosedures uitgevoer om die nakoming van gekose vereistes in sleutelwetgewing te toets, in ooreenstemming met die metodologie vir aktiwiteite rondom bevindings van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA). Hierdie studie is nie ’n sekerheidstudie nie. Gevolglik spreek ek nie ’n mening of beslissing oor sekerheid uit nie.
25. Ek het deur middel van ’n gevestigde OGSA-proses vereistes in sleutelwetgewing vir die toetsing van nakoming gekies wat betrekking het op die finansiële en prestasiebestuur van die departement en duidelik is om konsekwente meting en evaluering te kan doen, en wat ook genoeg besonderhede bevat en geredelik beskikbaar is om op ’n verstaanbare wyse verslag te lewer. Die gekose wetgewende vereistes word by die bylae tot hierdie ouditeur se verslag ingesluit.
26. Ek het geen wesenlike nienakoming van die gekose wetgewende vereistes geïdentifiseer nie.

## Ander inligting in die jaarverslag

27. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is. Die ander inligting waarna verwys word, sluit nie die finansiële state, die ouditeursverslag en die gekose programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word en spesifiek in die ouditeursverslag gerapporteer is, in nie.
28. My mening oor die finansiële state, die verslag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverslag en die verslag oor nakoming van wetgewing dek nie die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is nie, en ek spreek nie ’n ouditmening of enige vorm van sekerheidsbeslissing daaroor uit nie.
29. My verantwoordelikheid is om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of dit wesenlik inkonsekwent is met die finansiële state en die gekose programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, of kennis wat ek in die oudit opgedoen het, of wat andersins blyk ’n wesenlike wanvoorstelling te wees.
30. As ek op grond van die werk wat ek verrig het, tot die gevolgtrekking kom dat daar ’n wesenlike wanvoorstelling in hierdie ander inligting is, word daar van my verwag om dit te rapporteer.
31. Ek het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

## Tekortkominge in interne kontrole

32. Ek het interne kontrole van toepassing op my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en nakoming van tersaaklike wetgewing oorweeg; my doelwit was egter nie om enige vorm van versekering daaroor te gee nie.
33. Ek het nie enige beduidende tekortkominge in interne kontrole geïdentifiseer nie.

Auditor-General

Kaapstad 31
Julie 2024

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

# Bylae tot die ouditeursverslag

Die bylae sluit die volgende in:

- Die ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit.
- Die gekose wetgewende vereistes vir nakomingstoetsing.

## Die ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit

### Professionele oordeel en professionele skeptisisme

As deel van 'n oudit ingevolge die ISA's oefen ek my professionele oordeel uit en handhaaf professionele skeptisisme in my oudit van die finansiële state en die prosedures wat uitgevoer word op gerapporteerde prestasie-inligting vir gekose programme en van die departement se nakoming van gekose vereistes in sleutelwetgewing.

### Finansiële state

Benewens my verantwoordelikheid vir die oudit van die finansiële state soos in hierdie ouditeursverslag uiteengesit:

- identifiseer en evalueer ek die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute; ontwerp en voer ouditprosedures in reaksie op daardie risiko's uit; en kry ouditbewyse wat voldoende en geskik is om 'n grondslag vir my mening te bied. Die risiko om nie 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog op te spoor nie, is hoër as vir een wat as gevolg van 'n fout voorkom, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, opsetlike weglatings, wanvoorstellings of die omverwerping van interne kontrole kan behels.
- kry ek 'n begrip van interne kontrole van toepassing op die oudit om ouditprosedures te ontwerp wat onder die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die departement se interne kontrole uit te spreek nie.
- evalueer ek die geskiktheid van rekeningkundige beleide wat gebruik is en die billikheid van rekeningkundige skattings en verwante bekendmakings wat gemaak is
- beslis ek oor die geskiktheid van die gebruik van die lopende-saak-grondslag van rekeningkunde in die opstel van die finansiële state. Ek beslis ook, op grond van die ouditbewyse verkry, of daar wesenlike onsekerheid bestaan oor gebeure of toestande wat beduidende twyfel kan wek oor die vermoë van die departement om as 'n lopende saak voort te gaan. As ek beslis dat daar wesenlike onsekerheid bestaan, word van my vereis om in my ouditeursverslag die aandag te vestig op die betrokke bekendmakings in die finansiële state oor die wesenlike onsekerheid of, indien sodanige bekendmakings onvoldoende is, om my mening oor die finansiële state te wysig. My beslissings is gegrond op die inligting wat op die datum van hierdie ouditeursverslag tot my beskikking is. Toekomstige gebeure of toestande kan egter veroorsaak dat 'n departement nie langer as 'n lopende saak bedryf kan word nie.
- evalueer ek die algehele aanbieding, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitend die bekendmakings, en bepaal of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure voorstel op 'n wyse wat billike voorstelling verteenwoordig.

## Kommunikasie met diegene aan wie regeringsbestuur opgelê is

Ek kommunikeer met die rekenpligtige beampte oor onder meer die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindings, insluitend enige beduidende tekortkominge in interne kontrole wat ek tydens my oudit identifiseer.

Ek voorsien die Rekenpligtige Beampte ook van ’n verklaring dat ek aan die betrokke etiese vereistes rakende onafhanklikheid voldoen het, en maak alle verhoudinge en ander aangeleenthede bekend wat redelikerwys moontlik my onafhanklikheid kan beïnvloed en, waar toepaslik, stappe wat gedoen is om bedreigings uit te skakel of voorsorgmaatreëls wat toegepas is.

## Nakoming van wetgewing – gekose wetgewende vereistes

Die gekose wetgewende vereistes is soos volg:

| Wetgewing | Artikels of regulasies |
|---|---|
| Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999) | Artikel 1; 38(1)(b); 38(1)(c)(i); 38(1)(c)(ii);<br>Artikel 38(1)(d); 38(1)(h)(iii); 38(1)(j); 39(1)(a);<br>Artikel 39(2)(a); 40(1)(a); 40(1)(b); 40(1)(c)(i); Artikel 43(1); 43(4); 44(1); 44(2); 45(b) |
| Tesourieregulasies, 2005 | Regulasie 4.1.1; 4.1.3; 5.1.1; 5.2.1; 5.2.3(a);<br>Regulasie 5.2.3(d); 5.3.1; 6.3.1(a); 6.3.1(b);<br>Regulasie 6.3.1(c); 6.3.1(d); 6.4.1(b); 7.2.1;<br>Regulasie 8.1.1; 8.2.1;8.2.2; 8.2.3; 8.4.1; 9.1.1; 9.1.4;<br>Regulasie 10.1.1(a); 10.1.2; 11.4.1; 11.4.2;<br>Regulasie 11.5.1; 12.5.1; 15.10.1.2(c); 16A3.2;<br>Regulasie 16A3.2(a); 16A6.1; 16A6.2(a);<br>Regulasie 16A6.2(b); 16A6.3(a); 16A6.3(b);<br>Regulasie 16A6.3(c); 16A 6.3(e); 16A6.4;<br>Regulasie 16A6.5; 16A6.6; 16A7.1; 16A7.3;<br>Regulasie 16A7.6; 16A7.7;<br>Regulasie 16A8.3; ; 16A8.4; 16A9.1(b)(ii);<br>Regulasie 16A 9.1(d); 16A 9.1(e); 16A9.1(f);<br>Regulasie 16A9.2; 16A9.2(a)(ii); 17.1.1; 18.2;<br>Regulasie 19.8.4 |
| Wet op die Raad vir die Ontwikkeling van die Boubedryf, Wet 38 van<br>2000 | Artikel 18(1) |
| Regulasies t.o.v. die Raad vir die ontwikkeling van die boubedryf,<br>2004 | Regulasie 17; 25(7A) |
| Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet 5 van 2023 | Artikel 11(6)(a); 12(5); 16(1); 16(3); 16(3)(a)(i);<br>Artikel 16(3)(a)(ii)(bb) |
| Tweede wysiging van Nasionale Tesourie-instruksie Nr.<br>5 van 2020/21 | Paragraaf 1 |
| Erratum Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van<br>2020/21 | Paragraaf 2 |
| Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 2020/21 | Paragraaf 4.8; 4.9; 5.3 |
| Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 1 van 2021/22 | Paragraaf 4.1 |
| Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 4 van 2015/16 | Paragraaf 3.4 |
| Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 4A van 2016/17 | Paragraaf 6 |
| Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 03 van 2021/22 | Paragraaf 4.1; 4.2 (b); 4.3; 4.4(a); 4.17; 7.2; 7.6 |
| Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 11 van 2020/21 | Paragraaf 3.4(a); 3.4(b); 3.9 |
| Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota Nr. 2 van 2021/22 | Paragraaf 3.2.1; 3.2.4; 3.2.4(a); 3.3.1; |
| Praktyknota 5 van 2009/10 | Paragraaf 3.3 |
| Praktyknota 7 van 2009/10 | Paragraaf 4.1. 2 |
| Wet op die Beleid vir Voorkeurverkrygingsraamwerk. Wet 5 van 2000 | Artikel 1; 2.1(a); 2.1(f) |
| Voorkeurverkrygingsregulasies, 2022 | Regulasie 4.1; 4.2; 4.3; 4.4; 5.1; 5.2; 5.3; 5.4 |

| Wetgewing | Artikels of regulasies |
|---|---|
| Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017 | Regulasie 4.1; 4.2; 5.1; 5.3; 5.6; 5.7; 6.1; 6.2; 6.3;<br>Regulasie 6.6; 6.8; 7.1; 7.2; 7.3;; 7.6; 7.8;<br>Regulasie 8.2; 8.5; 9.1; 10.1; 10.2; 11.1; 11.2; |
| Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, Wet 12 van 2004 | Artikel 34(1) |
| Staatsdiensregulasies, 2016 | Regulasie 25(1)(e)(i) ; 25(1)(e)(iii) |
| Wet op Staatsinligtingstegnologie-agentskap, Wet 88 van 1998 | Artikel 7(3) |

# INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|---|
| Begrotingstaat | 221 |
| Aantekeninge by die begrotingstaat | 231 |
| Staat van finansiële prestasie | 234 |
| Staat van finansiële posisie | 235 |
| Staat van veranderinge in netto bates | 236 |
| Kontantvloeistaat | 237 |
| Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide) | 238 |
| Bylaes | 274 |

# BEGROTINGSTAAT

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

| Begroting per program | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2023/24 | | | | | | | 2022/23 | |
| | | Goedgekeurde begroting | Verskuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Program | | | | | | | | | | |
| 1. | Administrasie | 150,391 | - | (4,339) | 146,052 | 142,257 | 3,795 | 97,4% | 135,972 | 133,090 |
| 2. | Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | 135,234 | - | (4,263) | 130,971 | 126,830 | 4,141 | 96,8% | 177,639 | 170,794 |
| 3. | Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | 285,549 | - | 3,520 | 289,069 | 289,069 | - | 100% | 303,332 | 303,332 |
| 4. | Veeartsenykundige Dienste | 109,031 | - | (10) | 109,021 | 109,021 | - | 100% | 103,167 | 100,766 |
| 5. | Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste | 148,414 | - | 5,665 | 154,079 | 153,041 | 1,038 | 99,3% | 145,421 | 145,421 |
| 6. | Landbou-ekonomiese Dienste | 38,406 | - | (638) | 37,768 | 37,768 | - | 100% | 40,607 | 39,806 |
| 7. | Landbou-onderwys en -opleiding | 66,992 | - | (314) | 66,678 | 61,542 | 5,136 | 92,3% | 65,073 | 63,996 |
| 8. | Landelike Ontwikkeling | 20,108 | - | 379 | 20,487 | 20,487 | - | 100% | 21,484 | 21,484 |
| TOTAAL | | 954,125 | - | - | 954,125 | 940,015 | 14,110 | 98,5% | 992,695 | 978,689 |

| | 2023/24 Finale begroting | 2023/24 Werklike uitgawes | 2022/23 Finale begroting | 2022/23 Werklike uitgawes |
|---|---|---|---|---|
- vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in die vorige boekjaar geassesseer is;
- vrugtelose en verkwistende uitgawes wat op die vorige boekjaar betrekking het en in die lopende jaar geïdentifiseer is; en
- vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in die lopende jaar aangegaan is.

# 18. Onreëlmatige uitgawes

Verliese wat voortspruit uit onreëlmatige uitgawes word as ’n ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken wanneer dit verhaalbaar is. Die ontvangbare rekening word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word onterken wanneer dit vereffen word of gevolglik as onverhaalbaar afgeskryf word.

Onreëlmatige uitgawes word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer bevestig en teen bedrae wat bevestig is, en bestaan uit:

- onreëlmatige uitgawes wat in die vorige boekjaar geassesseer is;
- onreëlmatige uitgawes wat op die vorige boekjaar betrekking het en in die lopende jaar geïdentifiseer is; en
- onreëlmatige uitgawes aangegaan in die lopende jaar.

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 19. Veranderinge in rekeningkundige beleid, beramings en foute

Veranderinge in rekeningkundige beleid word volgens GKS-vereistes toegepas.

Veranderinge in rekeningkundige beramings word vooruitwerkend volgens GKS-vereistes toegepas.

Die regstelling van foute word terugwerkend toegepas in die tydperk waarin die fout ontstaan het, volgens GKS-vereistes, behalwe in die mate dat dit onprakties is om die tydperk-spesifieke effek of die kumulatiewe effek van die fout te bepaal. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates aangee vir die vroegste tydperk waarvoor terugwerkende heraangewing prakties is.

## 20. Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Gebeure na die verslagdoeningsdatum wat as aansuiwerende gebeure geklassifiseer is, is in die finansiële state in berekening gebring. Gebeure na die verslagdoeningsdatum wat as nie-aansuiwerende gebeure na die verslagdoeningsdatum geklassifiseer is, word in die aantekeninge by die finansiële state openbaargemaak.

## 21. Hoofagentreëlings

Die departement is 'n party in 'n prinsipaal-agent-reëling vir AgriSETA. Die departement is ingevolge die reëling die agent en verantwoordelik vir die implementering van spesiale projekte in verband met die erkenning van vorige leer en kapasiteitsbou. Alle betrokke inkomste, uitgawes, bates en laste is erken of aangeteken ingevolge die toepaslike beleide wat hierin vervat is. Bykomende openbaarmakings word in die aantekeninge by die finansiële state verskaf, waar toepaslik.

## 22. Afwykings van die GKS-vereistes

Bestuur het beslis dat die finansiële state 'n billike voorstelling van die departement se primêre en sekondêre inligting is, sonder enige afwykings van die MCS, en dat die departement aan die MCS-standaard voldoen het.

## 23. Kapitalisasiereserwe

Die kapitalisasiereserwe bestaan uit finansiële bates en/of laste wat in 'n vorige verslagtydperk ontstaan, maar vir die eerste keer in die staat van finansiële posisie in die lopende verslagtydperk erken word. Bedrae word in die kapitalisasiereserwe erken wanneer dit in die huidige tydperk geïdentifiseer word en word na die Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate verkoop of die tersaaklike fondse ontvang word.

## 24. Verhaalbare inkomste

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling wat in 'n vorige boekjaar gemaak is, in die lopende boekjaar van 'n debiteur verhaalbaar word. Bedrae word na die Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer dit verhaal word, of na die staat van finansiële prestasie oorgedra as dit afgeskryf word.

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 25. Verwantepartytransaksies

Verwantepartytransaksies in die Minister/LUR se portefeulje word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die transaksies nie op 'n armlengte is nie.

Die volle vergoeding van sleutelbestuurspersoneel word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

## 26. Werknemervoordele

Die waarde van elke belangrike klas werknemervoordeelverpligting (toevallings, betaalbare rekeninge nie erken nie en voorsienings) word in die aantekening oor Werknemervoordele opgeteken.

Toevallings en betaalbare rekeninge wat nie vir werknemervoordele erken word nie, word op die verslagdatum teen kosprys of billike waarde gemeet.

Die voorsiening vir werknemervoordele word gemeet as die beste skatting van die fondse wat nodig is om die huidige verpligting teen die verslagdatum te vereffen.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

# DEEL B: VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE

## 1. Jaarlikse begroting

### 1.1. Jaarlikse begroting

Ingesluit is fondse wat kragtens die Begrotingswet (en die Wet op Aansuiweringsbegrotings) vir provinsiale departemente begroot word:

| Programme | 2023/24 | | 2022/23 | |
|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike fondse ontvang | Finale begroting | Begroting ontvang |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| 1. Administrasie | 146,052 | 146,052 | 135,972 | 135,972 |
| 2. Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | 130,971 | 130,971 | 177,639 | 177,639 |
| 3. Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | 289,069 | 289,069 | 303,332 | 303,332 |
| 4. Veeartsenykundige Dienste | 109,021 | 109,021 | 103,167 | 103,167 |
| 5. Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste | 154,079 | 154,079 | 145,421 | 145,421 |
| 6. Landbou-ekonomiese Dienste | 37,768 | 37,768 | 40,607 | 40,607 |
| 7. Landbou-onderwys en -opleiding | 66,678 | 66,678 | 65,073 | 65,073 |
| 8. Landelike Ontwikkeling | 20,487 | 20,487 | 21,484 | 21,484 |
| Departementele inkomste ingevorder | 954,125 | 954,125 | 992,695 | 992,695 |

### 1.2. Voorwaardelike toelaes

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Totale toelaes ontvang | 33 | 178,664 | 188,786 |

## 2. Departementele inkomste

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates | 2.1 | 44,095 | 40,925 |
| Rente, dividende en huur vir grond | 2.2 | 1,913 | 1,625 |
| Verkoop van kapitaalbates | 2.3 | 296 | 440 |
| Transaksies in finansiële bates en laste | 2.4 | 4,331 | 211 |
| Totale inkomste ingevorder | | 50,635 | 43,201 |
| Minus: Eie inkomste ingesluit by begroting | 15 | (36,301) | (34,738) |
| Totaal | 15 | 14,334 | 8,463 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 2.1 Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verkoop van goedere en dienste wat deur die departement geproduseer is | | 44,093 | 40,786 |
| Verkope deur markvestiging | | 6 | 19 |
| Administratiewe fooie* | | 3,258 | 3,239 |
| Ander verkope* | | 40,829 | 37,528 |
| Verkoop van skroot, afval en ander gebruikte lopende goedere | | 2 | 139 |
| Totaal | 2 | 44,095 | 40,925 |

* *Administratiewe fooie sluit fooie vir slagpaalregistrasiesertifikate en vir landbou-uitvoersertifisering in.*

** *Ander verkope sluit alle verkope van plaasprodukte, dienste gelewer vir laboratorium- en diagnostiese dienste, veeartsenykundige dienste, studente- en koshuisfooie in. Die toename is grotendeels weens die jaarlikse tariefverhogings vir studentefooie.*

## 2.2 Rente, dividende en huur vir grond

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Rente | | 1,913 | 1,625 |
| Totaal | 2 | 1,913 | 1,625 |

*Rente verdien deur Casidra MSB Bpk. (R1,674 miljoen) op rampfondse wat deur die departement aan hulle betaal is. Rente wat verdien is op uitstaande debiteurerekeninge vir dienste gelewer, is by hierdie bedrag ingesluit.*

## 2.3. Verkoop van kapitaalbates

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Tasbare kapitaalbates | | | |
| Masjinerie en toerusting | | 7 | 35 |
| Biologiese bates | | 289 | 405 |
| Totaal | 2 | 296 | 440 |

## 2.4. Transaksies in finansiële bates en laste

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ontvangbare rekeninge | | 487 | 499 |
| Ander ontvangste, insluitend verhaalbare inkomste* | | 3,844 | (288) |
| Totaal | 2 | 4,331 | 211 |

* *Die toename is weens 'n terugbetaling van fondse vanaf 'n provinsiale openbare entiteit, WESGRO, ten bedrae van R4,204 miljoen as gevolg van die staking van 'n projek wat deur die departement befonds is.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

2.5. Geskenke, donasies en borgskappe in natura ontvang (nie ingesluit by die hoof- of subaantekening nie)

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| | Bylae 1G | | |
| Donasies | | 16 | 78 |
| Borgskappe | | 768 | 890 |
| Totale geskenke, donasies en borgskappe in natura ontvang | | 784 | 968 |

## 3. Vergoeding van werknemers

3.1. Salarisse en lone

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Basiese salaris | 307,499 | 292,681 |
| Diensgebaseerd* | 414 | 378 |
| Vergoedend/gebeurlik** | 5,647 | 4,975 |
| Periodieke betalings*** | 711 | 608 |
| Ander niepensioendraende toelaes**** | 52,910 | 65,203 |
| Totaal | 367,181 | 363,845 |

* *Diensgebaseerd sluit verlofafslag en langdienstoekennings in.*

** *Vergoedend/gebeurlik sluit oortyd, waarnemingstoelaes en huismoeder/-vadertoelaes by die Elsenburg Landboukollege in.*

*** *Periodieke betalings sluit lone in vir geleentheidswerkers wat minder as 40 uur per week werk, insluitend interns.*

**** *Ander niepensioendraende toelaes sluit behuisingstoelaes, kapitaalvergoeding en diensbonusse in. Die afname is weens die staking van die NP-kontanttoelae op 31 Maart 2023 wat aan werknemers op salarisvlak 1 tot 12 betaal is.*

3.2. Maatskaplike bydraes

| Werkgewerbydraes | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Pensioen | 38,952 | 36,270 |
| Medies | 27,783 | 25,791 |
| Bedingingsraad | 100 | 99 |
| Versekering* | 654 | 772 |
| Totaal | 67,489 | 62,932 |
| | | |
| Totale vergoeding van werknemers | 434,670 | 426,777 |
| | | |
| Gemiddelde getal werknemers** | 930 | 949 |

* *Afname in versekering is weens meer amptenare wat na die B-skema-opsie vir voertuigsubsidie verander het en dus hul eie versekeringsdekking betaal het.*

** *Die gemiddelde getal werknemers word bereken as die gemiddelde tussen die getal werknemers aan die begin en aan die einde van die verslagtydperk.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 4. Goedere en dienste

| | Aan-tekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Administratiewe fooie* | | 13,504 | 15,070 |
| Reklame | | 1,008 | 994 |
| Kleiner bates | 4.1 | 2,697 | 1,619 |
| Beurse (werknemers) | | 1,044 | 849 |
| Spyseniering | | 1,364 | 1,448 |
| Kommunikasie | | 6,056 | 6,180 |
| Rekenaardienste | 4.2 | 5,035 | 3,702 |
| Konsultante: Besigheids- en adviesdienste | | 15,695 | 14,847 |
| Infrastruktuur en beplanningsdienste | | 394 | 421 |
| Laboratoriumdienste** | | 4,707 | 1,598 |
| Regsdienste | | 11 | 37 |
| Kontrakteurs*** | | 21,779 | 19,917 |
| Agentskap- en steun-/uitbestede dienste | | 6,105 | 6,629 |
| Onthaal | | 78 | 76 |
| Ouditkoste - ekstern | 4.3 | 4,653 | 3,775 |
| Vlootdienste | | 8,915 | 8,949 |
| Verbruiksgoedere | 4.4 | 42,430 | 40,068 |
| Bedryfsbruikhuur | | 1,711 | 1,996 |
| Eiendomsbetalings | 4.5 | 35,977 | 34,341 |
| Huur en verhuring**** | | 673 | 332 |
| Vervoer as deel van departementele aktiwiteite voorsien | | 306 | 327 |
| Reis en verblyf | 4.6 | 24,793 | 21,623 |
| Lokale en fasiliteite | | 297 | 539 |
| Opleiding en ontwikkeling | | 1,788 | 1,978 |
| Ander bedryfsuitgawes | 4.7 | 3,869 | 3,446 |
| Totaal | | 204,889 | 190,761 |

* *Administratiewe fooie: Minus bestuurshanteringsfooie betaal aan begunstigdes as gevolg van 'n toename in oordragbetalings.*

** *Laboratoriumdienste: Die toename is weens laboratoriumdienste wat by privaat laboratoriums gekontrakteer is as gevolg van die tydelike sluiting van die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium in Stellenbosch vir opgraderings en opknappings.*

*** *Kontrakteurs: Die toename in projekte vir die verwydering van uitheemse plante asook 'n toename in die instandhouding en herstel van laboratorium- en plaastoerusting.*

**** *Huur en verhuring: Toename in die getal geleenthede wat aangebied is en die gevolglike toename in die huur van toerusting, ablusiegeriewe, ens.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 4.1. Kleiner bates

| | Aantekening | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| Tasbare kapitaalbates | | | |
| Biologiese bates | | - | 30 |
| Masjinerie en toerusting* | | 2,697 | 1,589 |
| Totaal | 4 | 2,697 | 1,619 |

* *Toename as gevolg van die opknapping van die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium en nuwe konferensielokale. Nuwe en/of vervangende plaastoerusting, bv. troeteldierskandeerders, handelsmerktoerusting en nuwe Franse eikehoutwynvate vir die kelder.*

## 4.2. Rekenaardienste

| | Aantekening | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| SITA-rekenaardienste | | 915 | 918 |
| Eksterne rekenaardiensverskaffers* | | 4,120 | 2,784 |
| Totaal | 4 | 5,035 | 3,702 |

* *Toename as gevolg van die betaling van die fooie vir die nuwe rampstelsel se sagtewarelisensie, nuwe sagtewarelisensies vir opnametoerusting asook die nuwe sekuriteitsagtewarelisensies vir GKTV-installasies by die Oudtshoorn-navorsingsplaas.*

## 4.3. Ouditkoste – ekstern

| | Aantekening | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| Regulatoriese oudits | | 4,479 | 3,775 |
| Prestasie-oudits* | | 174 | - |
| Totaal | 4 | 4,653 | 3,775 |

* *Voedselveiligheidsoudit wat op versoek van Veeartsenykundige Dienste by verskeie instansies uitgevoer is. 'n Sertifiseringsoudit is ook by die Elsenburg Agri-Hub en die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut uitgevoer.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 4.4. Verbruiksgoedere

| | Aan-tekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verbruiksgoedere | | 40,213 | 37,634 |
| Uniforms en klere | | 1,122 | 1,138 |
| Huishoudelike voorraad* | | 7,189 | 5,508 |
| Boumateriaal en -voorraad | | 13,153 | 13,114 |
| Toebehore vir kommunikasie | | - | 62 |
| IT-verbruiksgoedere | | 96 | 88 |
| Ander verbruiksgoedere** | | 18,653 | 17,724 |
| Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorraad | | 2,217 | 2,434 |
| Totaal | 4 | 42,430 | 40,068 |

* *Huishoudelike voorraad sluit in: Weggooibare papier en plastiek, kruideniersware vir kollege, toiletware, skoonmaakmateriaal en waterhouers. Die toename is weens meer sportweke by die kollege en die voorsiening van maaltye aan besoekende studente. Aankoop van druiwe vir wingerdbou. Daar was ook 'n toename in GrondSorg-projekte en agriverwerking wat tot die aankoop van kruideniersware gelei het.*

** *Ander verbruiksgoedere sluit in: Dierevoedsel, brandstof en gas en laboratoriumverbruiksgoedere. Die toename is as gevolg van meer laboratoriumverbruiksgoedere wat aangekoop is asook verhoogde brandstofverbruik van kragopwekkers weens beurtkrag.*

## 4.5. Eiendomsbetalings

| | Aan-tekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Munisipale dienste* | | 21,913 | 19,132 |
| Instandhouding en herstelwerk aan eiendom | | 1,078 | 1,702 |
| Ander** | | 12,986 | 13,507 |
| Totaal | 4 | 35,977 | 34,341 |

* *Toename weens die jaarlikse verhoging in munisipale tariewe.*

** *Ander sluit skoonmaak- en sekuriteitsdienste in. Die afname is as gevolg van die kontraktering van 'n nuwe sekuriteitsmaatskappy vanaf 1 April 2023 teen 'n laer koste.*

## 4.6. Reis en verblyf

| | Aan-tekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Binnelands | | 21,884 | 19,413 |
| Buitelands | | 2,909 | 2,210 |
| Totaal | 4 | 24,793 | 21,623 |

*Toenames as gevolg van departementele aktiwiteite wat ná die impak van Covid-19 na normaal terugkeer*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

### 4.7. Ander bedryfsuitgawes

| | Aantekening | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| Professionele liggame, lidmaatskap en ledegeld | | 82 | 231 |
| Hervestigingskoste | | 392 | 264 |
| Ander* | | 3,395 | 2,951 |
| Totaal | 4 | 3,869 | 3,446 |

* *Ander sluit koerierdienste van R254,082, versekering vir gesubsidieerde voertuie van R315,696 en publikasie- en drukdienste van R2,5 miljoen in.*

## 5. Rente en huurgeld op grond

| | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|
| Rente betaal | - | 2 |
| Huurgeld op grond* | 104 | 78 |
| Totaal | 104 | 80 |

* *Vergoeding aan privaat grondeienaars vir radiomaste wat op hoë terreine opgerig is ter ondersteuning van die departement se draadlosenetwerkinfrastruktuur.*

## 6. Betalings vir finansiële bates

| | Aantekening | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| Skuld afgeskryf | 6.1 | 10 | 234 |
| Buitelandse valuta-verliese | 6.2 | 1 | - |
| Totaal | | 11 | 234 |

### 6.1. Skuld afgeskryf

| | Aantekening | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| Verhaalbare inkomste afgeskryf | | | |
| Beursskuld | | - | 104 |
| Onreëlmatige uitgawes (vier gevalle) | | 5 | - |
| Ander salarisskulde | | - | 13 |
| Salaris-oorbetaling | | - | 7 |
| Totaal | | 5 | 124 |
| | | | |
| Salarisskuld afgeskryf | | | |
| Salarisoorbetalings (een geval) | | 3 | 93 |
| Belastingskuld afgeskryf | | - | 11 |
| Ander salarisskulde (drie gevalle) | | 2 | 6 |
| Totaal | | 5 | 110 |
| | | | |
| Totale skuld afgeskryf | 6 | 10 | 234 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

6.2. Buitelandse valuta-verliese

| Aard van verliese | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verliese op buitelandse valuta (een geval) | | 1 | - |
| Totaal | 6 | 1 | - |

## 7. Oordragte en subsidies

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Provinsies en munisipaliteite | Bylae 1A | 82 | 74 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | Bylae 1B | 2,089 | 2,032 |
| Hoër onderwysinstellings | Bylae 1C | - | 10 |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings* | Bylae 1D | 146,149 | 202,168 |
| Instansies sonder winsbejag | Bylae 1E | 106,889 | 107,845 |
| Huishoudings | Bylae 1F | 5,754 | 7,929 |
| Totaal | | 260,963 | 320,058 |

* *Afname as gevolg van die eenmalige betaling van die Provinsiale Rampverligtingstoelae aan Casidra MSB Bpk. in 2022/23 vir die voorsiening en verspreiding van veevoer ten bedrae van R48 miljoen.*

7.1. Geskenke, donasies en borgskappe in natura gemaak (nie ingesluit by die hoofaantekening nie)

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| | Bylae 1H | | |
| Geskenke | | 36 | 51 |
| Donasies | | 951 | 1,490 |
| Borgskappe | | - | 100 |
| Totaal | | 987 | 1,641 |

## 8. Uitgawes vir kapitaalbates

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Tasbare kapitaalbates | 35,940 | 37,988 |
| Geboue en ander vaste strukture | 852 | 2,837 |
| Masjinerie en toerusting | 35,088 | 35,151 |
| Ontasbare kapitaalbates | 3,438 | 2,791 |
| Sagteware | 3,438 | 2,791 |
| Totaal | 39,378 | 40,779 |

8.1. Ontleding van fondse aangewend vir verkryging van kapitaalbates

Slegs begrote fondse is aangewend om kapitaalbates in sowel die boekjaar 2022/23 as 2023/24 te verkry.

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

8.2. Finansiële bruikhuuruitgawes ingesluit by uitgawes vir kapitaalbates

| | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| Tasbare kapitaalbates | R'000 | R'000 |
| Masjinerie en toerusting* | 21,016 | 17,768 |
| Totaal | 21,016 | 17,768 |

* *Daaglikse tariewe aan Staatsmotorvervoer (SMV) betaal vir die gebruik van motorvoertuie. Die toename is as gevolg van die jaarlikse tariefverhoging deur SMV.*

## 9. Kontant en kontantekwivalente

| | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Gekonsolideerde Betaalmeester-Generaal-rekening | 16,599 | 15,298 |
| Kontant voorhande | 157 | 157 |
| Totaal | 16,756 | 15,455 |

## 10. Ander finansiële bates

| | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| Nielopend | R'000 | R'000 |
| Binnelands | | |
| Deposito aan Eskom betaal vir die Nortier Navorsingsplaas se Eskom-rekening | 55 | 55 |
| Totale niebedryfs- en ander finansiële bates | 55 | 55 |

## 11. Vooruitbetalings en voorskotte

| | Aantekening | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 |
| Reis en verblyf | | 243 | 135 |
| Vooruitbetalings (nie bestee nie) | 11.1 | 247 | - |
| Totaal | | 490 | 135 |

| | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| Ontleding van totale vooruitbetalings en voorskotte | | |
| Lopende vooruitbetalings en voorskotte | 490 | 135 |
| Totaal | 490 | 135 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 11.1. Vooruitbetalings (nie bestee nie)

| | Aantekening | 2023/24 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bedrag soos op 1 April 2023 | Minus: Bedrag in lopende jaar bestee | Plus/ minus: Ander | Plus lopende jaar vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2024 |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste* | | - | - | - | 247 | 247 |
| Totaal | 11 | - | - | - | 247 | 247 |

** Betaling vir die 9e Wêreldkongres oor Bewaringslandbou wat in 2024 aangebied sal word.*

| | Aantekening | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bedrag soos op 1 April 2022 | Minus: Bedrag in lopende jaar bestee | Plus/ minus: Ander | Plus lopende jaar vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2023 |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | | 36 | - | (36) | - | - |
| Totaal | 11 | 36 | - | (36) | - | - |

## 11.2. Vooruitbetalings (bestee)

| | Aantekening | 2023/24 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bedrag soos op 1 April 2023 | Minus: Bedrag in lopende jaar ontvang | Plus/ minus: Ander | Plus lopende jaar vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2024 |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | Bylae 10 | 6 | (802) | - | 2,424 | 1,628 |
| Rente en huurgeld op grond | Bylae 10 | - | - | - | 14 | 14 |
| Totaal | | 6 | (802) | - | 2,438 | 1,642 |

| | Aantekening | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bedrag soos op 1 April 2022 | Minus: Bedrag in lopende jaar ontvang | Plus/ minus: Ander | Plus lopende jaar vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2023 |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 32.2 | 21 | (53) | - | 38 | 6 |
| Totaal | | 21 | (53) | - | 38 | 6 |

*Die lynitem "Oordragte en subsidies" van R62,694 miljoen is verwyder soos per die vorige tydperk se foutnota 32.1.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

### 11.3. Voorskotte betaal (bestee)

| | 2023/24 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag soos op 1 April 2023 | Minus: Bedrag in lopende jaar ontvang | Plus/ minus: Ander | Plus lopende jaar voor-skotte | Bedrag soos op 31 Maart 2024 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Nasionale departemente | 11 | - | - | - | 11 |
| Totaal | 11 | - | - | - | 11 |

*Opleidingsingryping wat deur die departement betaal is, maar teen 31 Maart 2024 nog nie benut is nie.*

| | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag soos op 1 April 2022 | Minus: Bedrag in lopende jaar ontvang | Plus/ minus: Ander | Plus lopende jaar voor-skotte | Bedrag soos op 31 Maart 2023 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Nasionale departemente | - | - | - | 11 | 11 |
| Ander entiteite | 644 | - | (644) | - | - |
| Totaal | 644 | - | (644) | 11 | 11 |

*Die lynitem "Openbare entiteite" van R164,763 miljoen is verwyder soos per die vorige tydperk se foutnota 32.1.*

## 12. Ontvangbare rekeninge

| | | 2023/24 | | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Lopend | Nie-lopend | Totaal | Lopend | Nie-lopend | Totaal |
| | *Aantekening* | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Eise verhaalbaar | *12.1* | 28 | - | 28 | 78 | - | 78 |
| Verhaalbare uitgawes | *12.2* | 14 | - | 14 | 31 | - | 31 |
| Personeelskuld | *12.3* | 3,699 | 42 | 3,741 | 3,385 | 57 | 3,442 |
| Ander ontvangbare rekeninge | *12.4* | 5 | - | 5 | 9 | - | 9 |
| Totaal | | 3,746 | 42 | 3,788 | 3,503 | 57 | 3,560 |

### 12.1. Eise verhaalbaar

| | | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|---|
| | *Aantekening* | R'000 | R'000 |
| Provinsiale departemente | *Bylae 4* | 28 | 78 |
| Totaal | *12* | 28 | 78 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 12.2. Verhaalbare uitgawes

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verskafferskulde uitstaande (1 geval)* | | 13 | 30 |
| Belastingskuld verhaalbaar (4 gevalle) | | 1 | 1 |
| Totaal | 12 | 14 | 31 |

* *Die geval verwys na 'n bedrieglike faktuur wat ontvang is en aan Regsdienste oorhandig is vir verdere ondersoek. Die aanbeveling van Regsdienste is nog uitstaande.*

## 12.3. Personeelskuld

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Beursskulde (31 gevalle)* | | 2,394 | 2,295 |
| Werknemer- en ekswerknemersalarisskulde (120 gevalle) | | 1,347 | 1,147 |
| Totaal | 12 | 3,741 | 3,442 |

* *Beursskulde verwys na eksterne (27) en departementele (4) beurshouers wat kontrakbreuk gepleeg het aangesien hulle nie hul beursverpligtinge teruggewerk het of hul studies voltooi het nie (2022/23: 27 eksterne en 11 departementele beurshouers).*

## 12.4. Ander ontvangbare rekeninge

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Onreëlmatige uitgawes | | - | 7 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes (vyf gevalle) | | 5 | 2 |
| Totaal | 12 | 5 | 9 |

## 12.5. Waardedaling van ontvangbare rekeninge

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Skatting van waardedaling van ontvangbare rekeninge | 3,192 | 2,813 |
| Totaal | 3,192 | 2,813 |

*Waardedalings word bereken in ooreenstemming met die departement se Standaardbedryfsprosedure vir Waardedaling van Ontvangbare Rekeninge.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 13. Investerings

| Nielopend | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Aandele en ander ekwiteit | | | |
| Casidra MSB Bpk. | Bylae 2A | 25,000 | 25,000 |
| Totale nielopende investerings | | 25,000 | 25,000 |

### 13.1. Waardedaling van investerings

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Skatting van waardedaling van investerings | - | 2,358 |
| Totaal | - | 2,358 |

## 14. Begrote fondse wat in die Inkomstefonds teruggestort moet word

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Beginsaldo | 14,006 | 18,102 |
| Oorgedra vanaf staat van finansiële prestasie | 14,110 | 14,006 |
| Gedurende die jaar betaal | (14,006) | (18,102) |
| Eindsaldo | 14,110 | 14,006 |

### 14.1. Rekonsiliasie op onbestede voorwaardelike toelaes

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Totale voorwaardelike toelaes ontvang | 1.2 | 178,664 | 188,786 |
| Totale voorwaardelike toekennings bestee | | (174,307) | (188,786) |
| Onbestede voorwaardelike toelaes wat teruggegee moet word | | 4,357 | - |
| Minus: Betaal aan die Provinsiale Inkomstefonds | | - | - |
| Verskuldig deur die Provinsiale Inkomstefonds* | | 4,357 | - |

** Verwys na die aantekeninge by die begrotingstaat vir besonderhede.*

## 15. Departementele inkomste wat aan die Inkomstefonds teruggegee moet word

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Beginsaldo | | 1,954 | 2,985 |
| Oorgedra vanaf staat van finansiële prestasie | 2 | 14,334 | 8,463 |
| Eie inkomste ingesluit by begroting | 2 | 36,301 | 34,738 |
| Gedurende die jaar betaal | | (51,411) | (44,232) |
| Eindsaldo | | 1,178 | 1,954 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 16. Betaalbare rekeninge – lopend

| | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verrekeningsrekeninge | 16.1 | 188 | 150 |
| Ander betaalbare rekeninge | 16.2 | 2,312 | 30 |
| Totaal | | 2,500 | 180 |

### 16.1. Verrekeningsrekeninge

| Beskrywing | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ontoegewese ontvangbare rekeninge | | 24 | 31 |
| Fondse vanaf Staatswerknemerbehuisingskema | | 71 | 116 |
| Betaalbare rekeninge aan derde partye | | 93 | 3 |
| Totaal | 16 | 188 | 150 |

### 16.2. Ander betaalbare rekeninge

| Beskrywing | Aantekening | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| AgriSETA-projek* | | 2,312 | 30 |
| Totaal | 16 | 2,312 | 30 |

* *AgriSETA het bykomende fondse beskikbaar gestel vir die voortsetting van die spesiale projekte vir erkenning van vorige leer en kapasiteitsbou deur die Landboukollege op Elsenburg.*

## 17. Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Netto oorskot soos per staat van finansiële prestasie | 28,444 | 22,469 |
| Voeg terug nie-kontant/kontantbewegings wat nie as bedryfsaktiwiteite geag word nie | 11,688 | 11,871 |
| Toename in ontvangbare rekeninge | (243) | (328) |
| (Toename)/afname in vooruitbetalings en voorskotte | (355) | 48 |
| Toename/(afname) in ontvangbare rekeninge - lopend | 2,320 | (592) |
| Opbrengs uit verkoop van kapitaalbates | (296) | (440) |
| Uitgawes vir kapitaalbates | 39,378 | 40,779 |
| Terugstortings in Inkomstefonds | (65,417) | (62,334) |
| Eie inkomste ingesluit by begroting | 36,301 | 34,738 |
| Netto kontantvloei voortgebring deur bedryfsaktiwiteite | 40,132 | 34,340 |

## 18. Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente vir kontantvloeidoeleindes

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Gekonsolideerde Betaalmeester-Generaal-rekening | 16,599 | 15,298 |
| Kontant voorhande | 157 | 157 |
| Totaal | 16,756 | 15,455 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 19. Voorwaardelike laste en voorwaardelike bates

| Aanspreeklik teenoor | *Aan-tekening* | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ander waarborge | *Bylae 3A* | 3,538 | 3,538 |
| Eise teen die departement | *Bylae 3B* | - | 8,327 |
| Ander* | *Bylae 3B* | 1,133 | 1,023 |
| Totaal | | 4,671 | 12,888 |

* *Die 2022/23-voorsiening vir "Ander" is verkeerdelik as R1,047 miljoen in plaas van R1,023 miljoen bereken. Verwys na aantekening 32.1 vir verdere besonderhede.*

### 19.2. Voorwaardelike bates

Op 31 Maart 2024 het die departement 10 sake ten opsigte van die prosedures oor ongeskiktheidsverlof en aftrede weens swak gesondheid (PILIR) gehad wat ondersoek is, wat nie betroubaar gemeet kan word nie.

Individueel-gekoppelde Spaarfasiliteit (IGSF): Die departement is op hierdie stadium nie in staat om die voorwaardelike bate ten opsigte van die Staatswerknemerbehuisingskema van die IGSF wat met bedankings en diensbeëindiging verband hou, betroubaar te meet nie.

## 20. Kapitaalverpligtinge

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Masjinerie en toerusting* | 4,100 | 1,163 |
| Totaal | 4,100 | 1,163 |

* - *Die 2023/24-verbintenisse sluit rekenaartoerusting van R1,385 miljoen en laboratoriumtoerusting van R1,843 miljoen in.*

## 21. Toevallings en betaalbare rekeninge nie erken nie

### 21.1. Toevallings

| | 2023/24 | | | 2022/23 |
|---|---|---|---|---|
| | 30 dae | 30+ dae | Totaal | Totaal |
| Gelys per ekonomiese klassifikasie | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 4,054 | 560 | 4,614 | 4,979 |
| Oordragte en subsidies | 4 | 7 | 11 | 61 |
| Kapitaalbates | 52 | 8 | 60 | 175 |
| Totaal | 4,110 | 575 | 4,685 | 5,215 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 21.1. Toevallings (vervolg)

| Gelys per programvlak | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| 1. Administrasie | 928 | 1,766 |
| 2. Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | 621 | 263 |
| 3. Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | 823 | 539 |
| 4. Veeartsenykundige Dienste | 913 | 970 |
| 5. Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste | 712 | 900 |
| 6. Landbou-ekonomiese Dienste | 127 | 139 |
| 7. Landbou-onderwys en -opleiding | 466 | 520 |
| 8. Landelike Ontwikkeling | 95 | 118 |
| Totaal | 4,685 | 5,215 |

## 21.2. Betaalbare rekeninge nie erken nie

| | 2023/24 | | | 2022/23 |
|---|---|---|---|---|
| | 30 dae | 30+ dae | Totaal | Totaal |
| Gelys per ekonomiese klassifikasie | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 318 | 15 | 333 | 1,003 |
| Kapitaalbates | - | - | - | 66 |
| Totaal | 318 | 15 | 333 | 1,069 |

| Gelys per programvlak | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| 1. Administrasie | 59 | 409 |
| 2. Volhoubare Hulpbrongebruik en -bestuur | 36 | 48 |
| 3. Landbouprodusentesteun en -ontwikkeling | 46 | 108 |
| 4. Veeartsenykundige Dienste | 88 | 233 |
| 5. Navorsing- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste | 58 | 48 |
| 6. Landbou-ekonomiese Dienste | 28 | 8 |
| 7. Landbou-onderwys en -opleiding | 10 | 195 |
| 8. Landelike Ontwikkeling | 8 | 20 |
| Totaal | 333 | 1,069 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 22. Werknemervoordele

| | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|
| Verlofaanspraak* | 13,749 | 14,277 |
| Diensbonus | 11,662 | 10,636 |
| Opgehoopte verlof** | 8,177 | 8,014 |
| Ander*** | 1,215 | 1,341 |
| Totaal | 34,803 | 34,268 |

* *Ingesluit by verlofaanspraak is 'n negatiewe bedrag van R892 652 vir verlof wat aan die departement verskuldig is weens verlof wat vooruit geneem is.*

** *Opgehoopte verlof verwys na vakansieverlof wat werknemers toekom soos op 30 Junie 2000, waarna die verlofbeleid verander is om nie opgehoopte vakansieverlof toe te laat nie.*

*** *"Ander" sluit in langdienstoekennings wat in 2024/25 betaalbaar is, oortyd wat in 2023/24 gewerk is maar nog nie teen 31 Maart 2024 betaal is nie, en 'n uittreegratifikasie wat aan die Minister verskuldig is. Die departement kan op hierdie stadium nie 'n betroubare meting van die gedeelte van die langdienstoekennings maak nie.*

## 23. Huurverpligtinge

### 23.1. Bedryfsbruikhuur

| Masjinerie en toerusting | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|
| Nie later as 1 jaar nie | 1,397 | 2,091 |
| Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie | 1,666 | 1,258 |
| Totale bruikhuurverpligtinge | 3,063 | 3,349 |

### 23.2. Finansiële bruikhuur

| Masjinerie en toerusting | 2023/24<br>R'000 | 2022/23<br>R'000 |
|---|---|---|
| Nie later as 1 jaar nie | 21,973 | 18,816 |
| Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie | 55,105 | 34,676 |
| Totale bruikhuurverpligtinge | 77,078 | 53,492 |

*Die departement het 196 voertuie (2022/23: 194 voertuie) van Staatsmotorvervoer (SMV) soos op 31 Maart 2024 gebruik. Daaglikse tariewe is maandeliks betaalbaar en dek bedryfskoste, kapitaalkoste van die vervanging van voertuie en die implisiete finansieringskoste in hierdie soort reëling.*

*Die implisiete rente is gegrond op Provinsiale Tesourie se goedgekeurde tariewe vir SMV. Die departement gebruik die voertuie vir die meeste van die nuttige lewensduur van die voertuie. Die ooreenkoms maak nie voorsiening vir voorwaardelike bruikhuurbetaling nie, en aan die einde van die nuttige lewensduur, soos bepaal deur die verhuurder, word die voertuig teruggegee waarna dit op veiling ten bate van die verhuurder verkoop word.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 24. Opgelope departementele inkomste

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates* | 21,765 | 18,990 |
| Rente, dividende en huur vir grond** | 256 | 77 |
| Ander: Verkoop van aandele | 26 | - |
| Totaal | 22,047 | 19,067 |

* *Verkoop van goedere en dienste verwys na departementele dienste wat op krediet gelewer word.*

** *Rente verdien deur Casidra MSB Bpk. vir die maand van Maart 2024 op onbestede rampfondse wat aan die departement betaal moet word.*

### 24.1. Ontleding van opgelope departementele inkomste

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Beginsaldo | 19,067 | 18,272 |
| Min: bedrae ontvang | (22,186) | (22,657) |
| Plus: bedrae aangeteken | 26,824 | 26,180 |
| Min: bedrae afgeskryf/omgekeer as onverhaalbaar | (1,658) | (2,728) |
| Eindsaldo | 22,047 | 19,067 |

### 24.2. Opgelope departementele inkomste afgeskryf

| Aard van verliese | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Laboratoriumdienste | 10 | 85 |
| Ad hoc-dienste | - | 40 |
| Leerders | 398 | 31 |
| Veeartsenykundige Laboratorium | 12 | 1,299 |
| Veeartsenykundige Dienste | 36 | 13 |
| Munisipale dienste | 45 | - |
| Totaal | 501 | 1,468 |

### 24.3. Waardedaling van opgelope departementele inkomste

| | 2023/24 R'000 | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Skatting van waardedaling van opgelope departementele inkomste* | 17,764 | 14,488 |
| Totaal | 17,764 | 14,488 |

* *Waardedalings word bereken in ooreenstemming met die departementele Standaardbedryfsprosedures vir Waardedaling van Ontvangbare Rekeninge.*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 25. Onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes

| | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes – lopende jaar | 6 | 125 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes – lopende jaar | 8 | - |
| Totaal | 14 | 125 |

*Inligting oor optrede of dissiplinêre stappe wat ingestel is as gevolg van onreëlmatige uitgawes en vrugtelose en verkwistende uitgawes word ingesluit by die WOFB-nakomingsverslag in Deel E van die Jaarverslag.*

## 26. Verwantepartytransaksies

Die totale aandeelhouding in Casidra MSB Bpk. lê by die Wes-Kaapse Regering onder toesig van die Provinsiale Minister van die Wes-Kaapse Departement van Landbou.

Die Wes-Kaapse Departement van Landbou beset verskeie geboue en navorsingsplase in die provinsie wat deur die Departement van Infrastruktuur bestuur word.

Parkeerplek word ook vir staatsamptenare verskaf teen 'n goedgekeurde tarief wat nie markverwant is nie.

Die departement het met ingang van 1 November 2010 korporatiewe dienste van die Korporatiewe Dienste-sentrum van die Departement van die Premier in die Wes-Kaap ontvang met betrekking tot die volgende dienste:

- Inligting- en Kommunikasietegnologie
- Organisatoriese Ontwikkeling
- Provinsiale Opleiding (transversaal)
- Menslike Hulpbronbestuur
- Ondernemingsrisikobestuur
- Interne Oudit
- Provinsiale Forensiese Dienste
- Regsdienste
- Korporatiewe Kommunikasie

Die departement maak gebruik van staatsmotorvoertuie wat deur Staatsmotorvervoer (SMV) bestuur word op grond van tariewe wat deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is.

Die departement het ook raadgewende dienste en operasionele dienste met betrekking tot sekuriteit van die Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap ontvang.

## 27. Sleutelbestuurspersoneel

| | 2023/24 | 2022/23 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Politieke ampsdraers | 2,182 | 2,127 |
| Vlak 15 en 16 | 6,065 | 5,743 |
| Vlak 14 en programbestuurders op vlak 13 | 15,027 | 14,244 |
| Totaal | 23,274 | 22,114 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 28. Roerende tasbare kapitaalbates

BEWEGING IN ROERENDE TASBARE KAPITAALBATES PER BATEREGISTER VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2024

| | 2023/24 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Begin-saldo | Waarde-aan-suiwerings | Toe-voegings | Ver-vreemdings | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| MASJINERIE EN TOERUSTING | 238,677 | - | 14,991 | (1,094) | 252,574 |
| Vervoerbates | 27,488 | - | 262 | - | 27,750 |
| Rekenaartoerusting | 48,695 | - | 6,657 | (1,060) | 54,292 |
| Meubels en kantoortoerusting | 8,524 | - | 362 | - | 8,886 |
| Ander masjinerie en toerusting | 153,970 | - | 7,710 | (34) | 161,646 |
| | | | | | |
| BIOLOGIESE BATES | 4,231 | 891 | 21 | (372) | 4,771 |
| Biologiese bates | 4,231 | 891 | 21 | (372) | 4,771 |
| | | | | | |
| TOTALE ROERENDE TASBARE KAPITAALBATES | 242,908 | 891 | 15,012 | (1,466) | 257,345 |

Roerende tasbare kapitaalbates wat ondersoek word: Geen

### 28.1. BEWEGING IN ROERENDE TASBARE KAPITAALBATES PER BATEREGISTER VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2023

| | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Begin-saldo | Waarde-aan-suiwerings | Toe-voegings | Ver-vreemdings | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| MASJINERIE EN TOERUSTING | 227,442 | - | 16,924 | (5,689) | 238,677 |
| Vervoerbates | 27,758 | - | 698 | (968) | 27,488 |
| Rekenaartoerusting | 45,728 | - | 4,792 | (1,825) | 48,695 |
| Meubels en kantoortoerusting | 8,838 | - | 242 | (556) | 8,524 |
| Ander masjinerie en toerusting | 145,118 | - | 11,192 | (2,340) | 153,970 |
| | | | | | |
| BIOLOGIESE BATES | 8,334 | - | 13 | (4,116) | 4,231 |
| Biologiese bates | 8,334 | - | 13 | (4,116) | 4,231 |
| | | | | | |
| TOTALE ROERENDE TASBARE KAPITAALBATES | 235,776 | - | 16,937 | (9,805) | 242,908 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

28.2. Kleiner bates

BEWEGING IN KLEINER KAPITAALBATES PER DIE BATEREGISTER VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2024

| | 2023/24 | | |
|---|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Biologiese bates | Totaal |
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | 34,242 | 2,945 | 37,187 |
| Waarde-aansuiwerings | - | 270 | 270 |
| Toevoegings | 2,186 | 1,117 | 3,303 |
| Vervreemdings | (97) | (1,749) | (1,846) |
| Totale kleiner bates | 36,331 | 2,583 | 38,914 |

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Biologiese bates | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Getal R1 kleiner bates | 13 | - | - | 13 |
| Getal kleiner bates teen kosprys | - | 24,212 | 2,439 | 26,651 |
| Totale getal kleiner bates | 13 | 24,212 | 2,439 | 26,664 |

Kleiner kapitaalbates wat ondersoek word: Geen

BEWEGING IN KLEINER KAPITAALBATES PER DIE BATEREGISTER VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2023

| | | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Masjinerie en toerusting | Biologiese bates | Totaal |
| | *Aantekening* | R'000 | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | | 34,162 | 3,571 | 37,733 |
| Fout in vorige tydperk | *28.2.1* | (8) | - | (8) |
| Toevoegings | | 1,660 | 738 | 2,398 |
| Vervreemdings | | (1,572) | (1,364) | (2,936) |
| Totale kleiner bates | *32.1* | 34,242 | 2,945 | 37,187 |

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Biologiese bates | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Getal R1 kleiner bates | 13 | - | - | 13 |
| Getal kleiner bates teen kosprys | - | 31,971 | 2,574 | 34,545 |
| Totale getal kleiner bates | 13 | 31,971 | 2,574 | 34,558 |

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

28.2.1. Fout in vorige tydperk

| | Aantekening | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| Masjinerie en toerusting | 28.1 | (8) |
| Totale foute in vorige tydperk* | 32.1 | (8) |

* *Regstelling in die openbaarmaking oor biblioteekboeke wat in die vorige jaar verkeerdelik as kapitaalbates aangegee is.*

28.3. Roerende tasbare kapitaalbates afgeskryf

ROERENDE KAPITAALBATES AFGESKRYF VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2024

| | 2023/24 | | |
|---|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Biologiese bates | Totaal |
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bates afgeskryf | 213 | 562 | 775 |
| Totale roerende bates afgeskryf* | 213 | 562 | 775 |

* *Biologiese bates wat afgeskryf is, is hoofsaaklik die verlies van diere deur vrekte en donasies. Masjinerie en toerusting verwys na klein en groot bateverliese, afskrywings en donasies.*

ROERENDE KAPITAALBATES AFGESKRYF VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2023

| | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Biologiese bates | Totaal |
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bates afgeskryf | 6,585 | 5,481 | 12,066 |
| Totale roerende bates afgeskryf | 6,585 | 5,481 | 12,066 |

28.4. Roerende tasbare kapitaalbates: Kapitaalwerk in wording

KAPITAALWERK IN WORDING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2024

| | 2023/24 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Begin-saldo 1 April 2023 | Lopende jaar WIW | Gereed vir gebruik (bates na die bate-register) / kontrakte beëindig | Eindsaldo 31 Maart 2024 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Biologiese bates* | - | 191 | - | 191 |
| Totaal | - | 191 | - | 191 |

* *Fase 1 van die vervanging van die wingerde by Elsenburg het in die verslagtydperk begin*

# AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

## 29. Ontasbare kapitaalbates

BEWEGING IN ONTASBARE KAPITAALBATES PER BATEREGISTER VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2024

| | 2023/24 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Begin-saldo | Toevoegings | Ver-vreemdings | Eind-saldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
